



ONS
LAAT
TALE
WERK

Geskiedenis van die
Eenheid vir Taalfasilitering
en Taalbemagting aan
die Universiteit van die
Vrystaat, 1992–2018

Johan C Moll



“Ons laat tale werk”

Geskiedenis van die Eenheid
vir Taalfasilitering en
Taalbemagtiging aan die
Universiteit van die Vrystaat,
1992–2018

Johan C Moll



UJ Press

“Ons laat tale werk”: Geskiedenis van die Eenheid vir Taalfasilitering en
Taalbemaatiging aan die Universiteit van die Vrystaat, 1992–2018

Uitgegee deur UJ Press
Universiteit van Johannesburg
Biblioteek
Aucklandpark Kingsway kampus
Posbus 524
Aucklandpark
2006
<https://ujpress.uj.ac.za/>

Samestelling © Johan C Moll 2025
Hoofstukke © Outeur(s) 2025
Gepubliseerde Uitgawe © Johan C Moll 2025
Eerste publikasie 2025

<https://doi.org/10.64449/9781997468837>
978-1-997468-82-0 (Sagteband)
978-1-997468-83-7 (PDF)
978-1-997468-84-4 (EPUB)
978-1-997468-85-1 (XML)

Hierdie publikasie is onderwerp aan ’n deeglike dubbelblinde keuringsproses
voor publikasie en alle aanbevelings deur die keurders is oorweeg en
aangebring voor publikasie.

Proeflees: Martie Bester

Omslagontwerp: Hester Roets, UJ Graphic Design Studio

Geset in 9/13pt Merriweather Light



Inhoud

Deel I: Eenhede, Uitdagings, Konteks en Leierskap	1
Deel II: 'n Omstrede taalnavorsers tree na vore	17
Deel III: Die ontstaan, ontwikkeling, herkonstitusie en herposisionering en uiteindelijke ontbinding van die ETFB (1992-2018)	57
Deel V: Die vestiging van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as studierigting aan die UV	169
Deel VI: Die Multilingual Informatics Development Programme (MIDP) – sinergie tussen taalpraktyk en taalnavorsing	175
Deel VII: Die Suid-Afrikaanse Taalregte-monitor – vir Pansat 'n tydelike reddingsboel	201
Deel VIII: Diverse projekte	223
Deel IX: Eindbesinning	233
Afkortings	237
Bronnelys	241
Foto's	255

Opgedra aan
Colleen, Jean-Pierre en Ménan

Deel I

Eenhede, Uitdagings, Konteks en Leierskap

Inleiding

Die verandering van Suid-Afrika na 'n demokratiese staat in April 1994 sou 'n impak op alle fasette van die Suid-Afrikaanse samelewing hê en het ook groot veranderinge op taalterrein tot gevolg gehad. Immers, die nuwe Grondwet wat wêreldwyd geloof is as bevrydend ten opsigte van alle kulturele groepe, geloofsoortuigings, seksuele oriëntasies en noem maar op, kon nou inderdaad voorgehou word as wêreldwyd navolgenswaardig. Dit was veral ten opsigte van die Afrika-kontinent waar baie lande tot nou nog toe, vasgevang is in onverdraagsaamheid van die ergste graad tot selfs doodstraf vir homoseksuele oortredings en totale onverdraagsaamheid teenoor sekere taal- en kulturele groepe.

Vir sekere segmente in die samelewing soos Afrikaans en Afrikaanssprekendes wat tot in daardie stadium vertroetel en voorkeur geniet het, was die goue jare verby. In die begin is daar deur laasgenoemde groepe met vrees en afwagting en veel stilswye 'n houding van kom-ons-kyk-wat-gebeur ingeneem. Wat taalbeleid betref, sou groot veranderinge ten opsigte van beleid op hoëronderwys-vlak opduik. Taaltwiste het voorgelê en volgens die insiggewende siening van die Universiteit Stellenbosch (US) filosoof Willie Esterhuyse was die Afrikaners aan die worstel “om vir hulself 'n meer aanvarbare identiteit, plek en funksie in die nuwe Suid-Afrika te bemiddel” (Kyk Moll, J., Universiteit Stellenbosch en die onverkwiklike taalstryd: 20 e.v.). Deurdat die “pilare van die fortagtige Afrikanertempel” ook wat taalbeleid en taalsake betref, ingetuimel het, sou die Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging (ETFB) eers 'n

vernuftige leier en ’n geïnspireerde ondersteuningspan, nuwe en veel meer verrykende taalkapitaal soek, ontgin en na vore bring. Veral is die geleentheid aangegryp om nuwe kontakte, steun en befondsing van oorsee te bemiddel.

In hierdie proses sou die ETFB deur geïnspireerde denke ’n rigtinggewende rol speel, nuwe strategieë bedink en veral die nuwe ruimte en geleenthede benut om oorsese kontakte en befondsing te beding en nuwe taalvelde te bestryk en ’n vaste koers te midde van nuwe uitdagings en taalgeleenthede te vind.

Die baanbrekersverhaal van ETFB in opeenvolgende gedaantes sou afspeel binne die konteks van ’n veranderende Universiteit van die Vrystaat (UV) – tans die University of the Free State (UFS) maar tot 1998 egter die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS). Dit is betekenisvol dat die fases wat die akademiese en kulturele geskiedenis van die UV¹ kenmerk, in terme van die posisie van die Afrikaanse taal en taalonderrig aan die betrokke instelling gedoen kan word. Dit gee ’n aanduiding van hoe fundamenteel taal in die betrokke universiteitsopset geag en (soos aangedui sal word), steeds is. Histories gesproke het die UV as ’n Engelstalige universiteit tot stand gekom ofskoon die medium van onderrig vir ’n groot periode tydens die instelling se bestaan dominant Afrikaans was en die universiteit in die volksmond as ’n Afrikaanse universiteit geag is (kyk Fourie 2006: XV111). In die vroeë twintigerjare is dubbelmedium Engelse en Afrikaanse onderrig ingestel maar in 1948 is begin om lesings tot primêre Afrikaanse onderrig te beperk. Gedurende die negentigerjare is die taalstrategie as gevolg van transformasie gewysig sodat die Vrystaatse universiteit (UV) eleidelik, maar op die uiteinde dramaties, vanaf ’n mono- tot ’n multikulturele instelling omvorm is. Wat dit tot gevolg gehad het was verteenwoordigende bestuurstrukture en ’n reeks oorbruggingsgrondslae en loopbaan voorbereidingsprogramme ten einde groter toegang aan die histories agtergeblewe gemeenskappe te verleen. Die uitkoms hiervan was ’n strategie van parallelmediumonderrig in beide Afrikaans en Engels vir alle kursusse sedert 1993 met die spesifieke doel om toegang

1 Behalwe in direkte aanhalings word die afkorting UV ter wille van leesgemak nietemin deurgaans in hierdie studie gebruik.

tot hoëronderrys te verbreed en die onderwysbehoefte van die hele Vrystaat ten dienste te wees. Ook hierdie “verbreding” is namate die oorwig studente swart geword het deur ontevrede en opstandige studente ontoereikend gevind en 2015 sou die jaar van landswye opruiende en gewelddadige studentebetogings word. Huisvesting en finansiële bekostigbaarheid was van die kernredes vir die opstandigheid, maar die koestering van Afrikaans het ook in die spervuur beland. Teen die einde van 2016 het die UV se taalbeleid verander: “English becomes the primary medium of instruction at undergraduate and postgraduate level on all three campuses” (University of the Free State Language Policy: 2). Ook dít is nie sonder opstandigheid, maar hierdie keer onder Afrikaanssprekendes, deurgevoer nie, maar die feit bly staan dat Engels as sleuteltaal op die end triomfeer het.

Vanaf 1997 is die transformasieproses versnel en die universiteit het ’n multikulturele beleid aanvaar ten einde vorentoe betekenisvolle steun aan en bydraes tot alle belanghebbendes op die kampus se grondslae en behoeftes te lewer. In 2004 is ’n sosiale kontrak beleid ingestel wat neergekom het op kampuswye dialoog ten einde die kernwaardes van die instelling en die nuwe institusionele kultuur waaruit nuwe transformasieplanne sou voortspruit, te identifiseer.

Wat die akademiese verloop van die UV betref, is ook verskeie fases aan te dui. Tot die laat 1960’s is daar veral op onderrig gefokus toe meer as 80% van die studente voorgraadse en diplomakursusse gevolg het. Vanaf die sewentigerjare het navorsing al groter aandag begin ontvang vanweë die feit dat daar mettertyd ’n stewige navorsingskapasiteit en kultuur opgebou is toe nagraadse studente teen 2006 bykans 40% van die totale studentegetal uitgemaak het.

Vanaf 1998 tot 2001 is die akademiese sfeer gekonsolideer en nuut gestimuleer ten einde aan studentebehoefte te voldoen wat onder meer tot die samevoeging van Fakulteite en innoverende nuwe leerprogramme met al meer en beter gesofistikeerde oordragmetodes gelei het. In 2002 is ’n doelbewuste strategie gevolg om samelewingsdiens met die kernfunksies van leer en onderrig te integreer.

Twee jaar later het 'n nuwe verskuiwing gevolg vanaf blote universiteitsadministrasie tot strategiese bestuur en die vestiging van 'n Direktooraat vir Navorsingsontwikkeling

Die kwessie van medium van onderrig sou met die studente onluste vanaf 2015 tot 2016 weer in die oog spring met swart studente se beswaar dat Afrikaanssprekende studente op die kampus bevoorreg word en daar slegs een voertaal Engels in alle lesings gebruik behoort te word. Dit het die UV genoodsaak om weer ernstig oor die medium van onderrig te besin (University of the Free State. Institutional Self-Evaluation Portfolio: 2006).

'n Saaklike sinopsis van taalbeleidsontwikkeling-ontploffing aan die UV illustreer onder meer die uitdagings waarmee die universiteitsbestuur te kampe gekry het om op veranderende omstandighede en nuwe uitdagings te reageer. Terselfdertyd het dit die noodsaak aan 'n taalbestuursbenadering getoon asook van verskillende instansies op kampus wat beleidsimplementering moes verseker. Die ETFB kon mettertyd een van die belangrike instansies wat hierin 'n rol gespeel het, word. Uiteindelik sou dit selfs blyk dat die ETFB 'n veel groter rol as wat normaalweg van so 'n taalagentskap verwag word, begin speel het.

In hierdie geskrif word die verhaal en die bydrae van die ETFB ontleed. Die kernbesigheid van die Eenheid is beskou as 'n bydrae tot taalonderrig, taalregte en taalkwessies, om oplossings aan die hand te doen en waar moontlik te implementeer om sodoende studente, die Vrystaatse gemeenskap en die hele Suid-Afrika by te staan om 'n nuwe demokratiese bedeling te aanvaar en ingrypende aanpassings in die onseker tye van transformasie en ingrypende aanpassings die hoof te bied en waar doenlik te implementeer. Taalmiddele en strategieë moes probeer vind word vir die sprekers van die verskillende tale ten einde mekaar behoorlik te probeer begryp. Om verskillende redes het die ETFB talle naamveranderinge ondergaan en herposisionerings beleef wat in sigself 'n aanduiding is van 'n Eenheid wat aanvanklik geloof, toe gewantou en uiteindelik weens redes wat aangedui sal word, vir die Fakulteit 'n bykans onoplosbare probleem geword het.

Deel I

Plek-plek en waar vereis moes van skuilname en verswyging van die presiese bronne gebruik gemaak word weens die vertroulike an sensitiewe aard van die inligting. Alle gegewens berus egter op feitlikhede soos nagevors uit vertroulike bronne of persoonlike mededelings 'n volledige kopie is slegs onder streng voorwaardes deur gemagtigde topbestuurslede beskikbaar met behoud van verdere en volgehoue vertroulikheid.

Dit gebeur selde dat een enkele persoon – in hierdie geval professor Theodorus du Plessis – oor die vermoëns, visie en dryfkrag beskik om 'n instansie tot hoë plaaslike, nasionale en internasionale aansien te voer, net om weer as gevolg van verskeie negatiewe faktore te moet ervaar hoe dit afgeskaal en verklein word tot 'n skadu van wat dit was. Een van die hoofredes was die feit dat die Fakulteit waarbinne die Eenheid gesetel was sowel as die Universiteit weens komplekse redes lank getalm het om vaste en omskrewe omskrywings neer te lê van watter grense daar vir 'n Eenheid teenoor akademiese dissiplines gestel behoort te word.

Die Eenheid se ontstaan het direk saamgeval met die sluiting van een van die taaldepartemente in die onderhawige Fakulteit waardeur die Eenheid met die noodsaaklike kontinuering van sekere van die funksies van die betrokke departement opgesaai is. Dit het meegebring dat twee aparte kwessies, dienslewering en akademie, van die begin af verstrengel geraak het. Die verhaal wat hieromheen omvou het, word by tye 'n spanningsvolle relaas van persoonlike oorlewing, van nuwe wêreld en taalmoontlikhede geopen vir 'n polities veragte en geïsoleerde land, van die skeppende krag wat inherent aan die aanvaarding en benutting van transformasie inhou en beteken, van positiewe brugbouers wat verandering tot heil en voordeel van alle taalsprekers in 'n eens veragte land aangryp.

Teen 2000 was die ETFB die enigste Eenheid binne die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (wat later die Fakulteit Geesteswetenskappe sou word). Die toenemende aanklag en ontluikende nuwe etos voortspruitende uit die aanklag dat universiteite niks anders as ivoortorings is nie en hul

weinig aan die knellende en onopgeloste nood en behoeftes van die samelewing steur het gelei tot die bewustheid by universiteite van die belangrikheid van samelewingsdiens en gemeenskapsbetrokkenheid, twee uitgangspunte wat landwyd al dwingender begin word het. Hierdie aanklag en voortspruitende bewussyn het dwingender geword as gevolg van die demokratisering van Suid-Afrika deur die aanvaarding van 'n nuwe Grondwet in 1996 waardeur vir die eerste keer gelykberegtiging en afwysing van alle diskriminasie teenoor enige lid van die samelewing en dus volledige burgerregte aan almal toegeken is. In hul missiestellings het universiteite in Suid-Afrika vroeër veral die belangrikheid van onderrig en navorsing beklemtoon, maar na die demokratisering van die land het samelewingsdiens en gemeenskapsbetrokkenheid onmiddellik baie belangrike fokuspunte op baie vlakke van die samelewing en daarom ook aan universiteite geword. Die ETFB wat in hierdie milieu tot stand gekom het en 'n verhaal van uitsonderlike sukses sou word, het veral deur die toedoen van 'n begaafde en visionêre akademikus die kern van die heersende en toekomstige taalkwessies en hoe dit aangepas en verander sou moes word, ingesien en met vernuftige planne na vore gebring.

Du Plessis het vroeëtydig besef dat talle simpatiseerders in Europa 'n sug van verligting geslaak het oor die verfoeilike apartheidsbeleid wat finaal iets van die verlede was en hulle as't ware die verpligting oplê om mee te doen aan die demokratisering waarvoor hulle al die jare luid geroep en driftig betoog het. Hulp vanaf oorsee moes nou verleen word om die land te help opbou om sodoende die nuwe demokrasie waar te maak. Hy het die gawes van hart en verstand gehad om die vertrouwe van oorsese akademici vir spesifiek die ondersteuning van en belegging in Suid-Afrikaanse kwessies soos veeltaligheid en multikulturalisme te wen. Sy helder insig was dat *taalbestuur* sentraal gestel sou moes word om sodoende taalaktiwiteite in hulle velerlei nuwe gedaantes in die regte rigting te stuur. Hierdie kwessies het van besondere belang geword om die nuwe demokratiese bedeling te laat slaag. Met onvermoeide ywer was hy in staat om ten spyte van 'n klein en hortende begin, te volhard en uiteindelik groot beleggingsbedrae vir

taalontwikkeling in Suid-Afrika en spesifiek vir die ETFB suksesvol te beding.

Die oogmerk met wat hier aangebied word, is om te verhaal wat werklik plaasgevind het, of in die woorde van die vermaarde historikus, Leopold von Ranke, “wie es eigentlich gewesen ist”. Die historikus werk meestal met geskrewe dokumente en die groot uitdaging was om sin te skep uit die flitsagtigheid en saaklikheid van die stortvloed van elektroniese berigte oor hierdie onderwerp. Sulke bronne gaan mank aan oorwoënhed en werklike menslikheid en wat bronneverwysings betref, word dit ietwat van ’n nagmerrie. Maar uitdagings verg antwoorde en maak die navorsingsproses soveel uitdagender. Daar is egter ook hier en daar die belemmernis van feite wat wel beskikbaar is maar weens vertroulikheid nie openbaar gemaak kan word nie.

In hierdie ontleding van taalkwessies in die loop van bykans drie dekades word die histories-strukturele benadering gevolg, ’n metode in taalnavorsing wat deur verskeie gerepskteerde navorsers as belangrik uitgewys is (Kyk Tolleffen, J.W., *Planning Language, Planning Equality*. London: Longman & Wiley, 1991). In wese behels dit ’n kritiese inhoudsanalise van gebeure rakende die ETFB. Baie van die kwessies wat aangeraak word verdien dieper analise, terwyl sekere vrae onbeantwoord bly weens die tekstuele afwesigheid oor bepaalde aspekte en oor die dieper (en soms te vertroulike aard) konteks van gebeure, verklarings en standpunte. Ook van belang is agentskap met ander woorde die persoon aan die woord, hulle denkwêreld, agtergrond en motiewe waaroor gegewens dikwels ontbreek. Desnieteenstaande ontvou ’n panorama van strydende groepe, uiteenlopende taalopsies, weerstand en versoening, mobilisering, kreatiewe taalplanne en taalbeleidsveranderinge, rasgedrewe standpuntinname en transformasie in die wye veelhoekigheid daarvan deur die inhoudsanalise wat aangebied word. Die historiese element is sentraal en dit word ’n ontplooiende verhaal waarin die ETFB in verskillende gedaantes die hoofmoment bly en belangrike denkers, rolspelers en akademici se sienings, uitsprake asook problematiese optredes en denkwyses aan die orde gestel word (*Ibid.*: 4).

Dit was moeilik om oor die volgorde van die temas te besluit. Die besluit wat geneem is en steeds ’n gevoel van onbehae laat, was om eers die verskillende fases en naamveranderinge van die aanvanklike Taalfasiliteringsprogram (TFP) aan die orde te stel en daarna die akademiese insette en dienslewering op provinsiale en nasionale vlak wat meestal oor al die fases heen strek, van nader te bekyk.

In hierdie ontleding word die histories-strukturele metode in taalnavorsing gevolg wat deur verskeie gerespekteerde navorsers as geldig en belangrik uitgewys word (Toleffson 1991). In wese behels dit ’n kritiese inhoudsanalise van alle inligting (in hierdie geval hoofsaaklik dokumentasie) oor die aanvang en verloop van die taalkwessies rakende die ETFB. ’n Hele panorama van gebeure tree na vore: van strydende groepe en standpunte, weerstand en versoening, mobilisering, kreatiewe taalopsies en taalbeleidsveranderinge, die wye veelhoekigheid van politieke transformasie en gepaardgaande eise. As rigsnoer staan die denke en optrede van ’n unieke taalwetenskaplike met goed gefundeerde standpunt en onverskrokke ywer en bekwaamheid om te lei, te formuleer en ’n span saam met hom daadkragtig aan te spoor en ook deur hulle geïnspireer te word (Moll, op.cit.: 4). In hierdie aanbieding staan die historiese element sentraal en dit word ’n ontplooiende en voorstuwende verhaal met talle subtekste. En as die teleurstellende einde afspeel, bly die wonder van taalmanifestasies en die menslike agent steeds daar en die besef van die soms vreemde en bykans onnaspeurlike wortels en dryfkragte van historiese gebeure, van uitdagings en antwoord maar ook van die tydgebondenheid van alles.

In hoofsaak volg die ontleding ’n kronologiese lyn alhoewel die tematiese plek-plek voorrang geniet om aan die gang van gebeure en die uiteenlopendheid van oogmerke en aktiwiteite groter helderheid te verleen. Sentraal hierin staan die omvangryke en wye spektrum van dienslewering op talle vlakke vanaf binne die universiteitsopset maar dan ook wyer rakende provinsiale taaluitdagings asook sleuteldienste wat op nasionale vlak beding en met gloeiende resultate gelewer is.

Die aard en funksie van eenhede aan universiteite

Soos hierbo aangedui het die gebrek aan 'n duidelike omskrywing van die presiese aard en funksie van eenhede binne die UV grootliks bygedra tot 'n situasie van onsekerheid wat ten opsigte van die ETFB ontstaan het. Dit was tegnies 'n interne kwessie waaroor mettertyd wel klaarheid verkry is. Gegewe die groter taalbestuurskonteks waarbinne die ETFB gefunksioneer het, was van meer algemene belang die kwessies betreffende die rol van taaleenhede (soms ook taalsentrums genoem) as sodanig aan tersiêre instellings. Dit is daarom van belang om ter verduideliking die belangrikste algemene opvattinge oor die aard en funksie van taaleenhede teoreties te bekyk.

Die toonaangewende werk van David Ingram oor die rol, funksie en bestuur van taalsentrums word as grondslag hiervoor gebruik. In sy studie oor *Language Centres. Their roles functions and management* (John Betjemins Publishing Company. Amsterdam, 1994: p. 220-1) neem hy die taalsentrum-konsep deeglik onder die loep aan die hand waarvan hy dan vyf verskillende internasionale taalsentrums in diepte ontleed. Ingram argumenteer dat taalsentrums 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van die toegepaste taalkunde as studierigting gelewer het, maar veral dat hulle “have been at the forefront of the changes that universities have encountered in the last decade of the 20th century and that will undoubtedly continue into the 21st century (*Ibid.*: 1). Ofskoon sy fokus op taalsentrums wat betrokke is by taalonderrig (as een van die kernterreine van die toegepaste taalkunde) val, kan die begripsraamwerk wat hy ontwikkel ook op andersoortige taalsentrums soos die ETFB van toepassing gemaak word.

Hy omskryf taalsentrums (of taaleenhede) as entiteite wat deur instellings opgerig word om sinergie op die terrein van taalonderrig en die toegepaste taalkunde te bewerkstellig deur goed gekwalifiseerde personeel in gepaste fasiliteite byeen te bring ten einde saam te werk in die nastrewing van neergelegde oogmerke. Taalsentrums koördineer tipies aktiwiteite en fokus hulpbronne in die bereiking van vasgestelde oogmerke, eerder as om werksaamhede oor uiteenlopende taalafdelings binne 'n universiteit of selfs oor universiteite heen, te versprei.

Vir ’n vollediger begrip van die ETFB se ontstaan en ontwikkeling is dit verhelderend om die woord en begrip *Eenheid* van nader te beskou (*Ibid.*: 220–1). Op nasionale en internasionale vlak word die eintlike funksie van Eenhede gesien as *katalities*, dit wil sê leemteaanvullend, adviserend en opleidend. Eenhede se aktiwiteite word katalities gerig op veral die terreine van taalonderrig en taalbestuur en daarom dus vir die bevordering van toegepaste taalkunde. Binne universiteitsverband is Eenhede se oogmerke en werksaamhede daarop toegespits om raadgewing oor veral taalbeleid aan opvoedkundige stelsels, dosente, administrasies en regerings in die vorm van kwaliteit en planmatige insette en programme te lewer. Veral deur verbintenis aan ’n regering of universiteitsbeheer is so ’n Eenheid in staat om ’n breë perspektief oor die behoeftes van die samelewing, die besigheidswêreld en opvoedkundige stelsels te verkry. Daaruit spruit dan voorstelle vir regstelling of verbetering en opbouende bystand om uiteindelik veral regstellende taalaksies aan te beveel en in werking te stel. Op hierdie wyse word in en deur Eenhede voorkeurrigtings en aksies waardeur ontwikkeling behoort plaas te vind, geïdentifiseer. Voortvloeiend hierut is die lewering van die nodige insette en opleiding om veral doeltreffende inisiatiewe en leierskap vir taalleemtes tot stand te bring en oplossings aan die hand te doen en te help verweselik. Sulke Eenhede peil en reageer op noodsaaklike samelewingsveranderinge deur beleids- en leerplanadvies en opleidingsprogramme vir taalaksies te voorsien. Eenhede is meer daarop ingestel om by spesifieke adviserende projekte gemoeid te raak. Op hierdie wyse word taalprogramme aan die instelling waar dit gesetel is, voorsien en advies en daadwerklike insette oor taalbeleid en taalimplementering verskaf (*Ibid.*).

Gewoonlik is eenhede nie noodwendig direk vir die stelselmatige ontwikkeling van taalbeleid as sodanig verantwoordelik nie, wat in werklikheid die verantwoordelikheid van ’n regering of aangewese besluitnemers is, mits die wil en kundigheid daartoe bestaan. Ten einde taalbeleid rasioneel en samehangend te formuleer en te ontwikkel, moet ’n Eenheid veral op die veranderende behoeftes van die samelewing reageer. Daardeur en daaruit ontstaan die behoefte vir een of ander tipe

organisasie (dikwels 'n taalsentrum) om die gemeenskap en die samelewing in al die geledinge daarvan te monitor. Verwant aan monitering is die opvatting en instelling van 'n "think tank" ('dinkskrum') waarin 'n Eenheid voortdurend die samelewing, die onderrig daaraan verbonde, die demografie en die netwerk van ontwikkeling en verandering in byvoorbeeld die dissipline van toegepaste taalkunde, ondersoek, verklaar en oplossings bedink (*Ibid.*). Enersyds stel dit 'n Eenheid in staat om beide toegepaste linguistiek en taalonderwysbeleid te bevorder, terwyl dit andersyds in staat is om die implementering van beleid in taalonderwys-praktyk asook ander taaldienste te voorsien. Taaleenhede vervul die belangrike rol van inligtinginsameling en -verspreiding en om sodoende as klaringhuis te dien. By sommige Taaleenhede word taalonderrig onderneem om die gehatet van dosente of ander professionele persone op te gradeer ten einde fondse te genereer (*Ibid.*:220-1). By universiteite bestaan die moontlikheid dat Eenhede die terreine van bestaande taaldepartemente kan oorskry waardeur spanning ontstaan deurdat daar 'n voortdurende wedywing vir die maksimum toekenning van die beskikbare universiteitsbefondsing ontstaan.

Eenhede is meestal afhanklik van die generering van buitfondse eerder as fondse deur universiteite self voorsien. Wêreldwyd is die eintlike rol van 'n Eenheid om waar te neem, te adviseer en te kritiseer en sodoende word dit onontbeerlik om akademiese integriteit in taalonderrig te verseker. Juis daarom is dit vir Eenhede van die grootste belang om te alle tye onafhanklik, selfstandig en objektief te werk te gaan.

Wyer gesien moet ook in gedagte gehou word dat as gevolg van globalisering, taalkwessies, taalbeleid en taalonderrig al sterker in die kollig geplaas word soveel te meer in 'n land wat vir die eerste keer 'n weg binne 'n nuut verworwe demokrasie met 'n veelheid van amptelike tale moes vind. Globaal het taalsentra in die moderne tyd 'n sleutelrol begin speel om instellings en samelewings in staat te stel om globalisering en linguistiese en kulturele diversiteit te bestuur en te hanteer (*Ibid.*).

UV-beleid rakende eenhede

Toe Du Plessis met sy aksie begin het om 'n Eenheid binne die Fakulteit tot stand te bring, was daar nog geen UV-geformuleerde beleid of prosedures oor hoe sodanige strukture of “Ekstra/Bykomende Akademiese Aktiwiteite” soos dit genoem is, tot stand moet kom en funksioneer nie (kyk *Policy on the Establishment of Extra-Academic Activities at the University of the Orange Free State* 2012). In die dokument daaroor wat eers in 2012 deur die Raad goedgekeur is, word ten aanvang die stelling gemaak dat dit vir universiteite internasionaal aanvaarbare en goeie praktyk geword het om bykomende akademiese en navorsingstrukture tot stand te bring om sodoende die akademiese en ander dienste wat universiteite voorsien, aan te vul en te verbeter. In die dokument word die beginsels vir totstandkoming, funksionering en toesighouding uiteengesit. “Bykomende akademiese aktiwiteite” word gedefinieer as synde 'n generiese term vir tipes akademiese organisasies ten einde waarde toe te voeg tot navorsing en/of opvoedkundige aktiwiteite en om kennisoordrag aan te vul en te vermeerder” (*Ibid.*). Dit word ook gestel dat die UV fondse aan eenhede beskikbaar moet stel om sodoende derdestroom inkomste, bronne en infrastruktuur te help genereer.

Onder bykomende akademiese aktiwiteite word gereken Institute, Eenhede, Buro's, klinieke ensovoorts en elkeen word apart omskryf. Alle bykomende aktiwiteite sou deur die vise-rektor akademiese ondersoek word om vas te stel tot welke mate dit binne die parameters van die gestelde beleid val. Twee kategorieë van eenhede word erken: navorsingseenhede en akademiese diens- en uitreik-eenhede (*Ibid.*).

'n Eenheid word gedefinieer as “'n gevestigde, samehangende aktiwiteit wat onafhanklike erkenning verdien en personeel (verkieslik vier in totaal) met gemeenskaplike navorsingsoogmerke en deskundigheid huisves”. As tipiese voorbeeld word gestel hoe 'n Eenheid onder leiding van 'n individu wat besondere erkenning ontvang en met internasionale erkende navorsing binne 'n departement gemoeid is, gebou kan word. Daar moet wel duidelike blyke van navorsingsuitsette en aktiewe nagraadse studente bestaan (*Ibid.*).

Dit was juis na die aanvaarding van bogenoemde beleid dat die bestaansreg van Du Plessis se Eenheid wat in verskillende opeenvolgende gedaantes toe reeds bykans twee dekades bestaan het deur die viserektor akademies ondersoek is en soos sal blyk wel met positiewe gevolge. Een van die sleutelvrae is of sake dalk anders kon verloop het indien dié beleid reeds in plek was toe Du Plessis met sy inisiatiewe en suksesverhaal begin het?

Die taalpolitieke konteks en die taalsituasie aan die UV

Teen die agtergrond van die nuwe “bykomende akademiese aktiwiteite” wat aan universiteite in Suid-Afrika aan die ontwikkel was, is dit noodsaaklik en verhelderend om die wyer prentjie van die heersende denkskole oor taalbeplanning in Suid-Afrika in die tagtiger- en negentigerjare onder die loep te neem.

Tussen 1983 en 1990 het die debat daaroor op taalbeleidsontwikkeling gefokus. Enersyds het die aksent geval op die noodsaaklikheid vir die vasstelling en formulering van ’n nasionale taalbeleid wat die regering ten opsigte van taalbesluite kon inlig en lei. Andersyds het ’n groot korpus van studies spesifiek oor taalbeleid in onderwys (ook bekend as taalverwerwingsbeleid) die lig gesien. In terme van algemene taalbeleid het meeste van die literatuur toe nog op taalstatusbeplanning gekonsentreer. Taalstatusstudies het veral die funksie van die Afrikatale en hulle aanwending in hoë of prestige funksies – somtyds ook genoem taalprestigebeplanning – in oënskou geneem. Minder aandag is aan taalkorpusbeplanning (veral die noodsaak vir die ontwikkeling van die nege amptelike Afrikatale) gewy (Du Plessis, 2009).

Twee denkskole oor taalbeleid

Twee denkskole oor taalbeleid het die laat tagtigerjare oorheers naamlik die Project for the Study of Alternative Education (PRAESA) skool Kaapstad en die CentrePol skool Pretoria. Eersgenoemde Skool onder leiding van Neville Alexander

van die Universiteit Kaapstad was op die voorfront van ’n populistiese benadering tot taalbeleidsontwikkeling en wou die idee van ’n taalbenadering van onder-af bevorder. ’n Kenmerk van bydraes uit hierdie oord was herhalende argumentasie oor die belangrikheid van wat as funksionele veeltaligheid en die simboliese belangrikheid daarvan vir die oogmerke en nastrewe van nasiebou bestempel is. Dit was in teenstelling met die toe nog heersende geïnstitusionele veeltaligheid. Die meeste van die bydraes van hierdie denkskool was van ’n nie-empiriese aard en die publikasies het van ’n filosofiese nie-empiriese benadering getuig met min ondersteunende empiriese studies oor taalbeplanning. Die fokus was hoofsaaklik op beleidsvlak juis omdat die oogmerk was om regeringsdenke oor taalbeleidsontwikkeling te beïnvloed. In werklikheid kan die bydraes van die PRAESA skool as van ’n stemmingmakery-aard (“lobbyist nature”) getipeer word (Du Plessis, 2007. *Foundations of Language Policy and Language Planning*).

Hierteenoor het die CentrePol-skool van denke onder leierskap van Vic Webb te Pretoria veral gekonsentreer op ’n instrumenteler benadering tot taalbeleid en taalbeplanning. Bydraes van hierdie skool het op die gevare van ideologiese benaderings tot taalbeplanning gefokus en moeite is gedoen om ’n geïdealiseerde siening van taalbeplanning te bevorder. In hierdie geleedere was daar ’n duidelike neiging tot ’n positivistiese benadering wat weerspieël is in sommige van die nie-empiriese studies uit hierdie oord. Breedweg kan die bydraes van die Pretoria-groep bestempel word as reaksionêr van aard. Wat dus ’n wesentlike leemte by beide skole geword het, was *empiriese studies* oor taalbeplanning in Suid-Afrika. (*Ibid.*).

Teen 1990 het taalbeleid en beplanning as akademiese studieveld onder invloed van Du Plessis op betekenisvolle wyse vanaf teoreties gefundeerde bydraes tot meer empiriese studies verskuif. Wat ook merkbaar was, was die lokus-verskuiwing van taalbeleid en taalbeplanning vanaf ’n sosiolinguistiese benadering en beoefening tot ’n openbare beleid en openbare administratiewe aktiwiteite. Hierdie nuwe paradigma het noodwendig ’n her-kontekstualiseringsverskuiwing genoodsaak, iets waarin die twee skole nie kon slaag nie. Du Plessis het

vanaf die staanspoor die belangrikheid van hierdie nuwe benadering ingesien en deur die wyse van sy taalkundige beoefening en leiding is dit met groot sukses in 'n nuwe rigting gekanaliseer (*Ibid.*).

In sy werk oor taalbeleid en taalbeplanning het Du Plessis die behoefte geïdentifiseer van wat hy as 'n "taalbestuursbenadering" tot taalbeleid en taalbeplanning getipeer het en wat hy so ontwikkel het dat die klem op empiriese studies sou val. Meer spesifiek het hy die behoefte vir programevaluering en gevallestudies as twee belangrike areas van akademiese taalaktiwiteite ingesien. Dit sou hy weldra binne die TFP en later die ETFB bevorder deur gerigte navorsingsprojekte en deur studente in hierdie rigting te lei.

Taalparadigmas en taalbeginsels in hoëronderrys

Die vraag ontstaan wat die algemene taalomstandighede in die land en meer bepaald by die UV was waarteen die aanloop tot en stigting van die TFP sou afspeel?

Gedurende die tagigerjare het die UV se leierskap, soos die meeste wittes van die land, hulle onsekerheid oor wat in die toekoms te wagte was, getoon deur "bloot saam te loop, stilswyend, versigtig oor wat die oorgang kon beteken. ... Hoewel huiwerig en teësinning (veral in konserwatiewe kringe wat nog orheersend was) het die Universiteit tog begin aanpas by die "vinnig veranderende politieke opset" wat aan die deurbreek was (Du Plessis, 1994. *Language Policy*). Du Plessis was een van die min stemme wat duideliker die nuwe uitdagings en nuwe bedeling wat voor hande was, positief en met talle planne vir transformasie en nuwe taalmoontlikhede tegemoet gegaan het. Dit was deels omdat hy uit 'n progressiewe dampkring gekom het en reeds tydens sy verbintenis met die Breër Demokratiese Beweging (BDB) 'n duideliker besef begin kry het van die onafwendbare groot veranderinge wat almal te wagte kon wees en waarvoor nuwe taalplanne in werking gestel sou moes word.

Met die demokratisering van Suid-Afrika het die debat oor die Afrikaanse etos van die UV verskeie interessante aspekte oor die rol wat taal in hoër onderrys speel, na vore gebring. Die kern daarvan het gewentel om die ingewikkeldheid van die

taaluitdaging op 'n relatief tradisionele en taalbeskernde en gekoesterde Afrikaanse onderwysinstelling (*Ibid.*). Mediaberigte het duidelik aan die lig gebring hoe daar toenemende druk uitgeoefen is om die Vrystaatse Universiteit vanaf 'n Christelike Afrikaanse universiteit tot 'n multikulturele tersiêre instelling te omvorm.

Daar was veral twee groepe wat so 'n transformasie voorgestaan het naamlik die Studenteraad (SR) en die plaaslike tak van die Instituut vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (Idasa). Die standpuntinnames van hierdie twee liggame het interessante ooreenkomste maar ook duidelike verskille getoon. Beide het die toepassing van 'n model van multikulturaliteit op die kampus voorgestaan. Die SR wou die aanvaarding en toepassing van redelike inagneming van kultuurregte op die wye studentegemeenskap sien, terwyl Idasa die beklemtoning van 'n verenigde studiegemeenskap eerder as 'n beklemtoning van taal en kulturele diversiteit voorgestaan het. Hierdie twee opvattinge het 'n duidelike verskil ten opsigte van die argumente vir die behoud van die Christelike karakter van die kampus getoon. Die SR wou laasgenoemde wel in die credo behou, terwyl Idasa se neutraler beskouing van 'n leerdergemeenskap nie die Christelike aard van die credo daarin gereflekteer wou sien nie.

Dit is hier waar die teenstelling Afrikaans-Christelik teenoor Multikulturaliteit (MK) ter sprake gekom het veral omdat daar 'n geneigdheid bestaan het, aldus Du Plessis, om 'n vals beeld daaromtrent te skep. Eersgenoemde het nie noodwendig MK uitgesluit nie en kon daarmee versoenbaar wees. Indien nie, was die vraag waarom 'n tipiese Afrikaans en Christelike kampus nie versoenbaar met MK kon wees nie. Tipies Engelse universiteite soos die Universiteit van die Witwatersrand en Natal was ook nie multikultureel nie en natuurlik nóg minder die tradisioneel swart universiteite, was Du Plessis se argument (*Ibid.*).

Deel II

'n Omstrede taalnavorsers tree na vore

Terwyl daar taalbeoefenaars en akademici was wat die nuwe demokratiese taalbedeling met argwaan begroet het, was daar ook diegene soos Du Plessis wat juis die enorme geleentheid en uitdagings wat daardeur gebied is, ingesien, en met geesdrif en kreatiewe idees benader het. Die deurbraak vir sy positiewe ingesteldheid strek sover terug as 1986 toe hy tot 'n nuwe taalbenadering gekom het deur die navorsing vir sy MA-verhandeling (wat later ook gepubliseer sou word) onder die sprekende titel *Afrikaans in beweging*. Onder aansporing van 'n onbevange studieleier, prof. Christo van Rensburg, wat oorspronklike denke en onverskrokke maar gefundeerde standpuntinname by studente aangemoedig het, maar grootliks deur Du Plessis se eie deeglike navorsing en oorspronklike interpretasie van historiese materiaal, is 'n nuwe siening oor Afrikaans se ontstaan en ontwikkeling na vore gebring. Sy vars en opsienbare navorsingsbevinding oor die sogenaamde taalbewegings as die resultaat van nasionalistiese en godsdienstige aktivisme, was totaal nuut en verrassend en het met die publikasie daarvan roeringe in taalgeledere veroorsaak en landswyd die aandag op hom gevestig. Saam met die talentvolle taalkundige, prof. Hans du Plessis, het hy ten opsigte van die taalpolitiek van Afrikaans die klem vanaf 'n parogiale tot 'n progressiewe benadering verskuif. Sy steeds ontwikkelende nuwe insigte oor die taalpolitiek was veral van betekenis om aan hom besondere insigte oor die nuwe taalsituasie binne 'n totaal nuwe politieke landsbedeling te gee. Die teenstand wat hy oor sy bevindings moes verduur, sou by hom 'n vreesloosheid ontwikkel. Hoe sterker die kritiek en weerstand geword het, des te sterker het sy vasbeslotenheid geword om sy siening te

verdedig en nie bedreig te voel om van gebaande weë af te wyk indien deeglike navorsing ’n ander verhaal vertel en taalkwessies anders uitwys nie. Later en onder sy eie stimulerende leiding sou studente begin aandag gee aan die verwaarloosde en miskende rol van Afrikaans in die geskiedenis van die Kaapse Moslem-samelewing en laasgenoemde se belangrike bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans (Kriel, Loth, Webb, 2015. *Language Matters*: 319–324).

Du Plessis se spesialisasieveld sou uitloop op ’n Afrikaanse sosiolinguistiek waarvan die impetus terugstrek tot die onstuimige en heftiger wordende anti-apartheids-opstandsjare van die vroeë 1980’s. Dit was die Soweto-opstand van 1976 wat die Afrikaner establishment tot die besef gebring het dat dit ’n morele en taktiese flater was om swart en bruin sprekers van Afrikaans, veral deur die “fetisje beheptheid met die standaardvorm van Afrikaans”, te vervreem. Progressiewe Afrikaners soos Du Plessis se pogings om die skans rondom “hulle eiendommike” taal af te breek, is met wantroue en suspisie begroet en bestempel as wit kruipery om hierdie groepe se guns te wen en sodoende hulle eie aansien te verhoog (*Ibid.*).

Du Plessis se oortuiging oor sy eie standpunt was so sterk en vasberade dat hy saam saam met die Wes-Kapenaars, illemse en kollegas, die eerste openbare konferensie in Suid-Afrika van stapel gestuur het waar persone uit die establishment en vanuit die Struggle byeengebring kon word om oor die uitdagings vir Suid-Afrika en vir Afrikaans vorentoe te besin. Hierdie konferensie sou ikoniese status verwerf as The Language and Struggle Conference van Durban (28 en 29 April 1989). Dit was die herout vir die begin en voortgesette openbare en akademiese debat oor multitaligheid in Suid-Afrika waarin belangrike insette nie net deur Du Plessis nie, maar ook deur linguiste soos proff. Van Rensburg, Webb en Willemse gelewer sou word. Die handeling van hierdie kongres is later deur hom en een van die Wes-Kapenaars, Alwyn van Gensen by Van Schaik Uitgewers uitgegee. So populêr was hierdie belangrike dokumentering van ’n historiese taalgebeurtenis dat die oplaag daarvan onmiddellik uitverkoop is.

Dit was egter Du Plessis se deelname aan 'n Stigting vir Afrikaans (SvA)-taalberaad te Somerset-Oos in 1995 wat taalkenners en nie-kenners regop laat sit het weens Esterhuise van US se vermelding in sy openingsrede van Du Plessis se aandeel aan die UV se destydse progressiewe benadering tot meertaligheid en dié se standpunt dat die geleentheid wat die nuwe dispensasie gebied het, aangegryp en nie skepties en afkeurend bekla moet word nie. Esterhuise het gesuggerer dat hierdie soort standpunte en gesindheid die taalweg vir die toekoms behoort aan te dui en wat hom betref, as koersbepalend en navolgenswaardig ondersteun behoort te word.

Deurslaggewende oorsese konneksies: die Nelde, Deprez en Bade-inset

Toe nog verbonde aan die Universiteit van Natal (tans deel van die Universiteit van KwaZoeloe-Natal), het Du Plessis in 1988 vir die eerste keer België besoek as die gas van Peter Nelde van die Onderzoeksentrum voor Meertaligheid (OVM) aan die beskeie Katholieke Universiteit Brussel ('n instelling wat ondertussen gesluit is). Nelde is internasionaal bekend vir kongres- en publikasiereekse oor taalkontak en taalkonflik.

Tydens hierdie besoek het hy ook vir Kas Deprez van Leuven, in daardie stadium Vlaandere se mees kontroversiële taalsosioloog, ontmoet. Hierdie eerste historiese ontmoeting het in die bekende bistro van die Leuvense stasie plaasgevind, “seer sekerlik 'n voldoende neutrale terrein vir 'n eerste gesprek tussen 'n uitgesproke anti-apartheidsman en 'n jong onbekende Natalse Afrikaner gedurende een van die stormagtigste tydperke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis: die jare 1980 tot 1989 staan allerweë bekend as Suid-Afrika se sogenaamde bevrydingsjare, met 1989 as die skeidslyn toe die bevrydingsbewegings ontban en 'n oorgangsregering saamgestel is” (Du Plessis, 2019a). Oor twee dekades heen sou daar 'n hegte kollegiale samewerking tussen Du Plessis en Deprez ontwikkel.

Nelde en Deprez sou instrumenteel word om Du Plessis as deel van die Suid-Afrikaanse delegasie in Oktober 1991 na die eerste taalkongres van die Vlaamse Raad, *Nederlands in de wereld*, te nooi. Deelnemers uit nege lande het dit bygewoon, naamlik

Nederland, Vlaandere, Suriname, Nederlands-Antille, Aruba, Suid-Afrika, Namibië, Indonesië en Noord-Frankryk. By hierdie kongres is moontlikhede vir nouer samewerking op kulturele en taalkundige gebied ondersoek. Du Plessis het berugtheid verwerf toe hy as deel van die Suid-Afrikaanse deputasie 'n minderheidsverslag ingedien het ten einde 'n alternatiewe siening oor die Suid-Afrikaanse taalsituasie aan die orde te stel. Du Plessis se uitgesproke en onbeweegbare standpunt was dat die wenslikheid van toekomstige samewerking met Nederlandssprekende Europa slegs met 'n “verteenwoordigende” groep mense in Suid-Afrika bespreek sal moet word en dat geen ooreenkomste met regeringsinstansies gesluit moet word nie; ook dat die uitvoering daarvan “oorgelaat moet word aan ware nie-rassige, demokratiese instansies” (Vlaamse Raad, *Nederlands in de wereld*. Internasionaal kollokwium, Brussel, 11 en 12 Oktober 1991. *Het Verslagboek*: 192). Deprez het natuurlik heelhartig hiermee akkoord gegaan. Tydens hierdie prestige kollokwium sou belangrike verdere vriendskappe gesmee word. Du Plessis se onverskrokkenheid om 'n oorwoë standpunt teen wie en wat ookal in te neem en indien nodig alleen daarby te staan of val, sou tekenend van sy loopbaan en een van die belangrike redes vir sy uiteindelijke sukses word.

In 1990 ontmoet Du Plessis 'n derde persoon wat 'n invloed op sy ontwikkeling sou hê, naamlik een van die bekendste Duitse taalbedryfleiers, Carl Bade. Bade het roem verwerf deur die oprigting van internasionale taalskoue, eers in Bonn maar na die val van Die Muur ook in Frankfurt en later Berlyn. Du Plessis, toe nog verbonde aan die Universiteit van Namibië, het as uitvloeisel van 'n navorsingsprojek aan hierdie universiteit oor taalkontak en taalkonflik in Namibië gedurende November 1990 Bade se taalskou in Frankfurt bygewoon. Die het hom toe uitgenooi om by die jaarlikse taalskou in 1991 'n Suid-Afrikaanse stalletjie te kom oprig. Du Plessis het die uitnodiging aanvaar en het vir 'n aantal jare inderdaad so 'n stalletjie by Bade se taalskoue beman. Bade het die uitstallioskop gratis aan Du Plessis beskikbaar gestel. Met geld wat hy deur die Departement Handel en Indusie bekom het om Suid-Afrikaanse taalbedrywe internasionaal te bemark, borgskappe deur die bedrywe wat hy verteenwoordig het en eie finansiering het hy op hierdie manier

daarin geslaag om bande met sy oorsese kollegas lewend te hou. Hy het sy deelname aan die Duitse taalskoue telkens met besoeke aan België gekombineer. Dit is hoe sy kontak met oorsese taalbedrywe en kollegas gedy het en waar hy waardevolle ervaring oor hoe presies die Suid-Afrikaanse taalbedryf en die van ander meertalige lande soos België in mekaar steek, opgedoen het. Hy het hrehaaldelik oorsee gegaan gewapen met biljette en alles wat hy in die hande kon kry oor Suid-Afrikaanse taalbedrywe. Suid-Afrika se toerismekantoor in Frankfurt het hom ondersteun met toeristiese bemarkingsmateriaal. Sy idee in daardie stadium was om 'n eie taaltoeristiese bedryf in Suid-Afrika op die been te bring. Alhoewel hy met hierdie pogings geen noemenswaardige sukses kon behaal nie, was hy bedrywig om die spreekwoordelike voet in die deur te kry sou nuwe geleenthede hulle voordoen. Maar breër belangstelling het voorlopig uitgebly.

Deprez het egter na vore getree as die persoon wat 'n deurslaggewende rol by die totstandkoming van die ETFB gespeel het. Hy het Suid-Afrika sedert die oorgangsjare na 'n demokratiese bestel reëlmatig begin besoek en so kontak met Du Plessis behou en 'n besondere belangstelling in die land ontwikkel. Deprez was sterk anti-apartheidsgesind en vanuit die staanspoor nie gewild in establishment-kringe in Suid-Afrika nie, veral na sy opmerking by die Sewende Kongres van die Neerlandistiek Kongres, Umhlanga van 4 tot 7 Augustus 1993 oor die apartheidsgeregule wat meer aandag aan die witrenosters as aan swart Suid-Afrikaners gee (kyk Du Plessis, 2019b). Na afloop van die Tweede Internasionale Tale in Kontak en Konflik (LiCCA-kongres) in Maseru, Lesotho gedurende September 1993 het hy Du Plessis gaandeweg begin bewus maak van die belangrikheid van tolking in 'n nuwe Suid-Afrika en binne 'n verwagte nuwe ampstaalbedeling. Daar was by Deprez geen twyfel oor die belangrike rol wat tolking in die ingewikkelde multitalige Suid-Afrikaanse opset nog sou moes speel nie. As lid van België se waarnemerspan by Suid-Afrika se eerste breë demokratiese verkiesing in 1994 het Deprez vir Du Plessis aan verskeie vername politici en ander rolspelers vanuit België bekendgestel. Dit het hy opgevolg met verdere gesprekke tydens 'n konges oor nasionalisme gedurende November

1994 in Leuven, nie net met akademië nie maar ook verskeie verdere rolspelers. Die belangrikste hiervan was Du Plessis se bekendstelling aan die destydse Kabinetshoof van die Vlaamse eerste minister waar die saadjie geplant is vir die oprigting van die sogenaamde Joint Interpreter Initiative (Jiti), 'n inisiatief wat uiteindelik vertalers ingesluit het). Deprez het Du Plessis tydens hierdie November-besoek aan België ook aan kollegas by tolkskole in Antwerpen (Vlaandere) voorgestel om die tolkopset daar te leer ken waaruit Du Plessis waardevolle kennis, advies en toeligtig rakende tolking opgedoen het. Hierdie vaste oorsese konneksie was fonds- en inligtingsgewys vir hom van deurslaggewende betekenis vir sy latere planne en sukses rakende die inrig en opleiding van tolke en tolking, nie slegs by die UV nie, maar ook by die plaaslike regering en uiteindelik ook nasionaal. Du Plessis het die nuwe belangrikheid van vertaling en tolkvoorsiening wel deeglik besef en was oortuig en bereid om daarmee groot bemoeienis te maak (Kriel, Loth, Webb, 2015: 319-324).

Betreding tot die akademie lewer resultate op

Intussen het die onverskrokke en uitdagende aard van Du Plessis se optrede tydens kongresse en sy verligte standpunte oor taalaangeleenthede hom in die akademiese soeklig gebring en hy was vasbeslote om sy studies tot op D-vlak te voer. Dit was bykans onvermydelik dat hy uiteindelik in die akademie sou beland. Sy vroeë akademiese pad het begin by die UV (1983-1987), toe by die Universiteit van Natal (1987-1989) en die Windhoek Akademie vir Tersiêre Onderrig (1989-1991) gaan draai, waar hy onderskeidelik vir enkele jare die blootstelling van klassee, die opstel van studiehandleidings en die opleiding en hanteer van studente van nader ervaar het. Terwyl hy in Natal was, het hy saam met een van sy uitstaande studente, Sophia Swart (later bekend as een van die voorste Afrikaanse romanskrywers, Sophia Kapp), en met die bekende historikus Herman Giliomee navorsingsgeld beding om die veelbesproke Taal en Stryd-kongres in die hartjie van Engelssprekende (en koloniale) Durban by die Howard College op die kampus van die voormalige Universiteit van Natal aan te bied (*Ibid.*).

Du Plessis se progressiewe ingesteldheid en uitsprake, ofskoon in sommige kringe kontroversieel beskou, het daartoe gelei dat hy in 1990 gelok is na 'n instelling wat baie direk by praktiese en rigtinggewende bydraes tot die nuwe demokratiese veranderinge op 'n verskeidenheid van samelewingsterreine betrokke geraak het. Dit was hoe hy by Stedelike Stigting (oftewel Urban Foundation) beland het en op hierdie wyse bekend geraak het met Idasa, 'n belangrike progressiewe vennoot van die Stedelike Stigting. Die Stedelike Stigting was di nadraai van die 1976 Soweto-opstande as 'n organisasie sonder winsbejag opgerig om 'n konstruktiewe transformerende rol in Suid-Afrika te speel (Smit, 1992). Idasa is in 1986 as 'n "dinkskrum" deur dr. Frederik van Zyl Slabbert en dr. Alex Borain begin en was veral ingestel op positiewe samewerking en bydraes op 'n wye front in die stryd vir 'n nie-rassige Suid-Afrika (Levy, 2007). By die Stedelike Stigting kon Du Plessis bevrugtend met onder andere nog 'n progressiewe Bloemfonteiner en knap navorser en administrateur, Albert Weideman, saamwerk en waardevolle insigte verkry in wat die belangrikste kwellings en eise op veral taalgebied in die nuwe bedeling sou wees (*Ibid.*)

Vir Du Plessis kon hierdie progressiewe wêreld soos vergestalt in die Stedelike Stigting en Idasa in hierdie stadium 'n ware geestelike en intellektuele tuiste bied en hom ook in staat stel om kontakte op te bou wat vir sy loopbaan vorentoe van groot betekenis sou wees. Dit was Idasa wat die aanvanklike geld voorgeskiets het om die TFP as 'n sogenaamde "agent vir verandering" by die UV te begin. By die Stedelike Stigting was Du Plessis in beheer van die Bloemfonteinse tak se Eenheid vir Voorskoolse Onderrig en hy het heelwat tyd in die Vrystaatse townships deurgebring waar hy by die bevordering van voorskoolse kinderopleiding vir agtergestelde gemeenskappe betrokke was. Maar hy het die taalwêreld gemis en met Idasa ooreengekom om hom by te staan met die oprigting van 'n aalfasiliteringsprojek waardeur Idasa wou voortgaan om dialoog tussen veral wit en swart in Suid-Afrika, wat op die drumpel van radikale verandering gestaan het, te bevorder. Hiervoor moes hy ongelukkig egter gedurende 1992 by die Stedelike Stigting bedank en hom voltyds begin wy aan die taak om die

gevisualiseerde taalfasiliteringsprojek orent te bring met die doel om meertalige interaksie te bevorder deur ’n volwaardige tersiêre opleidingsprogram vir ’n nuwe geslag taalpraktisyns en taalwerkers op te rig.

Origens het Du Plessis kop bo water gehou deur middel van ’n vertaalagentskap, ProLingua, en ’n taaltoeristiese agentskap, AfroLingua, wat hy saam met Colleen opgerig het. Die Tfeen sou die embryo word waaruit ’n omvattender en ambisieuse Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging sou groei (Kriel, Loth, Webb, 2015: 319–324).

Dit was ook as gevolg van ’n ruim Vlaamse toekenning teen die einde van 1994 dat Du Plessis met ingang Januarie 1995 tot senior lektor aangestel kon word. Nie dat die aanloop tot hierdie aanstelling tot groot frustrasie en beangstheid van Du Plessis, nie met rukke en stote gevorder het nie. Voor dit was sy permanensie bra wankelrig, sy inkomste onseker en sy betiteling bloot dié van konsultant-koördineerder.

In daardie stadium was daar geen taalopleiding aan die UV wat direk op die opleiding van vertalers en tolke toegespits was nie. Die Departement Algemene Taalwetenskap (ATW) het slegs opleiding in teoretiese taalkunde verskaf, terwyl die ander taaldepartemente hoofsaaklik op die taal- en letterkunde van die onderskeie tale (Afrikaans, Engels, Duits, Frans, Afrikatale) toegespits was, asook met die opleiding van taalonderwysers wat ’n taalonderrigspesialiteit was (Du Plessis aan viserektor 25 November 1999). Die ATW het wel in 1988 ’n eerste poging aangewend om ’n kursus vir vertalers op te rig, maar dit is nooit met entoesiasme deur die Fakulteit ontvang nie, ten spyte van ’n goed bewoorde en geargumenteerde voorlegging. As aspoestertjie taaldepartement het die ATW eintlik vanuit die staanspoor teenstand van die taaldepartemente gekry, vandaar dat die betrokke en ander inisiatiewe nie eintlik hond haaraf kon maak nie. Met die toetrede van die TFP tot die ATW se geledere kon die departement uiteindelik wel daarin slaag om in navolging van die US se Departement ATW ’n Gestruktureerde Magister in Toegepaste Taalkunde tot stand te bring.

Steeds in 'n benarde situasie

In hierdie jare was Du Plessis se persoonlike akademiese situasie “so benard” dat hy in 1994 teenoor 'n kennis laat blyk dat hy nie eintlik lus of energie vir korrespondeer het nie, maar hy was nietemin hoopvol vir die toekoms: “Ek is min of meer voltyds aan die UOVS besig met die TFP, sonder dat ek egter aangestel is. Dit kom egter binnekort, meen ek, aangesien die belang van tolke en vertalersopleiding belangrik geword het”. Hy het ook gemeld dat Colleen verlig en “baie bly” sou wees indien hy 'n aanstelling kry “aangesien dit baie druk van haar sal afneem” (Du Plessis aan Driven, 1994). Trouens, hy het in 'n stadium gedurende 1994 in werklikheid by die ATW as tuiste van die TFP “bedank”, sy kantoor ontruim en hom voltyds aan die uitbou van Prolingua en Afrolingua gewy. Die draaipunt het egter gekom na sy suksesvolle November-besoek aan België toe die einste Kabinetshoof wat hy deur die Deprez se bemiddelling ontmoet het, hom in Desember 1994 versoek het om die Vlaamse eerste minister by Fourways Johannesburg te ontmoet ten einde 'n voorlegging oor die beplande Jitti-inisiatief te maak. Die akroniem Jitti verwys na die Joint Initiative for the Training of Translators and Interpreters wat onder Du Plessis se leiding deur progressief gesinde kollegas van ander universiteite rakende taalberegtiging, taalongelykheid en taal en oorheersing, opgerig is (Du Plessis aan die Direkteur OVM, 1994).

Met groot verligting kon Du Plessis teen die einde van 1994 te kenne gee dat dit met hom beter gaan. “Ek kry uiteindelik die geleentheid om weer my kop op te lig” deurdat dit begin lyk het asof die Universiteit “my projek ernstig opneem en allerlei nuwe geleenthede begin hulle voordoet” (*Ibid.*). Die draaipunt het eintlik reeds in November 1993 gekom toe Du Plessis met die hulp van die UV-Stigting na België is waar in samewerking met Deprez indringende samesprekings met die Vlaamse Regering gevoer is om finansiering vir sy Projek te probeer bekom. Vir die TFP sou 1994 'n sleuteljaar word toe Du Plessis se ywerige onderhandelinge met die Vlaamse Regering so goed gevorder het dat hy in Februarie 1994 versoek is om 'n dringende tweede besoek aan Vlaandere te bring waartydens verdere gesprekke en 'n volgende rondte voorleggings oor moontlike befondsing

gedoen is. Die Fourways-ontmoeting was ’n direkte gevolg van hierdie samesprekings.

Nog voor Fourways kon Du Plessis berig dat sy tolkprojek pas die kontrak vir die Vrystaatse Wetgewer se tolkdienst gekry het. “Ek vind dit uiters opwindend en dit skep nuwe geleenthede. As gevolg van hierdie betrokkenheid kon ek daarin slaag om ’n opleidingsprogram vir vertalers van stapel te stuur” (*Ibid.*). Dit sou in samewerking met twee tolkeskole van Antwerpen te wete die (KVH) Katholieke Vlaamse Hogeschool en die Hogere Instituut voor Vertalers en Tolke (HVT) opgerig word. Met entoesiasme meld hy ook ander interessante projekte soos die proses om ’n demokratiese taalraad op te rig (’n inisiatief van Alexander), sy deelname aan die ANC se Taal-in-die-Onderwys Taakgroep en dat hy sameroeper was van die Jitti inisiatief. Uiteindelik het daar weens onderlinge struweling en wantroue ongelukkig niks van hierdie inisiatief gekom nie, soos in ’n volgende afdeling verduidelik word.

In hierdie stadium het Du Plessis betekenisvol laat blyk dat daar in Suid-Afrika ’n ANC-gesinde taalfaksie was by wie hy hom onverbloemd geskaar het: “’n Klompie van ons (ANC-taalmense) het net verlede week oor laas jaar se kongres in Lesotho gepraat en eintlik met heimwee daaraan teruggedink” (*Ibid.*). Die konteks was die 1993 LUCCA-kongres waar Deprez ’n hoofspreker was en waartydens uitvoerig oor ’n nuwe taalbedeling vir Suid-Afrika beraadslaag is.

Van dilemma tot oplossing

Een van Du Plessis se dilemmas was dat sy toenemende verantwoordelikhede hom min tyd vir fondsinsameling gelaat het en hy versigtig na alle kante moes trap in die aanvanklike finansiële noute waarin hy hom in 1994 oor die TFP se finansies bevind het. Dit het baie duidelik in hierdie stadium uit sy korrespondensie met Harold Verster, destydse direkteur van die UOVS Stigting, geblyk. So versoek Du Plessis laasgenoemde in September 1994 om nie sy versoek aan Verster om terugbetaling van geld wat die Stigting aan hom beskikbaar gestel het terug te hou totdat die TFP weer befondsing ontvang het, verkeerd op te neem nie. Sy vermoede was dat daarvoor dalk ’n misverstand

ontstaan het (Du Plessis aan Verster 1994). Hy wou allermins die indruk skep dat hy “enigsins ondankbaar is oor die absoluut gewaardeerde ondersteuning wat die Taalfasiliteringsprogram van een en almal by die UOVS–Stigting ontvang het en in daardie stadium steeds ontvang het. Was dit nie vir julle ondersteuning nie, was daar vandag geen sodanige program nie”. Hy het ook om verskoning gevra “indien ek die indruk geskep het dat ek weer bakhand staan. Dit is sekerlik nie die geval nie. Dit gaan redelik met die Program op die oomblik en die België–inisiatief lyk heel belowend. Ons vra dus nie dat julle weer geld moet voorskiet nie; slegs vir ’n tydelike terughouding van julle jongste joernaal sodat ons dit kan oorleef tot by die volgende toekenning/s. In hierdie opsig is daar een op pad uit België, ofskoon dit nog ’n tyd sal duur, en ook een vanaf die World University Services, wat ons verlede week besoek het”. Ook was dit geensins sy bedoeling dat die TFP “voorkeurbehandeling verwag nie. Van my kant af sal ek dus graag wil help om die agterstallige voorskot vir julle te help verhaal” (*Ibid.*). Hy het verduidelik dat sy situasie van so ’n aard was dat dit bykans onmoontlik geword het “om by fondsinsameling betrokke te wees. Afgesien van die uiters veeleisende tolkdienkontrak wat die Program met die Vrystaatse Wetgewer in stand moet hou (en besig is om uit te brei), moet ek tans die reeks sertifikaatkursusse voorberei wat ons vanaf volgende jaar gaan aanbied. Dan meld ek nog nie ander inisiatiewe waarby die Program op nasionale front betrokke is en waardeur die UOVS in werklikheid die leiding neem in die opleiding van tolke in Suid-Afrika nie. Hier verwys ek pertinent na die Jitti–inisiatief wat die Taalfasiliteringsprogram pas van stapel gestuur het” (*Ibid.*). Du Plessis het homself beskikbaar gestel om bystand te verleen waar hy kon en die vertrouwe uitgespreek dat die Stigting wel sou voortgaan met befondsingsinisiatiewe waarmee hy “werklik graag” sou wou help. Hy het verwys na ’n onlangse besoek van Vlaminge op die kampus en sydelings opgemerk dat die TFP nie by die besoek betrek is nie, iets wat hy uiters vreemd gevind het. Sy afleiding was egter dat die Stigting steeds ’n belang by die voortsetting van die TFP het, “iets waarvoor ek ontsettend baie waardering het” en siende dat die befondsingsituasie toenemend positiewer raak wat die Taalfasiliteringsprogram

betref, vertrou ek dat ons met ’n hernieude gesamentlike poging tog die nodige fondse sal vind!” (*Ibid.*).

Hoe Du Plessis se situasie sodanig verbeter het dat hy uiteindelik permanent by die UV beland het, is ’n verhaal op sy eie. In Oktober 1994 het die Vlaamse eerste minister, Willem van den Brande, Suid-Afrika besoek en op Du Plessis se aandrang ook die UV se rektor, prof. Francois Retief, by Fourways vir ’n ete wat Van den Brande aangebied het, ontmoet. Deprez was instrumenteel hiertoe maar agter die spreekwoordelike skerm. Die rektor het ondertussen ingestem om R20 000 aan die TFP te bewillig. Die Vlaamse minister het na afloop van die ete meer as R1,2 miljoen oor drie jaar vir tolkopleiding aan die TFP bewillig (*Ibid.*). Die projek sou bekend staan as die Jitti-inisiatief waarna reeds verwys is. Retief was beïndruk met die kundige en onverskrokke wyse waarop die jong Du Plessis die oorsese gaste en die hele voorlegging hanteer het asook met die oorsese gaste se kennelike vertroue in die jong man. Toe die rektor na afloop van die ete hoor dat Du Plessis steeds op eie stoom werk, finansiëel moet raap en skraap, geen amptelike pos by die UV beklee nie en op pad was om ’n akademiese pos by Fort Hare te aanvaar, was hy totaal stomgeslaan. Hy het binne ’n dag gesorg dat Du Plessis in ’n vakature wat hy as rektor by Departement Musiek “geannekseer” het, aangestel word. In daardie stadium was daar vanweë rasionalisering ’n moratorium op aanstellings by die UV. So het dit gekom dat Du Plessis by die ATW as senior lektor aangestel is sodat die voorstel om ’n tolkopleidingsprogram by die UV te vestig, op vaste baan geplaas kon word (Mondelinge onderhoud met Du Plessis, 14 Oktober 2019).

Hierdie buitengewone aanstelling is na die dekaan Geesteswetenskappe gestuur en hieruit het sy aanbeveling (met die goedkeuring van die Fakulteit en in Julie 1993 geïnstitusioneel) vir die formele oprigting van die TFP binne die ATW gevolg. Du Plessis se aanstelling binne ’n akademiese pos by die ATW is met effek vanaf 1 Januarie 1995 gemaak. Sonder ’n ruim Vlaamse toekenning en ’n besliste rektor sou hierdie aanstelling sekerlik nie gerealiseer het nie.

Taalprogram

Voordat ingegaan word op Du Plessis se werk en bydrae binne die ETFB is 'n wyer perspektief van sy taalvisie en taalprogramme noodsaaklik.

Rigtinggewend in sy denke en daarom fundamenteel in sy taalprogramme was die begeerte om die taalbewussyn van meningvormers in die Vrystaat en ook elders in die land positief te beïnvloed ten opsigte van verandering en kreatiewe oplossings om die ontwikkeling van die Afrikatale² te stimuleer. Sy planne was ambisieus maar hy was oortuig daarvan dat hulle uitvoerbaar was omdat die kundige persone om gestalte daaraan te gee, beskikbaar was. Hiervoor moes natuurlik die nodige fondse bekom word en soos reeds aangedui het Du Plessis vanaf die heel begin getoon dat hy 'n uitmuntende fondswerwer was deurdat hy sy ooredingsvermoë maar veral sy oortuigende progressiewe en deeglik beplande en uitgewerkte taalvisie sodanig kon verwoord en voorhou, dat hy stewige fondse oorsee kon beding.

Ongelukkig het die Fakulteit hom nooit vurig ondersteun nie. Aan die een kant is die UV beetgepak deur die tydsges van die negentigerjare en die algemene gedagte dat universiteite 'n groter besigheidsingesteldheid en entrepreneurskap moet openbaar en aanvaar. Andersyds het die Universiteit in werklikheid steeds vasgeklou aan 'n basies strak akademiese benadering wat min ruimte vir entrepreneursinisiatiewe gelaat het. Terwyl Du Plessis aanvanklik toegelaat en geduld is om sy fondsinsamelingsvernuf in te span en daarmee groot bedrae van oorsee los te woel, sou dit uiteindelik teenkanting

2 Taalwetenskaplik gesproke meer korrek, die “**Sintu-tale**”; dit is die suidelike Bantoetale van Afrika. Du Plessis het 'n hekel aan die misplaaste gebruik van die begrip Afrikatale aangesien dit as politiek korrekte term nie op linguïstiese gronde berus nie en in werklikheid niksseggend is. So word die plaaslike nie-Sintu klike (soos Nama) van die begrip uitgesluit, so ook Arabiese en soms ook Afrikaans, naas Swahili een van die unieke en belangrike verkeerstate wat op Afrikabodem ontwikkel het. In hierdie teks word ter wille van toeganklikheid wel gehou by die Suid-Afrikaanse konvensie wat betref die gebruik van die term *Afrikatale*. Dit word in die eng sin van die woord gebruik om enkel na die Sintu-tale te verwys.

uitlok (waaroor later uitgebrei word) en al kritieser reaksie by die Fakulteitsbestuur en die taaldepartemente wek. Sy uiteindelijke dilemma sou wees dat hy die Eenheid op die lange duur nie sonder buitelandse sou kon bedryf nie en dat hy nie sy regmatige befondsing vir die akademiese werk wat die ETFB wel aangebied het, toegeken kon kry nie. Soos later uitgewys sal word, het dit tot wrewel tussen hom en opeenvolgende dekane en fakulteitsgenote gelei, met skuld aan beide kante. Van sy kant was hy bereid om verskoning aan te bied vir sy gebiedsoorskryding en soms te vurige entoesiame, maar van die ander kant was daar onbeantwoorde beloftes maar geen werklike verskoning nie.

Teoreties gesproke was die uitbou van meertaligheid vir hom 'n pertinente en onlosmaaklike deel van die transformasieagenda van die nuwe Suid-Afrika. Dit was die uitbreiding van meertaligheidsbelange wat juis sou “meehelp om inhoud te gee aan die nuwe beleid van meertaligheid wat in teorie reeds bestaan het (Du Plessis, 1998. Inleiding tot die ATKV mini-kongres).

Die nuwe taalbestel

Du Plessis se siening van die nuwe taalbestel was in die onderskeie taalklousules van die Grondwet gegrondves. Terselfdertyd was hy egter ook baie realisties deur dit slegs as die raamwerk te beskou wat deur die interpretasies en die werking van die heersende realiteite verder ingevul, geïmplementeer, gemoniteer en waar nodig aangepas sou moes word. Hy het wel deeglik besef die prosesse van die breë taalbeleidsprogram word deur taalbeleids spesialiste soos die taalbeplanners en taalbeplanningsagente aangevuur, maar ook dat hierdie kundiges hulle werk teen die agtergrond van 'n bepaalde politieke agenda en taalpolitieke diskoers moes kon uitvoer. Daar was by hom geen twyfel nie dat die taalgebruikers self ook 'n belangrike bydrae tot die hele proses kon en moes lewer (Du Plessis, g.d. 'n Taalbestuursmodel vir Plaaslike Regering. Elektronies).

Die nuwe taalbestel het hy as 'n komplekse verskynsel en werklikheid gesien wat in die lig van drie interaksionele

stelsels gesien moes word naamlik die *sosio-politieke stelsel*, die *beplanningstelsel*. en die *diskoersstelsel*. Die taalbeleid van 'n land word deur die sosio-politieke stelsel bepaal en taalbeleid is die resultaat van 'n politieke besluit na gelang van die grondliggende sosio-politieke agendas en prioriteite van die oomblik. Taalbesluite word uiteindelik in wetgewing vervat wat dan bepaal watter taalregte aan die landsbewoners toegeken word terwyl aanvullende wetgewing wat betref ie taalbeleid ook deur die wetgewende gesag geïnisieer en bekragtig word. Met die bewindsoorname van die ANC het die sosio-politieke stelsel in Suid-Afrika ingrypend verander en daarmee saam ook die taalpolitieke agenda. Die kern van die veranderinge het Du Plessis saaklik soos volg saamgevat: Eerstens was daar die uitbreiding van twee amptelike tale na elf amptelike tale op nasionale vlak en die wegbeweeg van die ou omskrewe stelsel van individuele en sosiale “tweetaligheid” (te wete tweetalig Afrikaans/Engels) na 'n onomskrewe vorm van sosiale tweetaligheid binne die kader van die elf amptelike tale. Enige twee ampstale kon voortaan vir amptelike doeleindes eengewend word, wat vir die individu groter vryheid van taalkeuse beteken het. Vir die staat en vir staatsdiensamptenare was die nuwe opset en vereistes egter 'n “nagmerrie”.

Waar die vorige bestel daarop gerig was om Afrikaans ten alle koste met Engels gelyk te beregtig, wat eintlik neergekom het op die bevoordeling van Afrikaans ten koste van Engels en die ander tale, was die nuwe bestel daarop gerig om die histories benadeelde inheemse tale te bevoordeel. Daar is ook totaal weggedoen met die beginsel van voorgeskrewe gelykberegtiging (die vorige 50/50-bestel) en daar is nuwe kriteria vir die implementering van die nou meertalige bedeling daargestel. Die gelykberegtigingsformule is vervang met 'n kriteriakluster wat soos volg gedefinieer is: “met inagneming van gebruik, doenlikheid, koste, streeksomstandighede en die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die bevolking as geheel of in die betrokke provinsie” (*Ibid.*).

Die elemente van die taalbeplanningstelsel in die land was goed georganiseerd en die belangrikste instansies daarvoor het bestaan uit: die Nasionale Taaldiens (voorheen: Staatstaaldiens)

van die nuut opgerigte Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie wat die lynfunksiedepartement vir taalaangeleenthede is en getaak om taalbeplanning op nasionale vlak te hanteer. Laasgenoemde moes ’n taalplan na vore bring, omsien na vertaal- en tolkdienste binne regeringskringe en verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van terminologie vir al die amptelike tale sowel as vir die ontwikkeling van leksikografiese eenhede vir al die amptelike tale, aanvaar. Die Nasionale Taaldiens was verantwoordelik vir die sogenaamde Language Task Group se LANGTAG-verslag (LANGTAG 1996) wat as grondslag vir ’n nasionale taalplan moes dien.

Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) is deur spesiale wetgewing in die lewe geroep om bykomend na die skepping van gunstige omstandighede ter ontwikkeling van al die tale en na die bevordering van meertaligheid om te sien. Mettertyd is provinsiale taalrade, wat alle tale van elke provinsie verteenwoordig het, en 14 nasionale taalrade wat respektiewelik die 11 amptelike tale, asook die Khoe- en Santale, Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) en die sogenaamde Erfenistale sou verteenwoordig, in die lewe geroep. Al hierdie liggame moes uiteindelik Pansat oor ’n verskeidenheid taalsake adviseer.

Daar was ook wetgewing wat aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ’n spesifieke mandaat oor Afrikaans toegeken het insluitend leksikografiese aktiwiteite rakende Afrikaans en Engels (dus wetgewing rakende Kuns, Kultuur en Pansat).

Gaandeweg het die kritiese gesprek oor die taalbestel ’n al belangriker rol gespeel en oor ’n breë front plaasgevind. “Politici, die intelligensia oor die algemeen, akademici en navorsers, taalpraktisyne en die gewone taalgebruiker” het almal ’nbydrae tot hierdie gesprek gelewer. ’n Taalorganisasie soos die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) was van die belangrike gespreksgenote maar vir enige organisasie om die nodige impak te maak, was wat Du Plessis betref korrekte gesprekskanale nodig ten einde sinvolle bydraes binne die konteks van die breër taalpolitieke diskoers van die dag te verseker (Du Plessis, g.d. ’n Taalbestuursmodel vir Plaaslike Regering. Elektronies).

Wat hy in sy taalleiding by UV besef en verreken het, was: “Kulturele diversiteit, etniese verskeidenheid, noem dit wat jy wil, bly vir die nuwe bewindhebber ’n netelige probleem” en dit het nie gelyk of die nuwe gesagvoerders werklik “’n direkte belang by ’n funksionerende meertalige bedeling gehad het nie”. Du Plessis was daarop ingestel om sy aanbevelings en antwoorde op die taaluitdagings altyd met verrekening van die bepalinge van die Grondwet te doen juis omdat dit die beginpunt en raamwerk van medewerking aan die nuwe Suid-Afrika moes vorm.

’n Taalbeplanningsraamwerk en taalbeleidsmodelle

Du Plessis sien taalbestuur eerstens vanuit ’n algemene bestuursraamwerk en tweedens vanuit ’n omvattende taalsosiologiese taalbeplanningsraamwerk. Taalbestuur vir hom is ’n bestuursaksie gebaseer op bepaalde funksies naamlik taalbeplanning, taalorganisering, taalleiding en taalbeheer. Die heersende gebrek aan die doeltreffende implementering van taalbeleid binne onder meer munisipaliteite het hy as ’n gulde geleentheid vir taalaksie gesien.

Transformasie was vir hom nie ’n keuse nie maar ’n *verpligting* wat op alle munisipaliteite geplaas is om hulle grondwetlike mandaat uit te voer en hulle rol in die ontwikkeling van die land na te kom en te vervul. Die rol van munisipaliteite om die nuwe demokrasie te konsolideer, was van kritieke belang en elke raadslid, elke amptenaar en elke bewoner was wat hom betref getaak om hulle rol binne bepaalde taakopdrag te vervul (*White Paper on Local Government*, 1998:153).

Reeds gedurende die 1970’s het Du Plessis homself bewys, nie slegs as aanhanger van ’n pluralistiese denkwysie oor samelewingsvraagstukke nie, maar ook ten opsigte van wat op taalgebied geglo en binne die raamwerk van die beskouings van taal-as-hulpbron-oriëntering nagevolg is. Soos reeds daarop gewys, het hy sy uitsprake oor die nuwe taalbedeling altyd probeer vasknoop aan die grondwetlike regte wat vir taal uitgespel en wetlik vasgelê is. Dit sou ook geld wat betref sy leiding en voorstelle ten opsigte van toekomstige uitdagings vir ’n nuwe taalbedeling vir die Vrystaatse Provinsie. Wat hom

betref, was dit noodsaaklik om te begryp dat die taalbeleid van enige land nie geskei kan word van die politiek van die dag nie. Trouens, die taalbeleid staan volgens sy siening in diens van dit wat as die *sosiale determinante* binne ’n samelewing bestempel kan word.

Na 1994 was daar in Suid-Afrika veral drie “sosiale determinante of imperatiewe” van belang waarna gestrewe sou moes word: *sosiale en politieke gelykmaking*, dit wil sê die afbreek van oorheersingsverhoudinge; tweedens *regstellende optrede* met betrekking tot agtergestelde groepe; en derdens *nasionale versoening* (Du Plessis, 1995. Werkswinkel grondwetlike regte). Hy het gevolglik deurgaans besef en sy leiding het uitgegaan vanuit die standpunt en doelwit dat die taalbeleid sou moes meewerk aan die gelykmakings- en regstellende proses om terselfdertyd versoening in die land te bewerkstellig.

Een van die heersende probleme vir taalkundiges met die oorgang na ’n demokratiese Suid-Afrika was die uiteenlopende sienings oor bogenoemde sleutelbegrippe. Dit het meegebring dat daar nie oral dieselfde oor taal en oor taalbeleid gedink is nie. In sigself het die heersende politieke paradigmas almal beperkend op opvattinge betreffende taalsake ingewerk. Wat vir Du Plessis belangrik was en wat hy voortdurend voor oë gehou het, was dat die Suid-Afrikaanse taalgegewe voortaan ’n meertalige gegewe sou wees wat ’n ander dimensie oor die vraagstuk betreffende sosiale determinante gegee het. In sy denke, uitsprake en optrede het Du Plessis op holistiese wyse gepoog om in beleids- en programbeplanning sover moontlik al hierdie faktore te verreken.

Minsterns drie taalbeleidsmodelle het vir hom betrekking op die Suid-Afrikaanse situasie gehad: die *assimileringsmodel* waardeur gepoog word om sosiale, politieke, etnies kulturele verskille deur middel van een amptelike taal te probeer ophef sodat almal ewe veel bevoordeel sou word en almal sodoende aan die skep van ’n eenvormige kultuur kon meewerk; die *segregeringsmodel* waardeur sterk taalgrense afgebaken en relatief eentalige eilande binne ’n meertalige konteks geskep is; die *pluraliseringsmodel* waar verskeidenheid op taalgebied as uitgangspunt geneem word om sodoende die beste moontlike

taalbedeling tot die grootste voordeel van alle sprekers tot stand te bring. Hierdie model het nie eentaligheid voorgestaan nie maar voorsien ook nie noodwendig sterk afgebakende en geïsoleerde taaleilande nie (*Ibid.*).

Tot en met 1995 het Suid-Afrika net die eerste twee modelle geken, maar wat Du Plessis betref het beide reeds in die verloop van die land se geskiedenis getoon dat hulle **nie** antwoorde vir die Suid-Afrikaanse taalsituasie bied nie. Hiervan was die geskiedenis van Engelse sowel as Afrikaanse taaloorheersing goeie voorbeelde. Gevolglik was sy pleidooi vir 'n vars benadering wat in die eerste instansie 'n volledige aflegging van dié twee uitgediende taalbeleidsmodelle impliseer het. Hy het wel deeglik besef hoe moeilik dit verwesenlik sou kon word omdat die politieke besluitnemers van die dag binne bepaalde politieke paradigmas vasgevang was (*Ibid.*).

Die Grondwet en taalregte

Die taalregte van Suid-Afrikaners word uitgespel in altesaam tien artikels binne die Grondwet wat direkte verwysings na taalregte bevat. Hierdie artikels kan breedweg in twee kategorieë verdeel word: taalregte in die amptelike domein teenoor taalregte in die nie-amptelike domein. Taalregte in die amptelike domein het betrekking op taalgebruik in wetgewing, in die publieke administrasie, in die onderwys en in die regsweese, terwyl taalregte in die nie-amptelike domein verband gehou het met kultuur, kommunikasie, die sake- en die arbeidswêreld (Zietsman, g.d. *'n Taalbestuursmodel*).

Wat nie-amptelike taalregte betref, beskik individue oor die reg tot eie taalgebruik en die beoefening van eie kultuur binne 'n spesifieke gemeenskap en dus saam met eensgesindes. Hierdie groepsregte kan beskerm en bevorder word deur middel van kultuur- of ander rade onder die vleuels van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur, Godsdiens- en Taalgemeenskappe. (KGT-kommissie) Indien dit nodig en as verkieslik beskou is, kon 'n verbintenis tot hierdie soort groepsregte selfs tot territoriale selfbeskikking, by implikasie dus tot etniese afskeiding, lei.

Sy standpunt is dat omdat die woorde *etnies* en *groep* (weens hul ongere verbintenis met die vroeëre “eie sake” bestel onderapartheid) polities onaanvaarbaar en onsensitief geword het, *kulturele gemeenskappe* die nuwe kompromie-begrip geword het. Wat belangrik geword het, was dat die etniese groep (nie in die sin van ’n verbintenis met ras nie soos ongelukkig dikwels in Suid-Afrika gebeur het) die regte wat daargestel is, binne die beperkinge wat gestel is, nou daadwerklik kon opeis (sonder aantasting van andere se regte). Dit was nou nie meer die staat se verantwoordelikheid om groeepregte te bevorder nie. Die taal- en kultuurregte binne die Grondwet het betrekking gehad op instellings soos die kerk, museums, biblioteke, monumente, publikasies, skole, radiostasies, televisieuitsendings, onderwysinrigtings ensovoorts wat almal sterk aan groepsidentiteit gekoppel kon word. Wat die EFTB onder aanvoering van Du Plessis se taalbydrae op die kampus, die Vrystaat en die land so belangrik gemaak het, was die besef en die aandrang dat die veranderde taalbestel *nuwe eise* gestel het. Daarby moes dringend aangepas word by wat in der waarheid ’n nuwe generasie taalaktiviste en bowenal ’n professionele, georganiseerde en regs kundige aanpak geveerg het (*Ibid.*).

Die amptelike taalregte word in Artikel 6, 9, 29 en 35 van die Grondwet uitgespel en kom op die volgende neer: gelykheid van taalaansien en die billike behandeling vir regeringsdoeleindes van die amptelike tale deur die sentrale owerheid en provinsiale owerhede, dit wil sê in amptelike domeine; die in aanmerking neem van taalvoorkeure op sentrale, provinsiale en plaaslike regeringsvlak wanneer taalkeuses deur die owerheid uitgeoefen word; dienslewering deur die publieke administrasie in jou voorkeurtaal indien dit doenlik en koste-effektief is; onderrig in jou voorkeurtaal of tale (mits ’n amptelike taal) indien billik en doenlik; en die reg op ’n regsverhoor in ’n taal wat die beskuldigde verstaan. Dit is belangrik om daarop te let dat die staat onder geen verpligting staan om taalregte in Afrikaans *per se* te verwesenlik nie; die enigste toegekende taalreg is ’n beperkte reg op taalkeuse, mits billik en doenlik.

Hierdie verskuiwing in taalregte het in werklikheid daarop neergekom dat Afrikaanssprekendes hulle verskanste taalregte van die verlede kwyt was en dat die nuwe Grondwet in werklikheid die raamwerk vir die totstandkoming van 'n nuwe taalregtekultuur daargestel het. Hierdeur is dit onmoontlik gemaak om op alle fronte en onder alle omstandighede op regte vir Afrikaans aan te dring. Op nasionale vlak sou dit toenemend moeiliker word om Afrikaans se historiese regte te behou, maar Du Plessis was van mening waar dit wel moontlik sou wees was “op provinsiale en plaaslike regeringsvlak waar die omstandighede (met ander woorde gebruik, doenlikheid, koste, ewewig van behoeftes en voorkeure) vir Afrikaans gunstig was. Dan was 'n mens waarskynlik met billike aksies besig”. Dit het meegebring dat Afrikaanssprekendes sou moes aanvaar dat hulle toenemend kon begin aanspraak maak op iets soos hulle tweedetaalregte (vir Afrikaanssprekendes dus die reg om Engels onder bepaalde omstandighede te gebruik, hoe raar dit ook al mag klink), wat impliseer het dat hulle moes voortbou op hulle tweetalige vaardighede van die verlede en dat selfs drietaligheid nagestreef kon word en die aanleer van 'n Afrikataal as derdetaal in werklikheid nou gewens was (*Ibid.*).

Wat die beskerming van die ampstale en dus ook van Afrikaans betref, sou georganiseerde groepe voortaan moes besluit watter amptelike taalregte opgeëis behoort te word. “Dit is nogal ironies, aangesien dit neerkom op groepsmobilisering wat selfs sou kon ontwikkel tot die totstandkoming van etniese nasionalismes, iets wat die nuwe regering graag wil vermy”. Du Plessis het so 'n verwikkeling eintlik as onvermydelik beskou omdat daar nie “genoeg waarborge” rakende amptelike taalregte bestaan het nie (*Ibid.*).

Taal en plaaslike regerings

Soos reeds daarop gewys hou Du Plessis in sy taalleiding en beplanning konsekwent Artikel 6 van die Grondwet (Wet 108 van 1996) voor oë waarin spesifieke taalopdragte aan die nasionale en provinsiale regerings oor die implementering van 'n taalbeleid vir elftaligheid gegee word. Hy het dit destyds vreemd gevind dat dieselfde voorskrifte nie ten opsigte van

plaaslike regering opgestel en voorgeskryf is nie. Die taalopdrag aan plaaslike regering bepaal slegs dat munisipaliteite die taalgebruik en taalvoorkeure van hulle inwoners in aanmerking moet neem (Artikel 6(3)(b), Wet 108 van 1996. (*White Paper on Local Government, 1998:153*).

Vir die uiteindelijke vestiging van ’n meertalige bestel op plaaslike regeringsvlak skep hierdie beperkte en vae vereiste egter groot probleme en dit terwyl plaaslike regering die *naaste* owerheidsgesag aan die meertalige bewoners van Suid-Afrika is. Du Plessis het tereg vas geglo dat meertaligheid eers op hierdie laer vlak gestalte sou moes kry ten einde elders te kan slaag. Ten einde dit te verwesenlik is wat hom betref dit noodsaaklik dat ’n geskikte *taalinfrastruktuur* vir plaaslike regering orent gebring en effektief bestuur word (*Ibid.*:153).

Vanuit hierdie vaste teoretiese verantwoording sou sy taalhulpverlening op plaaslike vlak een van sy belangrikste bydraes word. Dit was geheel en al in ooreenstemming met die diens wat ’n Eenheid veronderstel is om te lewer en soos gesien sal word, het hierdie ingrepe vir die ETFB en die UV provinsiale, nasionale en selfs oorsese louere ingepalm.

Politieke paradigmas

In sy denke word Du Plessis gerig deur die onderskeid wat hy ten opsigte van die heersende politieke paradigmas van die tyd getref het. Vanuit hierdie paradigmas is daar oor die sosiale imperatiewe van die dag gehandel naamlik: die *liberalistiese* paradigma (beklemtoning van individuele regte), die *nasionalistiese* paradigma (klem op groepsregte) en laastens die *populistiese* paradigma (beklemtoning van die regte van die massa oftewel “the people”). Sy uitleg van hierdie paradigmas was dat die liberalis nasionale versoening vanuit ’n ander perspektief as die populis en nasionalis sien, ook wat taal en taalbeleid betref. Die liberaliste is oorwegend voorstanders van ’n eentalige Engelse taalbeleid en vir hulle bestaan die taalwêreld uit Engels, die taal wat by uitstek as die draer van die liberalistiese ideaal was en as sodanig bewonder word. Ook die populiste koester ’n hoë verwagting van Engels en is ook groot voorstanders van ’n taalbeleid waar Engels ’n

voorste posisie beklee. By die populiste daarenteen gaan dit veel meer oor die bevrydingsideaal met Engels as die draer van die bevrydingspolitiek. Al gaan dit by die liberalistiese en die populistiese paradigma om totaal uiteenlopende ideale, het dié twee volgens Du Plessis in “’n onverkwiklike vennootskap rondom die belangrikheid van Engels” beland (Du Plessis, T. 2007. Maksimale voordeel uit taal 2007:17). Alhoewel daar binne die nasionalistiese kamp wel nog gewag gemaak word van die ander tale, veral van die belang van Afrikaans naas die Afrikatale, is die aanhangers daarvan nogtans nie werklik dié groot kampvegter vir die ander tale nie.

Sy groot kommer destyds was die sterk moontlikheid dat na die demokratisering van Suid-Afrika die populistiese paradigma die taalbeleidsproses sou begin oorheers en vorentoe aan Engels ’n baie prominente plek in die samelewing verleen. Dit was trouens ’n neiging wat teen 1995 reeds besig was om vanuit populistiese oord sonder enige sterk teenkating gevestig te raak. ’n Assimileringsbeleid was reeds in die vooruitsig gestel veral ook in reaksie op vorige onderdrukkende segregeringsbeleide.

’n Hoofsaaklik eentalige taalbedeling sou volgens Du Plessis se vaste oortuiging *nie* tot die versoeningsproses of tot ander progressiewe en belangrike sosiale en politieke versoeningsprosesse bydra nie. Dit was immers ook ’n model wat nie eintlik in die verlede enige noemenswaardige resultate opgelewer het nie. Sy vernuwende bydrae, eerstens binne die ETFB, tweedens op die kampus van die Vrystaat Universiteit en daarna in die provinsie en uiteindelik veel wyer, was dat die taalsituasie vanuit ander gesigspunte bekyk moes word. Wat hom betref was ’n “pluralistiese paradigma” nodig om uit hierdie assimilasionistiese “beklemming” te ontsnap (*Ibid.*). Individue se opvattinge en uitgangspunte oor taal kan ook bepalend wees vir die uiteindelige taalbeleid wat daargestel word. Sodanige oriënteringe het Du Plessis soos volg gekarakteriseer: die *sentimentalistiese* oriëntering (waar die verband tussen taal en volk geaksentueer word en taal tot volksimbool verhef word); die *instrumentele oriëntering* (waar die neutrale rol van taal beklemtoon word en die instrumentele waarde daarvan

uitgelig word); die *taal-as-probleem-oriëntering* (waarvolgens byvoorbeeld meertaligheid as ’n probleem voorgehou word); die *taal-as-reg-oriëntering* (waar groot klem op minderheidsregte gelê word); die *taal-as-hulpbron-oriëntering* (waar taal as sosiale, ekonomiese, kulturele hulpbron gesien word).

Die wesenlike verskil tussen bogenoemde oriënterings wntel om die *sentimentele* en *instrumentele* siening van taal en juis as gevolg daarvan, so het hy destyds gewaarsku, beland mense voortdurend in ’n skaakmatposisie betreffende taalkwessies. Vir hom was ’n vars benadering die enigste oplossing en die taal as ’n hulpbronoriëntering daarvoor ’n handige vertrekpunt. Hy wou graag sien dat die sentimentele en instrumentele oriënterings onderbeklemtoon word, nuwe oplossings vir ou vraagstukke bedink en meertaligheid as ’n uitdaging gesien word en nie as ’n-vasval-in-problematiek nie. Dit is dan wanneer die beleidmaker nie vaskyk teen die omvang van taligheid nie en ook nie probeer om maklike burokratiese oplossings voor te skryf nie. So kan daar verkieslik uitgegaan word van die standpunt van alledaagse en gewone landsbewoners wat eenvoudig nie die elite-taal of -tale voldoende beheers nie en hulle sodoende eintlik daagliks in ’n ontmagtigde situasie bevind. In werklikheid moet dit vir sulke persone moontlik wees om maksimaal voordeel uit die taal of tale wat hulle die heel beste ken (wat by die meerderheid in die land ’n Afrikataal is) te haal. Indien die taalopset hierdie soort toegang aan landsbewoners verleen, sou ’n magdom probleme uitgeskakel en baie geld bespaar kon word. Terselfdertyd was daar dan erkenning vir die betrokke sprekers se menswaardigheid en sou die simboliese waarde van hul taal hoog geag word.

Hierdie standpunte en raamwerk het Du Plessis binne die ETFB toegepas en kon hy die Eenheid sodoende tot progressiewe taalleier en taalinisieerder op die kampus en daarbuite voer. Suid-Afrikaanse beleidmakers het, wat hom betref, die sprong na die “taal-as-hulpbron-oriëntering” in daardie beginstadium nog nie gemaak nie en daarmee saam ook nog nie die sprong na die pluralistiese paradigma nie. Intussen is daar met “uitgediende taalbeleidsmodelle voortgeploeter” (*Ibid.*).

Onder Du Plessis se leiding het die ETFB byvoorbeeld dit as 'n dwingende taak beskou en dit ook so uitgeleef om, waar moontlik, die taalbeleidsproses sodanig te beïnvloed dat bogenoemde paradigroverskuiwings wel gemaak word. So het die ETFB by die Vrystaatse Universiteit 'n voorstander geword van die pluralistiese denkraamwerk oor samelewingsvraagstukke en uitgegaan van die *taal-as-hulpbronoriëntering*.

Meertaligheid in die land

Veeltaligheid of meertaligheid is n Suid-Afrikaanse gegewe en in die oë van Du Plessis feitlik die gemeenskapsnorm. Die meeste Suid-Afrikaners gebruik daagliks minstens meer as een taal en meestal meer as twee, veral verstedelike Suid-Afrikaners. Dit was net die platteland wat nog relatief eentalig funksioneer, in sommige dele relatief Afrikaanstalig en in ander relatief eentalig in 'n Afrikataal, soos byvoorbeeld die plattelandse gebiede van KwaZoeloe/Natal en die Noord-Kaap. Dan is daar natuurlik ook die meestal eentalige Engelssprekendes (Du Plessis 1994 *Siening van meertaligheid*). Om enigsins bloot te vra of Suid-Afrika 'n meertalige toekoms tegemoet gaan, impliseer eintlik dat 'n mens vra of die meertalige Suid-Afrikaanse nasie gaan voortbestaan of nie. Wat wel ter sprake is, is die vraag oor die toekoms van geïnstusionaliseerde (met ander woorde amptelike en funksionele) meertaligheid.

Vir groter duidelikheid oor meertaligheid in die land, het Du Plessis na die verlede teruggegryp en mense daaraan herinner hoedat selfs amptelike meertaligheid in Suid-Afrika, net soos gemeenskaps- of samelewingsmeertaligheid in die land, nie n nuutjie was nie. Trouens selfs die elftalige amptelike bedeling was niks nuuts nie en het reeds in die voor-demokratiese Suid-Afrika aan die bod gekom. Elkeen van die tuislande of sogenaamde onafhanklike state het benewens Engels en/of Afrikaans ook 'n Afrikataal as amptelike taal gehad. Hieroor is selde 'n bohaai opgeskop al het die negatiewe persepsie van 'n Babelse verwarring ter sprake gekom.

Regstellende optrede rakende die amptelikheid van die Afrikatale word aanvanklik in Artikel 3 van die 1993-Gondwet bepaal: "Artikel 3 haal die Afrikatale uit die stowwerigheid en

wanorde van die weggesteekte en versnipperde tuislande/‘state’ en plaas hulle vir die eerste keer op ’n nasionale podium; in die sogenaamde blanke Suid-Afrika” (*Ibid.*). Amptelike elftaligheid in terme van Artikel 3 sou in die toekoms eintlik moes beteken dat naas Afrikaans en Engels sover moontlik voorsiening vir die gelykwaardige gebruik van die Afrikatale voorsiening gemaak moet word. Artikel 3 het ook voorsien dat sodanige akkommodering veral op provinsiale grondslag beslag moet kry. Hierdie artikel is ondertussen ietwat anders verwoord. Artikel 6 van die 1996-Grondwet vereis van die staat om die status van die betrokke tale te verhoog en hulle gebruik uit te brei; in essensie dieselfde oogmerk maar tog ietwat vaer verwoord.

Dit is bogenoemde idees en teoretiese besinning wat vir Du Plessis die koers en rigting in die ETFB sou bepaal.

Amptelike meertaligheid vir die Vrystaat

Amptelike meertaligheid vir die Vrystaat in konkrete terme beteken vir Du Plessis dat alles wat op regeringsvlak amptelik in Afrikaans en Engels geskied het, ten minste ook so in Suid-Sotho moes plaasvind en dalk selfs ook in Tswana geakkommodeer sou moes word (*Ibid.*). Du Plessis het die taalkwessie fundamenteel deurdink en tot die duideliker gevolgtrekking gekom dat indien amptelike meertaligheid in Suid-Afrika funksioneel as drie- en/of viertaligheid in plaas van elftaligheid benader kon word, die praktiese toepassing daarvan veel eenvoudiger was as wat selfs die grootste siniste en kritici beweer het of sou toegee. Hierdie is ’n denkrigting wat hy by Deprez oorgeneem het. “’n Goed toegepaste drie-/viertalige taalbeleid op provinsiale grondslag kon help verseker dat amptelike elftaligheid in beginsel regdeur Suid-Afrika ’n beslag kry en dat die meer komplekse nasionale situasie op evolusionêre wyse mettertyd in ’n werkbare model ontplooi sou kon word. Dit sou op die langtermyn beter en blywender resultate oplewer as wat ’n van-bo-af-geforseerde benadering tot gevolg sou hê” (*Ibid.*). Dit was Du Plessis se onwrikbare (en uiters belangrike) oortuiging dat provinsies die geleentheid gegun moes word om hul eie taalsake uit te sorteer alvorens daar in die eerste instansie na nasionale oplossings gesoek word. Daarom sou dit goed wees, het hy gemeen,

indien daar voorlopig 'n moratorium op die formulering van slegs nasionale taalbeleid geplaas word sonder die inagneming van en interaksie met soortgelyke prosesse op provinsiale en plaaslike vlak.

Pleks daarvan dat heellwat eietydse meningsvormers die elftalige onsepp bespot en geminag het, het Du Plessis nuut en progressief gedink. Wat hom betref, het amptelike meertaligheid 'n blink toekoms gehad omdat dit die grootste voordele vir die meerderheid Suid-Afrikaners ingehou het juis deurdat Suid-Afrika 'n meertalige gegewe was. Sy onwrikbare oortuiging was dat slegs amptelike meertaligheid tot die maksimale bemagtiging van die meerderheid Suid-Afrikaners en sodoende tot die volwaardige demokratisering van die totale samelewing sou bydra. Sonder amptelike meertaligheid kon nie verseker word dat die heropbou- en ontwikkelingsproses suksesvol deurgevoer, en Suid-Afrika 'n vreedsame en stabiele land word nie.

Assimilasionistiese denke

Amptelike eentaligheid sou vir die land talle nadele inhou en Du Plessis het van vroeg af aan gewaarsku dat daar 'n waaksaamheid en bedagtheid teenoor pogings moet wees om amptelike elftaligheid in Suid-Afrika ten koste van meertaligheid en tot voordeel van Engels te manipuleer. Die ekonomiese, pragmatiese en politieke argumente vir Engelse eentaligheid het hy soos volg geïdentifiseer naamlik dat dit goedkoper is as amptelike meertaligheid; ekonomiese groei verseker; praktieser is; beter onderwys beteken; vrede en stabiliteit skep; internasionale interaksie bevorder; nasionale eenheid bevorder en nasiebou aanhelp. Sy grootste kritiek teen die argumente ten gunste van Engels was dat nie een van die argumente diversiteit en pluralisme aan die hand werk nie, terwyl die Suid-Afrikaanse samelewing juis as die sogenaamde reënboognasie getipeer is. Al die argumente kon in werklikheid saamgegroeper word as *assimilasionisties* van aard, dit wil sê gelykmakend sonder respek vir en inagneming van diversiteit.

Hy was deeglik bewus van die negatiewe opvattinge betreffende die konsep van pluralisme wat sonder meer

aan die beleid van apartheid verbind is. Assimilasionistiese argumente, so het hy geglo, dra egter by tot die skepping en instandhouding van verhoudinge van oorheersing. Konkreet gestel, het amptelike eentaligheid dit vir die magsbeheptes makliker gemaak om totale mag te verkry en te behou. Hy herinner daaraan dat dit nog nooit in die wêreld gebeur het dat 'n totale meertalige massa maksimaal toegang tot 'n amptelike eentalige stelsel verkry het nie, veral nie in Afrika nie. 'n Amptelike eentalige stelsel sluit die meertalige massa effektief uit van toegang tot die samelewingsbestel wat uiteindelik altyd net vir enkeles beskore is. En dit is hierdie enkeles wat gewoonlik die maghebbende elite vorm en hulleself ten koste van die massa *assimilasionisties* deur middel van die een taal wat die massa nie werklik onder die knie het of kry nie, verskans. Waar Engels en Frans (selfs Portugees) in Afrika die magstale is, kon demokrasie nog nooit volledig floreer nie. Hy stel pertinent die vraag waarom Suid-Afrika dus sienderoë in hierdie opsig ten opsigte van taalbeleid moes “Verafrika” en betwyfel rondborstig of Suid-Afrika geroepe is om die god van assimilasië, Babel, te dien (*Ibid.*).

Om meertaligheid in Suid-Afrika as 'n probleem te benader en as 'n “Babelse” verwarring uit te sonder, speel net in die hande van magbelustigdes, of dit nou magsbehepte ekonome en politici of oorsensitiewe pragmatiste was. Meertaligheid is in werklikheid 'n belangrike wapen in die stryd wat teen die assimilasioniste gevoer moet word. Die instandhouding van spesifiek amptelike meertaligheid kan die totale aanslag op die land se diverse samelewing daadwerklik teenhou en so die fundamente van magsopbou ondermyn en vermurwe. Hy kom in een van sy vele betoë dan tot die belangrike gevolgtrekking: “Dit is nie te veel tale wat Suid-Afrika bedreig nie, eerder te veel mag. Die toekoms van meertaligheid is ons waarborg tot die ontkoming aan 'n Babelse staat” (*Ibid.*).

Afrikaans se rol in die nuwe bestel – Tuiste in eie taal eerste

Pas na die demokratisering van Suid-Afrika het Du Plessis in 1995 in 'n openbare lesing oor *Afrikaans as taalberegtiger in die*

nuwe taalstryd voorstelle oor Afrikaners se rol binne die nuwe taalbestel gemaak (Du Plessis, Afrikaans as Taalberegtiger, 1995. Elektronies). Sy belangrikste argument was dat die aanhangers en ondersteuners van Afrikaans 'n belangrike bydrae tot die stryd teen taalassimilasiekragte kon lewer deur konstruktief mee te werk aan die uitbou van 'n nuwe, meertalige bedeling. Op hierdie wyse kon spesifiek die Afrikaner as taalstryder legitimiteit binne die nuwe Suid-Afrika verwerf. Dit was ook sy standpunt in die leiding wat hy binne die EFTFB gegee het.

Hy het kreatiewe idees en spesifieke voorstelle gehad oor hoe om 'n meertalige taalbewussynsprojek van stapel te stuur en Suid-Afrikaners in te lig oor presies hoe die nuwe taalbestel in Suid-Afrika kan funksioneer. Daar kon gedink word aan 'n toeganklike brosjure waarin puntsgewys 'n eenvoudige samevatting van al die taalbepalings en die individuele taalregte opgesom word met riglyne oor die stappe wat gevolg kon word om op 'n burgerlike en billike manier hierdie taalregte op te eis. Ten slotte kon nuttige inligting oor sentrale taalbeleidsinstansies in Suid-Afrika daarin vervat word.

Daar was by Du Plessis geen gebrek aan idees oor die konkrete bevordering van Afrikaans nie. Een van talle moontlikhede was om 'n taalregtemonitor-projek op te rig om die breë publiek voortdurend op hoogte te hou van verwickelinge rakende taalregte. Dit sou kon uitloop op 'n belangwekkende kwartaalverslag waarin alle relevante inligting vervat word. Hierin het hy uiteindelik geslaag toe hy inderdaad met Pansat se hulp in 2002 die *Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor* opgerig het, 'n verhaal wat in 'n latere hoofstuk ter sprake kom.

Verder kon daar ook besin word oor 'n dinkskrum met vooraanstaande regsgeleerdes om indringend oor die bestaande kriteria vir die keuse van twee amptelike tale soos vervat in Artikel 6(3) te besin. Sodoende kon met riglyne vorendag gekom word wat as gesaghebbend in die regswêreld aanvaar sou kon word. Daar was ook by hom die idee van 'n goed georganiseerde taaldrukgroep ('lobby') ten einde konstruktief te kan inspeel op die politieke taalbesluitnemingsproses op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak in die land. Hieroor kon met Pansat in gesprek getree word oor die wyses waarop Afrikaanse

kundigheid ter beskikking van hierdie belangrikste taalliggaam in die land gestel kon word. Ook kon dit oorweeg word om 'n skolevennootskapsprojek op te rig waardeur 'n Afrikaanse skool 'n vaste vennootskap met 'n naburige swart skool kon opkoppel met die oog op die ontwikkeling van beter verhoudinge, maar ook met die oog op die uitwisseling van kundigheid en fasiliteite (veral op sportgebied).

Verteenwoordigers van kultuurorganisasies kon dit oorweeg om ander taalgroepe uit te nooi na hul jaarkongresse (en natuurlik dan tolkdienste beskikbaar stel wat deur die ETFB voorsien sou kon word). Ook ander vorme van gereelde skakeling en oorlegpleging kon oorweeg word.

Kultuurorganisasies kon ook besin oor hoe om 'n konstruktiewe rol te speel rakende die moontlike privatisering (as laaste alternatief) van Afrikaanse instansies (soos museums ensovoorts) wat die gevaar geloop het om vanweë gebrekkige staatsubsidies onder te gaan. Afrikaanse groeipunt-projekte op plaaslike regeringsvlak kon geïdentifiseer word ten einde te verseker dat funksionele meertaligheid daar 'n werklikheid word. Net so nodig was waaksaamheid om te verseker dat die gehalte van tweede- en derdetaalonderrig aan Afrikaanse skole die gewenste en gepaste standaarde handhaaf om so die taalbemagtiging van Afrikaanssprekendes aan te help.

Wat betref die verhoudingsproblematiek rakende Afrikaans het Du Plessis die tydige waarskuwing laat hoor dat wat ookal aangepak word, strategies goed oor besin sal moet word. 'n Minimum vereiste volgens hom is 'n ware toewyding aan die beskerming van taalregte, 'n gedagte wat hy ontleen aan een van James Tollefson se belangwekkende uitsprake, naamlik “a commitment to **democracy** requires **a commitment** to struggle for **language rights**” (Hy verwys na Tollefson se *Planning language, planning inequality*:1991: 211).

Uit dit alles was die oplossing wat deur ETFB voorgestaan is, 'n taalbestuursmodel aanvanklik met as kern 'n vertaal- en tolkdienste-aksie gesetel binne munisipaliteite om meertaligheid te help bevorder. Die Plaaslike Regering Vertaal- en Tolkprojek of Logtis (Local Government Translation and Interpreting Service), was die verkonkretisering van

so 'n model en het 'n werkbare praktiese oplossing vir die probleme wat ontstaan het as gevolg van die spanning tussen multikulturalisme en universaliteit gebied. Hierdie gespannenheid was reeds op plaaslike regeeringsvlak voelbaar en problematies.

In Maart 1995 het Du Plessis 'n interessante voorlegging aan die Orania Volksstaatraad oor Afrikaanse identiteit, ras en etnisiteit gemaak (Du Plessis, 1995. Voorlegging aan die Volksstaatraad. Elektronies). In die loop van sy voorlegging het hy sekere stellings gemaak wat sekerlik nie musiek in die ore van Oraniërs was nie. Hy het sy betoog begin met die stelling dit lyk asof die bestaan van 'n tuiste in eie taal, in die woorde van Jaap Steyn, tog 'n voorvereiste is; dat dit die grondslag vorm van die beste van twee wêrelde tuis in eie taal en meester van meer tale. Met die idee van 'n Volkstaat soos Orania was Du Plessis se grondliggende en indringende vraag of dié tuiste in eie taal in 'n afsonderlike grondgebied gesoek moes word. Dit was 'n saak wat Afrikaanssprekendes vir hulself sou moes uitmaak (*Ibid.*). Vanuit die media is die indruk geskep dat slegs wit Afrikaanssprekendes burgerskap in Orania sou verkry, wat onmiddellik die vraag by hom laat ontstaan het wat dan van bruin en selfs swart Afrikaanssprekendes sou word? Wat sou met hulle in Orania gebeur en sou dit kon beteken dat hulle die gebied moes verlaat?

Vir Du Plessis was een van die jammerlike nalatenskappe van apartheid hoe dit die land met 'n erg verdeelde Afrikaanse spraakgemeenskap gelaat het. Dit was 'n verdeeldheid wat Afrikaans reeds op verskeie maniere en oor 'n lang tydperk besonder skade berokken het. Moes hierdie kloof nog dieper gemaak word met 'n verdere vorm van taalapartheid, het hy hardop gewonder. Dit sou sekerlik onwys wees om weer 'n keer die Afrikaanse spraakgemeenskap in *totaliteit* te misken. Wie dit erns met Afrikaans gemaak het, kon nie anders nie as om bruin en swart Afrikaanssprekendes as burgers van 'n Volkstaat te erken. Dit sou natuurlik kon meebring dat die voorstanders van 'n Volkstaat raadpleging op breër grondslag sou moes doen.

Word die breë Afrikaanse spraakgemeenskap verreken, kon dit net die saak van die Volkstaat versterk. Dan kon met

selfvertroue begin werk word met die begrip *etniese groepering* en van die problematiese en eintlik misterieuse begrip *kulturele groepering* wegbeweeg word. Al het die begrip etnisiteit in Suid-Afrika ietwat van 'n slegte naam gekry, kon dit nie ontken word nie dat dit 'n begrip was wat relatief gemaklik op internasionale terrein gehanteer word. Die antagonisme jeens die begrip was in Suid-Afrika egter ook al aan die verminder. Indien etnisiteit in neutrale betekenissin gebruik word (waar gemeenskaplike verlede, geskiedenis, gebruike, gewoontes, tradisies en taal as kriteria gebruik word) kon daar 'n nuwe tradisie van etniese verdraagsaamheid in Suid-Afrika gevestig word. Hierin kon die Volkstaatbeweging 'n belangrike rol speel deur te begin om die burgerskap van die beoogde gebied op *etnisiteit* en nie op ras nie (soos dit in daardie stadium nog die geval was) te baseer. Net soos wat 'n mens van Vlaamse etnisiteit kon praat wat binne 'n afgebakende gebied 'n politieke beslag gekry het, sou 'n mens dan kon begin praat van 'n Afrikaanse etnisiteit wat ook iewers binne die multi-etniese Suid-Afrika 'n politieke beslag kry.

Sy dringende pleidooi was dus dat daar goed rekening gehou moes word met die implikasies van 'n Afrikaner Volkstaat vir Afrikaans. “Dink asseblief mooi aan die afbakening van die grense van 'n beoogde Volkstaat op die grondslag van ras [maar] eerder op die basis van etnisiteit” (*Ibid.*).

'n Gelyke speelveld

In Du Plessis se denke en optrede was daar deurgaans 'n energieke en natuurlike entrepreneurskap aanwesig en was hy voortdurend kreatief besig om nuwe taalvelde en taalmoontlikhede te verken. Dit het hy gedoen in terme van die besondere taalbehoefte van die tyd maar ook met die oog op die toekoms. Wat hy deurgaans voor oë gehou het, was die veranderende taalsituasie in Suid-Afrika. Ten einde so 'n vernuwende taak effektief te kon aanpak, was dit noodsaaklik dat die taalfasiliteringsprojek wat hy in die lewe geroep het en toe moes bestuur, finansieel daartoe in staat gestel moes word. Sy mikpunt was om oor 'n tydperk van minstens vyf jaar (tot 2002) ongesteurd sodanige planne ten uitvoer te bring

(Du Plessis, g.d. Projekvoorlegging aan die Vlaamse Raad. Taalfasilitering in die Provinsie Vrystaat).

Vanweë sy talle Europese verbintenisse was Du Plessis in staat om vir kongresse wat deur die ETFB in Bloemfontein gereël is, internasionale kenners te trek. So is die Kanadese geleerde prof. Joseph Turi by geleentheid as hoofspreeker na Bloemfontein genooi, 'n akademikus wat die grondlegger van een van die nuwe studieverelde in die vakterrein was, naamlik vergelykende linguistiese wetgewing. Turi was een van die opstellers van die Manifest vir die Franse taal in Quebec Kanada, 'n dokument wat beskou is as "een van die suksesvolste stukke taalwetgewing ter wêreld: (Roos, 2007:7).

Turi het in sy voordrag in Maart 2007 beklemtoon hoe noodsaaklik omvattende taalwetgewing vir 'n taalbedeling soos dié in Suid-Afrika was. Na sy oordeel was dit juridies onhoudbaar om 11 amptelike tale te aanvaar en dan toe te sien hoe Engels tot werklike amptelike taal verhef word. Dit het beteken dat die status van die ander tale tot bloot simboliese status verhef word. Hy het gemeen die ander tien amptelike tale behoort stap vir stap versterk te word deur bykomende wetgewing wat spesifiek op die inwerkingstelling daarvan gemik was. Handeling om iets van krag te laat word neem tyd en daarom het hy dit beklemtoon hoedat ingryping deur taalwetgewing ter versterking van benadeelde tale nie vanself gebeur nie omdat daar 'n vraende (druk) party moet wees. Die taalgemeenskappe in die land moes op taalwetgewing aandrang of anders aanvaar dat die opmars van Engels moeilik gestuit sou kon word (*Ibid.*).

In sy artikel oor "Taalbeleid aan universiteite in Suid-Afrika" (Du Plessis 2003 *Acta Academica* 2003(2):58-82) het Du Plessis die dilemma voorgedra van Afrikaanstalige universiteite, veroorsaak deurdat daar sedert 1994 geen taalbeleidsnorme deur die minister van onderwys neergelê is nie. (Dit sou eers in 2002 gebeur). Hy het die belangrike stelling gemaak dat indien 'n gedeversifiseerde taalbeleid probleme wel sal kan ondervang, sodanige beleid nie die toepaslike taalklausule van die Grondwet kon ignoreer nie en universiteite nie "na die Minister se politieke pype hoef te dans nie" (*Ibid.*).

In sy artikel “The development of a multilingual policy at the SABC since 1994” (Du Plessis 2006 *Acta Academica* 45-75) tree hy weer in die bresse vir Afrikaans, skets die ontwikkeling van ’n nuwe veeltalige SAUK-uitsaaiwese en toon aan hoe die toename in die gebruik van Engels as ankertaal by die uitsaaiwese tot Afrikaans se afskaling gelei het. Tog was hy van mening dit behoort in die konteks van ’n pragmatiese SAUK-beleid gesien te word.

Hy het ook die taalklousule in die staatsdiens krities ontleed en tot die slotsom gekom dat dit “ingewikkeld en selfs dubbelsinnig” was (*Ibid.*). Hierdie gevolgtrekking sou hy later met oortuiging gebruik om slaafse onderdanigheid aan die regering se optrede en voorskrifte teen te staan en vreesloosheid te toon om veeltaligheid in alle omstandigheide op te eis.

Rakende taalmedium in hoër onderwys het hy in ’n artikel in 2006, net soos in sy talle vorige uitsprake hieroor, ’n nuwe benadering tot tweetalige onderwys voorgestaan en die verskille tussen parallel en geïntegreerde tweetalige onderwys uitgewys (Du Plessis 2006 “Taalmedium” 87-113). Hy kon aantoon hoe die Histories Afrikaanstalige Universiteite (HAU’s) ’n plooibare beleid ten opsigte van die medium van onderrig gevolg het en alhoewel parallelmedium teen 2006 die verkose model geword het, steeds voorsiening vir afwykings gemaak het. Dit het ’n kompromis beteken tussen die noodsaaklikheid om te hervorm en Afrikaans te behou (om sodoende ook die tradisionele skenkers van buitelandse tevrede te stel) en die onvermydelikheid om te transformeer en sodoende akademiese toegang te verbreed.

Du Plessis se ywer vir veeltaligheid was dinamies en ooglopend en die *Volksblad* kon by geleentheid die mening uitspreek “alle Suid-Afrikaners” behoort ’n slag die hoed te lig” vir hierdie direkteur van die ETFB wat “onverpoos daaraan werk om op ’n konkrete wyse te verseker dat iets tereg kom van ons mooi grondwetlike voornemens oor taalgelykheid en geregtigheid in Suid-Afrika. Nie net in die teorie nie, maar ook in die swetende praktyk en vertaling- en tolkingsdiensopleiding en dienste” (Roos, 2007:7).

Een van Du Plessis se slim skuiwe om navorsing binne die ETFB te bevorder, was die talle kundige en produktiewe navorsingsgenote wat hy geïdentifiseer het om medewerkers te word. Onder hulle was die baie gerespekteerde naamkundiges prof. Peter Raper en dr. Lucie Möller en nog vele meer.

Nog 'n rol wat Du Plessis vervul het, was om Afrikanerorganisasies aan te moedig om finansiële tot taalregte-aksies by te dra. Voor die Afrikanerklub in Bloemfontein het hy in Junie 2007 daarop gewys dat 'n organisasie soos die Afrikanerklub ook 'n bydrae kon lewer om die taalregte-situasie in Suid-Afrika te verbeter (Gericke, 2007:12). In sy toespraak oor taalwetgewing en taalaktiwisme het hy aangedui hoe die Klub deur “slim drukgroeppvorming invloed op sleutelspelers kon uitoefen” en hoe selfs mobilisering ook oorweeg sou kon word. Verwysend na die aktivistegroep Treatment Action Campaign het hy vertel hoe hulle enige moontlike middel en instrument gebruik om hul doel te bereik.

Hy het ook verwys na Turi (sien bo) se waarskuwing dat indien taalgroepe in die land nie self agiteer vir groter ingryping deur die regering nie, die staat moeilik gestuit sal word in die afdwing van Engels as die enigste amptelike taal. Taalwetgewing het in sommige lande misluk waaruit duidelik geblyk het hoe lande wat hul taalbestel op territoriale grondslag bedryf het, groter sukses behaal het. “Gesegregeerde eentaligheid is uiteraard makliker om te bestuur” as die geïntegreerde situasie in Suid-Afrika. Buitelandse taalbeweringsvoorbeelde kon nie sonder meer nagevolg word nie en ander lande se aktivisme sou nie noodwendig in Suid-Afrika pas of slaag nie (*Ibid.*).

Uit taalaktiwisme, so het Du Plessis gemeen, was verskeie lesse te leer veral uit die uiteenlopende instrumente soos klagtelegging, mediadekking, navorsing, litigasie ensovoorts. Sukses in litigasie het egter net beteken dat een veldslag (soos by Louis Trichardt waar die pleknaam as gevolg van aktiviste se optrede behou is) gewen word, maar daar moes besef word die stryd moet voortduur. Hy het ook verwys na die moontlikheid van “stille aktivisme” deur langdurige en konstruktiewe gesprekke met sleutelspelers pleks van konfrontasie-politiek. Hy het die belangrike punt gemaak dat die soort taalaktiwisme

wat hy verkies en voorgestaan het “in die eerste plek nie oor die verbetering van taalregte gaan nie, maar een wat oor die uitbouing van die demokrasie ter verbetering van taalregte gaan” (*Ibid.*).

Die belangwekkende publikasiereeks; Taalbeleidstudies in Suid-Afrika

Wat uniek sou word aan Du Plessis se direkteurskap van die ETFB was sy ywer en suksesvolle skakeling in die uitbou van hegte akademiese samewerking met kollegas van die Universiteit van Antwerpen. Vir Du Plessis was die oprigting, in samewerking met sy oorsese kollega en vriend Deprez, van die Van Schaik Publikasiereeks in 2000 en waarvan hy as mederedakteur opgetree het, van groot betekenis. Dit sou ’n eerste van hierdie soort in die land en invloedryk in die akademiese wêreld sowel as die openbare sektor word. Een van die oogmerke met die reeks was ’n vergelykende analise tussen lande met ’n lang geskiedenis van meertaligheid en taalbestuur in Suid-Afrika asook sommige Suider Afrikaanse lande. Die reeks het begin met ’n fokus op die algemene regeringsmaatreëls met betrekking tot die bestuur van veeltaligheid.

Die eerste bundel in die reeks het die soeklig op sekere belangrike bestuursbeginsels soos die noodsaak vir die aanvaarding van die twee tradisionele taalbeheerbeginsels laat val. Hierdie beginsels is territoriale versus persoonlikheidsbeginsels en die oogmerk was om die substantiewe gelykheidsbeginsel wat op beide van toepassing gemaak kon word, te inkorporeer. Dit het ook die noodsaaklikheid van duidelike bykomende taalbeleid wat die grondwetlike beginsels, norme en standaarde betreffende taalbeleid steun, verduidelik. Die tweede boek het hierdie kwessies verder gevoer deur die studie van die implementering van hierdie beginsels in die domeine van justisie en die sekuriteitsdienste. ’n Belangrike insig in die tweede boek was dat skynbaar eenvoudige oplossings om ’n veeltalige situasie deur eentalige middele (Engels) te bereik, in werklikheid tot ’n destabilisering van die taalbeleid kan lei. Wat duidelik geblyk het, was dat die soeke om taal as middel vir ’n politieke en

administratiewe agenda om eenheid te skep, aan te wend, nog altyd teenproduktief was en sou bly.

Die reeks het ook 'n bydrae tot die vestiging van taalbestuur as 'n dissipline binne die breër verband van taalpolitiek in Suid-Afrika gelewer. In die reeks is die belangrikheid beklemtoon om die taalbeleid in Suid-Afrika te verskuif van een wat op taalbeleid en taalbeplanningkwessies in die sosiolinguistiese paradigma gefokus het, tot 'n breër fokus op taalbestuur.

Die Van Schaik-reeks was uiteindelik aanvullend tot die taalbestuurprojekte van ETFB beide op navorsing en praktiese vlak siende dat die Eenheid by taalbestuurmodelle vir die Vrystaatse regering betrokke geraak het. Die reeks het ook daartoe bygedra om die taaldebat binne die domein van publieke administrasie en openbare beleid te vestig. Dit was veral verrykend omdat die debat nie slegs binne linguistiek of meer spesifiek sosiolinguistiek ingeperk is nie.

Uiteindelik lê onderliggend aan die verskille volumes van hierdie reeks (altesaam agt) die realisering van Du Plessis se standpunte oor 'n meertalige samelewing soos hierbo uiteengesit.

Samevattend

Dit was deur die verskeidenheid van rolle wat Du Plessis bereid was om te vervul en sy sterk ondernemingsgees in alles wat hy aangepak het naamlik doserende akademikus en leier van nagraadse studente; navorser op die terreine van taalbeleid, beplanning en beheer; en deurentyd aktivis vir meertaligheid en met 'n onblusbare sin vir sosiale verantwoordelikheid wat vanaf die heel begin by hom 'n gewetensaak was – dat die ETFB so ruim kon presteer.

Verskeie akademiese kontakte en skakelings tot voordeel van veral die ETFB, maar ook die Fakulteit en die UV is deur hom bewerkstellig en soos later aangedui sal word, is groot finansiële voordele daaruit verkry en benut. Sy besoeke en persoonlike kontak met kollegas in België aan die OVM te Brussel, die Katolieke Universiteit van Leuven en die Universiteit van Antwerpen en sy talle optredes by oorsese kongresse en

ander internasionale geleentheid, het verstommende voordele opgelewer. Deur die jare is ’n ruim aantal taalfasiliteringsprojekte deur Belgiese en Vlaamse organisasies geborg waarvan een, die Meertalige Inligting Ontwikkelingsprogram (MIDP), sou groei tot een van die vernaamste projekte van nasionale aansien. Deur Du Plessis en Ludo Helsen, Eerste Gedeputeerde van Provinsie Antwerpen en Deprez geïnisieer sou die projek vir ’n heuglike 14 jaar lank deur hierdie Provinsie befonds word. Uit die MIDP sou verskeie inisiatiewe ten behoeve van die bevordering van institusionele meertaligheid in Suid-Afrika spruit. Die Van Schaik-publikasiereeks staan hierin uit.

Vanaf 1996 tot 2001 het Du Plessis op die raad van Pansat (die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad [of PANSALB in Engels]) gedien. Dit was Pansat wat sy inisiatief vir ’n Suid-Afrikaanse Taalregte Monitor later sou steun en borg. Met verloop van tyd sou Du Plessis soveel agting in sy vakgebied behaal dat ’n spesiale uitgawe van die tydskrif *Language Matters. Studies in die Languages of Africa* onder redaksie van M. Kriel, C. Loth en V. Webb in 2015 aan hom opgedra is (Kriel, M., Loth, C., Webb, V, *In honour of Theodorus du Plessis*, 2015a) met bydraes van leidende oorsese en Suid-Afrikaanse universiteitskollegas asook van sy knapste nagraadse studente. Dit sluit onder meer in twee bydraes van Belgiese kollegas (Michael Meeuwis en ’n gesamentlike bydrae deur Reinhild Vandekerkchove, Pol Cuvelier en Benny De Decker) en artikels deur twee voorste suid-Afrikaanse geleerdes Raper en Möller.

Sy studente getuig steeds van Du Plessis se besondere gawe van aanmoediging en besieling en veral sy gedreweheid om deur inspirerende leiding hulle uit hul gemaksones te lok, nuwe navorsingsvaardighede te verwerf en hulself onverskrokke aan nuwe uitdagings bloot te stel. Een voorbeeld hiervan is die uitsonderlinge dank wat hy op 17 September 1994 van studente aan die Noordwes Universiteit (NWU) se Afrikaans-Nederlands-klas ontvang het om hom te bedank vir sy publikasie *Afrikaans in beweging!* wat een van hul voorgeskrewe boeke was. Hy bedank hulle “vir julle mooi gebaar. Dit was ’n aangename verrassing en terselfdertyd ook ’n riem onder die hart dat daar nog studente is wat met die ou boekie werk. Ek het by my uitgewer navraag

gedoen oor moontlike eksemplare vir julle. Ongelukkig het hy niks meer in voorraad nie". Hy sou egter 'n herdruk (van 'n gemoderniseerde weergawe) oorweeg indien daar 'n vraag daarna onder taaldepartemente bestaan. (Du Plessis, 1994).

Du Plessis se uitsonderlike bydrae tot die ontstaan en ontwikkeling van die ETFB kan net na behore begryp word deur kennis te neem van sy besondere vindingrykheid en vernuf maar ook van sy geartikuleerde siening oor taalsake binne 'n veranderende Suid-Afrika. Sonder 'n grondige bespreking en ontleding van die ervarings, oortuigings, ideale en uitsonderlike dryfkrag van die akademikus wat uiteindelik die direkteur van die Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging sou word, is die ontstaan en ontwikkeling van hierdie unieke Eenheid feitlik onmoontlik te bedink. Die talle skemas en aktiwiteite wat hy tot stand gebring het sou grootliks selfstandig gefinansier word en hy kon boonop gaandeweg daarin slaag om 'n aansienlike bedryfswins te maak.

Deel III

Die ontstaan, ontwikkeling, herkonstitusie en herposisionering en uiteindelijke ontbinding van die ETFB (1992–2018)

Wat in hierdie hoofstuk onder die loep kom, is 'n kritiese ontleding van die ontstaan en ontwikkeling van 'n indrukwekkende inisiatief binne die Fakulteit van Geesteswetenskappe (toe nog bekend as die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte) vanaf 1992. Alhoewel die naam daarvan in die begin die Taalfasiliteringsprogram was, sou dit in verskillende gedaantes vir meer as twee dekades lank voortbestaan. Dit vervorming en herstrukturering daarvan het datumgewys soos volg verloop:

- die Taalfasiliteringsprogram (TFP), 1992–1998 (dekaan: prof. Andries Snyman, 1988–1998)
- die Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging (ETF), 1998–2005 (dekaan: proff. Danie Strauss, 1998–2001¹ en Gerhard de Klerk, 2001–2009²)
- die Eenheid vir Taalbestuur (ETB), 2005–2010 (dekaan: proff. Gerhard de Klerk, 2001–2009 en Lucius Botes, 2009–2017³) die hergekonstitueerde Eenheid vir Taalfasilitering en

1 Sien <https://www.intechopen.com/profiles/106202> (toegang 9 Februarie 2022)

2 Sien University of the Free State. 2009. UFS2009 Annual Report to the Minister of Higher Education and Training, Bloemfontein: University of the Free State, p. 12.

3 Sien University of the Free State, . 2018. Annual Report 2018: to the Department of Higher Education and Training. Bloemfontein: University of the Free State.

- Bemagtiging (ETFB) geïnkorporeer binne die Departement Taalbestuur en Taalpraktyk, 2010–2012 en die Departement Linguistiek en Taalpraktyk, 2012–2014 (dekaan 2009–2017).
- die herposisionering van die ETFB in losse assosiasie met die Departement Linguistiek en Taalpraktyk, 2014–2018.
 - die inkorporering van die ETFB binne SAGT en die ontbinding en die oprigting van SAGTen Dowe Studies.

Die redes vir hierdie talle naamveranderinge en gedaanteverwisselings sal in die verdere loop van hierdie hoofstuk aangeraak en verduidelik word. Ter wille van konteks word ook aangedui onder watter dekaan die ontplooiings plaasgevind het omdat dit nie ’n onbeduidende faktor was nie, soos veral sal blyk uit die subsidiekrisis wat uiteindelik oor die ETFB ontstaan het.

Verskeie kwessies staan sentraal in die verwesenliking van hierdie belangrike taalprojek met talle uitlopers en inisiatiewe nie net op die kampus van die Vrystaatse Universiteit nie, maar ook provinsiaal, nasionaal en internasionaal. Eerstens was daar die ondernemingsgees en akademiese visie van ’n direkteur en ’n gemotiveerde ondersteuningspan wat saam eers die TFP en later die talle vertakkinge daarvan ontwikkel het. Tweedens die onontbeerlike, finansiële en morele steun van twee oorsese simpatisante, te wete België en Vlaandere. So verspreid en verbreed sou die aktiwiteite en prestasies van die Eenheid word dat dit nouliks na behore binne die omvang van ’n enkele publikasie volledig aan die orde gestel kan word.

Die aanloop

In April 1989 het die belangwekkende Taal en stryd-kongres by die voormalige Universiteit van Natal in Durban plaasgevind wat by baie linguïste nuwe besinning tot gevolg gehad het oor wat presies op taalg gebied vir die land voorgelê het en hoe samewerking met alle sprekers van die taal in die land aangepak kan en behoort te word (Du Plessis en Van Gensen 2000). ’n Jonger Du Plessis toe taalkundedosent aan die Departement Afrikaans en Nederlands, was die plaaslike organiseerder. Reeds voordat die post-apartheid Grondwet van 1996 aanvaar

is waardeur 11 tale in die land amptelike erkenning ontvang het, het Du Plessis tot die besef gekom dat die toekoms van Suid-Afrika *veeltalig* sal wees en dat juis dít nuwe uitdagings en nuwe geleentehede vir taalkundiges by veral universiteite bied. Nuwe multitalige beleidsrigtings sou voortaan beslag by staatsinstellings, universiteite, provinsiale regerings ensovoorts moes kry. Dit sou 'n vernuwing wees waaruit taalpraktisyns, wakker taaldepartemente en kreatiewe dosente groot voordele uit die omvangryke nuwe en in werklikheid opwindende uitdagings kon haal. Du Plessis se visie is nie deur alle linguïste gedeel nie en binne die geledere van die toonaaangewende Afrikaanse akademië was daar min planne om die onsekere nuwe bedeling met kreatiewe planne tegemoet te gaan en onbevange te verken.

In 1986 het die publikasie van Du Plessis se MA-verhandeling (by die plaaslike uitgewer Patmos gepubliseer as *Afrikaans in beweging*) 'n verrassende nuwe interpretasie aan die Afrikaanse taalbewegings gegee deur hulle as die resultaat van nasionalistiese en religieuse aktivisme te herinterpreteer. Omdat dit in direkte teenstelling met die aanvaarde interpretasie in terme van Afrikaner nasionalistiese mitologie was, het hierdie publikasie as gevolg van Du Plessis se standpunt en vernuwende uitlatings, hewige debat rakende die oorsprong, stand en toekomstige ontwikkeling van Afrikaans tot gevolg gehad. Deur sy onbevange studie is daar by hom 'n eerlikheid en ontvanklikheid ten opsigte van die bydrae van anderskleuriges tot die Afrikaanse taal gewek, wat hom positief ingestel het oor hul miskende bydrae. Dit het hom 'n lewenslange openheid gegee vir die soeke na samewerking met en waardering vir Afrikaanssprekendes se bydrae tot Afrikaans en hul reg om hul eie taalopinië uit te spreek en eie taalkeuses uit te oefen.

Met die verloop van die onderhandelinge vir 'n demokratiese bestel te Kempton Park het dit duidelik begin word dat 'n spesifieke soort taalprojek noodsaaklik geword het om die nuwe taalkwessies gebore uit die nuwe demokratiese bedeling onder die loep te neem en op te los. Dit was baie duidelik dat die taalopset besig was om weg te beweeg vanaf die bestaande en heersende tweetalige opset tot 'n nuwe

veeltalige bestel. Die verwagting was dat die Sintoetale (die suidelike Bantoetale, meermale verkeerdelik Afrika tale genoem) vorentoe onvermydelik ’n baie prominenter rol as in die verlede sou speel. Die implikasies wat dít ingehou het, het Du Plessis as van vierlei aard beskou: die toename en uitbreiding van taaldienste met verrekening van veral die Sintoetale; daaruit voortspruitende die opleiding van meer vertalers en tolke; die verbetering en popularisering van onderrig in hierdie tale en algemeen gesproke die noodsaaklikheid vir ’n groter bewussyn van veeltaligheidskwessies (Du Plessis, T. 1993. “Linguicism alive and thriving” 6-7).

Eerste treë: die Taalfasiliteringsprogram (1992-1998)

Vanuit Du Plessis se gedagtegang oor ’n nuwe taletokoms het die idee van ’n taalfasiliteringsprojek gestalte gekry en in Julie 1992 ’n werklikheid geword toe die TFP binne die destydse ATW met die hulp van Idasa as ’n selfgefinansierde projek op die been gebring is. Vir Idasa was dit belangrik dat daar vanuit ’n navorsingshoek op konkrete wyse aandag aan probleme betreffende eertaligheid in die Suid-Afrikaanse konteks gegee word. Meer bepaald was die hantering en oplossing van die manifestering van taalongelykheid die mikpunt, ’n belangrike element van die groter kwessie van sosiale ongelikheid.

Op soek na ’n akademiese tuiste

Du Plessis se eerste taak was ’n soeke na ’n gepaste akademiese tuiste vir die beoogde taalfasiliteringsprojek en alhoewel kontak gemaak is met die kampusrektor van Vista, prof. Naas Bredenkamp, het hy gegewe sy instelling se nogal prikêre taalsituasie vanweë die veridealisering van Engels die UV as meer geskikte instelling aanbeveel. Gelukkig was die Vrystaatse Universiteit meer ontvanklik met die gevolg dat die projek gedurende 1992 deur Idasa aan die (toe nog) Universiteit van die (Oranje)-Vrystaat binne die ATW gevestig is met die oog daarop om die speelveld op taalgebied vir alle bevolkingsgroepe te help gelyk maak. Dat hierdie inisiatief sou kon uitgaan van ’n Afrikaanstalige universiteit soos die Vrystaatse Universiteit

en spesifiek die een waar Afrikaans vir die eerste keer as universiteitsonderrigmedium gebruik is, was vir Idasa 'n bonus. Die TFP sou as 'n veranderingsagent kon dien om die taalbewussyn van die Universiteit van die Vrystaat vir die meertaligheidsproblematiek van Suid-Afrika te help aktiveer (Du Plessis g.d. Projekvoorlegging aan Vlaamse Raad.).

Idasa het die projek vir die eerste ses maande help finansier met geld wat van die Kanadese Ambassade in Suid-Afrika se Canadian Dialogue Fund bekom is. Die Universiteit deur die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte het die volledige infrastruktuur vir die Program verskaf. Die verantwoordelikheid vir die insameling van fondse het by die Program self berus, 'n situasie wat groot uitdagings meegebring het en in die begin ongelukkig ook stremmend op die aktiwiteite van die Program ingewerk het.

Die projek, voortaan amptelik bekend as die Taalfasiliteringsprogram, het by die Departement ATW beland en die betrokke Fakulteit was bereid om ook 'n bedrag van R5 300 hiervoor te bewillig. Toe die Kanadese se bydrae ten einde loop, het die UV se direkteur vir openbare betrekkinge, Harold Verster die projek help finansier en ook daarin geslaag om op 'n manier tog nog R20 000 van die Kanadese regering (uit hul fonds vir dialoogbevordering) in die hande te kry (*Ibid.*). Ook Du Plessis se Belgiese kollegas het hom te hulp gesnel en 'n tussentydse toekenning van 'n verdere R20 000 van die progressiewe sosialistiese organisasie FOS (Fonds voor Ontwikkelingsamenwerking Socialistische Solidariteit - kyk <https://fos.ngo/over-ons/>) bewerkstellig.

Een van die voorwaardes van die huisvesting van die TFP en Du Plessis as koördineer binne die Fakulteit was dat hy 'n lewensvatbaarheidstudie oor taalfasilitering aan die Fakulteitskomitee moes voorlê. Daarom het dit bykans 'n jaar geduur voordat die TFP formeel in Julie 1993 binne die Fakulteit geïnstusionaliseer en formeel binne die ATW opgerig kon word. Dit was nadat sy verslag, getiteld Verslag oor die noodsaaklikheid van die ontwikkeling van 'n eenheid vir taalfasilitering by die UOVS (vide Bronnelys) deur die Fakulteitskomitee aanvaar is.

Voorloper tot ’n reglement

Desnieteenstaande die klein begin, het die TFP in 1993 as visie die uitbouing van ’n meertalige demokratiese kultuur deur middel van nogal ambisieuse oogmerke aanvaar:

- die opleiding van gemeenskapsvertalers en tolke en die uitbouing van ’n opleidingsprogram tot ’n gevestigde en volledige opleidingskursus;
- die voorsiening en vestiging van ’n groep gemeenskapsvertalers en tolke in die Vrystaat met as mikpunt steun aan taalwerkers, verbetering van kommunikasie tussen hulle en doeltreffender verspreiding van relevante inligting oor hul rol en werksaamhede;
- ’n ondersoek na die vestiging van ’n eksperimentele program vir veeltalige skole by ’n aantal geselekteerde skole ten einde ’n ideale taalprogram wat geïmplementeer kon word, te vind as lewensvatbare antwoord vir die behoefte van interkulturele kommunikasie deur die doeltreffende aanleer van ’n Sintoetaal (in hierdie geval Suid-Sotho);
- die opwekking en versterking van ’n bewussyn by taalwerkers en ander belangrike rolspelers vir die multikulturele uitdagings deur die demokratiese oorgangperiode in Suid-Afrika teweeggebring;
- inisiëring en instandhouding van ’n databasis oor taalongelykheid;
- publikasie van navorsingsbevindings en skakeling met soortgelyke navorsingsprojekte en netwerk-vestiging met ander projekte en relevante spelers op dieselfde terrein.

Wat algemene oogmerke betref, is van belang geag die vestiging van ’n gemeenskapskomitee om die TFP te help bestuur en die daarstel van ’n konsultasiediens oor taalkwessies vir NRO’s in die gebied (*Ibid.*).

Worsteling vir ’n vaste aanstelling

Du Plessis was oortuig dat niks in die pad gestaan het om met verdere inisiatiewe vorendag te kom nie. Van die TFP se kant was die behoeftes tweërlei van aard: opleiding (verkieklik in België) van homself en kollegas wat met tolkeopleiding help, en

befondsing. Ietwat onthuts het hy opgemerk dat die Universiteit teen Augustus (1994) nog nie “my salaris” betaal het nie. “Uiteindelik sou dit wel kom” maar voorlopig was dit nog nie ’n realiteit nie en intussen moes hy darem “van iets leef” (*Ibid.*).

In Augustus 1994 moes Du Plessis ook ’n skrywe aan die oorsese borg van die TFP rig oor opleidingsprobleme wat opgeduik het en om verskoning aan te bied dat sekere korrespondensie agterweë gebly het. Hy kon wel berig dat by die TFP dit algaande besig was om organisatories “beter te gaan” (Du Plessis aan Van Doorslaer, 1994). Hy kon ook meld dat wat “verwikkelinge” betref, daar nogal veel aan die gebeur was. “Oorwegend gaan dit goed met die TFP danksy ’n skenking van FOS, terwyl hy uiteindelik ook die “groen lig” van die Universiteit gekry het om “opleidingskursusse in te stel”. Verder het die Universiteit die moontlikheid ondersoek om “’n omvattende tolkdienst op die kampus in te stel en dit vir opleiding in te rig” waarby hy direk betrokke sou wees. Op daardie tydstip was hy positief dat hy ’n permanente aanstelling uit die proses sou bekom (*Ibid.*).

Onblusbaar was hy steeds besig om nuwe inisiatiewe te bedink en met sy wakker entrepreneursgesteldheid was dit te voorspel dat die TFP-bal maar pas aan die rol gesit is. Dit was die ontwikkeling en al groter wordende belangrikheid van tolkdienste en die besef dat dit ’n essensiële taalaksie vir ’n meertalige land sou wees, wat uiteindelik die permanente aanstelling van Du Plessis sou deurhaak. Op hierdie tydstip (September 1994) kon hy sy oorsese kollega Deprez verwittig dat die verslag oor n’n tolkdienst aan die kampus in ’n finaliseringsfase was en dan aan die rektor voorgelê sou word waarna hy ’n besluit oor Du Plessis se aanstelling sou neem. Op 1 September 1994 kon die dekaan (Snyman) hom meedeel dat die kans vir sy vaste aanstelling “baie goed lyk” (Du Plessis 1994 aan Deprez). Soos vroeër gemeld kon Du Plessis danksy die Fort Hare aanbod teen die einde van die jaar daarin slaag om ’n vaste aanstelling vanaf 1995 te beding.

Skakeling oor 'n wye front

Reeds voor die aanvaarding van die Grondwet het die TFP saam met ander progressiewe drukgroepe hard begin stry vir die totstandkoming van 'n meertalige beleid vir Suid-Afrika. As gevolg hiervan het die TFP verteenwoordiging op verskeie progressiewe taalstrukture verkry soos onder meer op die *ad hoc*-komitee vir die oprigting van 'n Demokratiese Taalraad in 1991 en die Language in Education Working Group van die ANC se Centre for Education Policy Development in 1993. Du Plessis is in 1992 aangestel as lid van Raad van Trusteas van Alexander se progressiewe National Language Project (NLP). Die TFP het ook verteenwoordiging verkry op die komitee wat die eerste nasionale kongres (1994) oor die te stigte Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad help reël het en aan die Parlement se Senaat daarvoor verslag moes lewer (*Ibid.*).

Een van die verreikende aksies wat uit hierdie tipe skakeling voortgevloei het, was samesprekings met kundiges by Wits gedurende 1993 ten opsigte van 'n konsepleerplan vir 'n nasionale kursus in vertaling en tolking, 'n dinkskrum oor spesifieke aspekte van die leerplan en ontmoetings met die hoof van die Vrystaatse Technikon se Departement Taal en Kommunikasie ten einde hul rol in die voorgenome opleidingsprogram te bespreek (Du Plessis 1993. *Annual Report of the Language Facilitation Programme*: 3). Dit het die grondslag vir die latere ontwikkeling van 'n eie tolkopleidingsprogram aan die UV gelê.

Du Plessis kon ook daarin slaag om 'n tak van Tiasa, die Translators and Interpreters Association of Southern Africa, in die Vrystaat op te rig. Dit was danksy besondere belangstelling vanuit QwaQwa onder die taalpraktisyns verbonde aan die wetgewer van die voormalige tuisland. Ook was daar vanuit plaaslike ANC-kringe belangstelling, veral vanuit die Noord-Vrystaat, die steunbasis van Ace Magashule, 'n persoon wat na 1994 'n prominente rol binne die beweging se leierskapstrukture sou begin speel. Die TFP het die Vrystaatse tak van Tiasa op administratiewe vlak ondersteun. Tiasa, 'n vereniging wat aan Wits tot stand gekom en waarin Robin Trew 'n prominente rol gespeel het, sou die TFP voorthelp met oogmerke om eie

opleidingsprogramme te ontwikkel ook om 'n plaaslike netwerk op te bou.

Wat die oogmerk omtrent 'n gemeenskapskomitee betref, is 'n raadplegingsvergadering met Idasa rakende die kwessies gehou met as resultaat die opstel van 'n lys van potensieële lede. Dit het gelei tot die oprigting van die Language Action Group OFS (LAGOFS) in samewerking met Idasa, die Stedelike Stigting en Bird (Bloemfontein Initiative for Reconciliation and Democracy) asook taalrolspelers van die Vrystaat.

Namate die TFP se aktiwiteite uitgebrei het, het dit al hoe meer deel van die progressiewe meertalige drukgroep vir meertaligheid in Suid-Afrika geword en is dit as sodanig aanvaar en al hoër geag. Bevestiging hiervan was die feit dat vooraanstaande instansies vanuit beide progressiewe en establishment-oord al hoe meer opdragte aan die TFP toevertrou het. Die belangrikste aanvanklike aksies en prestasies daarvan was: die uitwerk van 'n implementeringsplan vir taal in die onderwys vir die Centre for Education Policy Development van die ANC as deel van dié se Language in Education Working Group; insette in die opstel van die ANC se uiteindelijke taalplan vir die onderwys; die opstel van 'n meertalige taalplan vir die Vrystaatse Onderhandelingsforum; 'n behoeftebepalingstudie vir die NLP, een van die invloedrykste progressiewe taalinstansies in Suid-Afrika in toekomstige meertalige strategieë; en die volledige verskaffing van taalfasiliteite by die eerste sittings van die Vrystaatse Parlement. Laasgenoemde diens het die keuring en opleiding van simultane tolke, die verskaffing van die gewenste tolkapparatuur asook die monitering van die diens tydens sittings ingesluit.

Vanweë inansiële beperkinge en die afwesigheid van personeel (die TFP was aanvanklik werklik 'n eenmansaak) is min van hierdie ambisieuse oogmerke gerealiseer. Aanvanklik is die TFP as 'n baie beskeie onderneming bedryf. Soos reeds aangedui, het die enorme skenking van die Vlaamse Regering teen die einde van 1994 egter 'n waterskeiding bewerkstellig en Du Plessis in staat gestel om 'n "behoorlike" eenheid op die been te bring. Binne 'n jaar vanaf die oprigting van die TFP

kon nietemin verslag oor verskeie oogmerke wat wel bereik is, gelewer word.

Die geboorte van tolking aan die UV

Die jaar 1994 het 'n betekenisvolle tydperk vir die Vrystaat ingelui toe 'n nuwe volledig demokraties verkose regering en nuwe Provinsiale Wetgewer die era van apartheid-oorheersing vervang het. Gelukkig kon Du Plessis met die steun van 'n taalsensitiewe eerste demokraties verkose premier Lekota, en op aandrang van die Afrikaanssprekende verteenwoordigers in die Wetgewer, dit bewerkstellig dat die TFP met die hulp van 'n Johannesburgse maatskappy, Conference Communications, 'n volledige tolkdienst by die eerste sitting van die Wetgewer lewer. Dit het daartoe gelei dat die TFP in 1996 deur die eerste Wetgewer genader is om 'n volwaardige tolkdienst binne die Wetgewer op te rig, iets wat met die hulp van 'n ruim skenking van die Vlaamse Regering gerealiseer kon word. Du Plessis het hierdie deurbraak met beide hande aangegryp en binne 'n kort bestek kon hy daarin slaag om die gewenste tolkstelsel gedurende 1995 in die vergadersaal van die Wetgewer, die sogenaamde Vierde Raadsaal, in te rig en 'n sestal tolke op te lei. Deurlopende tolkopleiding is oor 18 maande op 'n deeltydse grondslag aangebied.

Oorsigtelik beskou verteenwoordig die tydperk 1994 die eerste fase van die oprigting van 'ntolkopleidingsentrum aan die UV (Snyman en Du Plessis aan sekretaris Vrystaatse Wetgewe 31 Oktober 1995). Die TFP was in die gelukkige posisie om vanaf die totstandkoming van die Vrystaatse Wetgewer kort na die April 1994-verkiesing, ten nouste by die uitwerk en implementering van 'n meertalige taalbedeling vir die Wetgewer betrokke te raak. Hierdie betrokkenheid het gewissel van konsultasiewerk in 'n vroeë 'n stadium (wat onder meer 'n aantal voorleggings rakende die praktiese uitwerk van 'n meertalige beleid op provinsiale vlak behels het) tot by die lewering van 'n simultaantolkdienst aan die Wetgewer (Du Plessis, 1995. Werkswinkel grondwetlike regte).

Met die oprigting van die Vrystaatse Wetgewer was dit aanvanklik nie duidelik hoe die grondwetlike bepalinge deur taal geïmplementeer moes word nie. Na beraadslaging het die

Vrystaatse Komitee vir Reëls en Orders van die Wetgewer op die volgende belangrike reëlings besluit:

Afrikaans en Engels word behou as amptelike tale asook as tale van verslagdoening (ingevolge die beginsel van die nie-vermindering van regte soos bepaal in Artikel 3). Suid-Sotho is as derde amptelike taal en verslagtaal bygevoeg (ingevolge die uitbreidingsbeginsel bevat in Artikel 3). 'n Simultaantolkdiens is in en uit hierdie drie tale verskaf. Tswana, Xhosa en Zoeloe mag ook amptelik gebruik word maar het nie as verslagtaal verskyn nie. Daar is ook nie in hierdie drie tale nie, maar slegs vanuit hierdie tale getolk.

Wesenlik het die Vrystaatse Wetgewer se taalreëling daarop neergekom dat Afrikaans, Engels en Suid-Sotho as primêre tale en Tswana, Xhosa en Zoeloe sekondêre tale sou funksioneer (*Ibid.*). Dit is interessant hoe hierdie taalreëling in die nuwe demokratiese ontwikkeling in die praktyk gestalte gekry het. Die lede van die Nasionale Party en die Vryheidsfront het vanaf die staanspoor en sonder huiwering Afrikaans in debatte (en selfs by komiteewerk) gebruik en selfs enkele van die Afrikaanssprekende ANC-lede het dit ook sporadies gedoen. Die premier van die Vrystaat het vanuit die staanspoor 'n punt daarvan gemaak om dele van sy toespraak in Afrikaans te lewer. Buiten die speaker het die swart lede van die Wetgewer aanvanklik egter huiwerig gelyk om die Sintoetale te gebruik. Eers is enkele woorde vir effek gebruik (hoofsaaklik in Suid-Sotho), en later het korter gedeeltes van toesprake gevolg (ook in Suid-Sotho) waarin die premier die leiding geneem het. Toe het 'n volbloed toespraak deur 'n lid van die Uitvoerende Raad (in Suid-Sotho) gevolg en toe selfs 'n mosie van vertroue in die premier deur die Leier van die Huis (wat ook die leier van die ANC in die Vrystaat was) met 'n volle betoog in Xhosa (*Ibid.*).

Een van die belangrikste ontwikkelinge in die bestaan van die TFP was tolking en tolkverskaffing. In Augustus 1994 kon Du Plessis een van sy kontakte in België, Luc Vandoorslaer, laat weet die TFP het die kontrak gekry om tolke aan die Vrystaatse Wetgewer (Provinsiale Parlement) te verskaf en op te lei asook om die simultane tolkdienste by sittings te verskaf (Du Plessis aan Van Doorslaer, 1994). Daar is vanuit drie tale (Afrikaans, Engels,

Suid-Sotho) getolk en ook vanuit Tswana/Xhosa/Zoeloe na Engels, Afrikaans, Sesotho gewerk. Hy kon vertel hoe hy Colleen saam werk en dit “geweldig baie” geniet en ook belangrik was dat na al sy jare van geldelike gespartel “die betaling natuurlik ook goed! was” (*Ibid.*). Die diens was steeds besig om uit te brei ten einde alle werksaamhede van die Wetgewer in te sluit asook werksaamhede van die regeringsdiens in die provinsie oor die algemeen in te sluit. Verder het die Universiteit die moontlikheid ondersoek om ’n “omvattende tolkdienst op die kampus in te stel en dit vir opleiding in te rig”. Hy was in hierdie stadium positief dat hy ’n permanente aanstelling in die proses sou kon bekom (*Ibid.*).

Die KVH was op daardie oomblik besig om die moontlikheid te ondersoek om ’n kitskursus vir Du Plessis en ander tolkopleiers uit Suid-Afrika aan te bied. Dit is vir Desember/Januarie 1994/1995 beoog en hy was van oordeel dat die Universiteit met die KVH oorleg sou pleeg oor samewerking aangesien hulle goed op hoogte was met die KVH se betrokkenheid by die TFP. Dit alles het beteken dat die TFP nie die rug op die KVH kon keer nie. Inteendeel, hierdie buitelandse instansies se morele ondersteuning en belangstelling het veel vir die TFP-span beteken.

Deur Du Plessis se helder aftasting van wat die taaleise vir die tyd en omstandighede was en vir wat dit in die toekoms sou wees, is taalopenheid vanaf die begin geskep sodat meertaligheid na die res van die Vierde Raadsaal begin deursuur en op ’n funksionele wyse ’n staanplek in die Vrystaatse Wetgewer begin kry het. Teen 1995 was die Wetgewer danksy die ruim Vlaamse skenking reeds besig om tolkfasiliteite na komiteekamers uit te brei. Trouens, ’n tydelike komiteekamer is reeds vanaf November 1994 ingerig en druk gebruik namate die komitees van die Wetgewer op dreef gekom het. Dié fasiliteit is mettertyd na ’n permanente lokaal verskuif. Wat ook in 1994 oorweeg is (en ’n werklikheid sou word), was mobiele tolkstelsel aan te skaf vir gevalle waar die Staande Gekose Komitees openbare sittings in die platteland wou hou.

Die beweegrede vir taalbewerking in die Vrystaat was die noodsaaklikheid om dienste vir Vrystaters verstaanbaar

en daarom toegankliker te maak. Wanneer die regering met mense kommunikeer, moes die kommunikasie toegankliker gemaak en daar begryp word wat gesê word (Sauer 2005:2). Du Plessis se deurgaanse pleidooi en aandrang was dat 'n taalbeleid volgens die Grondwet noodsaaklik was. So 'n taalbeleid moes kommunikasie vir amptenare vergemaklik en simbolies was dit van belang om te toon dat die regering omgee.

Dienslewering aan die Vrystaatse Wetgewer was een van die belangrike aktiwiteite wat voortgesit en selfs verder uitgebou moes word. Die premier van die Vrystaat het aangedui dat hy graag 'n mobiele tolkstelsel sou wou hê om vergaderings in die platteland te kan akkommodeer. Die navorsingsprogram oor die ekonomie van meertaligheid en die bydraes rakende die ontwikkeling van 'n meertalige taalbeleid vir Suid-Afrika moes ook voortgesit word. Wat skakeling betref, is in die vooruitsig gestel om 'n video oor die tolkprofessie en die opleidingsprogram van die TFP te vervaardig. Dit sou dan ook vir beeldsending en verdere bemarking gebruik word.

Teen die einde van 1995 en 1996 het die Vlaamse Regering twee laaste toekennings gemaak (R1,5 miljoen elk) en die verstandhouding was dat die UV die TFP "formeel as opleidingstruktuur binne die Fakulteit sou erken aangesien die volledige infrastruktuur (met inbegrip van die Vlaamse Tolksentrum, die enigste tolklaboratorium in Suid-Afrika) methul hulp daargestel is om 'n nuwe geslag taalpraktisyns met moderne vaardighede vir Suid-Afrika op te lei. Dit het die Eenheid ook in staat gestel om personeel wat in tolking spesialiseer aan te stel en op die gebied van tolking met rasse skrede vooruit te gaan.

Grondlegging van 'n tolkopleidingsprogram

Dit was nogal uitdagend om die Fakulteit en die Universiteit te oortuig van die instel van bogenoemde kursusse wat nie "normaalweg" aan 'n universiteit aangebied is nie. Uiteindelik het Du Plessis wel goedkeuring ontvang om voort te gaan met die instelling van 'n wye reeks kursusse.

Teen 1996 is Sertifikaatopleiding reeds aangebied vir tolke van die Vrystaatse Wetgewer, die Nasionale Parlement,

vryskuttolke asook die tolke wat diens gedoen het by die sittings van die Waarheid en Versoeningskomitee (WVK) (kyk Deel iv). Die Magisterprogram het onmiddelik aandag gelok en in 1996 met ses studente afgeskop, terwyl nie minder nie as 51 studente in die Sertifikaatprogram opleiding ontvang het. ’n Gevordere Diploma in Vertaling asook ’n Gevorderde Diploma in Tolking is vanaf 1997 aangebied. Dit is insiggewend om die presiese grondslag van die TFP-program van nader te bekyk omdat die ETFB uit die TFP sou groei, op dieselfde grondslae sou funksioneer en die Program sou voortdra, aanpas en uitbrei.

Die TFP se visie het uiteindelik neerslag gevind in ’n drieledige opleidingsprogram naamlik: praktykgerigte vertaal- en tolkopleiding op drie vlakke, Sertifikaatopleiding (ses maande of *ad hoc* of voltyds), Diploma-opleiding (een jaar) en Magisteropleiding in Toegepaste Taalkunde (twee jaar, gedoseerd). Deur hierdie program het die Vrystaatse Universiteit die eerste en enigste tersiêre instelling in Suid-Afrika geword wat omvattende tolkopleiding in praktykgerigte opleidingskeuses aan voornemende taalwerkers kon bied. Die TFP het die Magister in samewerking met kollegas van die ATW aangebied

Verdere finansiering vir 1996-1997 as egter broodnodig om dit wat begin is, suksesvol af te rond. Verskeie nuwe aksies is vir die toekoms in die vooruitsig gestel en veral die opleidingsprojekte van die TFP moes volledig geïmplementeer word.

Oprigting van die ATKV-leerstoel in Tolking

Toenemende bekendheid en aansien van die TFP se program in tolkopleiding het die ATKV wat prontuit verbind was tot taalregte vir alle Suid-Afrikaners, laat besluit om gedurende 1996 ’n Leerstoel in Tolking by die TFP in te stel. Om verskeie redes is die Leerstoel eers in 1999 formeel bekend gestel. Die ATKV se borgskap daarvan het gerym met die hoofdoel van die ATKV om nie slegs Afrikaans te bevorder nie, maar ook die bestaansreg van al die tale in die land te erken en te ondersteun (O-Connor, M. 1999:7). Dr. Annelie Lotriet, senior lektrise in die Eenheid en verantwoordelik vir tolkopleiding en

bestuurslid van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI) sou voortaan dié Leerstoel beklee. Weens besnoeiings het die ATKV se befondsing vir die leerstoel in 2008 geëindig, waarmee dit tot 'n einde gekom het (Korrespondensie Du Plessis en die ATKV, 14 Februarie 2011).

Toevoeging van vertaling en ander rigtings

Die TFP het vanaf 1995 ook daarin geslaag om die terrein van *vertaling* te betree deur te begin met die aanbieding van kortkursusse daarin. Op die relatiewe nuwe terrein van *Taal, Telematiek en Ekonomie* kon die TFP 'n stewige grondslag lê en goeie internasionale en nasionale samewerking bewerkstellig. Die uitbou veral met die oog op die daarstel van 'n internasionale netwerk is as strategies belangrik beskou en daar is veral gepoog om vennote in hierdie studieveld in Vlaandere te vind. Dit het suksesvol afgeloop as gevolg van 'n geslaagde studiereis gedurende September/Okttober 1996 deur dr. Gideon Strauss, een van die TFP se medewerkers, waardeur die bande verder versterk is. Daar is ook verder met die Staatstaaldiens van die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie meegewerk toe Du Plessis as lid van die *ad hoc*-komitee van die Staatstaaldiens by die bevordering van meertaligheid betrek is (Du Plessis, 1996. Finale verslag aan die Vlaamse Regering).

Verdere vroeë aktiwiteite het ingesluit: 'n oriënteringseminaar oor interkulturele probleme by taalonderrig in Model D-skole wat in samewerking met die Departement Onderwys en Kultuur van die Huis van Verteenwoordigers gereël is. Verder:

- twee eksperimentele taalkursusse wat vir NRO's aangebied is, een in Sotho en in samewerking met ELMAP (English Language Methods and Programmes), 'n Bloemfonteinse NRO wat in taalonderrig spesialiseer en die ander in Afrikaans en in samewerking met Interman, 'n private ohanneburgse taalskool. Die eerste kursus was 'n responskursus en die tweede as 'n immersie-kursus aangebied. Evaluering het getoon dat die tweede tipe kursus beter resultate opgelewer het maar mank gegaan het aan opvolging. 'n Sinergie van die twee kursusse is gedurende 1994 in 'n volledige kursus uitgewerk en aangebied.

Die bespreking van die immersie-kursus op ’n spesiale radioprogram, Radio Oranje Taalforum, het verstommende resultate opgelewer, wat bewys gelewer het dat die voordele van veeltaligheid stadig maar seker aan die posvat was;

- twee openbare lesings oor “Afrikaans en andertaliges binne die nuwe taalopset”; een gedurende die nasionale konferensie oor “Gebruiksafrikaans: Taal en kommunikasie in die nuwe Suid-Afrika” en die ander as deel van die streeksbyeenkoms van die Openbare Skakelinstituut van SA;
- ’n versoek is gerig aan die Bloemfonteinse Munisipaliteit om ’n onderhandelingsentrum in die stad tot stand te bring, volledig toegerus met tolktoerusting met die doel om veeltaligheid op ’n konkrete wyse te bevorder;
- verskeie ander kontrakopdragte wat in hierdie tyd beding is, onder meer met die Stigting vir Afrikaans (R25 000) en die Centre for Education Policy Development (R25 0000). Laasgenoemde was gebore uit noodmaatreëls om die TFP likied te hou;
- ’n Heroriënteringsprogram vir Afrikaanse taalinstitusies in die Vrystaat soos die Stigting van Afrikaans (in samewerking met die UV se Departement Afrikaans en Nederlands) om binne ’n meertalige bedeling te funksioneer, dit wil sê, die handhawing van Afrikaans binne meertalige verband, het gevolg. Wat laasgenoemde onder meer ingesluit het, was die inrig van taalfasiliteite aan die Universiteit en die daarstel van apparatuur vir die opleiding van tolke. Ook in die vooruitsig was ’n lewensvatbaarheidstudie rakende taalfasilitering binne tradisioneel Afrikaanse instellings vir die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en hoe Afrikaans binne meertalige verband gehandhaaf sou kon word (*Ibid.*).

Navorsingsbydraes

Mettertyd sou die werksaamhede van die TFP ook in publikasies neerslag vind. In Februarie 1996 kon Du Plessis twee manuskripte van die TFP aan Van Schaik Uitgewers vir oorweging voorlê (Du Plessis aan Galloway 1996). Ter agtergrond het hy verduidelik dat die TFP in 1996 die eerste

tersiêre instansie geword het om 'n wye reeks tolk- en vertalersopleidingsprogramme op sertifikaat-, diploma- en magistervlak aan te bied. Die uniekheid van hierdie opleidingsprogramme was dat hulle spesifiek en pertinent beroepsgerig was, wat meegebring het dat 'n hele aantal nuwe kursusse op taalgebied ontwikkel moes word. Vanweë die werkswyse aan die TFP het dit beteken dat daar vir die kursusse volledige handleidings uitgewerk moes word wat dus as manuskripte vir moontlike publikasie gereed was. Een van die twee manuskripte wat hy gemeen het Van Schaik sou interesseer, was die *Sosiale geskiedenis van Afrikaans* (Du Plessis en Mabel Erasmus), gemik op studente van die module Afrikaanse taal- en kultuurgeskiedenis. Die spesifieke oogmerk was om studente oor nuwe verwickelinge in te lig deur middel van 'n kritiese voëlvlug van die totale geskiedenis van Afrikaans in 'n moderne idioom. Hierdie manuskrip is nie gepubliseer nie. 'n Tweede manuskrip (Du Plessis en Lotriet 1997. *The Interpreter Training Manual: Training the Conference Interpreter*) het as die eerste in 'n reeks van vier verskyn. Die volgende drie het die terreine gemeenskapstolking, geregstolking en saketolking gedek, gemik op die groeiende mark vir die opleiers van tolke in Suid-Afrika. Die publikasies het 'n deeglike teoretiese begroning vir die werkswyse wat by die TFP vir die opleiding van tolke gevolg is, behels. Soortgelyke publikasies is vir Suid-Sotho en Engels ontwikkel sowel as 'n handleiding vir die opleiding van vertalers.

Taalongelykheid het ook in die ondersoekvisier gebly en het uitloop op die oprigting van 'n databasis gedurende 1997 in samewerking met die UV se Instituut vir Kontemporêre Geskiedenis (tans ARMS, sien bo) en die Nasionale Afrikaanse Sentrum vir Letterkunde en Navorsing. Hierdie databasis kon onmiddellike toegang tot die eietydse taaldebate in Suid-Afrika gebied het en sou later die grondslag vorm vir die oprigting van die Suid-Afrikaanse Taalmonitor (*Ibid.*:5). 'n Werksverhouding met die Meta-Konteks projek van die plaaslike Navorsingseenheid van Hoër Onderwys wat 'n projek van die RGN was, is bewerkstellig. 'n Werksverhouding is ook met die Universiteit van Pretoria se internasionale projek, LiCCA gevestig sowel as een met Nelde se OVM in Brussel. Skakeling is

ook met die Johannesburg gebaseerde TALK (Transfer of African Language Knowledge) gevestig. Verskeie taalkonferensies is ook bygewoon naamlik die Konferensie van die Southern African Applied Linguistics Association (SAALA), die Konferensie van die African Languages Association of south Africa (ALASA) en die 2de Internasionale LUCCA Konferensie in Lesotho. In samewerking met die plaaslike SAALA tak is ’n werkwinkel oor die ANC se taalpolitiek gehou. Die Projek het op versoek konsultasiesteun aan Idasa en die Independent Forum for Electoral Education (IFEE) gelewer (*Ibid.*:6).

’n Volwaardige vertaal- en tolkopleidingseenheid

In die ses jaar vanaf die relatief wankelende ontstaan in 1992, het die TFP heelwat bereik. Van die projekte wat van stapel gestuur is, is teen 1998 suksesvol afgesluit maar ander sou deurloop na die verdere periodes in die geskiedenis van die Eenheid vir Taalfasilitering. Ondanks toenemende befondsingsdruk het die TFP vanaf die totstandkoming daarvan ’n belangrike bydrae tot die gelykmaking van die speelveld op taalgebied gespeel. Vir die Fakulteit en die Universiteit het die TFP se verskeidenheid aktiwiteite nuwe deure geopen, groot befonding gelok en ook op provinsiale en nasionale vlak allure meegebring.

So is gaandeweg die grondslag vir doelgerigte verdere beplanning daargestel en is voortgebou op die grondslag wat gelê is om die TFP teen 1998 as ’n volwaardige vertaal- en tolkopleidingseenheid te laat funksioneer. Deel van die visie op hierdie tydstip was dat die TFP uiteindelik volledig selfvoorsienend sou wees en nie meer van toekennings vanaf die Vlaamse Gemeenskap afhanklik sou wees nie. Verwikkelinge binne die Fakulteit sou egter spoedig ’n algehele omwenteling in die bykans idilliese bestaan van die TFP teweegbring.

Institusionalisering: Die Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging (1998-2005)

Die ETFB is opgerig na die ontbinding van van die ATW in 1998 ingevolge ’n aanbeveling uit ’n interne ondersoek na hoe die Fakulteit Geesteswetenskappe moes reageer op die uitdagings

wat teweeggebring s deur die totstandkoming van 'n nuwe Suid-Afrika sedert 1994.

Omdat daar na ie ontbinding van die ATW steeds heelwat navrae omtrent die Departement se nagraadse program ontvang is, het die TFP met die ATW-rigting op nagraadse vlak voortgegaan, uiteraard met die volle medewete van die dekaan (Snyman) asook ander taalkollegas. Du Plessis se ooreenkoms met hierdie dekaan was dat hy die opdrag en werksaamhede van die bestaande TFP kon voortsit, naamlik om die taalpraktykrigtings wat binne die ATW op nagraadse gebied operig is, te behartig en te laat voortgaan. (Die dekaan het selfs in daardie stadium bepaalde SLE's⁴ hieromtrent aan die nuwe ETFB beloof, wat later tot groot onsteltenis van Du Plessis nie gerealiseer het nie en ook nooit skriftelik bevestig is nie.) Dit was juis na aanleiding van die betrokke ooreenkoms dat samewerking met die Departement Nabye Oosterse Studies (NOS), die ATW se nagraadse rigtings mettertyd ontstaan het, 'n verbintenis waaruit NOS uiteindelik ongeveer dieselfde voordeel as die ETFB getrek het en wat sowat 30 VE's⁵ opgelewer het, ietwat inder as die voormalige ATW ten tye van ontbinding (Du Plessis 1998. Geskiedenis van die ETFB, Elektronies).

Die Van Jaarsveld-ondersoek en oprigting van die ETFB

Ten einde die Fakulteit te posisioneer met betrekking tot die nuwe veranderende Suid-Afrikaanse werklikheid het die Fakulteitskomitee aan prof. Jarries van Jaarsveld van die destydse Departement Afrikaans en Nederlands opdrag gegee om ondersoek in te stel na 'n gepaste oplossing veral op taalgebied. Na konsultasie met verskeie rolspelers en 'n taksering van die veranderende en dinamiese omgewing het Van Jaarsveld onder

4 Die afkorting SLE staan vir Senior Lektor Ekwivalent, 'n formule waarvolgens 'n poste-begroting toegeken word. Een SLE verteenwoordig die salaris van 'n senior lektor. Die bedrag word jaarliks (meestal opwaarts) aangepas. Departemente en afdelings se postesamstelling word in terme van breukdele van 'n SLE bereken – 'n lektor verdien byvoorbeeld tipies 0,65 van 'n SLE maar 'n professor meestal vanaf 1,20 SLEs.

5 Voltydse Ekwivalente Inskrywings van studente, 'n formule waarvolgens subsidie-inkomste bereken word.

meer die rigtings taalfasilitering en taalbemagtiging as nuwe strategiese fokuspeunte geïdentifiseer. Hy het aanbeveel dat taaldepartemente hul programme dienooreenkomstig sou moes skik en dat die TFP uitgebrei word tot 'n eenheid vir taalfasilitering en bemagtiging. Die Fakulteitsraad het die verslag goedgekeur en sodoende die ETFB tot stand gebring.

Met die oprigting van die ETFB was Universiteits- en Fakulteitsbeleid oor eenhede nog geensins geformaliseer of hoegenaamd ter sprake gebring nie. Die definiëring of “suiwering” van die onderskeid Departement/Eenheid/Instituut/Sentrum het in 2012 gekom soos in 'n latere afdeling aangetoon word. Die feit dat die oorsprong van die ETFB se voorganger – die TFP – van akademiese aard was, het sake ten opsigte van die bedryf van 'n eenheid bemoeilik. Du Plessis kon nie insien waarom die ETFB nie as 'n akademiese departement bedryf kon word nie. Syns insiens moes die nodige regstellings gemaak gewees het toe die onderskeid tussen Departement en Eenheid vasgestel is. Daar moes dus 'n ander rede bestaan het waarom die Fakulteitskomitee asook die Dagbestuur van die ETFB nie toe reeds hieroor kiewelrig en ontevrede was nie. Hoe dit ookal sy, die ETFB het in 1998 as selfversorgende eenheid binne die Fakulteit Geesteswetenskappe en ter vervanging van die TFP ontstaan met die ontbinding van die ATW as losstaande eenheid en dus nie meer soos die TFP binne 'n departement nie en in teenstelling met die oënskynlike verstandhouding in daardie stadium dat eenhede binne departemente moet setel. Die onsekerheid hieroor sou later tot velerlei spanninge aanleiding gee.

Die filosofie

Met sy kennis van die stand en vereistes van die taaluitdagings wat voorgelê het, het Du Plessis die ETFB (soos vroeër ook die TFP) verbind “tot 'n funksioneel meertalige bestel in Suid-Afrika, 'n bestel waarin linguisties agtergestelde burgers bemagtig sal word en wat sal bydra tot die vestiging van 'n kultuur van demokrasie”. (Du Plessis 1998. Inleiding tot die ATKV mini-kongres). Vir hom was die ETFB ingestel op die realisering van 'n funksioneel meertalige bestel gebaseer op

die uitgangspunt dat 'n beleid van veeltaligheid nie impliseer dat alle tale vir alle funksies gebruik moet word nie, maar eerder dat verskillende tale vir verskillende funksies geskik is (LANGTAG 1996: 210). Elftaligheid, toegepas volgens die pre-1994 beginsel van gelykberegtiging, was wat hom betref gewoon nie haalbaar nie. Trouens, sy ervaring het getoon dat 'n aandrang op gelykberegtiging meestal op eentaligheid uitgeloop het. Sy leiding binne die ETFB was juis daarop geskoei om mee te doen aan 'n taalbestel waarbinne al 11 amptelike tale ook in hoë funksies gebruik word eerder as wat slegs Engels daarvoor aangewend word. Die taalprogram van die Eenheid moes veral daarop gemik wees om die linguisties agtergestelde bewoners in die land (soos waarna in Artikel 6(2) van die Grondwet na die histories benadeelde landstale verwys word) te bemagtig. Die ETFB was gevolglik daarop ingestel om aan regstellende aksies rakende die taalbestel in Suid-Afrika mee te werk.

Die begrip regstelling met betrekking tot taal het Du Plessis soos volg verstaan: 'n *Taalregstellende* aksie is een wat direk korreleer met die algemene regstellende aksie wat deel uitmaak van die breë transformasieproses in ons land. Vir ons behoort regstellende aksies in ons menslike hulpbronne meertaligheid in die hand te werk. Ons almal weet dat dit egter NIE die geval is NIE en dat die breë transformasieproses in die land eintlik net verengelsing aan die hand werk. Juis daarom bestaan ons Eenheid!" (Du Plessis 1998. Inleiding tot die ATKV mini-kongres).

Reglement

Dit was eers bykans twee jaar later tydens die UV-raadsvergadering van 27 November 2000 dat 'n omvattende reglement vir die ETFB goedgekeur is. Dit het tyd geveerg om die presiese aard, bestuur en oogmerke daarvan duidelik te formuleer, versigtig te oorweeg en helder vas te pen. In 11 noukeurig geformuleerde klousules is die missie en visie, doelstellings en die beoogde aktiwiteite van hoe sodanige oogmerke verweselik sou word sowel as die beheer en bestuur daarvan en laastens fondsverkryging en beheer, noukeurig

uitgespel (Vergaderings van die Universiteitsraad November 2000. Al die aanhalings in hierdie afdeling is uit hierdie bron.

Wat oogmerke betref, is dit duidelik gestel dat die werklike mikpunt “gespesialiseerde, akademiese en relevante loopbaan-georiënteerde opleiding deur ’n professionele span” vir die taalberoepe was. Spesifieke ETFB-aktiwiteite is uitgespel wat neergekom het op “koördinerings van die aanbieding van kwalifikasies in die taalprofessies van die Fakulteit asook die aanbieding van nie-formele, beroepsgerigte kursusse, lesings, seminare en werksinkels rondom aspekte van die taalprofessies”. Die toekoms sou leer of hierdie formulering binne die Fakulteit haalbaar sou wees siende dat die verskillende taaldepartemente hul eie domeine jaloers bewaak en beskerm het en al hoe meer krities eword het oor wat hulle as die toenemende oorskryding van die ETFB op akademiese terrein beskou het.

Belangrik was die formulering oor die “uitvoer van toegepaste en kontraktavorsing op die terrein van meertaligheid, die verskaffing van ’n professionele tolkdienst sowel as taalkonsultasiedienste aan die publiek”. Die duidelike beklemtoning ten opsigte van die “ontwikkeling van meertalige projekte in vennootskap met gemeenskappe” was bewys van hoe belangrik meertaligheid deurgaans beskou en beklemtoon is en watter prioriteit gemeenskapsdiens sou geniet.

Die Eenheid sou onder beheer staan van ’n bestuursraad van sewe lede bestaande uit die dekaan van die Fakulteit (*ex officio*), die direkteur van die Eenheid⁶ as uitvoerende hoof vier lede deur die Fakulteit aangewys, ’n verteenwoordiger van die afdeling finansies, ’n verteenwoordiger van die kernbefondsers indien enige, ’n verteenwoordiger van die vennootskapsprojekte met buite-instansies en laastens ’n verteenwoordiger uit die gemeenskap. Die bestuursraad sou aanbevelings aan die Fakulteitsraad vir goedkeuring deur die Raad maak en ’n jaarverslag voorlê, terwyl ’n Dagbestuur toesig oor die

6 Die ETFB se reglement maak voorsiening vir die betiteling van die hoof as “Direkteur”, verwysende na die persoon se funksie en nie te verwar met rang nie. Die UV se postestruktuur maak voorsiening vir direkteurskappe in hoofsaaklik administratiewe poste.

funksionering van die Eenheid in terme van die Reglement met verslag aan die Bestuursraad sou hou.

Die ETFB sou bedryf word deur die UV⁷-personeel asook personeel wat deur eksterne befondsing gefinansier is (Vergaderings van die Universiteitsraad November 2000).

Die omskrywing en taakstelling is baie duidelik geformuleer naamlik dat die ETFB 'n Eenheid is wat:

- spesialis- en beroepsgeoriënteerde akademiese opleiding deur professionele persone aanbied;
- topgehalte, relevante en innoverende navorsing onderneem;
- dienste en projekte vir funksionele en volhoubare meertaligheid oprig.

Wat *onderrig* betref was die oogmerke:

- spesialisopleiding deur spesialiste;
- deur selektiewe beurstoekennings assistensie op nagraadse vlak te werf om onderrigpersoneel by te staan;
- die slaagsyfer van studente binne die subprogram taalprofessies tot by 'n 75% koers te verbeter;
- groter steun aan agtergestelde studente te verleen.

Wat betref *navorsing* was die oogmerke om:

- die geakkrediteerde publikasie-uitset van die ETFB meer as te verdubbel (vir 1999 was dit vyf per jaar);
- groter administratiewe steun aan die ETFB se ondersoek-inisiatiewe te verleen;
- onervare navorsers by te staan deur middel van ontwikkelingsprogramme.
- Betreffende *dienste en projekte* is voor oë gehou om:
- dienste en projekte winsgewend en finansiële volhoubaar te bedryf;
- dienste en projekte by die ETFB se akademiese program te integreer sodat dit subsidiegenererende voordele oplewer;
- dienste en projekte sodanig te kommersialiseer dat groter inkomstes vir die ETFB gegenereer kan word om bykomende

7 Die woord die UV word deurgaans gebruik plaas van UOVS soos dit tot 1996 was.

ontwikkelingsprojekte rakende meertaligheid in die Vrystaat op te rig (*Ibid.*).

Wat nuut en vreemd vir die Fakulteit was, was die sterk sakegeoriënteerdheid van die ETFB. Indien die ETFB-innoverings werklik gesteun sou word, het dit die potensiaal gehad om groot inkomste vir die Fakulteit te genereer. Met laasgenoemde in gedagte het die dekaan besoek afgelê by die destydse PU vir CHO (nou NWU) en die voormalige Randse Afrikaans Universiteit (nou die Universiteit van Johannesburg) om inligting in te win omtrent die organisering van hulle taaldepartemente.

Organisatoriese reëlings

Ten einde die bogenoemde omvattende en uitdagende missie te probeer verwesenlik is die Eenheid intern in twee hoofafdelings, te wete Linguistiek en Taalfasilitering, georganiseer. Die Eenheid het ook oor ’n eie Afdeling Administrasie en Finansies (ooreenkomstig die toepaslike reëls en regulasies van die UV) beskik om ondersteuning aan die ander twee afdelings te verleen.

Die Afdeling Linguistiek is binne vier onderafdelings georganiseer: Algemene Taalwetenskap, Toegepaste Taalwetenskap (wat die ATKV-leerstool in Tolking gehuisves het), Gebaretaal sowel as Navorsing. Hierdie Afdeling het vir alle praktiese doeleindes op dieselfde wyse as ’n akademiese departement gefunksioneer en is juis daarom as afsonderlike afdeling ingerig om so die onderskeid met die sakebeen te tref. Dit het beteken dat die afdeling met onderrig en navorsing gemoeid was en derhalwe ook subsidies soos enige ander departement aan die UV sou kon genereer. Sover moontlik is die personeel in die afdeling vanuit hierdie subsidieverdienstes gefinansier.

Die onderafdeling Algemene Taalwetenskap het die patronaat vir die betrokke dissipline gehuisves, ’n taak wat uiteraard die gevolg was van die sluiting van die ATW. Hierdie onderafdeling het twee kwalifikasies, ’n Magister en D.Phil in

Algemene Taalwetenskap binne die Fakulteit aangebied, grade wat in samewerking met ander taaldepartemente hanteer is.

Die onderafdeling Toegepaste Taalwetenskap was verantwoordelik vir die voormalige ATW kwalifikasies in die taalprofessies. Vanaf 2000 is die Diploma in Geregstolking en die Gevorderde Diploma Vertaling/Tolking asook die Magister (rigting: Taalprofessies) aangebied. Laasgenoemde opsie is slegs as kursus aangebied.

Die onderafdeling Gebaretaal was verantwoordelik vir die aanbieding van Gebaretaal as hoofvak binne die kwalifikasievereistes van die Fakulteit. Van besondere belang vir die toekoms was die Gebaretaalontwikkelingsprojek, 'n projek wat in samewerking met Deafsa en ander rolspelers deur die ETFB self befonds is. Die projek het uiteindelik uitgeloop op die publikasie van die eerste Suid-Afrikaanse handboek oor Gebaretaal, aangepas vanuit 'n ekwivalente Amerikaanse teksboek vir die Suid-Afrikaanse situasie.

Die onderafdeling Navorsing was verantwoordelik vir die ondersteuning van navorsingsaktiwiteite binne die Eenheid maar het terselfdertyd self ook navorsing onderneem. In 2000 het hierdie onderafdeling verskeie navorsingsprojekte ondersteun:

Meertaligheid en regering het 'n ondersoek na die verskillende aspekte van meertalige beleid op regeringsvlak behels. Hierdie projek is deur die Provinsie Antwerpen befonds en het onderdeel van die MIDP-projek (wat later volledig aan die orde kom) gevorm.

- Die projek rakende die WVK ondersoek na die taalgebruik by geselekteerde verhore van die WVK, is deur die Nasionale Navorsingsraad (NRF) befonds.
- Die *Meertaligheid en Munisipaliteite*-projek het 'n ondersoek na die verskillende aspekte van die taalsituasie by munisipaliteite behels en is gedeeltelik vanuit die Logtis-toekenning deur die Vlaamse Regering befonds. Die *South African Language Rights Monitor/Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor (SATRM)*-projek is danksy 'n ooreenkoms met Pansat in 2002 opgerig. Die SATRM het jaarlikse verslae oor mediadekking oor taalsake gepubliseer, vanaf 2010 deur Sun Media uitgegee.

- Hierdie projekte het so ’n omvang aangeneem en is so suksesvol bedryf dat die aard en ontplooiing daarvan in aparte hoofstukke bespreek word.

Die betrokke onderafdeling self het onder meer die navorsingsprojek *Taalpolitieke diskoers – ondersoek na die taalgesprek in die Suid-Afrikaanse media vanaf 1994 tot 2000*, onderneem, ’n projek wat deur die ETFB self befonds is.

Die Afdeling Taalfasilitering was georganiseer binne twee onderafdelings, te wete Taalontwikkeling en Taaldiens. Hierdie afdeling van die Eenheid was volledig selfonderhoudend en is dus uit selfgegenereerde fondse bedryf. Die onderafdeling Taalontwikkeling was verantwoordelik vir die bedryf van ’n verskeidenheid taalontwikkelingsprojekte. Hierdie projekte is in samewerking met staats- en ander instansies aangepak ten einde die noodsaaklikheid vir en werkbaarheid van meertaligheid te demonstreer. Verskeie projekte is teen 2000 deur hierdie onderafdeling onderneem:

Terminologie-ontwikkelingsprojek in samewerking met verskeie genote naamlik die Nasionale Taaldiens se Terminologieafdeling, die Hansard-afdeling van die Vrystaat, die Taaldiens van die Vrystaat Provinsiale Regering (VPR) en die Sentrum vir Regsterminologie gerig op die ontwikkeling van terminologie in Suid-Sotho. Die ETFB het hierdie projek self befonds.

- Die *MIDP*, ’n meertalige ontwikkelingsprojek wat met befonding van die Provinsie Antwerpen in samewerking met die Provinsie Vrystaat, die State Information and Technological Agency (SITA), die Central Information and Communication Agency (CIPAL, Vlaandere) en die Universiteit van Antwerpen onder die vaandel van hierdie afdeling opgerig is sou uitgroeï tot een van die belangrikste projekte van die ETFB in die institutionalisering van meertaligheid op provinsiale vlak.
- *Sosiale sekerheid⁸ in woord en beeld*, was ’n verdere projek wat in samewerking met die Universiteit van Antwerpen, die nasionale Departement Gemeenskapsontwikkeling,

8 Bestaansbeveiliging.

die Departement Onderwys, Van Schaik Uitgewers en Sonneblomfilms tot stand gekom het. Die projek was gerig op die produksie van 'n meertalige video en 'n nuttige en gebruikersvriendelike handboekie oor bestaansbeveiliging gemik op sekondêre leerders. Die projek is via die Universiteit van Antwerpen deur die Vlaamse Ministerie van Onderwys befonds en is gedurende 2000 afgehandel.

- Die wye en idealistiese doelstellings wat vir die ETFB gestel is, was bewys dat Du Plessis tesame met die personeel van die ETFB die groot aanpassings en geweldige uitdagings op talle terreine wat vir universiteite en daarom ook vir die UV se fakulteite en departemente voorgelê het, besef en daadwerklik aangegryp het. En na mate die nuwe demokratiese tersiêre onderwysbestel in Suid-Afrika koers begin kry het steeds nuwe eise en uitdagings na vore getree. Dit was egter asof daar by die UV se taaldepartemente nie dieselfde entoesiasme en visie vir verandering bestaan het nie, anders as wat by Du Plessis en die ETFB-span die geval was. As progressiewe taalwetenskaplike was hy meer as bereid om aan die nuwe tye en eise gehoor te gee en daarom nuwe taalstrategieë te bedink en waar te maak.

Die afwysing binne die Fakulteit het Du Plessis egter nie laat terugdeins nie, en hy het onverstoord voortgegaan om 'n personeel-organisasie binne die ETFB te skep, behoorlike assistensie om die werkverrigting van senior personeel te verbeter; bykomende personeel om die kommersiële been van die Eenheid uit te brei en noukeurige finansiële kontrole deur 'n finansiële bestuurder aan te stel (Du Plessis Sakeplan, 9 November 2000).

Die personeel in hierdie stadium het bestaan uit 'n gemotiveerde span van 28 personeellede: altesaam 15 van hulle was in diens as tolke, vyf het die onderrigprogram van die Eenheid in samewerking met kollegas van ander taaldepartemente, drie senior lektore, een junior lektor en een voltijdse akademiese assistent behartig; twee 'n professorale navorsingsgenoot en 'n gedoktoreerde assistent) het die navorsingsprogram behartig, terwyl vyf die dienste en projekte

en een persoon die finansies en administrasie van die ETFB bedryf het (*Ibid.*).

Waarop die direkteur veral ingestel was, was personeelontwikkeling en gevolglik is skep van die maksimum geleenthede om kursusse en kongresse by te woon. So is ook internskappe gevestig sodat agtergestelde personeel akademies ontwikkel kon word.

Totstandkoming van die Taalpraktykprogram

Dit het spoedig geblyk dat die ontbinde ATW kwalifikasies wat oor verskeie jare ontwikkel is, grootliks aan die vereistes wat aan nuwe programme aan universiteite gestel is, voldoen het. ’n Programkomitee vir die oprigting van ’n program in taalpraktyk is derhalwe gedurende 1999 deur die Fakulteit op die been gebring. Met die omskakeling van die TFP tot die ETFB is moontlike verwarring oor die “taalfasiliteringsprogram” uitgeskakel en die weg vir die oprigting van ’n ware onderrig- en leerprogram geopen.

Die ATW se kwalifikasies is geskaaf en verbreed tot die opleiding van taalpraktisyns in die breë en was dus nie meer beperk tot die opleiding van slegs tolke en vertalers nie. Die nuwe Taalpraktykprogram het ’n sertifikaat, ’n voorgraadse diploma, ’n graad, ’n gevorderde diploma en ’n magisterkwalifikasie in die taalberoep ingesluit. Al die taaldepartemente het aanvanklik aan die ontwikkeling meegewerk en die vooruitsig was dat elkeen deel sou hê in die aanbieding daarvan (Du Plessis aan viserektor 25 November 1999). Daar is ooreengekom dat die Taalpraktykprogram vanuit die ETFB gekoördineer sou word. In die praktyk het dit daarop neergekom dat Du Plessis *de facto* die eerste programkoördineerder van hierdie nuwe program geword het sonder dat so ’n aanstelling egter geformaliseer is. Die program het gedurende die 2000 akademiese jaar afgeskop.

Du Plessis het reeds gedurende 1999 beseft dat die volgehoute sukses van die ETFB sou afhang van die oprigting van ontwikkelingsprojekte met behulp van buitebefondsing. Hy het sy visier gestel op die sentiment van taalbewuste buitelanders as ’n bron wat benut kon word weens taalsentiment (die sogenaamde taalverwantskap tussen Nederlands en Afrikaans)

en die drang om die nuwe demokratiese Suid-Afrika (’n land wat vir so lank die muishond van die wêreld was), te probeer bystaan. Teen 1999 was daar drie sulke projekte gevestig wat bykans R3miljoen se inkomste vir die ETFB beteken het. Met behulp van hierdie verstommende steun kon Du Plessis bykomende personeel aanstel wat daartoe gelei het dat die Eenheid landswyd bekend geraak het as die grootste tolkagentskap met die meeste tolke in diens, en met dienste wat ver buite die grense van die Fakulteit en die Universiteit gelewer is (Du Plessis direkteur aan viserektor Fourie 25 November 1999:1).

Terugskouend kon teen eeuwisseling in 2000 met reg beweer word dat die strategie van 1992 om aanvanklik die TFP in die lewe te roep om veral die taal as *professie* aan die UV te vestig en te bevorder, besondere vrugte afgewerp het en buitengewoon geslaagd was. Die totstandkoming van die Taalpraktykprogram kan beslis as ’n mylpaal in die realisering van hierdie strewe beskou word en die sentrale rol van die ETFB daarin as bewys dat die aanvanklike strategie die klem heel gepas laat val het en die landsbehoefte reg gelees het. Teen 2002 kon die ETFB inderdaad as ’n leier op die gebied van die opleiding van taalpraktisyns in die land getipeer word.

Kantelpunt – nuwe befondsingsuitdagings en subsidiedilemma

Nietemin kan die jaar 2000 ook as kantelpunt in die bestaan van die ETFB beskou word. Die hoogtepunt wat teen 2000 deur die ETFB bereik is, sou egter slegs gehandhaaf kon word indien die nodige fondse beskikbaar sou bly. Algaande het oorsese befondsing opgedroog wat die uitgebreide aktiwiteite van die ETFB ernstig sou benadeel en ’n al groter inperking van aktiwiteite sou noodsaak. Die jaar 2000 was dus die tydperk waarin die ETFB voorbereidings moes begin tref met die oog op die einde van ’n era.

Nadat die Vlaamse Regering sedert 1995 die TFP en daarna die ETFB ruimhartig met befondsing ondersteun het, het hierdie reëling gedurende 2000 tot ’n einde gekom. By die Vlaamse Regering het die verwagting bestaan dat die UV die eerste drie jaar van fondstoekenning aan die TFP (dus reeds teen die einde

van 1997) die verantwoordelikheid van die akademiese been sou oorneem. Dit het nie gebeur nie en ernstige probleme vir die doeltreffende funksionering en voortbestaan vir die ETFB veroorsaak. Die deurlopende oogmerk binne die ETFB was die verbetering van gehalte en werkverrigting en juis met die oog daarop het die Eenheid in 2000 'n nuwe visie en missie aanvaar.

Die Vlaamse Regering het teen hierdie tyd befondsingsbeleid sodanig gewysig dat die ETFB nie verder vir finansiële steun in aanmerking kon kom nie. Daar moes dus toegesien word dat die Logtis-projek, die laaste projek wat die Vlaminge befonds het, goed afloop en dat ander plaasvervangende inkomstebronne gevind word om in hierdie groot inkomsteverlies te voorsien. Ook het twee tolkdienstrakke gedurende 2000 ten einde einde geloop, naamlik die kontrak met die Vrystaatse Wetgewer (vir wie die ETFB-personeel sedert 1994 op vryskutbasis 'n diens gelewer het) asook die kontrak met die WVK. Ook in hierdie geval moes die ETFB sake so plooi dat die verlies aan die twee prominente kontrakte geneutraliseer en nuwe tolkdienstrakke gevind word.

Ofskoon die Eenheid nie heeltemal daarin kon slaag om wel onmiddellik alternatiewe befondsingsbronne te bekom nie, is ten minste die nadelige impak van die onttrekking van die Vlaamse Regering nogtans grootliks geneutraliseer. Die inkomstebasis kon eers gedurende 2001 op dieselfde vlak bedryf word toe die ETFB weer 'n winsgewende jaar beleef het danksy 'n aantal nuwe projekte wat op die been gebring is.

Dit alles was grootliks te wyte aan Du Plessis se oortuiging en toewyding in wat hy aangepak het, sy logiese en deeglike beplanning en sy helder visie vir waarheen die ETFB op pad was. Dit het gepaard gegaan met sy serk deursettingsvermoë en vindingryke oplossings vir meertalige probleme. Die ETFB het gevolglik vir die Fakulteit en vir die UV besondere allure gebring. Sy moeisame taalwetenskaplike pad na die skepping van die TFP het begin met 'n gedwonge en daarom ernstige soeke na befonding wat teen 2000 sou kulmineer in die volste van alle departementele beursies in die Fakulteit. Ongelukkig het dit nie sonder kollegiale teenstand gepaard gegaan nie. Binne die

Eenheid en selfs wyer het daar nietemin geen twyfel bestaan nie dat die ETFB reeds een van die toonaangewendste akademiese eenhede vir die taalprofessies in Suid-Afrika geword het.

Binne die konteks van 'n universiteitsfakulteit was die idee van 'n "selfversorgende akademiese sake-eenheid" in hierdie jare 'n vreemde begrip wat soos aangetoon sal word in werklikheid niks goeds vir die toekoms van die ETFB voorspel het nie. Hoe dit ookal sy, teen 2000 is die ETFB as 'n "selfversorgende akademiese sake-eenheid "binne die Fakulteit bedyf" en dit aan die hand van 'n sakeplan-bestuur (Du Plessis, 2000. Sakeplan ETFB). Die Eenheid se bedryfsbegroting het in daardie stadium jaarliks meer as R3 miljoen beloop en vir 1999 kon 'n wins van R1,3 miljoen op die bedryfsbegroting getoon word. Die sakeplan van die Eenheid is jaarliks na afloop van 'n strategiese beplanningssessie hersien en aan die Fakulteit beskikbaar gestel. In daardie stadium het die ETFB reeds 'n aansienlike bydrae tot infrastruktuurontwikkeling binne die Fakulteit gelever deur:

- die inrig van die Vlaamse Tolksentrum (ten bedrae van nagenoeg R500 000);
- 'n bydrae tot die uitbreiding van die Mikrolaboratorium by die Mediasentrum van die SASOL biblioteek (ten bedrae van R25 000 per jaar;
- die inrig van 'n ATKV-kamer as gesogte seminaarlokaal (ten bedrae van R8 000); en die uitbreiding van rekenaarfasiliteite binne die ETFB (ten bedrae van R220 000);
- die inrig van 'n videokonferensiesentrum (ten bedrae van R30 000); die modernisering van die ETFB-kantore (ten bedrae van R10 000; die aankoop van bykomende onderrighulpmiddele soos 'n videokamer ensovoorts (ten bedrae van R30 000). Ander kapitaalbestedings is deur die ETFB self befonds en binne enkele jare kon dit reeds 'n aansienlike bydrae van nagenoeg R25 000 per jaar tot die uitbreiding van die biblioteekversameling lewer. Vir die uitbreiding van die kommersiële been van die ETFB is rekenaarapparatuur ten bedrae van R30 000 voorsien en programmatuur ten bedrae van R120 000 (Du Plessis aan dekaan, 2001. Begrotingsopset).

Elkeen van die ETFB se fokusareas het in samehang met die akademiese been van die ETFB gefunksioneer en wel om twee redes: eerstens om te poog om studente binne projekte te betrek (in terme van internskappe en beurstoekennings) en tweedens om sodoende nagraadse studente te lok en om te poog om navorsing aan die fokusareas te koppel om sodoende navorsingsuitsette te verhoog. Teen 2001 kon die twee strategieë egter nog nie die gewenste resultate oplewer nie.

Een van die fokusareas wat vanaf 2000 sterk begin ontwikkel het, was Taaltegnologie. Dit was 'n uiters dinamiese fokusarea met wat onderrig, navorsing en dienste betref, besondere potensiaal. Dit was die rede vir die voorlegging aan die Fakulteit vir die Lexica-projek as een van die taaltegnologieprojekte en 'n versoek om die instelling van 'n doseerpos in dié rigting. Vir die suksesvolle funksionering van so 'n fokusarea was dit nodig om 'n goeie akademikus betrokke te kry.

Vir 'n nog winsgewender bedeling vir die sakebeen het Du Plessis verskeie oorwegings voorgelê:

- verseker die finansiële afhanklikheid van die akademiese been van die ETFB deur SLE's daaraan toe te ken; indien die sakebeen steeds tekorte van die akademiese been moes aanvul, moes die personeel van die sakebeen gepaste voordeel uit die aanvulling trek;
- verbeter die renteopbrengs op beleggings;
- stel 'n reeling in plek dat die sakebeen 'n renteopbrengs op die daaglikse saldo van batige rekeninge ontvang (met dien verstande dat rente dan dienooreenkomstig op oortrokke saldo's gehef sal word);
- begin 'n proses om die sakeprojekte wat nie langer as horende by die kernbesigheid van die UV gekwalifiseer het nie, so gou doenlik binne 'n sake-eenheid buite die UV te vestig met dien verstande dat die ETFB en die UV direkte voordeel daaruit trek. Hierin het die US wat Du Plessis betref 'n goeie voorbeeld gestel (*Ibid.*).

In sy hoë ideale vir die ETFB en dié se sakeprojekte sou Du Plessis egter (soos later aangetoon sal word) gruwelik

teleurgestel en ontnugter word deur die houding en reaksie van die dekaan en fakulteitsbestuur oor die netelige kwessie van 'n onderrigsubsidie vir 'n "Eenheid".

Wel het die Fakulteit in 2001 aanbeveel dat die akademiese been van die ETFB in 'n nuwe akademiese departement genaamd Departement Taalpraktyk en Gebaretaal omskep moes word, 'n aanbeveling wat egter nooit tot uitvoer gebring is nie. Toe uiteindelik wel aan die ETFB SLE's toegeken is, het die *akademiese been* in daardie stadium steeds te min gegeneer om so 'n departement lewensvatbaar te maak, ten spyte van die feit dat die betrokke rigtings as groeipunt geïdentifiseer is.

Indien daar na die ETFB as selfvoorsienende eenheid verwys is, was dit in daardie stadium dus spesifiek van toepassing op die *sakebeen* daarvan. Teen 2001 was die akademiese been nog nie selfvoorsienend nie en die ETFB was verplig om dié been vanaf die totstandkoming daarvan in 1992 as die TFP, steeds uit eie fondse te bly finansier.

Aan die ETFB se *sakebeen* is egter nie soos vir die ander eenhede binne die Fakulteit 'n strategiese SLE toegeken nie. Die Fakulteitskomitee het aanbeveel dat dit vanaf 2002 wel gedoen moet word maar het vereis dat die ETFB dan "losgemaak" moes word van 'n nuut gestigte Departement Taalpraktyk en Gebaretaal. Vir Du Plessis was dit 'n onnatuurlike skeiding in die lig van die ontstaansgeskiedenis en geïntegreerde werkwys van die ETFB. Hy het besef dit sou 'n negatiewe uitwerking hê op die dinamiek wat in die Eenheid sedert 1992 opgebou is en daarom onwenslik sou wees. Gevolglik het hy duidelik laat blyk dat die ETFB nie met so 'n losmaking akkoord kon gaan nie.

Subsidiekwessie op die spits gedryf

Die volgehoue verpligting op die ETFB om die nuwingsgewende akademiese been van die Eenheid te bly finansier, het enorme en onmoontlike finansiële druk op die *sakebeen* van die Eenheid geplaas en 'n negatiewe impak op die winsgewendheid van laasgenoemde gehad. Reeds vanaf 2002 sou die ETFB se begroting, so het Du Plessis besef, waarskynlik nie langer hierdie verpligting kon dra nie (*Ibid.*).

Sy groot frustrasie was dat alhoewel die een been van die ETFB vir alle praktiese doeleindes as akademiese departement funksioneer het, dit nie as sodanig binne die Fakulteit erken is nie. Ten einde in staat te kon wees om die gevraagde akademiese rigting te ontwikkel, moes tegelykertyd 'n inkomstebeen op die been bring gebring word wat die akademiese aktiwiteite moes finansier. Vir die eerste drie jaar kon dit gedoen word deur middel van ruim skenkings (onder meer van die Vlaamse Regering) maar daarna moes die nodige inkomste deur middel van professionele dienslewering gegeneer word.

Die drastiese veranderinge weens die destydse ontbinding van ATW sou op die duur ernstige probleme vir die ETFB laat ontstaan wat algaande al heftiger geword het. Dit het duidelik geword dat die wesenlike bydrae van die ETFB oor etlike jare tot die vestiging van die hele program vir die taalberoep, nie werklik deur die taaldepartemente aanvaar, erken of ondersteun is nie. Die feit dat dit vanuit 'n Eenheid bedryf is en nie vanuit 'n departement nie, het die idee by hulle versterk dat die ETFB perke oorskry en 'n instansie behoort te wees wat *dienste*, en by name tolkdienste, lewer en nie soos hulle as akademiese taaldepartemente kan of behoort te funksioneer nie.

Intussen het die ETFB ook 'n navorsingsafdeling gevestig met twee halfdagnavorsers in diens. Ten spyte van al hierdie positiewe en lofwaardige verwickelinge, moes Du Plessis aan die begin van 1999 tog toegee dat probleme steeds bestaan het wat by hom groot onvergenoegdheid geskep het. Die ETFB was wel selfversorgend maar nie wat betref die opleidingsaspek en subsidiebefondsing deur die UV nie. Alhoewel die ETFB danksy akademiese en navorsingsaktiwiteite grootliks 'n suiwer subsidiegenererende instelling was, moes eie (selfgegeneerde) fondse hierdie aktiwiteite in stand hou – die VE's wat deur die ETFB se (nagraadse) studente en navorsing gegeneer is, is nie aan die Eenheid toegeken nie. Du Plessis was tereg bekommerd dat dit in die toekoms al groter probleme kon oplewer en was uitermate gefrustreerd dat die ETFB nie volle subsidieverdienste van die Fakulteit ontvang het nie, ten spyte van die onderneming daaromtrent wat deur 'n vorige dekaan gegee is. In werklikheid het die ETFB meer subsidie as

wat gereflekteer is verdien omdat dit “getrou aan die vereiste dat interdisiplinêr en in programverband gewerk moet word oor departemente heen” werksaam was en “aansienlike subsidievereiste” aan “ander taaldepartemente” moes afstaan (*Ibid.*:6). Uit eie fondse moes die ETFB geld beter spandeer om studente te werf en om die akademiese en navorsingsprogram te bestuur maar sonder enige geldelike teenprestasie uit Fakulteitsoord. Dit het daarop neergekom dat die ETFB ander departemente wat aan die Taalpraktykprogram meegewerk het uit eie fondse kruissubsidieer het. Die finansiële voordeel wat byvoorbeeld uit WVK-fondse verkry is, het gegaan na die taaldepartemente se insette, departemente wat geen bydrae tot hierdie inkomste gelewer het nie. Dit was na Du Plessis se mening kruissubsidiëring wat totaal verskil het van kruissubsidiëring deur middel van subsidieverdienstes. Wat die probleem vererger het, was dat die departemente wat hulp verleen het, reeds drie jaar (vanaf 1997 tot 1999) met geld van Vlaandere gefinansier is en boonop direkte viordeel uit subsidies deur die ETFB gegeneer, geput het.

Die probleem is vererger deurdat die ETFB verdienstes opsy moes sit om beurse as lokmiddel aan studente te bied ten einde kompetierend met WITS en RAU te bly en op so 'n wyse studente na die UV te lok. Die studente wat op hierdie wyse gewerf is, het subsidie verdien sonder dat die ETFB agterna die volle voordeel daaruit ontvang het. Die minimale subsidie wat wel toegeken is (om Du Plessis se salaris te dek) was nie voldoende om ander wat by nagraadse studieleiding betrokke was, se salarisse ook na wense te dek nie. Dit het meegebring dat die ETFB se akademiese personeelkorps van 12 persone grootliks daartoe bygedra het dat hierdie kollegas se vergoedingspakket verseker is maar dat hulle niks tot hul eie pakket bygedra het nie. Du Plessis het hierdie toedrag van sake as 'n bykans immorele maar beslis 'n onbillike situasie beskou.

Du Plessis se groot frustrasie teen die eeuwending was dat alhoewel die een been van die ETFB vir alle praktiese doeleindes as akademiese departement funksioneer het, dit nie as sodanig binne die Fakulteit erken is nie (*Ibid.*). Tegelykertyd moes met 'n inkomstebeen begin word wat die akademiese aktiwiteite

moes finansier. Vir die eerste drie jaar kon dit gedoen word deur middel van ruim skenkings (onder meer van die Vlaamse Regering) maar daarna moes die nodige inkomste deur middel van professionele dienslewering gegeneer word.

Een van die ernstigste probleme rakende die projekte van die ETFB se sakebeen wat algaande dringende aandag geveer het, was juis dat sommige nie meer verband gehou het met die kernbesigheid van die UV (naamlik onderrig, navorsing en samelewingsdiens) nie. Verskeie projekte binne die ETFB het produkte en dienste verkoop wat in werklikheid buite die domein van die universiteit bedryf sou moes word. Du Plessis het voorgestel dat oorweeg word om te doen wat die US gedoen het deur die oprigting van 'n sake-eenheid buite die Universiteit om projekte vandaar te bestuur. So sou die UV 'n aandeelhouer kon word met die ETFB wat steeds 'n bepaalde voordeel uit die projekte sou kon en wou trek (Du Plessis aan dekaan, 19 Augustus 2001).

Du Plessis moes in erns daarop wys dat die ETFB gewoon nie meer oor addisionele fondse beskik het om aan te wend binne die akademiese programme van die UV sonder enige finansiële teenprestasie deur die Fakulteit nie. Dit moes feitlik volledig sonder enige noemenswaardige finansiële fakulteitsteenprestasie gefinansier word en was besig om die ETFB se fondse uit te put. Die projeksies ten opsigte van die finansiële situasie van die ETFB wat aan die dekaan (Danie Strauss) voorgelê is, het getoon dat die ETFB se fondse inderdaad uitgeput was, wat dit onverantwoordelik en onmoontlik sou maak om op dieselfde trant as in die verlede voort te gaan. Konserwatief bereken sou die ETFB na beraming voor Junie 2002 insolvent wees. Tensy sodanige insolvensie vir die Fakulteit wenslik was, wat skynbaar nie die ETFB as strategies genoeg geag het om 'n strategiese SLE daaraan toe te ken nie, kon Du Plessis nie so 'n oplossing regverdig nie. Volgens die berekening wat hy laat maak het indien die ETFB nie vir die tydperk ter sprake die akademiese been moes finansier nie, kon die ETFB se reserwefonds reeds teen 2002 meer as R3 miljoen beloop (Unit for Language Management 1 Maart 2010).

Toe Du Plessis (reeds so vroeg as 1999) by die betrokke dekaan aandrang op die volle subsidieverdienste vir die ETFB het die Fakulteitskomitee besluit dat slegs die helfte van die subsidie toegestaan kan word. Lede van taaldepartemente wat op die komitee gedien het, het in die proses onsmaklikhede oor die ETFB kwytgeraak en toe Du Plessis een van die lede daarvoor konfronteer het dit tot 'n "uiters onsmaklike" gesprek gelei (Du Plessis aan dekaan, 19 Augustus 2001:7). Hierna het die nuwe dekaan (Gerhardt de Klerk) tog versoek dat die ETFB meer gegewens beskikbaar stel wat toe wel gedoen is, maar die aangeleentheid het bly sloer.

Indringende soeke na 'n oplossing

Raadop en gefrustreerd het Du Plessis uiteindelik besluit om eenvoudig direk 'n brief aan die viserektor, prof. Frederick Fourie, te rig. Eerstens het hy daarop gewys dat die ETFB nooit vir die feit beloon is dat sedert 1992 kwalifikasies ontwikkel is in die "toon en gees van opleiding binne die nuwe Suid-Afrika" nie. Hy het hom ten sterkste uitgespreek oor die voortdurende teenstand van die taaldepartemente. "Dit terwyl ons hulle tans kruissubsidieer en hulle in die verlede met kontant bygestaan het" (Du Plessis Direkteur ETFB, 1999 aan vise-rektor Fourie 25 November 1999:7).

Sy ander probleem was dat daar nie groot entoesiasme vir die ETFB se taalprogramme getoon is nie en kollegas wat aanvanklik saam daarvoor besin het, het "letterlik op onderduimse manier probeer om nuwe programme buite die kader van die vasgestelde programme by die dekaan (toe De Klerk) goedgekeur te kry. Dit het gelei tot wedywing tussen die taaldepartemente wat "veronderstel was om vennote te wees" (*Ibid.*).

Kenmerkend van Du Plessis se styl en kreatiewe ingesteldheid het hy nie slegs te velde getrek teen onregverdigheid en vyandigheid nie, maar selfs ook op positiewe wyse oplossings – welsiwaar ingrypend – aan die hand gedoen. Eerstens was sy soveelste versoek dat die ETFB volle subsidieverdienste ontvang en dat dit op die hoogste vlak aanhangig gemaak word. Verder het hy aan die hand gedoen dat:

- ’n programdirekteur dringend vir die taalpraktykriktig aangestel word;
- die bestaande taaldepartemente op 1 Januarie 2000 ontbind word en ’n nuwe struktuur in die plek daarvan kom;
- as deel van ’n nuwe struktuur gekyk word na bykomende fondsinsamelingstrategieë vir die nuwe program deur die oprigting van nuwe eenhede soos byvoorbeeld ’n Eenheid vir Taalonderrig;
- die bestaande Fakulteitskomitee ontbind word sodat die struktuur van dié komitee ooreenstem met die nuwe strukture;
- so ’n nuwe Fakulteitskomitee toeligtig kry oor die onderskeid tussen advies en beleidsbepaling sodat die kultuur van ’n Fakulteitskomitee (wat hom betref) wat beleid bepaal in stede van net te adviseer, beëindig kan word.

Wat hom betref het die bestaande Fakulteitskomitee bestaande magsverhoudinge perpetueer en was dit ook nie verteenwoordigend in terme van ouderdom, geslag en ras nie. Ten slotte het hy dank betuig vir die tyd wat Fourie bereid was om aan die saak af te staan (*Ibid.*).

Du Plessis het vervolgens aangedring op ’n dringende vergadering met Fourie. Dié het besluit om ’n vergadering te belê waarna hy sonder Du Plessis se medewete ook die Fakulteitskomitee uitgenooi het. Toe Du Plessis voor die vergadering by Fourie se kantoor opdaag en hom in die Fakulteitskomitee vasloop, het hy ontplof en na ’n onsmaklike woordewisseling met die betrokkenes hulle die rug gekeer en die lokaal verlaat. Die beoogde vergadering het nooit plaasgevind nie. Fourie het Du Plessis by ’n latere geleentheid oor sy optrede vermaan maar nogtans te kenne gegee dat aan ’n oplossing gewerk word. Hy het Du Plessis versoek om nie sy eie saak verder te ondermyn deur die Fakulteitskomitee te antagoniseer nie (Persoonlike mededeling, Du Plessis 9 Februarie 2022).

Een van die onmiddellike konkrete uitkomst van die hele debakel was dat die betrokke dekaan (De Klerk) ’n informele verkennende gesprek met die talehoofde (met inbegrip van ’n afdeling soos Frans) georganiseer het waar van die probleme

wat taaldepartemente ervaar, aangekaart is. Dit is opgevolg met 'n strategiese gesprek gedurende die eerste kwartaal van 2002 met Fourie oor die pad vorentoe vir die talegroepering. Fourie se oogmerk was om die talegroepering sover te kry om nuut te dink en met innoverende toekomsplanne vorendag te kom. Hy het na afloop van hierdie gesprek teen die einde van 2002 'n oorkoepelende sakeplan van die betrokkenes verwag. Hierop het 'n taleberaad gevolg waar oor die aangeleentheid besin is en waar die gedagte aan die oprigting van 'n tweede eenheid binne die Fakulteit geopper is, naamlik een vir taalvaardigheid. 'n Komitee onder leiding van prof. Wilfred Greyling van Engels is by hierdie geleentheid aangewys om die moontlikheid te ondersoek en 'n aanbeveling daaromtrent te maak. Die sogenaamde "Greyling-komitee" het bepaalde aanbevelings teen die einde van Augustus 2002 aan die dekaan voorgelê. Twee van die komitee se kernaanbevelings was dat die oprigting van 'n Eenheid vir Taalvaardigheidsontwikkeling (ETVO) beslis oorweeg moet word en dat die moontlikheid van die herorganisering van die taalgroepering binne 'n Taleskool ondersoek moet word. Hierop is besluit om 'n verdere komitee onder leiding van Du Plessis saam te stel en te versoek om 'n sakeplan vir die TVO voor te berei asook om die moontlikheid vir die oprigting van 'n Taleskool te ondersoek. Die sogenaamde "Du Plessis-komitee" het vinnig tot die besef gekom dat die oprigting en funksionering van die ETVO direkte implikasies vir die hele talegroepering inhou en dat so 'n eenheid dus gesien moes word as slegs een van die uitlopers van 'n moontlike herstrukturering van die hele taalgroepering, inbegrepe die ETFB. Hierdie dilemma is onder die aandag van die dekaan gebring tydens 'n gesprek met die komiteesameroeper op 6 September 2002. Die dekaan het toe voorgestel dat die Du Plessis-komitee wel 'n konsep Strategiese Plan vir die Talegroepering opstel wat aan die Talehoofde voorgelê kon word waarna dit aan die dekaan vir finalisering voorgelê sou word.. Die komitee het bestaan uit Du Plessis, Greyling, Naudé en Van Niekerk van Afrikaans en Nederlands. Uit hulle verslag wat ook gedurende September 2002 saamgestel is, blyk dat Du Plessis se talryke verstoë oor 'n nuwe aanpak met betrekking tot die talesituasie in die land wel aanklank moes gevind het. Die verslag het inligting oor 'n

proses wat die herstrukturering van die talegroepering op die oog gehad het, bevat.

Op Vrydag 13 September 2002 (Du Plessis 2002. Dagboek Elektronies) het die dekaan 'n verdere vergadering van die talegroepering byeengeroep om oor die betrokke verslag en die pad vorentoe te besin. By 'n opvolgvergadering op Vrydag 18 Oktober 2002 (*Ibid.*) het konflik ontstaan tussen Du Plessis en van die teenwoordigers na 'n oor-en-weer geslinger van beskuldigings en verwyte. Du Plessis het toe sy onbereidheid verklaar om vorentoe enige verdere vergaderings van die taalgroepering by te woon.

Die spanning oor Du Plessis se doen en late in die Fakulteit het in hierdie stadium dus 'n krisispunt bereik. Soveel so dat dekaan De Klerk dit nodig gevind het om op 21 Oktober 'n oop en ernstige gesprek met hom te voer. Dit het in die eerste instansie gegaan oor konflik binne die taalgroepering en beskuldigings wat voor Du Plessis se deur gelê is (Du Plessis aan dekaan 22 Oktober 2002). Sy lang brief aan die dekaan kan eintlik as 'n *Verweerskrif* bestempel word. Deel daarvan het gehandel oor hoe die dubbelslagtige aard van die ETFB aan die wortel van die “kwaad” was; die ernstige finansiële dilemma waarin die ETFB besig was om al verder vas te val; sowel as finansiële beloftes wat deur die dekaan se voorgangers aan hom gemaak is (en nie gerealiseer het nie). Die kern van die dilemma was (soos voeër reeds aangedui) in werklikheid dat 'n eenheid as sodanig se basiese rol primêr nie-akademies van aard was, dit wil sê dienslewering van nie-akademiese aard, terwyl die ETFB in die praktyk ook 'n akademiese rol vervul het. Die gesprek met die dekaan het vir die grootste gedeelte gehandel oor aspekte van die akademiese bedrywighede van die ETFB. Maar getrou aan sy aard was Du Plessis steeds op soek na konkrete oplossings en het verskeie uitweë in gedagte gehad en voorgehou.

Du Plessis se konklusie na afloop van die ontmoeting was: “My indruk is dat 'n groot deel van die huidige konflik binne die Talegroepering voor my deur gelê word” (*Ibid.*). Die rede hiervoor het hy gesoek in die verwyte teen hom dat hy skynbaar die skuld vir die mislukking van die Vakgroep Linguistiek en

vir die konflik rakende die voortsetting van ATW-kursusse moes dra.

Die oprigting van DAGT

Die oplossing vir sy eie dubbelslagtige posisie het Du Plessis ingesien en uiteengesit in 'n dringende versoek aan dekaan De Klerk om op 1 Januarie 2003 van die koördinerende verantwoordelikhede van die ATW, Taalpraktyk en Gebaretaal as akademiese rigtings binne die ETFB vrygestel te word. Hy het dus gevra dat die ETFB nie langer as die einde van 2002 as koördinerende instansie vir hierdie akademiese rigtings optree nie.

Volledige gegewens is verstrek en sy interpretasie van die feite was dat die drie dissiplinerigtings die ATW, Taalpraktyk en Gebaretaal in daardie stadium gesamentlik 7.698 VE's verdien het wat ongeveer 2.156 SLE's opgelewer het. Dit het daarop gedui dat 'n nuwe afsonderlike taaldepartement opgerig behoort te word om hierdie rigtings te huisves. VE-gewyse sou dit in daardie stadium 'n departement in ongeveer dieselfde orde grootte as Afrikaans-Nederlands (86,061 VE's) wees. Du Plessis se siening was dat slegs NOS so groot soos die ETFB se akademiese been (uitgesonderd Gebaretaal) 'n aansienlike aanspraak op die betrokke rigtings kon maak en dat die ander taaldepartemente se aansprake op hierdie rigtings in verhouding negeerbaar was. So 'n nuwe departement kon onbetwis die tuiste van die rigtings ATW, Taalpraktyk en Gebaretaal word en die Eenheid dan as't ware "suiwer" om verder as 'n eenheid in die ware sin van die woord te kan voortbestaan, maar nogtans nie as 'n eenheid binne die voorgestelde departement nie.

Soos aangevoer, het Du Plessis se Oktober-gesprek met dekaan De Klerk plaasgevind weens al groter irritasie aan die kant van die taaldepartemente oor wat hulle as die oorskryding van die ETFB op hul akademiese terrein beskou het. Daarteenoor het prof. Philip Nel, hoof van NOS en Du Plessis net die teenoorgestelde gevoel omdat hulle betrokke was by die ATW en Linguistiek wat hulle as die moederdissipline van taaldepartemente beskou het. Van die akademiese departemente het eger eenvoudig voortgegaan om hul eie taalpraktykafdelings

te begin organiseer. Tussen 1997 en 1998 het die Departement Afrikaans-Nederlands ook met 'n MA in Toegepaste Linguistiek begin, dus in opposisie met die ATW waarbinne ETFB toe nog gesetel was. Na die ontbinding van die ATW het die Departement NOS aangebied om betrokke te raak by die twee magisters en is hulle geherstruktureer. Die gevolg van hierdie samewerking was dat die ETFB die rigting *Algemene Linguistiek* asook die rigting *Vertaling* stelselmatig afgegee het aan NOS. Tolking het egter voorlopig by die ETFB gebly.

Hierdie teenstrydigheid het daartoe gelei dat Du Plessis en Nel laat in 2002 'n skrywe aan die dekaan gerig het oor die mandaat van die Taalpraktykdissipline waarby hulle direk betrokke was. Hulle het hom daaraan herinner dat in die praktyk die “gewone vakdissipline ten opsigte van Taalpraktyk” in daardie stadium binne NOS gesetel was. Hulle beswaar en bekommernis was dat “indien die Fakulteit en die dekaan nie hierdie beginsel beskerm en afdwing nie, enige dissipline tot nadeel van die moederdepartement van Taalpraktyk geërodeer word (*Ibid.*).

Kopiëskryf, een van die studiemodules van die bestaande voor- en nagraadse kurrikulum van die dissipline Taalpraktyk, is ook binne Afrikaans en Nederlands beplan. Du Plessis en Nel het dit gevolglik as onaanvaarbaar beskou dat kopieskrywing-modules apart van die taalpraktykprogram beplan is en dus in direkte wedywering met die bestaande Taalpraktyk-modules sou wees. Dieselfde beswaar was van toepassing op die module *Vertaling* en *Taalversorging* wat besig was om al hoe meer beslag in ander taaldepartemente te kry. Indien die mandaat van Taalpraktyk nie beskerm sou word nie, kon NOS en die ETFB nie oorleef nie en moes die dissipline Taalpraktyk in die eerste instansie nooit tot stand gekom het nie, so is geredeneer. As onderskeidelik departementshoof en direkteur het Nel en Du Plessis in beginsel beswaar gemaak indien enige ander departement dimensies van Taalpraktyk sonder inspraak van die moederdepartement sou aanbied, 'n beginsel wat na hul mening deur die Fakulteit beskerm moes word (*Ibid.*).

Die twee kollegas het geredeneer dat Taalpraktyk-modules in beginsel tydens die oprigting van die Taalpraktykprogram

by die ETFB gesetel was, alhoewel laasgenoemde binne die “ongemaklike struktuur” van loswees van ’n departement bereid (selfs verplig) was om die modules uit te kontrakteer. Oor die mandaat self en tewens ook die mandaat vir ATW was daar geen onduidelikheid nie.

Teen die einde van 2002 het dit duidelik geword dat die posisie van die ETFB nie meer die enigste knelpunt binne die talegroepering was nie. Daar sou nou ook gewerk moes word aan ’n oplossing om die akademiese integriteit van die dissiplines wat in daardie stadium deels by die ETFB en NOS gesetel was te, beskerm.

Du Plessis se voorstel aan dekaan De Klerk omtrent die losmaak van die akademiese dissiplines van die ETFB het weerklank gevind in ’n voorstel van Nel om NOS in ’n nuwe departement wat die betrokke dissiplines sou huisves, omvorm. Van die dissiplines waarvoor NOS reeds binne die Taalpraktykprogram verantwoordelik was, sou binne die Departement Afroasiatiese studies en Gebaretaal (DAGT) gehuisves word maar die ATW sou oorskuif na die nuwe departement. Twee van die ander Taalpraktykdissiplines wat by die ETFB gehuisves is en waarvoor die Eenheid in daardie stadium verantwoordelik was, te wete Tolking en Taaltegnologie sou uitgefaseer word en onderhewig aan die nuwe departement se SLE-situasie, mettertyd ook oorskuif. Taalbestuur sou voorlopig by die ETFB bly aangesien die kundigheid om die betrokke dissipline te diens daar gesetel was. Voortaan sou die ETFB dus werksaamhede in noue assosiasie met hierdie nuwe departement voortsit, ofskoon ietwat afgeskaal wat die diens van sekere dissiplines betref. Die verantwoordelikheid om die Taalpraktykprogram te koördineer, het ook na die nuwe departement oorgeskuif.

Nel se voorstel is aanvaar en die nuwe, driedelige departement genaamd die Departement Afroasiatiese Studies en Gebaretaal (DAGT) is vroeg in 2003 op die been gebring met Nel as departementshoof en Naudé as programdirekteur. Met die oprigting van hierdie departement het die ETFB as’t ware ’n nuwe fase betree. Tolking en Taaltegnologie het onderskeidelik gedurende 2003 en 2005/6 na DAGT oorgeskuif.

Nietemin is die probleme rakende die “duplisering” van taalpraktykmodules in die ander taaldepartemente waarna eerder verwys is, nie heeltemal opgelos nie. Gedurende 2004 het DAGT daarop gewys dat die opname van die Taalpraktykfunksies binne die nuut saamgestelde DAGT nuwe eise gestel het. Binne die departementele struktuur moes nuwe aspekte van Taalpraktyk bygevoeg en uitgebrei word ten einde dit koste-effektief aan te bied. Dit sou nie haalbaar wees indien kernaspekte terselfdertyd in ander departemente aangebied word nie. Die taalspesifieke krediete binne Taalpraktyk is verhoog wat verdere druk op die hantering van die taalpraktykaspekte deur die moederdepartement self geplaas het om die totale Taalpraktyk-kurrikulum in terme van rasionalisering te beoordeel en op dimensies te fokus waarop premie in terme van akademiese kwaliteit en verskeidenheid geplaas kon word. Dit het juis daartoe gelei dat onder meer dissiplines soos Kopiëskryf saam met dimensies soos Teksteorie en Dokumente ontwerp as fokusareas geïdentifiseer is. Die probleem is egter nooit werklik opgelos nie en DAGT het voortgegaan om hierdie dissiplines binne die Taalpraktykprogram aan te bied terwyl Afrikaans en Nederlands onderneem het om in Kopiëskryf asook Vertaling en Taalversorging op Afrikaans te fokus. DAGT se modules sou meer generies ingekleur word. Teen 2006 was DAGT reeds ’n goed gevestigde departement in die Fakulteit en het die departement uit 22 personeellede bestaan: Proff. J.A. Naudé voorsitter, P.J. Nel, drs. J.S. du Toit, A. Lotriet, L. Beard, M. Barnard (sekretaresse), E. Matabane, L. Ehlers, S. Cawood, A. Machin, E. Esterhuysen, E. Henning, P. Botha, I. Maree, C. Geldenhuys, D. Botha, X. du Toit, P. Akach, C. Snyman, G. Hanekom en J. van Biljon. Prof. Du Plessis het as Direkteur van die ETFB sitting op departementele vergaderings gehad. Dit was ’n talentvolle en ondernemende personeel en op hierdie tydstip het DAGT naas die Departement Geskiedenis die meeste navorsingsuitsette in die Fakulteit gelewer (Notule departementele vergadering 24 Junie 2006:1). Dr. K. Marais is in die loop van 2006 as dosent in DAGT aangestel met taalpraktyk en spesifiek vertaalkunde die grootste verantwoordelikhede en het sy werksaamhede op 19 Julie 2006 by die Departement begin.

Terugblik en prestasieopgaaf 1998–2005

Wanneer teruggekyk word na die prestasies van die ETFB sedert die oprigting daarvan in 1998 was daar afgesien van die akademiese bydraes op doseervlak, vele ander prestasies op diens- en navorsingsvlak. Nuut en opwindend in die bestaan van die ETFB was die wye skakeling met ander instansies op provinsiale en nasionale vlak en die ruim befondsing wat uit die buiteland verkry is. Een daarvan was die aanbod van verskeie internasionale kollokwiums soos byvoorbeeld die Tweede Internasionale MIDP-kollokwium in die Vlaamse Tolksentrum op die UV-kampus in Mei 2000. Die kollokwium het gehandel oor Meertaligheid, die Regsowerheid en Veiligheidsdienste. Uitstekende referate is deur vyf Europese sprekers gelewer en die Suid-Afrikaanse situasie is deur verteenwoordigers van die betrokke staatsdepartemente en akademici onder die vergrootglas geplaas. Ten opsigte van oorsese skakeling en samewerking kan as nog 'n voorbeeld genoem word die referatebundel van die 1999-kollokwium in Antwerpen wat onder die titel Multilingualism and Government en die redakteurskap van dr. Kas Deprez en Theo du Plessis bekend gestel is. Die bundel was deel van die publikasiereeks getiteld Studies in Language Policy in South Africa wat Deprez en Du Plessis by Van Schaik Uitgewers van stapel gestuur het. Nog 'n besondere prestasie was die ooreenkoms wat teen die einde van 2000 tussen EPI-Use ('n internasionale informatikabedryf) en die ETFB se MIDP-projek ten opsigte van die toekenning van die Lexica-regte aan die Eenheid, bereik is. Die Lexica-program was die enigste masjienvertalingsprogram wat in Suid-Afrika en vir die Suid-Afrikaanse tale ontwikkel is en internasionaal hoog aangeslaan is. Die ETFB het die Lexica-program bemark en verder ontwikkel, wat prestige aan die Eenheid se nuwe kursus Taaltegnologie in die subprogram vir die Taalprofessies verleen het (Du Plessis aan dekaan 22 Oktober 2002).

'n Verdere opwindende prestasie was die ETFB se produksie in al 11 amptelike tale van *Die oulike klein boekie wat yslike groot kwessies aanpak. 'n Gids tot bestaansbeveiliging in Suid-Afrika* (kyk UA & UV, 2001). Die projek is (in al die amptelike tale) in samewerking met die Universiteit van Antwerpen,

die Departement Gemeenskapsontwikkeling (voorheen Maatskaplike Welsyn), die Departement Onderwys en Van Schaik Uitgewers uitgegee. Die meegaande video is in vyf amptelike tale beskikbaar gestel en deur die hoog aangeskrewe Sonneblomfilms vervaardig.

Die ETFB het gereeld besoekers ontvang onder wie heelwat van oorsee. In 2001 tydens die Tweede Internasionale MIDP-kollokwium byvoorbeeld is verskeie hooggeplaastes ontvang. Onder hulle was die premier van die Vrystaat, mev. Direko, Helsen (Eerste Gedeputeerde van die Provinsie Antwerpen), asook Karl Deraedemaecker (Griffier van die Provinsie Antwerpen) en Arthur Phillips (direkteur van Cipal). Ook is ontvang die hoofregter van Spanje, regter Bonjare, N. Tseole (voorsitter Taalkomitee van die Nasionale Parlement), Adriaan van Niekerk (ombudspersoon van die Demokratiese Alliansie). Deprez het die ETFB ook gedurende Mei besoek en ook gedurende sy tweede besoek in September/Oktobre kontak met die ETFB gehad. Interessant was ook 'n Dowe afvaardiging vanuit Noorweë wat besoek afgelê het.

'n Groot prestasie op navorsingsterrein was dat een van die personeellede, dr. Lotriet, 'n toekenning van die NRF ontvang het vir 'n groter eenjarige en internasionale navorsingsprojek, getiteld *Interpreting at the hearings of the Truth and Reconciliation Commission, 2000-2001* wat einde 2001 tot n einde gekom het. Wat hierdie prestasie nog belangriker gemaak het, was dat die Vlaamse Ministerie van Onderwys op die rug van hierdie toekenning 'n driejarige internasionale navorsingsprojek aan die Universiteit van Antwerpen toegeken het wat in samewerking met die UV onderneem is.

Op nasionale vlak kon die ETFB belangrike bydraes lewer veral ten opsigte van die WVK en die tolking wat daarmee verband gehou het sowel as by Pansat deur middel van die belangrike Taalregtemonitor en die publikasies wat daaruit voortgevloei het. Op provinsiale vlak was die ETFB bekend vir die MIDP en op die kampus van die UV was dit 'n stimulus vir nuwe sienings en onderrigvernuwing rakende taalbeheer en taalbestuur.

In die strewe om die toonaangewende akademiese Eenheid vir die taalprofessies in die land te word, het die ETFB gou heelwat bewerkstellig:

- 'n program vir die taalprofessies in terme van die nuwe onderwysriglyne is geïmplementeer, weliswaar in samewerking met die taaldepartemente;
- 'n taalberoepsprogram nasionaal en internasionaal te vestig deur middel van prominensie in terme van publikasies, optredes by kongresse en die aanbied van spesialiskongresse en ander simposia (Du Plessis. Sakeplan, 9 November 2000).

Dit is waarskynlik nie om dowe neutte nie dat aan Du Plessis tydens die UV se Eeufeesvieringe in 2004 'n Eeufeesmedalje toegeken is ter erkenning van sy "akademiese entrepreneurskap in veeltaligheid" (Universiteit van die Vrystaat, 2006: 480).

Onderweg na volwassenheid: die Eenheid vir Taalbestuur (2005-2010)

Die Eenheid se 1998-naamverandering van die TFP tot die ETFB was geensins die einde van die afskilfering van die naam en die inperking van die omvang van die Eenheid nie. Dit was deels simptome van 'n Fakulteit wat geen duidelike uitklaring van die presiese rol en funksie van 'n Eenheid gehad het nie, maar ook as gevolg van ruim oorsese finansiering wat ten einde begin loop het en 'n noodwendige herposisionering van die Eenheid genoodsaak het. Die feit dat die Eenheid tydens die bestaan daarvan veelvuldige naamveranderinge ondergaan het, op verskeie plekke gehuisves is, met elke verandering iets moes inboet en in personeelgetal al kleiner geword het, was 'n bewys van die ongemak en ongelukkigheid waarmee die ETFB se aktiwiteite en suksesse met al groter agterdog en onaanvaarbaarheid binne die Fakulteit bejeën is. En ook van die problematiek van die presiese funksie van 'n Eenheid teenoor akademiese departemente, 'n probleem wat bly voortbestaan het desondanks pogings tot die oplossing daarvan.

Die aanloop tot die Eenheid se volgende naamverandering kan teruggevoer word na Augustus 2004 toe die rektor, die dekaan en Nel nou die die hoof van DAGT gesprek begin voer

het, enersyds oor die wenslikheid om “diensaspekte” in die fakulteit in “een sentrum” saam te bundel en andersyds of DAGT en die ETFB “nie saam binne ’n insluitende Taalsentrum geallokeer kan word nie” (Unit for Language Management, 2004. Du Plessis Elektronies). Uiteindelik is volstaan met ’n model van ’n meer gefokusde Eenheid wat werksaamhede in noue assosiasie met DAGT bedryf het. Dit was ’n verhouding wat uiteindelik dividende vir beide entiteite opgelewer het.

Die naamverandering van die ETFB na ETB

Op die Fakulteitsvergadering van 26 April 2005 is aanbeveel en dit is op die Raadsvergadering van 16 September 2005 goedgekeur dat die naamsverandering van die ETFB na ETB gewysig word (Universiteit van die Vrystaat, 2005. Universiteitsraad Notule 16 September 2005). In die motivering vir die betrokke naamverandering is aangevoer dat dit voortgespruit het uit die herstrukturering van die ETFB, ’n stap wat genoodsaak is deur ’n vroeëre fakulteitsbesluit dat die akademiese been van die ETFB uitgefaseer en na DAGT oorgeplaas moes word. Die herstrukturering het meegebring dat die werksterrein van die ETFB volledig op Taalbestuur sou fokus, ’n kwessie wat volgens die motivering nie voldoende in die bestaande naam ETFB opgevang is nie. Tegelykertyd is die wysiging van die ETFB se reglement om voorsiening te maak vir beide die naamverandering en die nuwe taakbeskrywing ook goedgekeur.

Wat omtrent die genotuleerde besluit opgeval het, was ’n versoek wat die Raad aan die ETFB gerig het en wat soos volg gelui het;

Die Raad versoek Bestuur om die bydrae wat die ETB tot die verdere uitbouing van die UV as ’n veeltalige universiteit en dienslewering na binne kan maak, verder te ondersoek en met die dekaan en die Direkteur in medewerking met tersaaklike lynhoofde uit te werk (Universiteit van die Vrystaat 2005. Notule van ’n vergadering van die Universiteitsraad 16 September 2005).

So het dan ’n “nuwe” (eintlik “gesuiwerde”) Eenheid tot stand gekom waarvan die naam interessantheidshalwe aangesluit het by die hoogleraarskap van die direkteur.

(Du Plessis is naamlik in 2003 bevorder tot “Hoogleraar in Taalbestuur”.) Die totstandkoming van die ETB was duidelik die resultaat van ’n bestuurspoging om die onmin wat tussen die werksaamhede van die TFP en die ETFB ontstaan het, onder die loop te probeer neem:

- Die dissiplines wat onder die TFP en ETFB geressorteer het, het nou grootliks na DAGT geskuif, uitgesonderd Kopiéskryf, wat by Afrikaans en Nederlands gehuisves is.
- Selfs die dissipline Taalbestuur, wat deur die ETB gediens sou word, is by DAGT se kwalifikasie-opgaaf ingesluit. Die ETB het dus meegewerk aan DAGT se voor- en nagraadse kwalifikasies.
- Origens het die ETB se fokus grootliks na navorsing en dienslewering oor Taalbestuur verskuif. Dienslewering aan die UV op hierdie terrein is daarby ingesluit.
- ’n Nuwe subsidiebedeling wat voortaan vir ’n diskresionêre SLE-toewysing vir eenhede en sentrums voorsiening gemaak het, het in werking getree. Die ETB was ook ’n begunstigde.

Van die gevolge van hierdie reëlins was dat die ETB-personeel wat sedert 2005 by die dissiplines Gebaretaal, Taalpraktyk en Taalwetenskap of Linguistiek betrokke was, in verskillende stadiums na DAGT verplaas is. Dit het ook diegene ingesluit wat by aspekte van dienslewering en navorsing betrokke was, onder meer personeel betrokke by Tolking en Taalgenologie. Soos aangetoon, is hierdie proses teen 2006 voltrek en was die “suiwering” finaal.

Tot en met die volgende herstrukturering vyf jaar later in 2010, het die ETB ’n fase van relatiewe rustigheid betree, ten minste wat Fakulteitspolitiek betref. Die finansiële sekuriteit van die nuwe SLE-bedeling het uiteraard betekenisvol hiertoe bygedra en groter aandag kon aan die uitbreiding van die ETB se navorsingsprogram bestee ord.

Hersiene reglement

Die reglement wat in September 2005 deur die UV-raad goedgekeur is, het ’n hersiening van die ETFB se reglement

behels om oorsiening te maak vir die naamverandering na ETB sowel as vir bepaalde wysiging ten opsigte van die taak en die struktuur van die herbenoemde Eenheid se beheerraad.

By die unieke visie, “om tale te laat werk”, is die frase “deur innoverende taalbeplanning en -bestuur” bygevoeg terwyl die missie vereenvoudig is tot die ontwikkeling van “innoverende en ekonomies volhoubare taalbeplanningsopsies”, die bevordering van die vestiging van “institusionele meertaligheid” en die uitbou van taalgeregtigheid. Ook oor hoe hierdie doelstellings bereik word, het die reglement dit eenvoudiger gestel naamlik deur middel van die ontwikkeling en bestuur van volhoubare meertalige projekte in vennootskap met rolspelers, die onderneem van navorsing op die terrein en die aanbieding van beroepsgerigte kursusse en ander instrumente vir die disseminasie van inligting.

Wel opvallend was die wysiging van die struktuur van die Beheerraad. Die struktuur is vereenvoudig en die Beheerraad volledig binne die Fakulteit gesitueer. Naas die dekaan het die hoof van DAGT nou ’n *ex officio*-lid van die bestuur geword (kyk ETFB, 2004).

Die hersiene reglement het dus ’n nuwe fase in die bestaan van die Eenheid ingelei. Voortaan kon meer aandag bestee word aan die kernsake wat in die nuwe mandaat van die Eenheid uitgestippel is en waarvoor vervolgens saaklik ingegaan word.

Innoverende en ekonomies volhoubare oplossings vir die eise van meertaligheid

Alhoewel dit die aanvanklike taakstelling van die TFP en ETFB was om leidinggewende veeltalige projekte in vennootskap met die regering en ander rolspelers op die been te bring en uit te bou, en die Eenheid uiteraard heelwat ervaring op hierdie gebied opgedoen het, het die oprigting van die ETB nou die geleentheid gebied om ietwat meer te konsentreer op navorsing spesifiek oor taalbestuur in Suid-Afrika. Die oorhoofse oogmerk was egter om innoverende en ekonomies volhoubare oplossings vir die eise van meertaligheid te help ontwikkel, voortaan net met ’n groter fokus op navorsing deur hoërsonderwys, plaaslike regering, taalsigbaarheid, taalwetgewing en taalregte op die

voorgond te stel. Onvermydelik sou die dringende kwessie van die verbintenis tussen taal en armoede al luider na vore tree en al groter aandag opeis. In die akademiese sin sou die klem wat onderrig betref op die terrein van Taalbestuur val wat studente in staat sou stel om Taalbestuur deel van 'n nagraadse kwalifikasie in Taalpraktyk te maak. Informele opleiding deur werkswinkels, simposia ensovoorts is oor aspekte van Taalbestuur aangebied. Die ETB sou voortbou op die reputasie van die ETFB om die leidende instelling in Suid-Afrika te word wat innoverende en ekonomies houdbare oplossings vir die vestiging van institusionele veeltaligheid in Suid-Afrika kon bied.

Taalbeleidsontwikkeling vir die Vrystaat

Die Eenheid se filosofie het ook intervensie by beleidmaking behels, gebaseer op navorsing met die oog op ontwikkeling gesteun deur toepaslike onderrig (Unit for Language Management 1 Maart 2010). Ten spyte van die TFP se bemoeienisse om via Logtis taaldienste aan die Vrystaatse munisipaliteite te lewer, was daar verstommend teen 2006 en ten spyte van die aanstelling van 'n Vrystaatse Taalkomitee meer as vyf jaar vroeër, nog geen amptelike taalbeleid vir die provinsie nie. Hierdie leemte is herhaaldelik deur die ETB by monde van die direkteur en personeel aanhangig gemaak en benadruk. Uiteindelik het die amptelike beriggewing oor 'n toekomstige Vrystaatse taalbeleid in die *Provinsiale Gazette* No. 91 van 2006 verskyn en kon die proses wat etlike jare sou duur amptelik op dreef kom (*Daily Sun* 6 Desember 2006:4). As motivering vir die taalbeleid kon die ETB die bevordering en beskerming van taalregte en respek vir tale beklemtoon sodat die VPR “gelykwaardige regeringsdienste” sou kon verseker en Vrystaters hul reg laat toekom “om inligting op alle regeringsvlakke in hulle eie taal: te ontvang” (*Ibid.*). Vanuit die ETB is daarop gehamer dat munisipaliteite aangemoedig moet word om taalbeleid in hul eie dorpe binne die gestelde raamwerk te ontwikkel.

Vanaf 2006 sou regeringsdokumente soos byvoorbeeld die premier se begrotingtoespraak in al vier die Vrystaatse amptelike

tale (Engels, Afrikaans, Suid-Sotho en Xhosa) toeganklik gemaak word en staatsdokumente wat in slegs een taal opgestel was voortaan ’n verklaring by gehad dat dit ook in enige van die vier tale beskikbaar gestel sou word. By openbare vergaderings en op *imbizo*’s moes regeringsvertegenwoordigers deur tolke vergesel word indien hulle die moedertaal van die inwoners van die betrokke streek nie magtig was nie. Onderskrifte by elektroniese voorleggings of Gebaretaal moes gebruik word indien die talesamestelling van gehore dit vereis het. Amptenare is aangemoedig om van die amptelike tale wat hulle nie magtig was nie, te bemeester. Met die publikasie van die VPR se konsepbeleid het *Volksblad* in redaksionele kommentaar gloeiend berig hoe dié aksie deur almal gesteun behoort te word en hoe dit “verreikende en baie positiewe gevolge kan hê” (*Volksblad* 2006:8).

Waarin die ETB baanbrekerswerk verrig het, was in die nastrewe en konsekwente beklemtoning van die vier grootste moedertale in die provinsie. Gebaretaal tesame met Braille wat in grootdruk gebruik sou word, was voordelige toevoegings. Die aanbring van inligtingsborde, aanwysings en naamborde by die VPR in al vier tale het taalsigbaarheid en verbruikersvriendelikheid bevorder.

Die ETB het deurgaans ’n bydrae tot die inisiëring, ontwikkeling en uitvoerbaarheid van ’n taalbeleid vir die Mangaung Munisipaliteit gelewer soos in ’n latere hoofstuk in meer besonderhede behandel word. Veral vanweë die internasionale skakeling en samewerking van die Eenheid met oorsese borge kon veeltaligheid, tolkdienste en Gebaretaal in die Vrystaat gevestig en uitgebou word (Kalp, *Volksblad* 22 Junie 2007:4). Dit was in hierdie jare dat ’n Provinsiale Taalforum vir wye oorlegpleging oor taalkwessies in Oktober 2005 deur die Provinsiale Uitvoerende Komitee (UK) goedgekeur is en waarby die ETB nou betrokke sou wees. Na wye konsultasie is ’n konseptaalbeleid vir die Vrystaat vir kennisname en kommentaar in al 171 provinsiale biblioteke beskikbaar gestel en in die Provinsiale Gazette No. 9 afgekondig. In Februarie 2007 is dit uiteindelik gefinaliseer (Geyser en Msutwana 2007). Du Plessis as direkteur van die ETB was een van die belangrike

eksterne belanghebbendes in die Vrystaat Provinsiale Taalforum. Hiernaas het die ETB deurgaans ook 'n uitsonderlike bydrae tot die inisiëring, ontwikkeling en uitvoerbaarheid van 'n taalbeleid vir die Mangaung Munisipaliteit gelewer.

Du Plessis kon getuig dat hy beïndruk was met die proses wat die regering ten opsigte van die taalbeleid gevolg het maar terselfdertyd het hy 'n waarskuwende stem laat hoor dat beleidstoepassing geen maklike taak sou wees nie. Opsies in die toepassing van die beleid sou deeglik rekening moes hou met die taalpraktyk op grondvlak ten einde 'n werkbare uitvoeringsplan te bedink (Kalp, *Volksblad* 22 Junie 2007:4).

Een van die belangrike dienste wat deur die ETB gelewer in die nege jaar van bestaan was taalkwessie-verslae vir Pansat in gedrukte vorm (vgl. die *SA Taalregte Monitor 2010*). Hierdie verslae is saamgestel uit 'n menigte mediabronne oor 'n wye front wat gestrek het van taalregte en taalhandhawing tot litigasie en taalontwikkeling vir Pansat (hierdie verslae word in 'n latere hoofstuk uiteengesit).

In die land was dit ook die periode van naamverandering en gepaardgaande agitاسie oor veral die behoud van sekere name. Van uitsonderlike belang was die ETB se direkte aanbevelings aan Pansat gegrond op die navorsing vir die Taalregtemonitor. Daardeur kon tred gehou word met taalontwikkeling in die land terwyl 'n reeks openbare vergaderings oor brandende vraagstukke rakende taal veral ten opsigte van enkelmediumskole gereël is. Universiteite se taalingesteldheid is blootgelê, sowel as taal in die hof en in die uitsaaibedryf terwyl aandag op die verhouding tussen taalprobleme en skoolsukses aangespreek is.

Dit was onvermydelik dat universiteite na die demokratisering van die land rekenskap sou moes gee van billike indiënsneming en op welke wyse meer aanstellings uit veral die swart bevolkingsgroepe aandag sou ontvang en bewerkstellig word. Dit het natuurlik ook die ETB geraak en een van die belangrike taakopdragte was om aanduidings te gee van presies hoe die personeelsaamstelling in die ETB lyk en hoe billiker verteenwoordiging bewerkstellig sou word.

Impak teen 2010

Teen 2010 was die ETB inderdaad een van die leidende instellings in Suid-Afrika wat innoverende en ekonomies volhoubare oplossings vir die vestiging van institusionele veeltaligheid in Suid-Afrika kon bied. Die keuring van geskikte gebaretaalkandidate, indiensopleiding, promovering van vertalers en gebaretaaldienste, ’n gedragskode vir vertalers, die organiseer van werkswinkels, aowel as die opstel van ’n handleiding vir amptenare oor die benutting van vertalers en tolke was van die dienste wat die ETB gelewer het. Daar is saam met die opwindende tegnologiese ontwikkeling beweeg deur gebruik te maak van die jongste tegnieke soos die digitale fluister-vertalerstelsel en die infrarooi stelsel vir opleidingskursusse (Venter, *Volksblad* 21 November 2007:10).

Twee stappe vorentoe, een stap terug: die opname van die ETFB binne ’n nuwe taaldepartement (2010-2014)

Dit is ironies dat juis op die kruin van die ETB se bestaan die Eenheid gedurende 2010 by ’n nuwe herstruktureringproses in die Fakulteit betrek sou word wat uiteindelik meebring het dat die Eenheid onafhanklikheid vir ’n tyd lank sou verloor en voortaan as ’n Eenheid binne ’n nuwe departement sou moes voortbestaan. Die herstrukturering waarna hier verwys word, het sigself primêr afgespeel binne DAGT maar die ETB as intieme vennoot van hierdie departement is ook hierby betrek.

Ontbondeling van DAGT: vorming van ’n Departement Taalbestuur en Taalpraktyk

Die herstrukturering van DAGT het in 2009 aktueel geword en is voortgedryf deurdat onderlinge interdisiplinêre spanning binne die Fakulteit ’n groot uitdaging geword het. Twee vrae wat oor die nuwe departementele opset in die Fakulteitskomitee aan die orde gekom het, was die sinvolheid van ’n outonome onderrig- en leerprogram; die bestaan van ’n taalpraktykrigting naas ’n taalstudierigting, en laastens die sinvolheid van bepaalde strukturele reëlings wat akademies as onverdedigbaar beskou is (Herstrukturering van DAGT, 2009: 23). Ten einde die proses

van herstrukturering op dreef te kry, het die dekaan verskeie beraadslagingsessies en 'n uitvoerige konsultasieproses met die betrokke departemente gevoer waartydens drie beginsels vir oorweging voorgelê is: akademiese regverdiging en verdedigbaarheid, navorsingsproduktiwiteit en eenhede gesetel binne departemente.

Die nogal uitvoerige aanbevelings betreffende die hele herstrukturering het onder meer die ontbondeling van DAGT en die herlokalisering van die drie hoofkomponente daarvan binne die Fakulteit behels. Hierdie ontbondeling het meegebring dat 'n nuwe departement, Suid-Afrikaanse Gebaretaal tot stand gekom het om aan hierdie “nisarea” by die UV, wat al groter aandag en voorrang oral in die land begin kry het, groter plek te verleen. Dit het inderdaad aan hierdie belangrike en ontlukende dissipline “die geleentheid gegee om tot volle wasdom te ontwikkel” (UV Unit for Language Management 1 Maart 2010:1).

In konkrete terme het die ontbondeling van DAGT waaroor uitendelik eenstemmigheid bereik is, ingehou dat die bestaande Departement Klassieke Tale en die Afroasiatiese Studie komponent van DAGT onder die nuwe naam die Departement Klassieke en Antieke Studie saamgesmelt het en dat 'n Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal die komponent Gebaretaal in DAGT vervang het. Van besondere belang vir die ETB was die samesmelting van die akademiese afdeling daarvan met die Taalpraktyk-komponent van DAGT onder die nuwe naam van Departement Taalbestuur en Taalpraktyk (dit sou in 2012 verander na Linguistiek en Taalpraktyk) maar ook die huisvestiging van die diensafdeling daarvan by 'n heropgerigte ETFB. Die personeel in die twee voormalige entiteite is oor al die nuwe entiteite heen versprei.

Bepaalde voorwaardes is aan die ontbondeling gekoppel: dit moes binne die bestaande SLE-bedeling deurgevoer word en geen onredelike finansiële uitgawes vir die Fakulteit meebring nie. Geen onmiddellike personeelvermindering sou teweeggebring word nie en die nuwe funksionering sou vanaf die tweede semester van 2010 as nuwe Fakultêre bedryfsentiteite 'n aanvang neem. Dit is as belangrik geag dat die geherstruktureerde departemente en eenheid as afsonderlike

bedryfseenhede bestaan wat noodwendige kantoorverskuiwings tot gevolg sou hê. Die geallokeerde bedryfsbegrotings is ooreenkomstig die herstrukturering herverdeel en die oortuiging het geheers dat die herstrukturering veral akademies verdedigbaar was en navorsing sodoende verhoog kon word.

Op 10 Maart 2010 het Du Plessis 'n toeligtingsdokument op versoek aan die UV se Begrotingskomitee voorgelê om die begrotingsituasie van die heropgerigte Eenheid toe te lig. Hy het sy aanbieding wyd benader en ten aanvang 'n uitvoerige uiteensetting van die ETFB se ontstaan gegee en verduidelik hoe die Eenheid uit die TFP ontwikkel het en na die ETB omgeskakel is. In hierdie stadium moes daar ernstig besin word oor hoe die Eenheid binne akademiese vleuels gehuisves sou kon word. Die heersende denke en standpunt oor eenhede by die dekaan en Fakulteitskomitee was dat hulle binne akademiese departemente tuis behoort en as *diensentiteite* nie apart en onafhanklik behoort te funksioneer nie. Alhoewel daar 'n groot meningsverskil bestaan het oor presies hoe die probleem rakende die ETB opgelos moes word, is die uiteindelijke aanbeveling oor die heroprigting van die ETFB as dienseenheid met vier teen drie stemme deur die Fakulteitskomitee aanvaar (*Ibid.*).

Ter uitvoering van hierdie besluit is Du Plessis getaak om in samewerking met die hoofde van die betrokke komponente van DAGT en Klassieke Tale 'n herstruktureringsvoorstel saam te stel. Sy uitvoerige voorstel hieroor het by die Fakulteitsraadvergadering van 17 Maart 2010 gedien en is ongewysig aanvaar. Die dokument het aanbevelings bevat oor die strukturele ontbondeling van die betrokke akademiese komponente binne DAGT en die herstrukturering van drie nuwe departemente sowel as die ETB. Ook het dit die finansiële implikasies van die hele proses in fyn besonderhede (selfs die personeelimplikasies) uitgespel. Akademiese personeel van die ETB het oorgeskuif na die Departement Taalbestuur en Taalpraktyk (DTT, later DTP) en nie-akademiese personeel van beide die ETB en DAGT betrokke by derdestroominkomstegenerering is binne die (nuwe) ETFB opgeneem. Du Plessis is as hoof van die nuutgestigte DTT aangestel maar sou tegelykertyd Direkteur van die ETFB bly

– weliswaar in ’n waarnemende posisie. Die Universiteitsraad het die herstrukturering op 4 Junie 2010 goedgekeur. Du Plessis se dubbelslagtige aanstelling sou mettertyd ’n bron van ongelukkigheid binne die “huwelik” tussen DTT en die ETFB word soos hieronder sal blyk.

Dit is half ironies dat die Fakulteit uiteindelik die dilemma oor die ETFB opgelos het. Met ingang 1 Julie 2010 het die heropgerigte ETFB nou as Eenheid binne ’n departement, weliswaar die Departement Taalbestuur en Taalpraktyk en vanaf 2012 die Departement Linguistiek en Taalpraktyk funksioneer. Voortaan sou die ETFB hoofsaaklik as die betrokke departement se genereerder van derdestroominkomste ’n rol speel, terwyl onderrigfunksies van die Eenheid met betrekking tot Linguistiek, Taalbestuur en Tolking nou na die Departement oorgedra is. Waar van toepassing, sou die Departement se kundigheid ETFB-personeel by onderrig betrokke maak. Wedersyds sou departementele personeel by die ETFB se kortleerprogramme betrek word. In beginsel is die navorsingsfunksies van die Eenheid ook na die Departement oorgedra maar die ETFB se Beheerraad het gevind dat die Eenheid se personeel nietemin nie aan die lewering van navorsingsuitsette kon ontsnap nie. Projekte soos die SALRM en MIDP is dus steeds vanuit die ETFB bedryf maar uiteraard in noue samewerking met die Departement.

Op 16 Mei aanvaar die Fakulteitsraad die verandering van DTT se naam na die Departement Linguistiek en Taalpraktyk (kyk Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteitsraad, 2012). Ofskoon positief, het hierdie naamverandering aanleiding gegee tot ’n verdere strydpunt binne die nuutgestigte departement.

Ernstige wrywing tussen die persoonlikhede binne die Departement

Met die hersiening van sy kurrrikula deur die loop van 2012 het spanning tussen Du Plessis en lede van die Departement wat betref die posisie van die dissipline Linguistiek begin ontstaan. Tot in daardie stadium was die kursusaanbod in Linguistiek beperk, gegewe die fakulteitsbesluit wat tydens die ontbinding van die destydse DATW in 1998 geneem is dat

Linguistiek deur al die taaldepartemente bedien sal word. Kollegas wat nie kennis gedra het van hierdie besluit nie wou die voorgraadse kursusaanbod in Linguistiek uitbrei, wat strydig met die betrokke besluit sou wees. Na etlike onstuimige vergaderings hieromtrent is ’n minimale aanpassing aan die rol van Linguistiek in die Taalpraktyk se kurrikulum gemaak en is die saak van die herinstelling van ’n volwaardige Linguistiekurrikulum voorlopig hangend gelaat.

’n Volwaardige voorgraadse kurrikulum vir Linguistiek is uiteindelik wel gedurende 2013 onder leiding van Mariana Kriel, in daardie stadium die programbestuurder van Taalpraktyk en die onderrig- en leerbestuurder van die Fakulteit, van stapel gestuur. Volgens ’n e-pos van Kriel (namens Du Plessis) het die insiatief reeds teen die einde van 2012 op dreef gekom toe begin besin is oor oorvleueling wat betref die Linguistiek aanbod (kyk Kriel M. 2013). Teen 9 September 2013 kon Kriel na afloop van ’n reeks vergaderings hieromtrent aan die deelnemende partye ’n bevestiging stuur van die voorlopige kurrikulum waarop hulle ooreengekom het en waarin sy hulle vir hul konstruktiewe deelname bedank het (*Ibid.*). Hierdie reëling is by implikasie ooreenkomstig die 1998-besluit omtrent ATW in oorleg met die taaldepartemente en die programbestuur vir die algemene program in Geesteswetenskappe geneem. Teen 11 Oktober 2013 stuur Kriel ’n konsep-memorandum van ooreenkoms omtrent samewerking tussen die Departement Engels en DLP betreffende die Linguistiek-modules aan die betrokkenes (*Ibid.*). Uit korrespondensie tussen Du Plessis en die departementshoof van Engels op 25 Oktober 2013 het dit geblyk dat dit wat op ’n departementele vergadering van DLP op dieselfde dag besluit is om die memorandum te laat oorstaan tot na afloop van die ondersoek wat toe reeds onderweg was en waaroor hieronder berig word (Du Plessis, 2013).

Du Plessis was nie deel van die betrokke gesprekke nie. Sy afwesigheid het ’n aanduiding begin gee van die spanning wat oor sy rol aan die broei was. Uit ’n skrywe van Du Plessis aan die dekaan kort na die korrespondensie van Kriel, het dit geblyk dat die Linguistiek-kwessie egter ’n bykomstigheid was en dat die werklike bron van spanning te wyte was aan ’n belangebotsing

wat voortgevloei het uit Du Plessis se gelyktydige rol as departementshoof en direkteur van die ETFB. Hy het reageer in 'n skrywe aan die dekaan op 'n klagte wat op 20 September 2013 hieromtrent by laasgenoemde dekaan aanhangig gemaak is in opvolg van 'n oorspronklike klagte wat reeds op 23 September 2012 ook onder sy aandag gebring is en waaraan volgens die betrokkenes geen aandag gegee is nie (kyk Du Plessis, 2013b).

In hierdie tweede klagte het die betrokkenes hul kommer oor Du Plessis se rol herhaal en die wetlikheid van so 'n situasie waar 'n personeellid hoof van twee instellings is, bevraagteken. Hulle het egter ook twee verdere kwessies na vore gebring te wete sy skynbare diskriminasie omtrent promosies en bonusse (swart en vroulike personeel is ondanks Du Plessis se vroeëre ondernemings in hierdie verband geïgnoreer), sy gebrek aan akademiese leiding – veral sy weiering om 'n strategiese beplanningssessie rakende die Departement se pad vorentoe te belê en sy gebrek aan akademiese leiding – volgens hulle veral sy weiering om 'n strategiese beplanningssessie wat betref die Departement se pad vorentoe te organiseer. Ook is die dekaan geblameer vir die feit dat hy nie opgetree het nie. Origens het die outeurs daarop gesinspeel dat gesprekke met Du Plessis oor die kwessies niks opgelewer het nie.

Ondersoek na bestuurkwellinge (“managerial concerns”)

Die ontevredenes se tweede klagte het 'n proses aan die gang wat uitgeloop het op 'n formele ondersoek deur die Universiteit na wat verklaar is as bestuurskwellinge (“managerial concerns”). Die dekaan het die drie betrokkenes in 'n e-pos op 14 Oktober 2013 van hierdie ondersoek verwittig wat deur 'n onafhanklike paneel onder die vaandel van die Direkteur Werknemerverhoudings van Menslike Hulpbronne onderneem sou word. In hierdie stadium is voorsien dat die paneel reeds teen 23 November 2013 'n verslag oor hul ondersoek gereed sou hê. Uiteindelik is eers op 17 Maart 2014 by 'n inligtingssessie van die toenmalige viserektor prof. Driekie Hay terugvoer gegee oor die uitkoms van die betrokke ondersoek. Die verslag self

is as vertroulik geklassifiseer en nie aan die onderskeie partye beskikbaar gestel nie.

By 'n vergadering van die ETFB Beheerraad van 16 Maart 2014 is Du Plessis versoek om sy hoofskap van die Departement Linguistiek en Taalpraktyk (DLTP) op te gee. In reaksie hierop het hy in 'n skrywe van 17 Maart 2014 die dekaan van sy voorneme in kennis gestel om hierdie pos teen die einde van Junie 2014 te ontruim sodat hy daarna weer slegs as hoof van die ETFB kon geer (kyk Du Plessis, 2014b).

In 'n skrywe aan beide die Departement en die ETFB het Hay die inhoud van die terugvoersessie opgesom. Volgens Hay kon geen voldoende getuienis van 'n belangebotsing by Du Plessis gevind word nie. Wel is vasgestel dat daar veel haper aan dissipline en kommunikasie in beide entiteite en dat daar 'n gebrekkige spangees en ongesonde werksomgewing heers. Daar is aanbeveel dat regstellings met betrekking tot beide bevindinge gemaak sou moes word. 'n Eksterne spesialis sou 'n hersiening van die bestaande bestuurstruktuur van die twee entiteite doen. Hay kon ook in haar skrywe noem dat individuele gesprekke op 12 Maart met die drie partye gevoer is waarin hulle oor bevindinge jeens hul optrede in die Departement verwittig is en dat sy op die middag van 17 Maart met die drie vergader het omtrent die pad vorentoe. Sy het ten besluite beklemtoon dat die ondersoek suiwer oor die kwessie van belangebotsing gehandel het en dat die verslag nie op bevindinge omtrent griewe gebaseer was nie. Ten besluit, het sy dit benadruk dat verdere ondersoeke sou volg en dat alle opvolgaksies daarop gerig sou word om 'n bevorderlike werksomgewing te vestig waarin almal werksbevrediging kon ervaar en akademies floreer.

'n Beplande opvolggesprek op 10 April wat Hay geskeduleer het om die proses van die hersiening van die bestuurstruktuur op gang te kry, is gekanselleer met haar onverwagse verwydering as vise-reaktor en oorplasing na die Suid-Kampus (*Volksblad* 2014). 'n Lid van die topbestuur sou die verdere onderhandelinge voortsit.

'n Onverwagse wending en nuwe viserektor

Te midde van die dramatiese verwickelinge rakende die persoon van Hay het twee inisiatiewe van Du Plessis in sy kapasiteit as direkteur van die ETFB verdere “managerial concerns” te berde gebring, die eerste na aanleiding van ’n advertensie van poste vir twee junior lektore in die ETFB (vroeg in April 2014) en die tweede na aanleiding van vyf voorstelle vir kortleerprogramme van die ETFB wat skynbaar sonder die medewete van die Departement by die Fakulteitsraadvergadering van 23 Mei 2014 sou dien. In die eerste geval is kommer uitgespreek dat “interpreting lecturers” gewerf sou word, ’n stap wat uiteraard strydig sou wees met die mandaat van die ETFB. In sy reaksie het die dekaan daarop gewys die bedoeling van die poste sou wees om die status van die bestaande tolke in die Eenheid te verbeter deur hulle as beamptes aan te stel.

In die tweede geval is kommer uitgespreek oor die feit dat kortleerprogramme voor die Fakulteit dien onder die gesamentlike vaandel van die ETFB en die Departement wat nie by ’n vergadering van die Departement bespreek is nie, wat as bewys van belangebotsing gedien het deurdat die Departement se belange ondergeskik aan die van die ETFB gestel is (*Ibid.*). In sy reaksie het die dekaan die kollegas meegedeel dat in opdrag van die nuwe vise-rektor die betrokke agendapunt tot na ’n vergadering met die lid van die topbestuur teruggehou sou word. Op sy beurt het die dekaan kommer uitespreek dat die betrokke kwessie direk na die dekaan en vise-rektor geneem is sonder om daarvoor met die Departementshoof te beraadslaag.

Die beplande vergadering van die 29ste Mei het egter eers die daaropvolgende week gerealiseer. By hierdie geleentheid het ’n lid van die topbestuur met ’n aanbeveling gekom wat betrekking gehad het op Hay se voorsiene eksterne ingreep met betrekking tot die bestuurstruktuur van die Departement en die ETFB waarop tydens ’n inligtingsessie van 17 Maart 2014 ooreengekom is. Die lid van die topbestuur het kortpad geneem en by implikasie laasgenoemde besluit hersien wat sy as ’n hersiening van “managerial concerns” bestempel het en waaruit sy dan ’n stel wydlopende aanbevelings gemaak het. Saamgevat het sy aanbeveel: dat Du Plessis vanaf 1 Junie 2014 weer hoof van

slegs die ETFB word, dat die pos van departementshoof by DLTP onmiddellik geadverteer word en dat die hoofskap vir die interim op hetsy 'n roterende of troika-basis deur die gedoktoreerde personeel van die Departement hanteer sal word. Sy het ook aanbeveel dat die rektoraat 'n taakspan tot stand bring om die Eenheid by te staan om “konfigurasië” te herbedink.

Die Departement sou soos elke akademiese departement vir voorgraadse en nagraadse programme, kort leerprogramme sowel as die navorsingsuitsette in die betrokke areas van spesialisering verantwoordelik wees. Daarenteen sou die Eenheid op navorsing, nagraadse onderrig en kort leerprogramme binne die uitgeklaarde terrein fokus. Reëlings oor die oorpasing van die ETFB se Taaldienste (tolking en vertaling) na die Kantoor van die Registrateur sou deur die Werknemers Verhoudingsafdeling van Menslike Hulpbronne gehanteer word. Enige gesamentlike ondernemings tussen die Departement en die Eenheid moes skriftelik 'n diensvlak ooreenkoms daarstel; hierdie “firewall” tussen die twee entiteite sou deur 'n komitee onder voorsitterskap van die dekaan tot stand gebring en sou uit die hoof van die Departement, die hoof van die Eenheid en twee lede van die Fakulteit se Finansiële Komitee bestaan. Hierdie “firewall” komitee sou vir die realisering van die topbestuur se aanbevelings verantwoordelik wees.

By die bekendmaking van haar aanbevelings in Junie 2014 het die lid van die topbestuur die hoop uitgespreek dat alle partye in staat sou wees om voortaan op hul kern akademiese verantwoordelikhede en hul bydrae tot die toekoms van die UV as 'n navorsingsuniversiteit met 'n uitstekende reputasie in onderrig en geleerdheid, te konsentreer (*ibid.*).

Du Plessis het op hierdie punt besluit om van die hele situasie terug te tree, tydens die tweede semester van 2014 navorsingsverlof te neem en die dekaan te versoek om 'n waarnemende hoof vir die ETFB aan te stel. Hy het prof. Angelique van Niekerk van die Departement Afrikaans en Nederlands, Frans en Duits vir hierdie posisie aanbeveel. Sy is gevolglik vanaf 1 Julie tot 31 Desember 2014 in hierdie hoedanigheid aangestel.

Deel III

In 'n brief aan die dekaan van 30 Junie 2014, sy laaste werksdag voordat hy met verlof sou gaan, skryf Du Plessis dat hy na sy nuwe kantoor by die ETFB verhuis en die meubels meegeneem het waarmee hy in 2010 as hoof van die destydse ETB na die DTT (nou DLTP) verhuis het (Du Plessis aan dekaan, 30 Junie 2014b). Vanaf 1 Julie 2014 was hy amptelik met vakansieverlof danksy die stryd wat oor sy aansoeke om navorsingsverlof ontwikkel het. Hy het met die dekaan ooreengekom dat dit sy oogmerk was om tydens sy vakansieverlof op te vang met navorsingsuitsette en na die realisering van sodanige uitsette sy vakansieverlof terug te eis.

Ofskoon daar onsekerheid bestaan het oor die presiese aard van die nuwe verhouding tussen die DLTP en die ETFB, is die twee entiteite nietemin vanaf 1 Junie 2015 tegnies gesproke van mekaar geskei. Voorlopig sou hulle as losstaande entiteite met hul onderskeie werksaamhede kon voortgaan.

Naas 'n navraag gedurende Oktober 2014 deur Weideman en Du Plessis omtrent die vordering van die aangekondigde taakspan, het die lid van die topbestuur laat weet dat sy gehoop het om teen September 2014 'n verslag gereed te hê, wat egter nie gebeur het nie, maar sy het wel 'n breër vergadering om oor die kwessie te beraadslaag, in die vooruitsig gestel.

Op 3 November 2014 het Van Niekerk as waarnemende departementshoof 'n skrywe van die dekaan gesirkuleer, gedateer 30 Oktober 2014 waarin hy die ETFB-personeel meegedeel het dat in die lig die onafgehandelde verslag die *status quo* vir minstens die eerste semester van 2015 gehandhaaf sou word. Die ETFB moes dus die stormagtige 2014 afsluit sonder hul leier en binne 'n konteks van groot onsekerheid oor die toekomstige verhouding met 'n Departement agter die "fire wall" wat in terme van die Junie 2014 topbestuur se aanbevelings nog tussen die twee entiteite opgerig sou moes word. By terugblik – werksaam as Eenheid binne 'n departement.

Alle nie-akademiese aktiwiteite van die Departement is vanaf 1 Julie 2010 met inkorporering binne die ETFB gehuisves sodat 'n duidelike onderskeid tussen die akademiese en navorsingsmandaat van die Departement en die nie-akademiese mandaat van die Eenheid getrek kon word. In die praktyk het

dit meebring dat relevante nie-akademiese aktiwiteite soos kortkursusse in vertaling en tolking asook die vertaaldiens van die voormalige DAGT, voortaan saam met die Eenheid se kortleerprogramme, tolkdienste en projekte soos die MIDP saam onder een dak by die geherkonstitusioneerde ETFB gehuisves is.

Opsommenderwys het die fokus van die eerste jaarverslae vir 2010 en 2011 op hierdie aktiwiteite geval. Een van die opvallende tendense gedurende dié tydperk was hoe die tolkdienste uitgebrei het. Buiten tolking by UV-vergaderings en ander UV geleenthede is die diens vanaf 2011 ook by koshuisvergaderings en mettertyd ook in klaskamers aangewend. Die topbestuur se verslag oor tolking gedurende 2014 het ’n vergelyking van die omvang van die diens oor ’n tydperk van vier kalenderjare sedert 2011 getref. Van Niekerk kon aantoon hoedat tolking by UV-vergaderings en ander geleenthede oor die tydperk “drasties afgeneem” het. Ook klaskamertolking het nie net aansienlik afgeneem nie, maar ook van aard verander. Met die toevoeging van gebaretaaltolking vanaf 2013 het laasgenoemde proporsioneel begin toeneem. Dit het daarop neergekom dat daar teen 2014 proporsioneel minder in gesproke tale (Afrikaans en Engels) as in SAGT getolk is (kyk *Ibid.*: 5). Ook opvallend was die wegval van tolking by koshuisvergaderings. Die 2013-jaarverslag het byvoorbeeld glad nie meer na hierdie diens verwys nie (kyk ETFB, 2013).

Nog ’n vermeldingswaardige verwikkeling was die toekenning van ’n kontrak aan DLTP in 2011 om die Departement Justisie se Court Interpreter Learnership 2011-2013 aan te bied. Die ETFB het hierdie omvangryke program geadministreer (kyk ETFB, 2010).

Die inhoud van die 2012-jaarverslag het egter op ’n betekenisvolle wending wat die Eenheid se mandaat betref gedui deurdat nie net oor die tot dusver gemelde aktiwiteite verslag gedoen is nie, maar dat ook betrokkenheid by onderrig en navorsing ter sprake gekom het. ’n Verklaring hiervoor was vervat in ’n verslag waar melding gemaak is van ’n ondersoek deur dr. Glen Taylor, Direkteur Navorsingsontwikkeling, na institute, sentrums en eenhede aan die UV. Uit sy ondersoek

het geblyk dat selfs 'n eenheid waarde moet toevoeg tot die instelling se hoofaktiwiteite, te wete onderrig en navorsing. Tot in daardie stadium was die ETFB se mandaat beperk tot dienslewering (tolk- en vertaaldiens) en gemeenskapsdiens (kortleerprogramme, MIDP ensovoorts) een van die direkte gevolge van inkorporering by die Departement in 2010. Enige onderrig en navorsing waarby lede van die ETFB betrokke was, het onder die vaandel van DLTP plaasgevind. Volgens die 2012-jaarverslag was die ETFB as gevolg van die Taylor-aanbevelings nou verplig om navorsing en onderrig as't ware "soos voor 2010" terug te bring (kyk ETFB, 2012: 1). Daarna het die ETFB se jaarverslag weer 'n oorsig oor aktiwiteite op hierdie twee terreine ingesluit en is verslag gedoen oor die personeel se betrokkenheid by onderrig binne die Departement (kyk ETFB, 2012:) en oor navorsingsaktiwiteite, sommige daarvan in samewerking met die Departement, soos byvoorbeeld die derde internasionale MIDP-simposium wat in 2012 in samewerking met die Departement aangebied is en die 19de internasionale kongres van die Names Society of Southern Africa wat gedurende September in Bloemfontein aangebied is (ETFb, 2012: 5). Die betrokke verslag het ten slotte vermeld dat altesaam elf navorsers "aktief" by die ETFB se navorsingsaktiwiteite betrokke was (ETFb, 2012: 11).

Die 2013-verslag vermeld as hoogtepunte die beëindiging van twee projekte, naamlik MIDP V in Philippolis en die Court Interpreter Learnership van die Departement Justisie. Klem is op die voortbrengsels van die MIDP V in die gemeenskap gelê te wete die bekendstelling van die Adam Kok-roete in Philippolis, die ontwikkeling van 'n kortleerprogram in taaltoerisme en die bekendstelling van die *Handleiding vir meertalige tekens. Manual for multilingual signs* (wat later in die hoofstuk oor die MIDP-inisiatief aan die orde kom) en die instelling van 'n meertalige redenaarskompetisie vir skole in die Xhariep-streek, 'n kompetisie wat sedert 2018 onder die vaandel van die Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowe Studies voortgesit is. Wat dienslewering betref, het die verslag berig dat die ETFB die eerste gebaretaaltolk aan die UV gedurende 2013 aangestel het. Hierdie tolk is hoofsaaklik vir die doeleindes van klaskamertolking aangewend. Wat onderrig betref, het

die verslag gemeld dat die ETFB gedurende 2013 DLTP veral ten opsigte van praktiese onderrig ondersteun het en dat die ETFB se navorsingspan weer besonder produktief was. Twee uitgawes van die Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor vir die jare 2008 en 2009 is gedurende 2013 uitgereik (kyk ETFB, 2013). Nog twee belangrike publikasies het in 2013 verskyn. Die eerste, *Law, Language and the Multilingual State. Proceedings of the 12th International Conference of the International Academy of Linguistic Law*, geredigeer deur Claudine Brohy, Theodorus du Plessis, Joseph-G Turi en José Woehrling as die eerste uitgawe in SUN Media se nuwe reeks Conference Proceedings. Die tweede, *Multilingualism for empowerment*, onder redaksie van Pol Cuvelier, Theodorus du Plessis, Michael Meeuwis, Reinhild Vandekerckhove en Vic Webb is as die negende uitgawe van die Van Schaik-reeks, *Studies in Language Policy in South Africa* uitgegee. Gedagtig aan sy betrokkenheid by die Xariep-streek en ter afsluiting van die Provinsie Antwerpen se jarelange betrokkenheid by die Vrystaat het die ETFB in 2013 ’n unieke populistiese publikasie, *Daar is water/There is water* onder die outeurskap van Lut Teck, eggenote van die oorlede Kas Deprez en weldoener van die ETFB by SUN Media uitgegee. Die boek is in die vorm van ’n reisjoernaal bekendgestel.

Dit is betekenisvol dat niks van die spanning en onsekerhede wat oor die ondersoek na sogenaamde “managerial concerns” ontstaan het, in spesifiek die 2014-verslag gereflekteer is nie (kyk ETFB, 2014). Die ETFB se tolk- en vertaaldiens is roetinematig voortgesit, alhoewel daar ’n dalende omset by beide was – soos die afname in die gebruik van die tolkdien (sien bo) reeds aangetoon het. Desnieteenstaande is die Vlaamse Tolklaboratorium gedurende 2014 opgeknep – die tolktoerusting is met die jongste beskikbare tegnologie vervang, die tolkhokkies opgeknep, TV-skerms in die auditorium-gedeelte aangebring en ’n meerdoelige konferensietafel ingebou. Ook is die lokaal rolstoelvriendelik ingerig. Hierdie koste is deur die UV se Afdeling Fisiese Hulpbronne gedra. Soos gewoonlik het die Eenheid weer ’n reeks kortleerprogramme aangebied en daarin geslaag om altesaam agt van hierdie leerprogramme te akkrediteer, ten spyte van die aanvanklike dispuut wat daaroor in die Departement ontstaan het soos reeds hierbo

vermeld. Ofskoon die MIDP V die reeks afgesluit het, het die ETFB 'n aansienlike boekskenking onder die vaandel van hierdie projek aan die provinsiale biblioteek in Philippolis oorhandig. Die meertalige redenaarskompetisie is ook weer suksesvol aangebied. Origen was van die ETFB personeel in 2014 steeds by die onderrigprogram van die Departement betrokke.

Wat boekpublikasies betref, kon die ETFB gedurende 2014 danksy ruim finansiële steun deur die ATKV die negende verslag van die *SA Taalregtemonitor* (vir die jaar 2010) publiseer. In oorleg met die uitgewer SUN Media is die behoefte vasgestel om in opvolg van die jaarlikse Taalregtemonitor 'n reeks vir spesialisuitgawes op die been te bring waarin bepaalde voortspruitende temas in diepte ondersoek word. So het SUN Media se *Taalmonitor*-reeks tot stand gekom onder gedeeltelike redakteurskap van Du Plessis. Die eerste uitgawe in hierdie reeks, *Kaapstad se 'Streetgate'. Politieke maneuvers en die Peter Marais debakel (1999-2002)* met Johan Moll as outeur het in 2014 verskyn. Nog 'n belangwekkende boek wat in 2014 die lig gesien het, was *The Dictionary of Southern African Place Names*, onder redakteurskap van Peter Raper, Lucie Möller (beide navorsingsgenote) en Theo du Plessis deur Jonathan Ball Publishers uitgegee. Dit is die omvattendste pleknaamwoordeboek in Suid-Afrika. Twee ander boeke wat gedurende 2014 verskyn het en waarby 'n ETFB-navorsingsgenoot betrokke was, was *Canons and connections A Network Theory approach to the study of literary systems with specific reference to Afrikaans poetry*. (New Academia, Washington) onder outeurskap van Burgert Senekal sowel as *Surfers van die Tsunami: Navorsing en Inligtingstechnologie binne die Geesteswetenskappe* (SUN Media) met Burgert Senekal en Susan Brokensha as outeurs. Ten spyte van 'n moeilike jaar het die ETFB wat publikasieuitsette betref gedurende 2014 een van die beste jare ooit beleef. Volgens die UV se Research Outputs 2016 het die ETFB gedurende 2014 altesaam 12 geakkrediteerde artikels en 11,42 boeke of kongresverhandelinge gepubliseer. Dit het die ETFB in terme van die betrokke verslag in 2014 14de onder die 15 top publiserende instansies op kampus geplaas en derde binne die Fakulteit wat artikels betref en op kampus derde en in die Fakulteit eerste wat boekpublikasies betref.

Die herkonstituering van die ETFB in assosiasie met ’n taaldepartement (2015–2018)

Die rektorat-taakspan se (onwerkbare) aanbevelings

Teen die begin van 2015 met Du Plessis se terugkeer van verlof na die ETFB was almal dus wagtend op die aanbevelings van ’n taakspan van die rektorat oor die “konfigurasië” van die Eenheid. Die (ongedateerde!) verslag is op 3 April 2015 deur die dekaan aan Du Plessis beskikbaar gestel. Hierin is terugvoer oor die aanbevelings van die betrokke taakspan gegee. Du Plessis het uitvoerig op haar verslag oor die bestek van twee dokumente, beide gedateer 29 April 2015 gereageer.

Opsommenderwys het die taakspan (nieteenstaande die hele geskiedenis van wrywing) aanbeveel dat die ETFB voortaan in terme van UV-beleid as Eenheid in die Departement gesetel sou wees maar dat dit op navorsing sou konsentreer, ofskoon dit nog kortleerprogramme kon aanbied. Ook is aanbeveel dat die Direkteur van die ETFB voortaan aan die departementshoof as lynhoof sou rapporteer.

Presies een jaar na haar aanvanklike aanbevelings omtrent die sogenaamde “managerial concerns” van 3 Junie 2014 rig die betrokke lid van die topbestuur op 2 Junie 2015 ’n skrywe aan die dekaan en die drie betrokke partye waarin sy ’n finale ooreenkoms met betrekking tot die verhouding tussen die DLTP en die ETFB opklaar. Uit haar skrywe blyk dat sy die opklaring saamgestel het na beraadslaging met die dekaan en dat sy indirek reageer het op die kritiek op die taakspan se aanbevelings. Met hierdie skrywe poog sy dus om ’n werkbare bedeling daar te stel ingevolge waarvan die ETFB min of meer outonoom agter ’n “fire wall” sou kon bly funksioneer. Sy stel dit ook duidelik dat die verantwoordelikheid met betrekking tot die funksionering van die betrokke twee entiteite voortaan weer by die Fakulteit sou berus. Die finale “oplossing” het onder meer ingesluit dat

- die ETFB en DLTP en saam binne ’n assosiatiewe verhouding sou bestaan;
- hierdie saambestaan op ’n duidelike dissipline- afbakening (DLTP Taalpraktyk en ETFB Taalbestuur) sou berus;

Deel III

- die akademiese mandaat met betrekking tot voor- en nagraadse opleiding by DLTP gesetel word;
- die ETFB op navorsing, nagraadse opleiding en kortleerprogramme sou konsentreer;
- reëlings met die rektorat se Taaldiens oor die oorplasing van die tolkdienste daarheen, getref sou word;
 - gesamentlike ondernemings op basis van 'n diensvlak-ooreenkoms aangepak sou word.
 - Ten einde te verseker dat hierdie ooreenkoms funksioneer, is 'n oorlegkomitee in die vooruitsig gestel as 'n spreekwoordelike “vuurwering” tussen die twee entiteite. Hierdie komitee sou uit die betrokke twee hoofde en twee lede van die Fakulteit se Finansieskomitee onder voorsitterskap van die dekaan bestaan.

Met hierdie finale oplossing is die ETFB effektief terug by die status voor samesmelting in 2010 geplaas toe dit op eie bene in assosiasie met 'n taaldepartement gefunksioneer het met die een groot verskil dat daar vanaf Junie 2015 nou sprake sou wees van 'n ietwat ongemaklike assosiasie. Dit is ironies dat hiermee deels en waarskynlik onbedoeld die spanning opgelos is wat oor 'n hele aantal jare oor die ETFB se bedrywighede bestaan het deurdat sy 'n duidelike onderskeid tussen die Departement en die ETFB se onderskeie mandate getref het.

Ofskoon die verhouding met DLTP, die ETFB se bure gespanne gebly het, het die finale ingryping wel meegebring dat die twee entiteite in beginsel hul onderskeie werksaamhede ongehinderd sou kon voortsit. Die kruis van haar reëlings het waarskynlik berus by die oprigting van die oorlegkomitee 'n struktuur wat ten spyte van verskeie pogings nooit tot stand gekom het nie. Dit het ongelukkig meegebring dat nie alle aspekte van die ooreenkoms gerealiseer het nie wat daartoe gelei het dat 'n konstruktiewe assosiatiewe verhouding tussen die twee partye nooit plaasgevind het nie.

Mislukking om ’n oorlegkomitee op te rig

Reeds so vroeg as 4 Augustus 2015 het Du Plessis in ’n e-pos melding gemaak van “enkele onnodige krapperighede” tussen die Departement Linguistiek en Taalpraktyk (DTLP) en die ETFB wat kop bly uitsteek het: van die jongstes in die Departement se plan om sonder die inspraak van die ETFB die ATKV Seminaarkomitee te hernoem. Die koperbronsplaat met die ATKV-embleem daarop is ondertussen op geheimsinnige wyse by die betrokke lokaal verwyder. Du Plessis het hom op die reëling betreffende die oprigting van ’n oorlegkomitee om sulke kwessies te hanteer, beroep. Die betrokke dekaan het positief gereageer en op 20 Augustus die betrokkenes in kennis gestel van ’n voorgenome vergadering van wat die “Advisory Committee of the Unit for Language Facilitation and Empowerment” genoem is ten einde hierdie struktuur op die been te bring. Die genooides het twee lede van die Fakulteit se Finansiële komitee (die voorsitter en sekretaris), die direkteur van die ETFB en die troika van DLTP ingesluit. Die vergadering is vir Maandag, 14 September 2015 geskeduleer (kyk Beukes, 2015) maar op 25 Augustus lig Du Plessis die dekaan in dat 14 September op ’n religieuse dag val (Rosj Hasjana of die Joodse Nuwejaar), maar gesien die belangrikheid van die kwessie hy nietemin ’n plan sou probeer maak. Hy het egter die vertroude uitgespreek dat slegs een verteenwoordiger van die troika die vergadering sou bywoon (kyk Du Plessis 2015a). In sy antwoord het die dekaan hom gerusgestel dat alhoewel twee van die troika die vergadering sou bywoon, net een stemgeregtig sou wees. Op 11 September 2015 stuur die dekaan die agenda van die beoogde vergadering aan die betrokkenes met die hernoeming van die ATKV Seminaarkamer as een van die besprekingspunte (*Ibid.*). Op die oggend van 14 September (die vergadering was vir 15:00 geskeduleer) ’n e-pos string aan Du Plessis waarin eersgenoemde die troika versoek het om aan te dui wie watter punt op die vergadering sou hanteer. Hy stuur hierdie e-pos na aanleiding van ’n addisionele punt op die UV se praktyknota oor nepotisme wat die troika tot die agenda toegevoeg het. Tot die onsteltnis van die dekaan het Du Plessis nie die vergadering bygewoon nie (persoonlike mededeling, 4 Augustus 2022). Daar

bestaan geen opvolgkorrespondensie omtrent die aangeleentheid nie. Dus moet 'n mens aflei dat daar waarskynlik besluit is om die oprigting van die oorlegkomitee te laat oorstaan totdat 'n departementshoof vir die DLTP aangestel is. Objektief beoordeel sou 'n mens kon sê Du Plessis het met sy afwesigheid eintlik 'n kans verspeel om 'n aantal kwessies op te klaar, veral wat betref ooreenkomste met betrekking tot onderrig maar ook wat betref die werksverhouding tussen DLTP en die ETFB, 'n kwessie wat vorentoe bly opduik het.

Die eerste teken dat Du Plessis se optrede in September 2015 die onsekerhede omtrent die veel besproke werksverhouding tussen DLTP en die ETFB eintlik net vererger het, het in 'n skrywe van L. die nuut aangestelde departementshoof aan Du Plessis op 21 Julie geblyk. Dit het geblyk dat Menslike Hulpbronne die kontrakvernuwing van Chrisme Loth as navorser by die ETFB aan L. gestuur het en nie aan haar lynhoof Du Plessis nie. In haar e-pos van 21 Julie 2016 aan Du Plessis waarby sy die betrokke kontrak beleefdheidshalwe aanheg, skryf L. dat sy met die dekaan ooreengekom het dat hulle drie moet vergader omtrent die strukture en verpligtinge tussen die Departement en die Eenheid, "which are not clear to me (or him) at the moment". So 'n gesprek het skynbaar nie plaasgevind nie.

In November 2016 verneem personeellede dat hangende 'n ondersoek die dekaan geskors is. Op 23 November 2016 word die Fakulteit meegedeel dat Mili Revera (Kommunikasiekunde) en Robert Peacock (Kriminologie) as dekane sou waarneem.

Op 2 Maart 2017 organiseer Peacock as een van die waarnemende dekane 'n gesprek met Du Plessis en L. na aanleiding van 'n probleem wat oor kantoorryuimtes ontstaan het. Die Departement en die ETFB het die tweede vloer in die Stef Coetsee gebou gedeel eersgenoemde aan die oostekant en laasgenoemde aan die westekant, twee afdelings wat deur vuurwerende houtdeure gemarkeer is. L. wou een van die ETFB se kantore benut. In die vergadering het L. die indruk probeer skep dat die ETFB aan hulle ondergeskik is aangesien dit volgens haar 'n eenheid binne hul departement was. Ook het sy daarop aangedring dat as Du Plessis se lynhoof Du Plessis veronderstel

was om haar opdragte uit te voer. Du Plessis het ter wille van L. die waarnemende dekaan verwys na die 2015 dokument waar sy die assosiatiewe verhouding tussen die Departement en die Eenheid benadruk het. Die uiteinde van die gesprek was dat Peacock onderneem het om 'n eerste vergadering van die oorlegkomitee so gou as moontlik op die been te bring (kyk Peacock, 2017a). Du Plessis stuur die volgende dag aan Peacock en L. die agenda van die mislukte eerste vergadering van 2015, wat volgens hom “weens omstandighede nie gerealiseer het nie” (kyk Du Plessis, 2017). Om een of ander rede het Peacock nie sy plan deurgevoer nie en op 20 April 2017 moes Du Plessis dit onder sy aandag bring dat L. in ander forums volhard met haar siening dat die ETFB binne haar departement gesetel is. Peacock het onderneem dat hy die nodige regstelling hieromtrent sou maak (kyk Peacock 2017a).

Desnieteenstaande het L. met haar siening volhard by die Fakulteitsvergadering van 8 Augustus 2018 waar oor Du Plessis se aanstelling as waarnemende departementshoof by Suid-Afrikaanse Gebaretaal besluit moes word (kyk Lombaard, 2018). By die vergadering daarna is die hele kwessie egter permanent opgelos toe die betrokke komitee goedgekeur het dat die Eenheid en Gebaretaal saamsmelt om die nuwe Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowe Studies te vorm, 'n stap wat later deur die Senaat aanvaar is en waardeur die ETFB effektief as struktuur verdwyn het, 'n verwikkeling wat in die volgende afdeling behandel word.

Ten November 2018 het die betrokke partye ten spyte van verwagtinge nie nader aan mekaar beweeg nie en was daar in die lig van die voorafgaande problematiek geen sprake van 'n konstruktiewe verhouding tussen die twee partye nie. Die aanstelling van 'n departementshoof by DLTP “van buite” het kennelik geen impak gehad nie en ongelukkig nie bygedra tot 'n herstel van die werksverhouding nie. Inteendeel, verhoudinge het in werklikheid net verder versuur. Desnieteenstaande die afwesigheid van 'n gunstiger werksomgewing het die ETFB die beste van die saak probeer maak.

'n Bittersoet afloop: 'n Onverwagse wending: samesmelting van die ETFB en Gebaretaal (2018-)

Die einde vir die ETFB het onverwags gekom en voortgespruit uit die bedanking van Du Plessis die waarnemende hoof van Suid-Afrikaanse Gebaretaal in Junie 2018 (kyk Hudson, 2018a). Die dekaan het Du Plessis genader om as hoof waar te neem. Dit het aanleiding gegee tot 'n proses wat tot gevolg gehad het Du Plessis se aanstelling as hoof tot aan die einde van sy termyn as permanente personeellid in 2020 waardeur die gedagte ontstaan het om die ETFB en Gebaretaal saam te smelt. Die einde van die ETFB en eintlik van 'n era, is dus in twee stappe voltrek.

Die eerste stap: Du Plessis hoof by Gebaretaal

Gebaretaal is op 16 Junie 2018 weens Susan Lombaard se bedanking ingelig dat Du Plessis voorlopig (aanvanklik vir ses weke) as hoof sou waarneem (kyk Hudson, 2018a). Ondertussen is die pos van departementshoof gedurende Mei 2018 geadverteer (kyk Vermeerbergen, 2018) in 'n poging om 'n gedoktoreerde kandidaat vir die posisie te lok, 'n kwalifikasie waarvoor Lombaard nie beskik het nie en wat nodig was om status aan die posisie te verleen. Die kortlysvergadering vir hierdie geadverteerde pos het op 5 Julie 2018 plaasgevind (kyk Eiman, 2018). Omdat 'n geskikte kandidaat nie aansoek gedoen het nie, is besluit om Du Plessis se waarnemende periode tot 31 Desember 2018 te verleng. Die Senior Direkteur: Menslike Hulpbronne het egter die dekaan daarop gewys dat sodanige verlenging nie sonder die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee van die Senaat (UKS) gedoen kon word nie (Van Jaarsveld, 2018a). Ondertussen het die dekaan besluit om eerder die UKS te nader om Du Plessis vir sy volle termyn aan te stel en gevolglik is die Fakulteitskomitee op 'n vergadering van 8 Augustus 2018 versoek om goedkeuring te verleen dat Du Plessis as waarnemende departementshoof vir die tydperk van 15 Junie tot 31 Desember 2020 aangestel word (kyk FCH, 2018). In haar terugvoer oor die vergadering kon die dekaan berig dat haar versoek met 'n meerderheidstem goedgekeur is en dat dit by die eersvolgende UKS-vergadering op Maandag, 13 Augustus hanteer sou word. Sy kon ook noem dat sy by hierdie geleentheid sommer die water wat betref 'n

moontlike samesmelting van Gebaretaal en die ETFB sou toets. Die Senaat het die aanstelling goedgekeur met dien verstande dat Du Plessis as hoof en nie in 'n waarnemende posisie nie, aangestel word (kyk Van Jaarsveld, 2018b). Du Plessis se termyn as permanente personeellid het teen die einde van 2020 verstryk waarna hy op die goeie ouderdom van 65 gepensioneerd is.

Dit is ironies dat Du Plessis hierna steeds sy pos as direkteur van die ETFB behou het en dus weer 'n dubbele hoofskap- aanstelling gehad het. Aangesien die dekaan bewus was van die hele geskiedenis betreffende hierdie kwessie is na beraadslaging tussen haar en Du Plessis met die voorsitter van die Fakulteit se Finansieskomitee besluit om met 'n voorstel te kom om die Departement onmiddellik te herstruktureer en die ETFB daarin op te neem. Die implikasie hiervan was dat die ETFB as Eenheid ontbind om sodoende 'n “skoon” struktuur vir die te stigte departement teweeg te bring met dien verstande dat van die Eenheid se projekte voortgesit word.

Die tweede stap: oprigting van 'n nuwe Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowe Studies

Met Du Plessis se aanstelling as volwaardige hoof van Gebaretaal afgehandel, kon voortgegaan word met die volgende stap om die samesmelting van die ETFB en Gebaretaal binne 'n nuwe departement te bewerkstellig. Du Plessis se voorstel hieromtrent het by die Fakulteitskomitee se vergadering van 20 September 2018 gedien (kyk FCH, 2018).

Du Plessis het sy voorstel op die historiese verbintenisse tussen die ETFB en Gebaretaal en op die bestaande samewerking wat reeds tussen die twee bestaan het, gegrond. Onder die voordele van samesmelting lig hy uit die versterking deur die ETFB van die navorsingsuitsette van Gebaretaal (wat tegnies gesproke niksseggend was) en van die betrokke departement se nagraadse program. Terselfdertyd het dit die geleentheid gebied vir personeel van die ETFB om weer by onderrig, ook op voorgraadse vlak, betrokke te raak. Een van die meer drastiese implikasies van samesmelting waarop hy kon wys, was dat die ETFB as afsonderlike struktuur ophou bestaan en dus sou verdwyn (kyk Du Plessis, 2018b).

Deel III

Na goedkeuring deur die Fakulteitskomitee is die herstrukturering op 16 Oktober 2018 finaal deur die Senaat goedgekeur. Die Senaatsbesluit was as volg:

The restructuring of the Department of South African Sign Language and the Unit for Language Facilitation and Empowerment to form the Department of South African Sign Language and Deaf Studies, was approved.

Dit is opvallend dat die term “herstrukturering” gebruik is. Tegnies gesproke was dit die gepaste term aangesien beide afdelings geherstruktoreer is. Die resultaat hiervan was sigbaar in die tweeledige naam van die nuwe departement wat op die huisvestiging van twee dissiplinêre komponente, te wete Gebaretaal en Dowe Studies, gedui het. Hierdie drastiese skuif het meegebring dat die akademiese personeel van die ETFB in hierdie nuwe departement binne laasgenoemde komponent opgeneem is en dat hulle noodgedwonge byskoling moes doen om in staat te kon wees om die rigting dowe studies as dissipline te vestig. Personeel van die voormalige Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal sou voortaan op die dissipline Gebaretaal konsentreer. Hulle moes ook fisies na die Stef Coetzee-gebou verhuis en by die ETFB op die eerste verdieping van hierdie gebou aansluit (Lombaard, 2021). Hierdie proses het vlot verloop en die nuwe departement is besonder goed in die westelike vleuel van die gebou ingerig. Ook die proses van die opname van ETFB-personeel binne die nuwe departement het vlot verloop en die kollegas het baie vinnig by hul nuwe werksomgewing aangepas. Ironies genoeg, was altesaam vyf van die sewe nuwe lede van die departement, oud-EFTB-lede!

Ook die ETFB se dertigtal (!) aktiewe navorsingsgenote het na die nuwe departement oorgeskuif. Hieroor het later spanning ontstaan toe uit sommige geledere van die Fakulteit beswaar gemaak is oor die feit dat die betrokkenes nie spesialiste op die terreine van die nuwe departement was nie. Met die dekaan is toe op ’n tweeledige hantering van die kwessie ooreengekom: vanaf 2019 sou nuwe genote wat spesialiste in die nuwe departement se twee dissiplines was gewerf word, terwyl oor die posisie van bestaande navorsingene by die hernuwing van

hul driejarige kontrakte besluit sou word (kyk Hudson, 2018). Eersgenoemde het wel gebeur. Na verdere bespreking is besluit dat dit aan die navorsingsgenote oorgelaat sou word om te besluit na watter departement hulle sou wou skuif indien hulle nie bereid sou wees om ook op die werksterreine van die nuwe departement te publiseer nie en dat dan met die aangewese departementshoof afsprake vir die hernuwing van hul kontrakte germaak sou word. Die betrokke hoofde het hiertoe ingestem (Kyk *Ibid.*). Van die betrokkenes het òf hul kontrakte nie hernu nie òf inderdaad na nuwe akademiese tuistes oorgeskuif. Teen Januarie 2022 was daar 14 navorsingeneote by die nuwe departement aangestel, nege hiervan historiese genote van die ETFB en vyf nuwe genote.

Een van die aanduidings dat die ETFB in die periode 2015–2018 ook finansiëel goed presteer het, was merkbaar in die surplusfondse. Volgens die staat van langtermynbeleggings het die Eenheid se langtermynbelegging teen 31 Desember 2018 gegroei tot R4,263,653 (markwaarde R5,131,881) (kyk Joubert, 2019); dit was benewens die R559,562 saldo op die ETFB se korttermynbelegging (De Lange 2018). Hierdie beleggings is opgerig uit die ETFB se sogenaamde derdestroom inkomstebronne (kyk Du Plessis, 2020a).

Met die oprigting van hierdie nuwe departement het die ETFB fisies as struktuur binne die Fakulteit verdwyn en is die einde van ’n era bereik.

Die Sign Language Innovation and Entrepreneurial Research Project (*Slierp*)

Die konkrete nalatenskap van die ETFB binne Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowe Studies

Een van die oorblywende uitdagings wat na die samesmelting en ontbinding van die twee vorige strukture, dus ook van die ETFB, die hoof gebied moes word, was wat om met die ETFB se projekte te doen. ’n Oplossing was nie onmiddellik duidelik nie.

Nadat lede van die nuwe departement ’n tyd lank met hierdie kwessie geworstel het, is uiteindelik op ’n departementele vergadering van 3 April 2020 besluit op die

oprigting van 'n departementele projek. Dit sou alle innoverende en entrepreneuriese projekte van beide die vorige twee strukture huisves en sou hierdie aktiwiteite in die beste belang van die nuwe departement bly voortsit. 'n Nuwe akroniem, *Slierp*, is as naam vir die projek bedink. Die akroniem staan vir Sign Langugae Innovation and Entepreneurial Research Project (SASL&DS, 2020). Kollegas wat reeds by sodanige projekte betrokke was, kon hul self nomineer om op die *Slierp*-komitee te dien (kyk Du Plessis, 2020a).

Du Plessis moes nou 'n voorlegging omtrent die voorgenome projek voorberei wat hy onder die belangstellende kollegas vir kommentaar gesirkuleer het. Die dokument is op die eerste vergadering van die *Slierp*-komitee van 30 Julie vir voorlegging aan die dekaan goedgekeur (kyk Du Plessis, 2020b). Hierdie dokument skets die agtergrond tot die totstandkoming van *Slierp*, motiveer die noodsaak aan die oprigting van so 'n projek binne die nuwe departement en verstrek die komitee se redes waarom hulle van mening is dat *Slierp* die nodige oplossing bied om beide die ETFB en die vroeëre departement se innoverende en entrepreneuriese projekte in belang van die nuwe departement voort te sit.

Skynbaar het Du Plessis reeds voor hierdie vergadering 'n eerste konsep-dokument aan die dekaan gestuur soos blyk uit sy skrywe aan haar van 7 Augustus 2020 waarin hy 'n hersiene weergawe van die *Slierp*-dokument aan haar besorg. Op 23 Augustus skryf sy terug dat sy die voorlegging 'n omvattende en welbedagte dokument vind maar versoek dat duideliker uitgespel word wie vir die aftekening op uitgawes verantwoordelik is (Kyk Du Plessis klaar hierdie kwessie op deur gepaste wysiginge aan die vorige dokument wat hy in 'n verdere e-pos aan die dekaan van 3 September toelig (kyk Du Plessis, 2020c) en waarby hy die finale *Slierp*-dokument insluit (kyk Du Plessis, 2020d).

Die strategie wat uiteindelik gevolg is om die ETFB-projekte te behou, was om hulle te herfokus sodat dit sin sou maak waarom hulle onder die vaandel van die nuwe departement behoue kon bly en selfs voortgesit word.

Ofskoon die ETFB fisies nie meer as struktuur binne die Fakulteit bestaan het nie, kon daar wel deur middel van die

Slierp-inisiatief daarin geslaag word om die nalatenskap van die Eenheid binne die nuwe departement te behou.

Miskien was die bydrae wat die ETFB tot tolking gelewer het, een van die Eenheid se grootste prestasies. Dit sluit in nie net die bydrae tot die tolkprofessie in Suid-Afrika, nie maar ook die vestiging van die akademiese dissipline – Tolking – op universiteitsvlak.

Nes die begrip vertaling, verwys die begrip tolking na beide die handeling en dissipline (studierigting) tolking. Normaalweg word twee tolkmodusse onderskei, naamlik konsekatiewe tolking (tolking met intervalle nadat 'n spreker frases van wisselende duur geuit het) en simultane tolking (tolking gelyklopend met die uiting van die spreker). Alhoewel tolke se reaksietyd en volgfstand na gelang van omstandighede kon wissel, het dit ooreengekom met minstens een betekenisvolle “eenheid” genoem die maksimale volgfstand (“maximum startup distance”). Simultane of gelyklopende tolking is en word met moderne apparatuur (meestal) vanuit tolkkabines gedoen of soms ook tydens 'n byeenkoms deur gesofistikeerde elektroniese apparaat (mikrofoon en aanknipluisterapparaat) deur middel van sogenaamde fluistertolking aangebied. Konsekatiewe tolking kan sonder apparatuur aangebied word maar meestal word ook van 'n mikrofoon en luidsprekers of selfs gehoorstukke gebruik gemaak.

Die belang vanTolking

In 'n belangrike 1997-publikasie met die titel *Onderweg na vertaal- en tolkopleiding in Suid-Afrika* (waaraan die titel van die volgende afdeling ontleen is), waarvan hy as redakteur opgetree het, het Du Plessis in sy eie hoofstuk oor “Interpreting in South Africa” daarop gewys dat die aard van dié beroep in daardie stadium nog mank gegaan het aan duidelike afbakening en omlýning en die vasstelling daarvan nog aan kontinue verandering onderworpe was. Daar was in hierdie beginstadium nog 'n wêreldwye gebrek aan omvattende dokumentering sodat die bestaande literatuur daarvoor uiters beperk was. Mistastings oor die vereiste vaardighede waarvoor tolke moet beskik onder die algemene publiek was groot, soos byvoorbeeld die foutiewe

opvatting dat enige twee- of meertalige persoon outomaties in staat is om te kan tolk en dit terwyl ander vaardighede en tegnieke belangrike vereistes vir suksesvolle tolking is. Hy het ook die verskil tussen 'n vertaler en tolk uitgewys soos dat tolke nie noodwendig in staat is om te vertaal nie en andersom (kyk Kruger, 1994).

Die feit dat die Grondwet veeltaligheid (soos beliggaam in die die beginsels waarop Pansat geskoei is) op alle regeringsvlakke aangemoedig het, het 'n ondersteunende en onderskragende omgewing vir die ontwikkeling van die tolkberoep geskep.

Dit was hoofsaaklik as gevolg van die land se politieke geskiedenis dat baie min moedertaal Afrikaanse en Engelse sprekers enige van die Afrika tale geken of gepraat het.

Aangevuur deur sy wyer visie en grondige logika het Du Plessis veral voorbrand gemaak vir die sentralisering van konferensietolking in die land by een of twee instellings om daardeur koste te bespaar (*Ibid.* 8) grootliks as gevolg van die noodsaak aan gesofistikeerde elektroniese opleidingsapparatuur. Laasgenoemde het veral betrekking op simultane tolking (ook genoem konferensietolking) gehad. Ander vorme van tolking, soos hof- en gemeenskapstolking (waar meestal konsekatief getolk word) was veel kleiner in omvang en kon op streeksvlak voorsien word wat ook die doeltreffende gebruik van streeksaalkombinasies sou bevorder.

Die aanloop tot die instelling van Tolking (as diens en as dissipline) aan die UV kan teruggevoer word na Du Plessis se bewuswording van die belangrikheid van vertaling en tolking binne 'n meertalige samelewing tydens van sy oorsese besoeke aan België waar hy onder meer kennis met tolke van die Europese Kommissie en gaandeweg 'n goeie kennis en ervaring van tolking opgedoen het. Dit sou hom in staat stel om een van die belangrikste bydraes wat die ETFB vir die UV en die hele land sou oplewer, naamlik die inrig van die eerste volledige universitêre tolkopleidingsprogram in Suid-Afrika, te inisier en met groot sukses deur te voer. Onlosmaakbaar hieraan verbonde was die oprigting van die tolkdienst tydens die verhore van die WVK asook die oprigting van 'n tolkdienst vir die Vrystaatse

Wetgewer sowel op plaaslike regeringsvlak by drie groot Vrystaatse munisipaliteite en uiteindelik ook aan die UV self. Kortliks, die TFP het essensieel ontstaan as ’n tolkingsprogram.

Tolking by die Vrystaatse Wetgewer (1994-1998)

Die jaar 1994 was ook vir die Vrystaat oor die algemeen ’n betekenisvolle jaar toe ’n nuwe regering en Provinsiale Wetgewer oorgeneem het. Gelukkig kon Du Plessis met die steun van die taalsensitiewe premier ccMosiouwa Lekota, en op aandrang van die Afrikaanssprekende verteenwoordigers in die Wetgewer, dit bewerkstellig dat die ETFB vanuit die staanspoor deur die Wetgewer genader is rakende ’n volwaardige tolkdienst binne die Wetgewer. Du Plessis het hierdie geleentheid met beide hande aangegryp (Du Plessis en Wiegand, 1996. Report on interpreting).

Deur die steun en kundigheid van die TFP kon die Vrystaatse Wetgewer bykans vanaf die ontstaan daarvan as een van Suid-Afrika se nege provinsiale wetgewers in Mei 1994 ’n leidende rol in taaldienste en -fasiliteite speel (Tolking Projekvoorstel, 5 Oktober 1995). Die TFP het met die hulp van taalpraktisyns uit verskeie provinsiale staatsdepartemente en ’n Johannesburgse gebaseerde private maatskappy, Conference Communications, vanaf die heel eerste sitting van die Wetgewer ’n simultane tolkdienst in Suid-Sotho, Tswana, Xhosa en Zoeloe asook Afrikaans en Engels gelewer.

Danksy suksesvolle lobbiewerk deur die TFP en die simpatieke ingesteldheid van die premier was die Vrystaatse Wetgewer in werklikheid die eerste in Suid-Afrika om konkrete stappe te doen vir die implementering van die bepalings van Artikel 3 van die 1993-Grondwet asook van die ideale van die regering se Reconstruction and Development Programme (RDP) op die mees praktiese en akkommoderende wyse (vgl. RDP, par. 3.4.3.7 en 3.4.10); veral om ideale met betrekking tot die gebruik en opheffing van die histories agtergeblewe ampstale te verwesenlik.

Danksy ’n ruim skenking van die Vlaamse Regering in 1995 binne die kader van die heronderhandelde Jitti-projek en ooreenkomstig die samewerkingsooreenkoms hierbo vermeld,

was die Vrystaatse Wetgewer ook die eerste provinsiale wetgewer wat nuwe tolkapparatuur (voorsiening vir vier kanale) en tolkkabines geïnstalleer het om 'n simultane tolkdien aan al destydse 31 lede te lewer en op beperkte skaal ook aan die publiek wat verrigtinge bygewoon het. Die strewe was om 'n omvattende tolkdien beskikbaar te stel in en vanuit die drie amptelike tale van die Wetgewer, te wete Suid-Sotho, Afrikaans en Engels, en ook bykomend vir die ander streektale, dit is Tswana, Xhosa en Zoeloe, voorsiening te maak. Die voorneme het berus op 'n voortgesette opleidingsprogram aan tolke om die tolkdien tydens die sittings van die Wetgewer te kan lewer. Die TFP het hierdie diens vir die Vrystaatse Wetgewer op konsultasiegrondslag gekoördineer. Alhoewel die meerderheid aanvanklik dienende tolke in diens van die Vrystaatse Regering was, is vryskuttolke ook mettertyd in diens geneem en deur die Wetgewer vergoed (*Ibid.*).

Gedurende 1996 is die tolkdien aan die Wetgewer uitgebrei na 'n tweede komiteekamer wat meegebring het dat meer as die vorige jaar by die Wetgewer getolk kon word. Die tolkfasiliteite is gemiddeld 10,58 keer per maand gebruik. Indien in aanmerking geneem word dat daar 20 werksdae in 'n maand voorkom, het die gebruiksfrekwensie op 52,90% (teen Mei 62,85%) te staan gekom. Die tolkfasiliteite van die Wetgewer is dus goed benut, ofskoon daar na die einde van die jaar 'n afname voorgekom het. Dit het waarskynlik verband gehou met 'n natuurlike afname in parlementêre bedrywighede soos die jaar gevorder het asook die magstryd wat reeds in hierdie tyd onder ANC-ledes in die Vrystaat begin woed het en die politieke aandag afgelei het (*Ibid.*).

Gedurende September 1996 is 'n mobiele tolkdien in gebruik geneem wat saamgeval het met openbare verhore wat die Vrystaatse Wetgewer in die platteland rakende die sogenaamde Inisiasieritueel gehou het. Dit is 'n tradisionele Afrika ritueel waardeur adollesente as volwassenes "ingelyf" word. Deurdat die verhore deurgaans volledig in Suid-Sotho plaasgevind het, was 'n ter plaatse tolkdien onmisbaar, vandaar dat met 'n verdere skenking van die Vlaamse Regering 'n mobiele tolkdien ingerig is. Dit het bestaan uit mobiele tolkkabines

plus 'n addisionele mobiele eenheid volledig toegerus met tolkmikrofone, seinkaatsers, 'n kontrolestelsel en roterende mikrofone en gehoorstukke vir gebruik deur die publiek. Verdere gebruiksmoontlikhede is op deurlopende vlak in samewerking met die Wetgewer beplan.

Binne 'n kort bestek en danksy die Vlaamse toetrede kon die ETFB daarin slaag om 'n tolkstelsel in die Vierde Raadsaal te installeer, 'n tolkspan op te lei en 'n volledige tolkdienst aan die Vrystaatse Wetgewer te lewer. Deurlopende opleiding is op 'n deelytdse grondslag aangebied. Uiteindelik het die tolkdienst voldoende fondse genereer om die ETFB se al groter wordende projekte te finansier (Du Plessis en Wiegand, 1996). Hierbenewens sou die bekendheid wat die TFP met hierdie diens verwerf het, uiteindelik aanleiding gee tot ander uitdagings wat hulle sou voordoer en nuwe deure wat sou open.

Die tolkdienst vir die Waarheid en Versoening Kommissie (1996-1998)

Nie net het die TFP waardevolle ervaring opgedoen met die tolkdienst wat by die Vrystaatse Wetgewer gevestig is nie, ook die nuus hieromtrent het vinnig deur die land versprei. Vanweë sy vroeëre verbintenis met Idasa en deur bemiddeling van veral Alex Borain en Wynand Malan is Du Plessis vroeg in 1996 deur Fazel Randera van die WVK genader oor moontlike hulp met die tolking van die WVK se verhore. Hierdie toenadering kan veral toegeskryf word aan die goeie rekord van die tolkdienst wat die Eenheid toe reeds aan die Vrystaatse Wetgewer gelewer het.

'n Unieke tolkuitdaging

In die omskrywing van die werksaamhede van die WVK word twee belangrike taalbepalings neergelê, naamlik dat alle slagoffers gelyke behandeling sonder diskriminasie van enige aard moes ontvang, en tweedens dat toepaslike maatreëls ingestel moes word om slagoffers in staat te stel om in die taal van hul keuse te kommunikeer (Du Plessis & Wiegand, 1996. Report on interpreting). Dit was dus vanuit die staanspoor duidelik dat die WVK 'n tolkdienst sou moes instel – die TFP was een van die moontlike agente. Ten einde aan die bepaling

te voldoen dat dit die reg van verontregtes en diegene wat vir amnestie aansoek doen is “om in hulle *eie* taal die verloop van die werksaamhede en prosedures te volg” was die WVK verplig om ’n veeltalige tolkdienst sowel as ’n behoorlike infrastruktuur vir tolking daar te stel. Hierop het die WVK die TFP vroeg in 1996 oor die kwessie van ’n tolkdienst genader (Du Plessis & Wiegand, 1996. Report on interpreting).

Op 9 April 1996 het Du Plessis ’n volledige kwotasie vir tolkdienste deur die TFP vir die duur van die WVK-verhore aan die WVK gelewer (Du Plessis aan Van Zyl, WVK. 1996). Dit het die keuring, opleiding, geskatte salaris en toerusting vir tolke ingesluit. As alternatief is vir ’n volledige diens deur die TFP gekwoteer wat Du Plessis egter nie aanbeveel het nie omdat dit soveel duurder sou wees. Die eerste kwotasie was vir ’n minimum opset met kwotasies vir keuses wat die WVK na wense kon verander. Die oorspronlike kwotasies is in Belgiese frank gegee tesame met ’n geskatte raming in rand omdat die finansiering van die stelsel direk aan Televic in België oorbetaal sou word. Die voordeel daarvan was dat geen Suid-Afrikaanse tussengangerdekking vir die wisselkoers-risiko verkry moes word nie.

In hierdie stadium was dit nog nie ’n uitgemaakte saak of ’n opeenvolgende of gelyktydige diens verkieslik sou wees nie. In terme van tydskoste was die advies vanuit TFP-geledere dat ’n gelyktydige (simultane) diens meer geskik en waardevoller sou wees. Gedurende die WVK se vier vooraf verhore (15 tot 18 April 1996 in Oos-Londen, 24 tot 26 April 1996 in Kaapstad, 29 April tot 3 Mei in Johannesburg, en 7 tot 10 Mei in Durban) het die TFP verskeie voorstelle ingedien oor hoe gelyktydige tolking suksesvol ingestel kon word. Dit sou in samewerking met die Vlaamse maatskappy Televic gedoen word omdat die Vlaamse Regering hierdie bedryf gesteun en reeds die TFP befonds het.

Du Plessis het die belangrikheid van ’n vinnige besluit beklemtoon aangesien van die toerusting spesiaal vervaardig sou moes word en die normale afleweringdatum tussen agt en 12 weke was (Du Plessis aan Randera, F., 9 April 1996). En daar was veel wat uitgeklaar moes word omdat ’n oorsese maatskappy betrokke was. In ’n brief deur Tim Sinnaeve aan

die WVK wat aan die Kontroleur van Doeane en Aksyns by die Jan Smuts Lughawe, wat aan die JBM Hertzog Lughawe buite Bloemfontein beskikbaar gemaak is, is attent gemaak op die aankoms van die tolkstelsel vanaf België vir die WVK-verhore (Sinnaeve aan Kontroleur van Doeane en Aksyns), 9 April 1996). Sinnaeve het besonderhede verstrek van die vlugnommer en goederenommers van die simultane tolkstelsel. Hierdie aflewering was bestem vir die eerste sitting van die WVK in Oos-Londen op 15 April 1996 en die deurgang is as spoedeisend gemerk want die tolkkabines moes voor 15 April (dit is voor die aanvangsverhoor) reeds opgestel word. Na deeglike besinning en “a limited tendering process” (TRC, 1998: 299) is uiteindelik deur die WVK besluit dat die TFP die WVK in die opleiding én aanstelling van tolke asook die bestuur van die diens moet bystaan. Aanvanklik is besluit die werwing en aanstelling van tolke sou by die WVK self berus, maar na deeglike beraadslaging is besluit dat alle aspekte van die tolkdien aan agentskappe buite die WVK uitgekonnekteer sou word. Dit het gelei tot die ooreenkoms wat in Junie 1996 tussen die WVK en die TFP bereik is en op 1 Julie 1996 in werking getree het.

Die tolkoorenkoms

Dit is insiggewend om kortliks te let op die bepalings van die tolkoorenkoms wat gesluit is. Die gestelde oogmerk van die TFP in terme van die ooreenkoms was om ’n simultane tolkdien aan die WVK in die amptelike tale van Suid-Afrika te voorsien. Van die verdere bepalings het onder meer ingesluit dat die UV (deur die TFP) tolke sou aanstel om tolkdienste in die amptelike tale van Suid-Afrika vir die tydperk van die WVK se verloop en handelinge, insluitende die amnestieverhore, te lewer (Interpreting Agreement: December 1997 July 1998). ’n Getal van agt tolke is gespesifiseer. Indien bykomende tolke nodig sou word, sou die WVK die UV teen ’n tarief van R1 000 per dag vir elke bykomende tolk vergoed. Met betrekking tot tegniese toerusting en tegniese personeel om tolktoerusting, klank, media-terugvoer en opnames tydens die verhore te hanteer, het die TFP met ’n private Johannesburgse maatskappy, Giant Video Screens onderhandel. Verblyf en reisuittawes moes

noukeurig gestipuleer word. Van die UV se kant is onderneem om 'n bedrewe, vakkundige en professionele diensgehalte tot bevrediging van die WVK te lewer. Die WVK moes 'n vooraf geskrewe skedule van byeenkomste beskikbaar stel sodat die TFP die nodige beplanning kon doen. Die tolke moes 'n eed van vertroulikheid aflê in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, 1995 (Wet no. 34 van 1995).

Mobiele tolkeenhede

Met die inligting tot die Eenheid se beskikking is besluit om by die WVK aan te beveel dat 'n aantal mobiele tolkeenhede (soos die waarmee in Oos-Londen afgeskop is) aangeskaf en 'n span tolke gewerf en opgelei word. Met die aanvang van gelyklopende verhore vanaf 1 Julie 1996 het die WVK na aanleiding van dié advies altesaam ses mobiele tolkeenhede van Televic aangekoop en die TFP gekontrakteer om minstens 20 tolke te werf en op te lei.

Teen 1997 was daar 15 tolke in diens van die TFP terwyl daar van 15 verdere tolke op vryskut grondslag gebruik gemaak is. Die WVK was aanspreeklik vir hul vergoeding sowel as vir hul reis- en verblyfkooste (Du Plessis & Wiegand, 1996. Report on interpreting). Teen 2000 het die Eenheid 17 voltydse en 52 vryskuttolke in diens gehad. Die oorwig tolke was swart met enkele bruin en wit kollegas, waarmee terselfdertyd belangrike werksgeleenthede geskep is. Dit was hierdie span se onbenydenswaardige taak om die roerende en dikwels ontstellende getuienis wat by die WVK-verhore gelewer is, wyer verstaanbaar te maak

Keuring en opleiding

Die TFP het meer as 90 applikante vir die tolkposisies ontvang waaruit 45 kandidate geselekteer is. Aanvanklike kandidate is op basis van kriteria soos tersiêre onderrig, ouderdom en taalkombinasies, vir onderhoude genooi (*Ibid.*:17ev.). Hierdie onderhoude is volgens die profielvereistes en eienskappe vir 'n tolk gestruktureer. Kriteria wat ter sprake gekom het, het taalvaardigheid in verskillende taalkombinasies ingesluit,

kennis van agtergrond inligting en insig in heersende kwessies (sake van die dag), vermoë om druk en kontroversiële kwessies te hanteer, sowel as stemgehalte en persoonlikheid.

Na die onderhoude is ’n kortlys van 24 kandidate saamgestel vir ’n tweedaagse seleksieproses by die UV se Vlaamse Tolksentrum. Hier is veral gekonsentreer op hul potensiële tolkaanleg (“aptitude”). Die geselekteerdes het daarna ’n oriënteringsproses ondergaan en op 1 Julie 1996 met tolking begin. Onder Du Plessis se leiding het die TFP uiteindelik ’n span van 35 tolke byeengebring van wie 20 deur die TFP opgelei is om die tolkdienst vir die WVK in al die amptelike tale van Suid-Afrika te lewer. So is die deelnemers aan die WVK-verhore in staat gestel om in hul eie tale getuie af te lê. Die tolke is deurlopend in ontledende besprekings na afloop van tolksessies herevalueer.

Daar was selfs groter winste uit hierdie tolkdienst te haal, want teen 2000 met die voltooiing van die WVK se taak was die ETFB reeds grondig gevestig as die toonaangewende opleier van tolke in die land. Uit die TFP se betrokkenheid by die WVK-verhore het ook ’n reeks waardevolle navorsingsprojekte rakende vertaling gespruit.

Alhoewel die tolkdienst in die algemeen glad verloop het, is verskeie probleme tog aangeteken:

- Die gekose tolke se standaard van Engels het veel te wense oorgelaat, want slegs een van die tolke uit die Afrikatale was Engelssprekend. Van al die tolke is verwag om na Engels te tolk (of dit hul moedertaal was of nie) afgesien daarvan om na hul moedertale, Afrikaans en die verskillende Afrikatale te tolk.
- Klagtes oor die gehalte van die Afrika tale het ook voorgekom. Dit het veral verband gehou met streeksverskille (soos Xhosa sprekers in die Oos-Kaap wie se taalgebruik verskil het van Xhosas in die Wes-Kaap).
- Die tolke het die werk as uiters spanningsvol ervaar. Afgesien van die intensiteit van die verhore, was die werksomgewing in die tolkhokkies beslis iets om aan gewoon te word. Lang ure is in hierdie ruimte deurgebring.

Saam daarmee het die hantering van toerusting groot aanpassing geverg.

Sommige tolke het dit moeilik gevind om as kollegas saam te werk.

Sommige tolke het gesukkel om presies te begryp wat van hulle verwag word en hoe om deurentyd professioneel op te tree.

- Kultureel sensitiewe kwessies en taboe woorde in sekere tale het probleme tot gevolg gehd. Getuies was soms baie eksplisiet oor wat aan hulle gedoen is en het by kere woorde en begrippe gebruik wat in die Afrikatale as taboe beskou word. Versoeke het opgeklink dat tolke in sulke gevalle meer beskaafde alternatiewe woorde moet gebruik.
- Die WVK het wel 'n diens beskikbaar gestel waardeur die tolke 'n vorm van berading kon ontvang.

Die verhoorproses en uitdagings

Drie tipes verhore is deur die WVK ingestel: verhore oor menseregte vergrype (die groter gros verhore), verhore oor amnestie aansoeke en verhore wat *in camera* gehou is en waar die getuienis van oortreders aangehoor en hulle aan kruisondervraging onderwerp is. Aan die tolke het die verskillende soorte verhore uiteenlopende uitdagings gestel. Die verhore was gelaai met emosie, sommige het kalm en beredeneerd verloop en 'n sterk narratiewe element was oorheersend. Die tolke moes derhalwe in staat wees om (soms hoogs) emosionele inhoud te hanteer maar steeds 'n professionele diens te bly lewer. Die gedragskode vir tolking vereis dat tolke te alle tye so neutraal as moontlik optree. In die algemeen het die menseregteverhore 'n woordeskaf van algemener aard vereis, terwyl die amnestieverhore egter uitdagings gestel het weens die eksaktheid wat vereis is.

Dit was belangrik vir die tolke om bekend te wees met die volle konteks van die verhoor en om die verontregtes se verklarings voor die tyd onder oë te kry. Die tolke was veronderstel om die verontregte se verklaring sowel as

enige agtergrond inligting minstens 24 uur voor die tyd te ontvang maar in die praktyk het dit selde gebeur. Verklarings is gewoonlik aan die begin van die dag, indien hoegenaamd, oorhandig en agtergrondinligting is selde voorsien. Dit het die taak van die TFP om voortreflike diens te lewer baie bemoeilik. Hierbenewens was die hantering van die gehoorstukke vir die publiek 'n voortdurende bron van irritasie juis omdat die meeste Suid-Afrikaners nie voorheen blootgestel was aan simultane tolking nie. Waar moontlik het die kommissarisse probeer om in die verontregtes se eie taal te kommunikeer maar dit het meestal gebeur dat vrae hoofsaaklik in Engels gestel is wat die verontregtes wel in hul eie taal beantwoord het.

Die WVK se kommissarisse het nie altyd begrip getoon vir die veeleisende taak van die tolke nie. Alhoewel baie van die verhale van getuienisse verhalend van aard was, het dit altyd uitdagend gebly om die verontregte se getuienis korrek weer te gee. Die narratiewe tegniek het van verontregte tot verontregte verskil en dit was soms 'n nagmerrie om vertellings te tolk. Sommige verontregtes uit plattelandse areas was geneig om hul getuienis in meer metafories en idiomaties ryk taal te lewer wat tolke meermale in die war gelaat het. Stedelinge weer was geneig tot kodewisseling en tot mengtale wat die tolke ook verwar en onseker gelaat het oor die gepaste taalkode om ná te tolk. Vinnige sprekers was ook 'n uitdaging terwyl buitengewoon stadige sprekers daarenteen weens die verskil in taalstruktuur tussen die taal van die getuie en Engels (die taal waarna getolk moes word) ook 'n struikelblok vir tolke kon word.

By amnestie verhore was die patroon heel anders en was daar geen simpatieke aanhoor van verontregtes se verhale nie. Kommissieledes moes hulself dikwels krities afvra of menseregte werklik geskend is. Voorbereidings vir die WVK se Amnestiekomitee het begin met die afneem van 'n verklaring deur die aansoeker wat deur die komitee se advokaat hanteer is. In sulke gevalle is vasgestel in watter taal die applikant sy/haar saak wil stel en vryheid van taalkeuse moes eerbiedig word. Daarna het die advokaat ondersoek ingestel na die menseregte oortredings waarby die applikant na bewering betrokke was. Die vooruitspruitende verklarings is in die getuie se eie taal gedoen.

Die tolkproses en taalkombinasies

Volgens internasionale praktyk is daar in spanne van twee gewerk en ongeag die duur van die verhoor self is elke tolk se tolkbeurt tot 20 minute beperk. Die passiewe tolk het 'n belangrike rol gespeel om voortdurend die aktiewe tolk by te staan met notas oor name, getalle, moeilike terme, idiome ensovoorts. Om tolking makliker te maak het tolke kopieë van verklarings (hoofsaaklik in Engels) voor die tyd ontvang. Hierdie kopieë het slegs as hulp gedien maar was waardevol wanneer die verontregtes die draad van hul eie verhale verloor het (of die tolk ook). Dit was deurgaans belangrik dat die tolk nie emosioneel betrokke moes raak nie. So het 'n korrespondent van *Time*-tydskrif die verloop daarvan beskryf:

“Survivors too were on hand to tell their stories. As they spoke, mostly in the Xhosa language, the dispassionate voice of the interpreter amplified the cold horror of their testimony” (Hawthorne P. *Time* 29 April 1996). Die feit dat die tolkkabines 'n direkte teiken vir die media was, het bykomende druk op die tolke geplaas om geen foute te begaan nie (Du Plessis en Wiegand April 1996 to February 1997. Report on interpreting). Die TFP het wel ten nouste met klankingenieurs saamgewerk rakende die tegniese aspekte van die tolkdien.

Die TFP se tolkspan het bykans alle moontlike kombinasies van die 11 amptelike tale gedek. Slegs in enkele gevalle moes buitehulp ingeroep word toe byvoorbeeld vir 'n Gujurati getuie voorsiening gemaak moes word. By die verhoor waar Janusz Waluś by betrokke was, moes 'n Poolse tolk ingehuur word. Elke verhoor het 'n unieke taalkombinasie opgelewer, maar sulke taalkombinasies is teoreties gesproke vooraf deur die afnemers van verklarings, die WVK-raadgewers en die Amnestiekomitee se advokatuur geïdentifiseer. Gegrond op hierdie inligting het die TFP dan opdragte ontvang en gereel vir die voorsiening van 'n gepaste tolkdien. Die TFP se ooreenkoms met die WVK het egter bepaal dat nie meer as vier tale per sitting gebruik mag word nie. Dit het beteken dat die organiseerders die taalkombinasies deeglik moes beplan. Die oop kanale vir luisteraars het dienste in Afrikaans, Engels en die dominante taal van die bepaalde streek beskikbaar gestel. Die

tolkdiens self was deurentyd vir die verontregtes beskikbaar en nie noodwendig altyd vir die gehoor nie, onderhewig aan die beskikbaarheid van gehoorstukke. Die feit dat Xhosa tydens die verhore oorheersend was, was te wyte aan die feit dat die Xhosa-areas polities gesproke die aktiefste in die anti-apartheidstryd was.

Veral die media was oor die standaard van Engels in die kabines baie krities omdat hulle onder meer vir hul voer na nuusbuletins van die Engelse tolkkanaal afhanklik was. Die TFP tolke moes dikwels bitsige kritiek aanhoor en selfs openlike beledigings verduur. Veelvul omtrent die land se taalsituasie kon uit die verhore afgelei word. Daar was byvoorbeeld groot verskille tussen die Xhosas van die Wes-Kaap en die wat in die Oos-Kaap gewoon het. Soortgelyke verskille was ook merkbaar in Tswana, Tsonga en Ndebele. Dit was dus simplisties om te aanvaar dat wanneer tolke vir al nege Afrikatale aangestel word, hulle in staat sou wees om al die variasies binne hierdie tale te kan hanteer. Eintlik het die tolke geworstel wanneer hulle uit die area wat aan hul bekend was, beweeg het. Tog was daar ook verbasing oor die wedersydse begrip tussen die verskillende taalfamilies. Tydens een Pretoria-verhoor kon ’n lid van die tolkspan met ’n ander Nguni-taal as moedertaal byvoorbeeld ’n Zoeloe-sprekende getuie met min moeite volg.

Frustrerende kwessies

Die TFP het aan die begin van die verhore finansiële probleme ten opsigte van die WVK-projek ervaar wat gelukkig vinnig uitsorteer is. Giant Video Screens was in volle beheer van die tegniese aspekte van die verhoor en sodanige probleme wat wel opgeduik het, is professioneel hanteer. Kommunikasieprobleme het voorgekom tussen die streekskantore van die WVK en die TFP. Veral taalkombinasies het probleme gelewer omdat dit selde gebeur het dat kennisgewings van taalkombinasies soos vereis vyf dae voor die verhoor voorsien is. Dit het die koördinerings van die tolkdiens bemoeilik. Die feit dat al die tale wat by die verhore vereis is nie betyds geprofileer is nie, kon swak reflekteer op die TFP. Die TFP het minstens een keer per week met die tolke kontak gemaak maar omdat al die tolke

nie per telefoon bereikbaar was nie, was vinnige en dringende kontak baie moeilik. Een van die frustrerendste probleme vir die TFP was dat sommige skedules nie vooraf voorsien is nie. Soms moes die streke herhaaldelik gekontak word voordat bevestiging omtrent taalkombinasies verkry kon word. Die WVK se webtuiste was vir die TFP gedeeltelik van hulp maar is nie altyd op datum gehou of baie betroubaar nie.

Waarde van die projek

Uiteindelik het die WVK se verhoor 'n omvattende woorde-oes opgelewer wat na skatting meer uitgebreid as die van die Nuremberg-verhoor was. Simultane tolking het by laasgenoemde verhoor ontstaan. Die berekening was dat 'n simultaan-tolk tussen 14 000 en 20 000 woorde tydens 'n verhoor van ses tot sewe uur kon lewer sodat die omvang van die woordproduksie uiteindelik inderdaad omvangryk was (*Ibid.*: 12). Die bydrae van die WVK en die ETFB tot die tolkindustrie as sodanig was gevolglik van enorme omvang en van groot belang.

Nooit tevore is so 'n uitgebreide en aaneenlopende tolkdienst in Suid-Afrika gelewer nie. Nog nooit tevore is so baie tolke uit veral agtergeblewe gemeenskappe gelyktydig opgelei en in diens geneem nie. Die tolkdienst van die WVK is uiteindelik deur ongeveer 25 tolke behartig wat oor die land heen gestasioneer was en van wie 14 vir die duur van die verhoor voltyds in diens was. Die TFP het die hele projek vanuit Bloemfontein orkestreer. Nooit tevore is soveel verskillende Afrikatale so konsekwent en in so 'n omvang en belangrike staatsfunksie en belangrike statutêre liggaam gebruik nie. Ook nooit tevore het bemagtiging deur taal so 'n dramatiese vorm aangeneem nie deurdat gewone mense die bevrydende geleentheid gegun is om hul eie stories in hul eie taal te vertel. Vir die personeel betrokke by die tolkdienst en in baie opsigte ook wyer vir die UV was dit 'n kragtige bemagtigingservaring en 'n unieke bydrae tot versoening (*Ibid.* 13).

Deur dienste aan die WVK te verskaf, kon die oogmerk van die TFP om 'n simultane tolkdienst in die amptelike tale, as een as van sy belangrikste doelstellings bereik. Daar was geen universiteit of private maatskappy wat so 'n omvattende

taaldiens kon lewer nie. Dit was 'n enorme leerervaring waaruit die TFP kon put om die lesse opgedoen weer by die UV terug te ploeg (*Ibid.*:25). Ook is daarin geslaag om 'n hele span tolke op te lei wat oor die land heen aangewend is.

Die skakeling met Giant Video Screens ten opsigte van die tegniese benodighede van die UV het uiters suksesvol verloop en hierdie maatskappy het voortreflike diens gelewer. Beheer is deur die TFP verseker deurdat na elke verhoor die tolk 'n volledige werkskaart voltooi het wat dan aan die TFP besorg en noukeurig nagegaan is om daaruit te leer en moontlike foute reg te stel. Daar is nooit deur die tolke gepoog om 'n woord-vir-woord vertaling te doen nie, maar om die essensiële betekenis van 'n verklaring oor te dra. Of die waarheid getriomfeer het, kon net die tyd leer maar sonder tolke sou die proses gladnie kon plaasvind nie en getuienis nie in woorde omgesit word nie. Ten slotte moet daarop gewys word dat die verhore in talle plekke in elke provinsie oor die land heen plaasgevind het wat aan die ETFB nasionale blootstelling gegee het.

Die ETFB se betrokkenheid by die WVK-verhore was inderdaad in vele opsigte 'n leerskool in die volgende areas:

- deeglike beplanning vir die uitdagende eise vir tolkvoorsiening;
- streng beheer oor kwaliteitdiens en gladde diensverloop; en
- fyn finansiële beplanning met streng beheer.

Die wins was groot: landswye erkenning vir 'n taak uitstekend volvoer, die werwing van groter eer en agting vir die moeilike beroep van tolking en uiteindelik finansiële wins wat die ETFB in staat gestel het om 'n reserwefonds te vestig en nuwe projekte aan te pak en self te befonds. Solank die ETFB solvent was, kon die Eenheid die aanslae van toenemende akademiese vyandigheid vanuit die Fakulteit weerstaan en te bowe kom en selfs verstommend gedy. Oor alle knelpunte moes Du Plessis voortdurend 'n wakende oog hou en dikwels kreatiewe oplossings bedink en spoedeisende beslissings neem.

Aspekte van die tolkdienste aan die WVK is as gevallestudie in navorsingstukke opgeneem en daar is verder gepoog om enkele ander suksesvolle streke in die wêreld te bestudeer,

waaronder veral Vlaandere as voorbeeld van 'n streek waar taal maksimaal tot hulpbron ontwikkel en uitgebou is. 'n Internasionale kongres oor taal en ekonomie is gedurende 1996 in Denemarke bygewoon waartydens dr. Gideon Strauss 'n referaat oor die tema Taal en Ekonomie gelewer het. Die bydraes tot 'n seminar wat in 1995 in samewerking met die Staatstaaldiens aangebied is, is in 'n pragpublikasie gebundel en onder die redakteurskap van Strauss uitgegee en gepubliseer met die finansiële steun van die Staatstaaldiens (Strauss G. *et al* 1996).

Logtis, die Local Government Translation and Interpreting Service (1998-2000)

Met die afloop van die tolkprojek wat Vlaandere deur middel van befondsing op die been help bring het in sig, het die Eenheid gedurende 1997 met die Vlaamse Regering “besin oor die moontlikheid om die kundigheid en ervaring wat binne die TFP in die loop van drie jaar opgebou is”, na die Vrystaatse plaaslike regering uit te brei (*Ibid.*). Die motivering daarvoor was dat ooreenkomstig die Grondwet munisipaliteite die taalgebruik- en voorkeure van inwoners in ag moet neem (Grondwet: Afdeling 6(3) en dat almal die reg het tot enige inligting waaroor die staat beskik [Afdeling 32(1)]]. Doeltreffende kommunikasie kon juis deur plaaslike taaldienste bewerkstellig word en 'n betekenisvolle rol in die bemagtiging van Suid-Afrikaners op voetsoolvlak speel. Wat verskaf kon word, was tolkdienste in raads- en openbare vergaderings en alle vergaderings of sittings van munisipaliteite, tolkdienste in klinieke en hospitale sowel as bystand aan halfgeletterdes. Dit is in die vooruitsig gestel dat tolke-in-opleiding na twee jaar as permanente personeel by plaaslike regerings geïntegreer of wanneer nodig op konsultasiegrondslag, gebruik kon word.

Vir doeltreffende kommunikasie met die publiek was dit wat die ETFB betref beangrik dat fasiliteite en dienste aan die publiek beskikbaar gestel moet word met die gevolg dat tolk- en vertaaldienste 'n betekenisvolle rol by die bemagtiging van Suid-Afrikaners op voetsoolvlak gespeel het. 'n Wye verskeidenheid van tolkdienste in kantore, openbare vergaderings en enige

ander vergaderings of sittings van die munisipaliteit is reeds in die TFP-fase beskikbaar gestel. Tolkdienste vir alle plaaslike regerings het ingesluit tolkwerkzaamhede in klinieke en hospitale wat mediese dienste betref asook administratiewe tolkdienste vir administratiewe funksies/geleenthede soos bystand vir halfgeletterde persone en bejaardes, mense wat vorms moet invul, ensovoorts.

Die oogmerk van die voorgenome diensuitbreiding van die TFP was om 'n omvattende Tolk- en Vertaaldiens vir plaaslike regering in die Vrystaat oor die bestek van drie jaar (1997-2000) te vestig, waarna die diens selfonderhoudend moes wees. Die voorstel in die borgeansoek aan die oorsese borg, die Vlaamse Regering, was dat die vestiging van so 'n diens in vennootskap tussen die TFP en die betrokke plaaslike regering sou geskied en het die volgende komponente behels: werwing van geskikte kandidate op plaaslike regeringsvlak; opleiding van ten minste multi-geskoolde geskikte kandidate (verkieslik gegradueerdes) per streek; sowel as bestuur, monitering en indiens-opleiding van tolk-/vertaalspanne. Die borgvoorstel het twee fases aangedui om die volgende aangewese streke te dek: Welkom, Sasolburg, Bethlehem, Kroonstad en Harrismith. So het Logtis tot stand gekom, 'n projek waarmee die Eenheid gepoog het om 'n vertaal- en tolkdienste in die groot sentra van die Vrystaat op te rig. Uiteindelik is die projek uitgevoer in Welkom, Sasolburg en Kroonstad.

Logtis, soos dit algemeen bekend gestaan het, het oor 'n tydperk van drie jaar (1998-2000) en teen 'n koste van nagenoeg R5 miljoen 'n vertaal- en tolkdienste vir plaaslike regering in die Vrystaatse hoofsentra probeer inrig (Du Plessis, 2002. ETFB se bydrae tot rektorsverslag). Dit het tot stand gekom in samewerking met plaaslike regeringsinstansies in die Vrystaat en die Departement Plaaslike Regering en Behuising van die Vrystaatse Regering sowel as twee buitelandse universiteite naamlik die Universiteit van Antwerpen en die Katholieke Universiteit van Leuven. Dit was gerig op die daarstel van 'n multidimensionele taaldiens vir die Vrystaatse plaaslike regering. Die Vlaamse Regering het hierdie projek befonds (Du Plessis aan vise-rector Fourie 25 November 1999. Die

projekspan het gereelde moniteringsgesprekke gehad ten einde die praktiese uitvoering te moniteer en was ook verantwoordelik vir die finansiële beheer. Die finansies-rekening spesifiek, is deur die TFP en die UV bestuur (Manyoni,1996).

Die beplanning was dat Logtis se opleiding en dienslewering onder meer 'n mobiele tolkeenheid, die opleiding van skakeltolke en personeellede wat die publiek telefonies kon bedien, die opskerpings van taalregte en effektiewe kommunikasie sou insluit (O'Connor, 1998:4).

Die oogmerk met en die agtergrond van Logtis was effektiewe kommunikasie vir die suksesvolle dienslewering op plaaslike regeringsvlak in die Vrystaat. As rigtinggewende beginsel is van die standpunt van *linguistiese pluralisme*, soos vervat in die Grondwet, uitgegaan (Manyoni, 1996). Die oplossing wat deur die EFTB voorgestaan is om hierdie beginsel te verwesenslik, was 'n taalbestuursmodel gesetel binne munisipaliteite met as kern 'n vertaal- en tolkdien om meertaligheid te help bevorder en toe te pas. Logtis was die verkonkretisering van so 'n model en het 'n werkbare praktiese oplossing vir die probleme wat ontstaan het as gevolg van die spanning tussen multikulturalisme en universalisme gebied. Hierdie gespannenheid was reeds op plaaslike regeringsvlak voelbaar en problematies.

Tydens die *Loodsprojek - Fase 1* (Mei tot April 1998) is een dorp (Welkom) as loodsvennoot geïdentifiseer waarvan die proses soos volg verloop het: kandidate vir taalbeoefenaars is in spilpunte geïdentifiseer, geselekteer en opgelei. Met die voltooiing van die eerste opleidingsfase is kandidate in diens geneem en hul optrede voortdurend gemoniteer. Verdere indiensopleiding is vir nog 'n jaar voorsien en aan die einde van Fase 1 is die projek geëvalueer en as deel daarvan is 'n mobiele tolkeenheid vir diens aan Welkom en omliggende dorpe voorsien. *Fase 2* (Mei 1998 tot April 2000) is gekenmerk deur die uitbreiding van die loodsprojek en benutting van die groter insigte wat die ervaring meegebring het asook die uitbreiding van die diens in twee verdere befondsingsjare na twee ander groot Vrystaatse dorpe, Kroonstad en Sasolburg.

Die dienste wat deur die projek beskikbaar gestel is, het bygedra om die voorskrifte van die Grondwet ten opsigte van demokratiese beginsels op plaaslike regeringsvlak te realiseer, asook om beter kommunikasie aan die plaaslike bevolking te voorsien. Die hele oefening was 'n waardetoevoeging vir die plaaslike regering om goedgesindheid te verseker en het gedurende die tyd dat dit operatief was, grootliks tot stabiliteit en bowenal nasiebou bygedra.

Logtis Welkom (1998)

Op 3 April 1998 het die UV 'n ooreenkoms met Welkom gesluit om deur middel van die ETFB 'n tolk- en vertaaldiens vir die stadsraad te vestig (O'Connor, 1998). Indien Welkom se stadsraad doeltreffende kommunikasie met die gemeenskap wou verseker, sou daar van vertaal- en tolkdienste gebruik gemaak moes word.

'n Mobiele tolkeenheid het gelyktydige tolking by onder meer raadsvergaderings hanteer. Die opleiding van skakeltolke om diens te lewer aan onder andere medici, maatskaplike werkers en sielkundiges was spoedig op dreef. Kruiskulturele kommunikasie is bevorder deur die personeellede wat in persoon of per telefoon met die publiek geskakel het. Logtis sou 'n veldtog van stapel stuur om lede van die publiek en stadsrade oor die belangrikheid van taalregte en doeltreffende kommunikasie in te lig (*Ibid.*).

Daar was 'n toenemende besef dat taal een van die belangrike geskilpunte tussen verskillende taalgroepe vorm. Waar bevordering van onderlinge verhoudinge ter sprake gekom het, kon die verontagsaming van taalgeskille om moeite, geld en tyd te bespaar, rampspoedig en teenproduktief wees. “Rade kommunikeer gewoonlik in Engels en dink dan hul inwoners is ingelig. Die meeste mense verstaan egter steeds nie wat in nuusbriewe, kennisgewings en inligtingstukke rakende die HOP en Masakhane-projek gestaan het nie” (*Ibid.*). Die verskuilde koste van gedwonge eentaligheid kon nie onderskat word nie omdat werknemers wat nie die stadsraad se verkose taal verstaan het nie, noodwendig minder produktief sou wees en ook minderwaardig kon voel.

Ander nadele was dat inwoners 'n wrewel teen die Raad kon ontwikkel; mediese dienste weens die kommunikasiegaping tussen geneesheer en pasiënt skade kon ly; inligting oor nuwe beleide nie behoorlik oorgedra word nie; en dissiplinêre verhore en raadsvergaderings se verloop weens subjektiewe vertaling skeefgetrek word.

Wat by die direkteur en die ETFB se personeel geleaf het, was die ideaal dat Suid-Afrika 'n wêreldleier in die handhawing van *taalregte as menseregte* kon word. Die spesifieke verwysing na taalregte as een van die grondliggende bepalings van die Grondwet het aan Suid-Afrika 'n belangrike voorsprong gegee. Op plaaslike regeringsvlak kon taalfasiliteringsdienste soos Logtis grootliks daartoe bydra.

Die vestiging van Logtis by Welkom was soms moeilik en het tien maande geduur (die finansieringstydperk) maar die voordele daarvan het mettertyd duidelik geblyk en die Raad het besluit om dit te kontinueer. Dit was noodsaaklik dat aan die relevante provinsiale departemente riglyne vir die toepassing van grondwetlike bepalings rakende veeltaligheid verskaf moes word (*Ibid.*).

'n Taalopname is ontwerp om die verloop en sukses van die Logtis-projek te bepaal. Dit is gedoen na afhandeling van die eerste fase van die werkverrigting van die tolke/vertalers wat reeds maande lank diens gelewer het. Drie van hulle is deur die Welkomse stadsraad op 'n eenjaarkontrak aangestel. Verskeie oogmerke wat in die begin gestel is, was in die opname in berekening gebring naamlik die sukses van die program se bemarking; die getal mense wat van die diens gebruik gemaak het; hoe dit ontvang is; wat die vlak van multitalige bewussyn was; sowel as die presiese vlak en omvang van mense se kennis van hul taalregte. Onder die 155 mense wat deelgeneem het, was bestuurders, toesighouers en munisipale werkers. Uit 'n lys van 1500 mense is ongeveer 10% geteiken: 10 bestuurders, 25 toesighouers en 110 werkers (*Survey on the current state of and future expectations for language facilitation services*, 22 February – 5 March 1999: 2).

Die terugvoer uit die taalopname het die aard van die probleme wat ervaar is getoon:

- 60% van die bestuur het probleme met Afrikaanse geskrewe stukke ervaar; ook met kommunikasie in die werkplek en in verhoor; korrespondensie in Suid-Sotho en Xhosa; die gebrek of nie-beskikbaarheid van tolkdieners tydens verhoor; taalmisverstande;
- 40% van die toesighouers het gekla oor probleme by die klinieke waar die verpleegsters Afrikaans en die pasiënte Xhosa- of Suid-Sotho sprekend was; 25% van die werkers se klagtes was oor taalprobleme by die klinieke; die verskillende tale wat gepraat word wanneer persone die munisipale geboue betree; Afrikaans en somtyds Engels wat nie verstaanbaar was nie (*Ibid.* 5).

Twee uit elke 10 respondente het aangedui hulle maak gebruik van die Logtis-dienste en van hulle was vir 80% deel van die bestuur, 20% toesighouers, en 13% munisipale werkers. Wat Logtis se diens betref, is die professionalisme daarvan hoog aangeslaan (90%), die vriendelikheid van die taalpraktisyns (93%), doeltreffendheid van die diens (90%) en toegang tot die diens (60%) (*Ibid.*). Dit was duidelik dat die diens gebruik is met die behoefte aan vertaling heel bo en met die munisipale bestuur as die grootste verbruikers. Dit was 'n aanduiding dat meer gedoen moes word om die diens na die publiek te neem deurdat dit duidelik geblyk het hulle begryp nie hoe om toegang daartoe te verkry nie. Dit was ook duidelik dat daar groot ontevredenheid oor taalbemagtiging geheers het waaraan die Raad aandag sou moes gee. Logtis was die middel waarvan hulle gebruik kon maak.

Oor Logtis het die verskillende groepe die volgende te sê gehad:

- dat Logtis meer bewussyn van die dienste wat beskikbaar was sowel as van taalregte moes skep – dit het ook vir veeltaligheid gegeld; die diens kon ook dien om kulturele diversiteit te verhoog;
- wittes moes geleer word en beseft dat dit nie net hul eie taal is wat belangrik is nie;
- Logtis is 'n instrument om mense met taal- en kommunikasievernuw te bemagtig;

- van Afrikane word verwag om die hele tyd na Engels of Afrikaans te moet oorslaan;
- toesighouers praat steeds Afrikaans en verwag van andere om dit ook te praat;
- tolke/vertalers moet tydens ontmoetings met die bestuur teenwoordig wees;
- wittes moet 'n Afrikataal aanleer om kommunikasie te vergemaklik;
- die verskillende tale moet dieselfde status geniet; en
- kommunikasie tussen werkgewers en werknemers moet verbeter.

Kommentaar is ook ingewin oor hoe Logtis in die toekoms verbeter kon word. Die bestuur het voorgestel alle dissiplinêre verhore moes getolk word en dat 'n Suid-Sotho-kursus vir hulle aangebied word. Toesighouers se kommentaar was dat 'n groter bewussyn van die diens geskep en veeltaligheid verhoog moet word. Munisipale werkers het voorgestel vergaderings en dissiplinêre verhore moet getolk word, dat opgeleide vertalers verskaf moet word en dat die vakbonde van die belangrikheid van die taaldiens oortuig moet word.

Dit het duidelik geblyk dat die meerderheid werkers onbewus was van die bestaan van Logtis en dat daar 'n algemene gevoel van ontevredenheid oor taalbemagtiging was. Alle posvlakke was wel van hul taalregte bewus. Positiewe voorstelle wat geopper is, was om bewustheid van Logtis via maandelikse rekenings te skep en werkswinkels oor taalbeleid met werkers en Bloemfontein se inwoners aan te bied (*Ibid.*).

Welkom is weldra deur Du Plessis bestempel as leier in die ontwikkeling van veeltaligheid op plaaslike regeringsvlak en die eerste in die land wat op uitgebreide skaal 'n tolk- en vertaaldiens deurlopend in Afrikaans, Engels, Suid-Sotho en Xhosa op vergaderings en in tugsake gelewer het (Grobler, 28 Oktober 1998:4). Dit het daartoe gelei dat talle rade oor die hele Suid-Afrika heen belangstelling in Logtis begin toon het. Du Plessis het voorgestel dat stadsrade en hul munisipaliteite doelbewus 'n taalbeleid en aksieplan vir die toekoms behoort op

te stel want in daardie stadium (1998) het nog nie een sover gekom nie.

Volgens Du Plessis kon daar nie ’n debat oor die gebruik van slegs een taal vir die land wees nie, siende dat die Grondwet eksplisiet “meertaligheid as kernbeginsel voorgeskryf het”. Dit was goedkoper om ’n taaldiens op plaaslike vlak te verskaf as om die frustrasie te aanvaar van gedemoraliseerde personeel, gevolglike afname in produktiwiteit en die belemmering van verhoudings tussen rasse en werkers onderling (*Ibid.*).

Die uitgangspunt was dat munisipaliteite se klante in hul voorkeurtaal deur vaardige persone met die invul van vorms, die skryf van briewe en wat ookal bygestaan word. Dit was veral van uiterste belang by die lewering van gesondheidsdienste waar talle probleme ondervind is deurdat siekes se kwale en siektegeskiedenis weens taalmisverstande nie behoorlik oorgedra kon word nie.

Dit het duidelik geblyk dat vertaling die meeste gebruik is en dat dit veral raadsbeampies is wat van hierdie diens gebruik gemaak het. Dit het egter ook geblyk dat nog veel gedoen moes word om die diens na die werkers en toesighouers te neem. Slegs 1% van respondente in die taalopname het probleme met die diens ervaar en dit het te make gehad met die tyd wat dit geneem het om te wag dat ’n dokument vertaal word. Al die bestuurslede het geweet wat Logtis is, gevolg deur 31% van toesighouers en 15% van munisipale werkers. Dit was duidelik dat bewustheid van die program groter aandag sou moes ontvang. Dit het ook geblyk dat daar groot ontevredenheid oor taalbemagtiging was waaraan die Raad aandag sou moes gee, terwyl dit Logtis se argument om op die behoeftes van die mense te wys, versterk het.

Een van Logtis se belangrike take was om meer bewussyn van die beskikbaarheid van die diens en van taalregte te skep en as bevorderaar van veeltaligheid, verbetering van kulturele diversiteit en wedersydse respek vir mekaar se tale.

Die vertaling van sleuteldokumente was van die belangrikste probleme omdat dit moeilik was om vas te stel watter dokumente as noodsaaklik geag moes word. Eintlik het dit beteken dat al die raadsdokumente wat na die bewoners

moes gaan in al vier Vrystaatse “amptelike” tale beskikbaar moes wees. Die rol van Logtis is wyer as net vertaling en tolking gesien en wel as ’n politieke middel om die grondwetlike reg rakende tale in Welkom te bevorder.

Dit was duidelik dat die ETFB met die Logtis-aksie belangrike taalinsette gelewer het en die jammerte was dat nie meer stadsrade van die dienste gebruik gemaak het nie. Hoe meer tale aan die floreer was, hoe meer wedersydse begrip is wakker gemaak en hoe beter is die aksies en regulasies van stadsrade gegryp.

Logtis Kroonstad (1999)

In Maart 1999 het Kroonstad se stadsraad besluit om nie met Logtis voort te gaan nie. Daar is teen die projek “wat deur die Grondwet vereis word” gestem omdat die koste tot 31 Desember meer as R315 000 sou bedra en die Raad vanaf 2000 alleen die koste van die diens sou moes dra (Versluis, J.-M., Volksblad 1 April 1999:4). Groot ontevredenheid het onder nie-ANC raadslede oor die besluit geheers omdat vroeër voorgestel is die saak moes eers weer na die uitvoerende raad terugverwys en deeglik ondersoek word aler daarvoor besluit word. Die ANC-raadslede het egter teen laasgenoemde voorstel gestem en die uitvoerende komitee se voorstel dat daar nie voortgegaan word nie, is aanvaar. Logtis was wel in die Vrystaat gesetel maar was terselfdertyd in staat om plaaslike owerhede en hul kliënte oor die land heen te help. Met die voltrekking van die projek was die taalsituasie in die Vrystaat egter sodanig dat buiten Welkom, Kroonstad en Sasolburg, die ander Vrystaatse stadsrade nie oplossings vir die taalbehoefte van hul gemeenskappe probeer vind het of hoegenaamd geweet het wat hierdie behoeftes presies hehels het nie. By plaaslike stadsrade was daar geen teken van ’n strewe na of die vasstelling van ’n munisipale taalbeleid te bespeur nie. Hierdie situasie het noodwendig tot ’n “willekeurige vertolking van die Grondwet” en tot “ondeurdagte, moedswillige en/of gerieflike taalbesluite” gelei. Engels het gewoonlik voorkeur gekry terwyl veral die inheemse tale afgeskep is (Coetzee, G. Volksblad 30 Augustus 1999:9).

Voorbeelde van taalminagting wat groot ongelukkigheid in die Vrystaat veroorsaak het, was die Bloemfonteinse stadsraad se besluit om rekenings slegs in Engels uit te stuur en die ANC-stadsraadslede in Bethlehem se besluit om tydens ’n vergadering net Suid-Sotho te praat. Ook buite die grense van die Vrystaat was daar soortgelyke voorbeelde soos die aksie van die Pretoria-stadsraad om slegs in ’n Engelse koerant tenders te adverteer en ’n besluit van die Germiston-stadsraad om Engels as voertaal te gebruik. Suid-Afrika se Munisipale Afbakeningsraad was in die proses om te besluit oor die herindelings van plaaslike owerheidsgebiede, ook in die Vrystaat, wat beteken het dat die netelige kwessie van taalbeleid op plaaslike regeringsvlak vir die taalbehoefte van hul gemeenskappe nie finaal uitgesorteer kon word nie (*Ibid.*).

Met die Logtis-projek en danksy die ruim steun van die Vlaamse Regering, het die Eenheid ’n model tolk- en vertaaldienst vir plaaslike regering probeer ontwikkel. Ongelukkig kon die Eenheid uiteindelik nie daarin slaag om hierdie model “verkoop” te kry nie, grootliks as gevolg van munisipaliteite se kommer oor die lewensvatbaarheid van so ’n diens en as gevolg van ’n gebrek aan politieke steun. Die landelike gebiede was nog nie gereed vir die soort meertalige eksperiment wat met Logtis beoog is nie.

’n Tolkdienst vir die UV (2001-2014)

Dit is nogal ironies dat die Eenheid teen eeuwisseling in 2000 reeds tande geslyp het met verskeie tolkdienstprojekte maar dat hierdie ervaring egter nie tot voordeel van die UV benut is nie. Hierdie toedrag van sake het verander toe die Eenheid uiteindelik in 2001 wel by die lewering van tolkdienste aan die UV betrek is. Aanvanklik was die diens beperk tot raads-, senaat- en fakulteitsvergaderings, tot ’n beperkte mate by ander tipe vergaderings asook by sommige berade en universiteitsbyeenkomste soos intreeredes. ’n Simultane tolkdienst is ingestel en gelewer deur middel van gesofistikeerde apparaat wat normaalweg aan *fluistertolking* gekoppel is. Die diens het sodanig uitgebrei dat die ETFB in Oktober 2003 ’n begroting vir addisionele apparaat voorgelê het.

Parallel met die tolkdienste aan die UV het ook 'n aanvraag na die tolkdienste buite die UV se hoofkampus ontstaan. Tolkdienste het terselfdertyd onder meer ook by die Vista Universiteit (voordat dit by die UV geïnkorporeer is), die Mangaung Munisipaliteit en die Motheo College op dreef gekom (Tolking: Kwotasies en Fakture vir 2005. Boks 12).

In 2005 en nou onder die nuwe rektorskap van Jonathan Jansen, is met gidsopnames begin omdat die moontlikheid groot was dat tolking in lesingsale sou realiseer. Lotriet het verwys na Jansen se woorde tydens die opening van die universiteit dat daar ongelukkig 'n "swart en 'n wit kampus" by die UV bestaan (Roos R., 2006:11). Die swart studente ontvang hul onderrig in Engels en die wit studente hul onderrig in Afrikaans. Gevolglik is tolke in hierdie stadium wat lesingsonderrig betref, as die ideale oplossing gesien. Klasse sou nie meer geskei hoef te word nie waarmee gehalte onderrig verhoog sou word, veral waar dosente nie altyd in albei onderrigtale vlot was nie. Kwessies wat egter nog uitgeklaar sou moes word, was wie die vraestelle sou nasien waar dosente nie albei tale magtig was nie asook die koste-implikasies van klaskamertolking. Nietemin is dit alles as bereikbaar beskou en teen 2008 was tolkdienste in die UV-lesingsale beskikbaar (*Ibid.*). Die ETFB was verantwoordelik vir die lewering van hierdie uitgebreide tolkdienste aan die UV.

Finansies was egter 'n kwessie. By die ETFB moes die oog voortdurend op die finansies rakende veral Tolking gehou word deurdat die Fakulteit self geen finansiële bydrae tot tolking gelever het nie. Twee groot tolkdienstekontrakte het gedurende 2000 tot 'n einde geloop, te wete die kontrak met die Vrystaatse Wetgewer (vir wie die ETFB-personeel sedert 1994 op vryskutbasis 'n diens gelever het) asook die kontrak met die WVK. Die ETFB moes sake so plooi dat die verlies aan dié twee prominente kontrakte geneutraliseer en nuwe tolkdienstekontrakte gevind kon word. Daarin is gedeeltelik geslaag maar die inkomstegrondslag kon eers gedurende 2001 dieselfde vlak bereik as voor die beëindiging van laasgenoemde kontrakte toe die ETFB weer 'n winsgewende jaar kon aanteken.

Wat die lewensvatbaarheid van die diens betref, het die ETFB daarop gestaan dat wat die diens aan die UV betref, slegs

gepoog word om gelyk te breek en dat net die tolkkoördineerder (’n amptenaar deur die ETFB aangestel) se salaris uit die opbrengs van die tolkdienste verhaal word. Om verdere koste wat kon ontstaan te delg, het die ETFB van tyd tot tyd *ad hoc*-dienste na buite gelever, maar dit was nie die primêre fokus van die tolkdienste nie (Du Plessis aan S. Steyn 2003, Fluistertolking).

Weens die direkteur se oortuiging oor die belangrikheid van tolking in die landsopset en sy ywer daarvoor, was die ETFB se tolkdienste tot en met die oorpasing van die diens na DAGT gedurende 2008 goed bedrywig. Met die ontbonding van hierdie departement in 2010, waardeur ’n heropgerigte ETFB binne die nuut opgerigte Departement Linguistiek en Taalpraktyk (aanvanklik Taalbestuur en Taalpraktyk) beland het, het die tolkdienste aan die UV weer op die Eenheid se lessenaar beland. Maar die omgewing waarbinne die tolkdienste teen die jaar 2010 moes funksioneer, het ingrypend anders gelyk as die een van 2001 toe met die diens afgeskop is. Die ETFB het ’n laaste fase van betrokkenheid by die tolkdienste aan die UV betree, ’n era wat finaal teen 2014 beëindig is toe die ETFB losgemaak is van die Departement Linguistiek en Taalpraktyk en tot en met ontbinding in 2018 weer selfstandig geword het.

Absorbering van Gebaretaaltolkdienste

Tot 2011 is ’n gebaretaaltolkdienste deur die UV se Eenheid vir Studente met Gestremdhede gelever, maar alle ander tolkdienste deur die ETFB (Memorandum Du Plessis en Lombaard, 2011). Dit is hierna ingesluit by die bestaande tolkdienste in gesproke tale wat die Eenheid tot in daardie stadium gelever het. Die absorbering daarvan deur die ETFB is gemotiveer as voordelig vir kliënte en tolke.

Die gebaretaaltolkdienste was omvangryker as die gesproketaaltolkdienste omdat dowe persone in alle situasies waar kommunikasie plaasgevind het, tolke benodig het. Gelewerde dienste het ingesluit klaskamertolking (formele klasse, praktiese en tutoriale klasse) asook besprekingsgroepe rakende werkopdragte en tolkdienste. Hierbenewens is by ’n verskeidenheid van kampusbedrywigheede soos ook vir Dowes benodig, getolk.

Vanaf 2017 het gesproketaaltolking op die kampus tot 'n einde gekom met die instelling van die UV se nuwe taalbeleid wat Engels as primêre taal ingestel het. Gebaretaaltolking het egter in belangrikheid gegroei ofskoon daar in geen stadium meer as 15 dowe studente op kampus was wat die diens gebruik het nie.

Die ETFB se bydrae tot Tolking

Ongelukkig was daar teen 1995 toe die TFP met tolkinisiatiewe begin het, nog geen formele opleiding vir tolke in Suid-Afrika beskikbaar nie sodat geskikte opgeleide en professionele tolke feitlik nêrens in die land beskikbaar was nie, in ieder geval nie simultane tolke wat in die Afrika tale kon funksioneer nie. Gelukkig het die TFP toe reeds ervaring in die tolkopleidingsveld opgedoen deur konstruktiewe kontak met die KVH en HIVT, twee Antwerpse tolkeskole, op te bou. Dit was wyd bekend dat Vlaandere enorme kennis en fasiliteite ten opsigte van tolkopleiding gehad het, grootliks te wyte aan die status van Brussel as hoofstad van die EU (Projekvoorstel oor tolking aan die Vlaamse Regering 5 Oktober 1995). Brussel is natuurlik ook die hoofstad van België maar tegelykertyd ook die hoofstad van die deelstaat Vlaandere.

Die TFP se opleidingstrategie was daarop gemik om die behoefte aan die opleiding van vertalers en tolke in Suid-Afrika op drie opleidingsfronte aan te pak, naamlik deur die instelling van sertifikaat-, diploma- en graadkursusse in vertaling en tolkwerk. “Ons wil dit moontlik maak vir enige persoon om ten minste 'n beroepsgerigte kwalifikasie te verwerf maar verder dit ook vir enige persoon moontlik maak om tot die hoogste moontlike vlak te beweeg wat betref opleidingsmoontlikhede in die betrokke rigting”, aldus Du Plessis (Du Plessis aan Le Roux, 1994). Sy benadering was demokraties en daarop ingestel om “enige persoon” ter wille te wees.

In 1996 het die TFP daarin geslaag om suksesvol voort te bou op die kundighedsbasis in *Konferensietolking* wat gedurende 1995 as grondslag gevestig is. Bewyse hiervan was die loodsing van die eerste magisterkursus vir vertalers en tolke in Suid-Afrika die ontwikkeling van 'n diplomakursus en

die aanbied van verskeie sertifikaatkursusse in Tolking. Die TFP is gou toenemend as die sentrum van kundigheid in die land betreffende die opleiding van konferensietolke beskou en het voortdurend aktief met ander tersiêre instellings wat in tolkopleiding werksaam was, geskakel.

Die TFP het verder daarin geslaag om die kundighedsbasis gedurende 1996 na die belangrike terrein van *Gemeenskapstolking* uit te brei. Bewyse hiervan was die suksesvolle aanbieding van die eerste sertifikaatkursus in gemeenskapstolking in Suid-Afrika deur die TFP in samewerking met verskeie belangrike rolspelers uit die Vrystaat en die produktiewe samewerking met die NLP en rolspelers vanuit België. Die doelwit om 'n sertifikaatkursus in Gemeenskapstolking te ontwikkel was suksesvol en die eerste sertifikate vir die proefstudente wat die kursus in gemeenskapstolking in 1996 deurloop het, is tydens 'n spesiale seremonie oorhandig. Kursusse is gereeld hersien en afgesien van sertifikaatvlak, is hierdie kursus ook mettertyd op diploma- en magistervlak aangebied. Teen die einde van 1996 was die ontwikkeling van 'n raamwerk vir 'n sertifikaatkursus in Geregstolking gereed en dit is in 1997 beproef nadat samesprekings met die Departement Justisie voltooi is.

Toestemming is amptelik deur die Departement Onderwys aan die UV verleen om vanaf 1997 twee diplomas in Tolking aan te bied te wete die *Gevorderde Diploma in Tolking* en die *Gevorderde Diploma in Vertaling*. Studente-aansoeke vir hierdie kursus is landwyd ontvang en die eerste keuring van kandidate het in Desember 1996 plaasgevind. In die *Gevorderde Diploma in Tolking* is drie spesialiseringsterreine ingestel: *Konferensietolking*, *Geregstolking* en *Gemeenskapstolking*. Al drie rigtings is vanaf 1997 aangebied.

Een van die eerste belangrike mikpunte met hierdie opleidingsprogram was om tolke vir diens by die Vrystaatse Wetgewer op te lei. Die eerste tien “Wetgewer-tolke” (Suid-Sotho 3, Afrikaans 5, Engels 1 en Xhosa/Zoeloe 1 en die Tswana-diens (deur die Suid-Sotho-tolke behartig) is gedurende 1997 opgelei. (Du Plessis, 1996-1997. Finale verslag aan die Vlaamse Regering). Dit het aanleiding gegee tot sertifikaatopleiding wat aan instansies buite die Vrystaat gegee is, onder meer die

Nasionale Parlement, die Mpumalanga Wetgewer en dosente van die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK). Ook die tolke vir die UWK het sertifikaatopleiding deurloop.

Deur die loop van 1996 het die TFP ook daarin geslaag om bestaande kundigheidsbasis na die terrein van *Geregstolking* te begin uitbrei. Dit is bereik deur die eerste verkenning van die terrein, die opbou van 'n databasis, skakeling met rolspelers, die daarstel van 'n raamwerk vir die opleiding van geregstolke en die reël van 'n kollokwium oor geregstolking aan die HIVT en KVH in November 1996 (kyk bo). 'n Loodskursus vir hoftolke is gedurende Mei 1995 in Pretoria in samewerking met die Departement van Justisie aangebied en nuwe wyses van samewerking met die Departement Justisie betreffende verdere opleidingsprogramme is ondersoek (Voorlegging 1995. Prof. AH Snyman, voorsitter: TFP Beheerkomitee).

Teen 2004 het dit al hoe meer na 'n noodwendigheid begin lyk om vir alle terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing tolke op te lei al het sommige gemeen daar moet slegs met Engels as werkstaal volstaan word. So 'n gesindheid het tot gevolg gehad dat tolking skromeloos verwaarloos is sodat die gebrek daaraan selfs as “regsverdeling” veroordeel is of moontlik selfs tot die dood van pasiënte kon lei (De Vries 2004: 2). Teen 2004 is tolking in Suid-Afrika selfs as “donker” en onderdrukkend beskryf deurdat derduisende mense tevrede moes wees met “ontoereikende diens” in 'n tweede of derde taal. Intussen is “die voor die hand liggende oplossing van genoeg opgeleide en gespesialiseerde tolke” eenvoudig oor die hoof gesien (*Ibid.*). Teenoor die tolksituasie oorsee met die EU wat in 2002 sowat 800 tolke vir die 20 amptelike tale in 25 lidlande in diens gehad het, was Suid-Afrika in der waarheid in 'n onbenydenswaardige swak situasie. In die land is tolking teen 2004 nog nie as 'n beroep beskou nie en wanneer daar van tolking gebruik gemaak is, was dit meestal onopgeleide en onbekwame persone. By hospitale is selfs verpleegkundiges of skoonmakers ingespan as tolke nie gevind kon word nie en sulke tipe persone moes soms selfs as bemiddelaar tussen getuies, beskuldigdes en regspanne optree.

Die ETFB se standpunt was dat tolking verdien om in Suid-Afrika hooggeag te word sodat die tekorte daaraan in munisipaliteite, gesondheidsdienste of die regsweese reggestel kon word. Indien tolking op die hoogste regeringsvlakke gebruik word, sou dit die beroep se status verhoog en ook al die amptelike tale bevoordeel. Die misvatting dat almal Engels ken en verstaan was die oorsaak dat tolking louwarm gesteun is aldus prof. Charlyn Dyers van die UWK se Ilwimi-sentrum vir veeltaligheid en taalpraktyk. Sy wou sien dat daar uit die moedertaal getolk word en tolke behoorlik opgelei word “sodat die meerderheid van die bevolking toegang tot openbare dienste kan kry. By die Tygerberg-hospitaal het ons uitgevind hoe die gebrek aan opgeleide tolke tot ernstige probleme en selfs tot die dood van pasiënte kan lei” (*Ibid.*). Deur tolking kon die inheemse tale groter staanplek verkry en help skep word aan hul terminologie, want ’n gebrek daaraan het dikwels daartoe gelei dat oorspronklike betekenis en boodskappe verlore gaan, was in daardie stadium die waarskuwing van Pansat se me. Khethiwe Marais. Die standpunt van die EU was dat die finansiering van tolking nie eens ’n kwessie in veeltalige lande behoort te wees nie. In Europa het tolkdienste minder as 2 Euro per bewoner gekos (*Ibid.*).

Die Eenheid het in Junie 2005 jaarlikse beurse vir studente wat hulle in 2006 vir die nagraadse diploma in taalpraktyk (tolking) wou inskryf, aangebied. Du Plessis se motivering hiervoor was dat die UV deur tolkopleiding andere bemagtig om hul taalregte uit te oefen en “om betekenisvol aan formele gesprekke deel te neem” (*Volksblad* 2 Oktober 2005:3). Die aanvraag na tolke was aan die toeneem en die UV sou studente na voltooiing van hul studies op ’n *ad hoc*-grondslag vir tolkdienste op die kampus kon aanwend. Beurse sou by voorkeur aan studente met Engels as moedertaal en met ’n bogemiddelde kennis van Afrikaans of Suid-Sotho toegeken word. Studente wat die kursus wou volg, moes reeds oor ’n voorgraadse kwalifikasie beskik (*Ibid.*). Die Eenheid het in daardie stadium drie tolkkursusse aangebied: ’n Magister (’n kursus van twee jaar veral gerig op die voorbereiding van konferensietolke), ’n Diploma kursus van een jaar gerig op die voorbereiding van tolke in een of meer van die tolkkrigtings), ’n

ad hoc-sertifikaatkursus wat slegs verklaar het dat die student 'n oriënteringskursus bygewoon het. Laasgenoemde is aangepas na gelang van vereistes soos byvoorbeeld vir dienslewering aan die WVK.

Wat die inhoud van die kursusse betref, het elkeen drie hoofkomponente bevat: taalopleiding (taalvaardighede, kultuurgeskiedenis en terminologie-uitbreiding), algemene studies (blootstelling aan relevante taalgebruiksdomeine), vertaal- en tolkteorie (teoretiese aspekte) en vertaal en tolkpraktyk (die grootste deel in die vorm van deurlopende praktiese tolkwerk).

Die ingebruikneming van die tolkopleidingsentrum aan die UV met die hulp van Artec, 'n Wes-Vlaamse bedryf, het gedurende Februarie 1996 plaasgevind en dit is amptelik tot 'Vlaamse Tolksentrum' herdoop deurdat dit met 'n ruim skenking van die Vlaamse Regering opgerig is. In daardie stadium was die Vlaamse Tolksentrum die enigste tolkopleidingslaboratorium in Suid-Afrika waarin 'n nuwe geslag taalpraktisyne met moderne vaardighede vir Suid-Afrika opgelei kon word. Die ruim Vlaamse skenking het die ETFB ook in staat gestel om dosente en akademiese assistente in tolking aan te stel. Hulle was almal by die ETFB se "program vir taalpraktisyne" betrokke (*Ibid.*).

Vanaf 19 tot 22 Julie 2010 het bykans 70 studente 'n tolkopleidingsbeoordeling in die UV Raadskamer ondergaan waartydens kandidate skadu-tolktoetsing oor simultane tolking per taalgroep sonder die hulp van woordeboeke moes doen. Die volgende tale was ter sprake: Engels/Afrikaans en andersom, Engels/Zoeloe en andersom, Engels/Venda en andersom, Engels/Tsonga en andersom, Engels/Tswana en andersom, Engels/Sotho en andersom, Engels en Ndebele en andersom, Engels/Tspedi en andersom sowel as Engels/Xhosa en andersom. Ook is simultane tolking in Engels/Afrikaans getoets (Programme: Interpreter Training Assessment, July 2010).

Onder die rektorskap van prof. Stef Coetzee is transformasie by die UV vanaf 1996 met groter erns aangepak en 'n omvattende draaistrategie aan die gang gesit. Groot veranderinge het begin plaasvind met onvermydelike

verrekening van die “woede en angs” van studente maar veral van die nuwe ekonomiese en akademiese beplanning in die lig van die snel groeiende studentegetalle (De Klerk, 2001:4).

Coetzee het een van die hoogtepunte van sy termyn gesien in die leiding wat hy in die HAU’s se bydrae tot die Gerwel-kommissie oor die posisie van Afrikaans kon gee. Hy kon ook met trots na die R2 miljoen wat die Tswelopele-beursfonds in 2000 aan die UV se Vlaamse Tolksentrum geskenk het, verwys (*Ibid.*).

Teen 1999 is die Eenheid as die “grootste werkgewer van konferensietolke in die land” beskou (*Ibid.*). Die ATKV se borgskap van aanvanklik R120 000 per jaar (1996–1999) en R55 000 per jaar vir hierdie Leerstoel (1999–2008) was die Vereniging se derde sodanige vennootskap met ’n Suid-Afrikaanse universiteit (O’Conner, 1999a). Met die vestiging van DAGT as ’n nuwe departement in 2004 en die gevolglike verskuiwing van die ETFB-personeellede wat in akademiese rigtings werksaam was na hierdie departement, het die Leerstoel saam met die leerstoelbekteler na hierdie Departement verskuif. Uiteindelik het die vennootskap met betrekking tot die Leerstoel in 2008 ten einde geloop. Die ATKV sou hierna die Monitor-projek ’n tyd lank befonds.

Die waardering en hoë agting vir wat deur die ETFB ten opsigte van tolking bereik is, het verder daartoe gelei dat die Johan Kruger-ererbewys van die SAVIop 15 Junie 1999 aan die ETFB toegeken is vir die werk wat gedoen is om tolking as beroep in die land te bevorder (O’Connor, 1999:4). Volgens die destydse president van die Instituut, prof. Annette Combrink, is die ererbewys spesifiek toegeken vir die ETFB se bydrae tot die linguïstiese bemagtiging van voorheen benadeelde Suid-Afrikaners. “Dit sluit in die skep van programme wat alle fasette van tolkopleiding bevat en die skep van tolkdienste op die drie vlakke van regering” het sy by hierdie geleentheid gesê. In daardie stadium is buiten die UV se opleidingsprogram, ook opleidingshulp aan die parlement asook die provinsies van die Vrystaat, Mpumalanga en Gauteng voorsien. Dit was benewens die tolkdienste wat aan die Vrystaatse Wetgewer, die Mangaung Munisipaliteit en ander instansies in die Vrystaat

Deel III

gelewer is (*Ibid.*). Nietemin het die ETFB inderdaad op die gebied van tolkopleiding 'n betekenisvolle bydrae gelewer, dit danksy die ruim skenking van die Vlaamse Regering asook die produktiewe medewerking met die twee Antwerpse tolkskole en 'n entoesiastiese plaaslike opleidingspan.

Deel IV

Die vestiging van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as studierigting aan die UV

Ontstaan

Gebaretaal as dissipline by die UV is stap vir stap uitgebou danksy die leidende rol van 'n hoogs gerespekteerde Keniaa dr. Philemon Akach, allerweë bekend as die Vader van Gebaretaal in die Suid-Afrikaanse universiteitswese. Hy het Du Plessis se oog gevang en is onmiddellik genader toe sy kontraktermyn by die Dowe Federasie van Suid-Afrika (DoofSA beter bekend as DeafsA) uitgeloop het. Hy was daar vir die ontwikkeling van 'n skoolsillabus vir SAGT verantwoordelik.

Die gebaretaal-inisiatief het kort na Akach se aanstelling in 1998 heel beskeie begin met die instelling van 'n Diploma in Tolking met spesialisering in Gebaretaal. Kort hierna kon 'n nuwe driejarige voorgraadse kursus in Gebaretaal in die Fakulteit Geesteswetenskappe in September 1998 deur die ETFB se direkteur aangekondig word. SAGT is nou vir die eerste keer in Suid-Afrika as hoofvak binne voorgraadse graadprogramme op universiteitsvlak aangebied. 'n Paar jaar later is ook volledige nagraadse programme in die vak ingestel.

Die programme van die Eenheid is vanaf 1999 so georganiseer dat Gebaretaal 'n integrale deel van die opleiding vir vertaling, tolking en gebaretaal uitgemaak het. Dit is steeds die geval. Die graadkursusse in SAGT wat die ETFB ingestel het, is in terme van akkreditasie, gelykwaardig aan enige ander taalkursus. Daar was in die land slegs 'n handjievol gebaretaalgebruikers. Gevolglik het daar 'n wesenlike behoefte aan die professionalisering van die vakrigting bestaan. Die

kurrikulum is in samewerking met DeafSA opgestel en daar is deeglik besef dat akademies onderlegde gebaretaalgebruikers vorentoe in groot aanvraag in die land se hospitale, klinieke en howe sou word (*Ibid.*).

SAGT aan die UV het vinnig een van die grootste departemente van hierdie aard in die land geword. UV sou die eerste universiteit in Afrika word om die dissipline op universiteitsvlak te vestig (De Klerk, 2001a: 5). Wits het in 2000 ook met 'n kursus begin maar aanvanklik nie op dieselfde vlak as die UV nie. Volgens Kobus Kellerman, voorsitter van DeafSA die was dié instansie vanuit die staanspoor baie begeesterd deur die UV se besluit om die gebruik en kennis van SAGT te bevorder. Hy het egter gewaarsku dat daar nie aan Gebaretaal “snaakse of eienaardige” (*novelty*) status toegeken moes word nie en dat daarteen gewaak moes word dat SAGT op etniese gronde gefragmenteer word. Daar was te min hulpbronne in die veld en te min gekwalifiseerde vertalers en daarom het hy belangstellende universiteite aangemoedig om 'n inter-universitêre komitee in die lewe te roep ten einde te verseker dat gebaretaal en tolkdienste ter bereiking van 'n gemeenskaplike doel, ontwikkel en gekoördineer word (*The Star*, 4 September 1998:11).

Die eerste drie studente wat SAGT as hoofvak in November 2001 aan die UV voltooi het, was so entoesiasties dat hulle gemeen het Dowes se stem in Suid-Afrika moet gehoor word en dat dit goed sou wees indien dit as 'n verpligte vak vir Suid-Afrikaanse skole ingestel word (De Klerk, 2001a: 5).

Een van die sukseskomponente van die UV se opleiding in SAGT was dat 'n persoon wat self doof was vanuit die staanspoor saam met Akach aangestel is, naamlik in die persoon van me. Emily Mathabane. Die voorsitter van DeafSA in die Vrystaat, Albat Mofekeng, en Eucliff Tsunke, diensleweringsbeampte van Dowes by die Vereniging van Mense met Gestremdhede in die Vrystaat, was dankbaar dat “hulle taal” (albei is doof) erken is en horendes ook nou met hulle kon begin kommunikeer (*Ibid.*). Hulle kon dit sê na aanleiding van die feit dat die dissipline veral studente in Verpleegkunde, Maatskaplike Werk en die

Regte getrek het. Die eerste klasse aan die UV het op 8 Februarie 1999 'n aanvang geneem (*Ibid.*).

Akach het vertel hoe hy vir die eerste keer as jong onderwyser met gebaretaal te doen gekry het. Een van die intelligente kinders in sy klas was doof sonder dat hy of die leerling se ouers daarvan bewus was. Sy klaspunte het verswak en daar is gedink hy is lui. Toe Akach besef wat die probleem is, het hy die ouers aangeraai om hom in 'n Dowe skool te plaas en dit is waar Akach se belangstelling in gebaretaal begin het. Hy het sulke leerlinge dopgehou en besef hulle kommunikeer eerder met gebare wat hulle ontspanne laat voel het. Toe hy egter gebare in die klas begin gebruik, is hy afgedank. Later het hy sy meestersgraad by die Nairobi Universiteit verwerf en intensiewe navorsing oor gebaretaal begin doen. Vanaf 1996 tot 1998 was hy die direkteur vir gebaretaal en tolkontwikkeling van Deafsa. Sy reaksie oor die UV se skuif rakende SAGT was: "Ek is baie opgewonde oor die UV se kursus. Daar is regtig 'n tekort veral aan tolke. Doves van verskillende lande kommunikeer makliker met gebare. Dit is omdat die belangrikste gebare wêreldwyd dieselfde is" (*Volksblad* 8 November 2001a:6).

Akach se standpunt was dat Dowe mense 'n spesiale minderheid vorm en dat die horende meerderheid hulle as deel van die totale groep behoort te aanvaar. "Dowe mense is nie dom nie. Gebaretaal is 'n erkende taal, gun doves om dit te praat, moet dit nie van hulle probeer wegvat nie" (*Ibid.*). Hy het besluit om na Suid-Afrika te kom maar was geskok dat mense glad nie ag geslaan het op gebaretaal nie. "Horende mense wou nie dowe mense aanvaar nie, nog minder Gebaretaal". Toe Akach as dosent by die Eenheid aangestel is, het hy gemeen "dit is wonderlik om te weet daar is 'n instelling soos die UV wat ernstig is oor die opleiding van mense in Gebaretaal" (*Ibid.*).

Die Eenheid is wyd geloof nie net vir die wyse waarop dit sosiaal verantwoordelik opgetree het deur SAGT as akademiese dissipline in te stel nie, maar ook vir die bydrae tot sosiale geletterdheid en rekenaar-linguistiek en die innoverende wyse waarop universiteitskursusse vir studente op die terrein van die menswetenskappe ontwikkel is (Macfarlane, D, 1999:17). Dit was juis in 'n tydsgewrig toe taalverwante

ondersoekterreine onder die vergrootglas gekom het en alle menswetenskappe op ongekende wyse onderhewig gestel is aan en gedwing is tot selfondersoek. Die tradisionele dissiplines in die geesteswetenskappe is nie sonder meer as waardevol of geldend beskou nie of sou nie noodwendig as kursusse op hoër vlak oorleef nie. Kurrikulum-ontwikkeling het die sleutelwoord geword, met die oog op nuwe staatsbeleidsrigtings wat groter sosiale verantwoordelikheid van universiteite geëis het. Hierdie kritiese oriëntasie het ook na tale deurgesyfer en het gespruit uit die bedroewende toestande waarin baie mense hulself bevind het. “Mense kan nie doeltreffende bewoners in ’n demokratiese samelewing wees indien hul onderwys hul van kritiese bewussyn oor sleutelaspekte binne hul fisiese of sosiale omgewing afsny nie. Indien ons verbind is tot onderwys wat voedingsbronne vir burgerskap wil daarstel, is ’n kritiese bewussyn van die taalpraktyke van taalgemeenskappe ’n bemagtiging” aldus Norman Fairclough, ’n Britse sosiale linguïst. Sy veld en bydrae oor kritiese taalbewustheid het gefokus op die idee van bemagtiging van histories benadeelde gemeenskappe via taal (*Ibid.*).

So ’n ingesteldheid was kenmerkend van die benadering van die direkteur en die personeel van die ETFB. Onder Du Plessis se invloed en aansporing is daar voortdurend gewoeker om taalkursusse en die hele gang van die ETFB se werksaamhede, omgewingsbewus en daarom opheffend en relevant te maak en te hou. So byvoorbeeld het die Eenheid ’n gestruktureerde MA vir die taalberoep ingestel waarin verskillende kursusse in ’n omvattende pakket met veelvuldige intree- en uittreevlakke gekombineer is, met SAGT sentraal daarin. Dit was in ooreenstemming met wat ook as ’n prioriteit van die NRF beskou is. Mettertyd het die Eenheid ’n gevorderde diploma in vertaling en tolking en ’n voorgraadse diploma in regsinterpretering uitgewerk en daargestel, ook weer met SAGT sentraal.

Verdere ontwikkeling

Uit die statistiek wat in 2000 verskaf is, het geblyk dat daar ’n toename in die sukseskoers van studente in SAGT was.

Die EFTB was trots daarop dat daar gedurende die jaar 'n dowe spraakassistent in die persoon van Emily Mathabane aangestel is. Veral die Dowegemeenskap het opgewondenheid daaroor betuig. 'n Groot bate was deurdat sy aan studente groter blootstelling gegee het en daardeur hul vaardighede verbeter het. Gedurende September 2000 kon die Eenheid in medewerking met die UV se Studentevereniging vir Dowes weer aan die Dowebewustheidsweek deelneem.

Die EFTB het in Augustus 2000 met 'n projek begin om 'n Gebaretaal-handleiding vir leerlinge en onderwysers saam te stel (O'Connor, M. 2000:7). Wat in die vooruitsig gestel is, was studiemateriaal vir SAGT wat vir die eerste keer in Suid-Afrika beskikbaar sou wees. Een van die gebaretaaldosente, Susan Lombaard, het verduidelik hoe studiemateriaal in die vorm van 'n pakket bestaande uit 'n handleiding en video of CD-rom beskikbaar sou wees. Veral laasgenoemde was onontbeerlik omdat die handvorme en bewegings moeilik eendimensioneel deur sketse en foto's oorgedra kan word. Al die akteurs in die opleidingsvideos was doof en het SAGT as hul eerste taal gebruik. 'n Paneel van kundiges waaronder Akach en Matabane en prof. Debora Arons van die US was verantwoordelik vir die handleidingsprojek.

Soos vroeër uit die geskiedenis van die EFTB blyk, het die dissipline Gebaretaal oorgeskuif na SAGT en met die ontbinding van hierdie konglomeraat-departement na 'n eie, volwaardige Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal in 2010. In hierdie stadium het die rigting uit onderskeie subdissiplines bestaan, te wete Gebaretaalverwerwing, Linguistiek, Dowestudies, Doweonderwys en Tolking. Volgens Lombaard (2019) het Du Plessis 'n leidende rol in die vestiging van die dissipline gespeel en hoewel dit aanvanklik krities bejeën is, het dit die moeite werd en versienende geblyk om op daardie tydstip dié korrekte toekomsrigting in te slaan.

Net so belangrik in die EFTB se wye reeks gemeenskaps-dienste en -betrokkenheid was Gebaretaal wat oor die land al belangriker geword het en ook in baie gemeenskappe al meer aandag en belangstelling begin uitlok het (Rademeyer, 1999:14). Akach, wat van 2010 tot 2016 hoof van die departement was

, was van mening Suid-Afrika se versuim om SAGT as 'n onderrigmedium in Dowe skole te gebruik, “irrasioneel en onekonomies” was. Prof. Okoth Okombo van die Universiteit van Nairobi was dat daar wêreldwyd bewyse was dat gebaretaal Doves die beste geleentheid bied om hul plek in die samelewing vol te staan. Daar het egter talle vroeë geheers soos watter demokratiese instellings sodanige “gelykheid” sal waarborg en watter rol die staat behoort te speel. Sy standpunt was: Doves behoort self bemagtig te word om navorsing oor gebaretaal te onderneem omdat hul dit self gebruik en hul eie taal die beste sal verstaan. sal verstaan (*Ibid.*).

Deel V

Die Multilingual Informatics Development Programme (MIDP) – sinergie tussen taalpraktyk en taalnavoring

Oorsprong

Die oorsprong van die MIDP kan in werklikheid teruggevoer word na die Vrystaatse Provinsiale Wetgewer wat teen 1995 met die daadwerklike hulp van Du Plessis (en die UV) 'n omvattende tolk- en vertaaldiens met die steun van die Vlaamse Regering tot stand gebring het. Gelukkig was die Provinsie Antwerpen (Vlaandere, België) aan die uitkyk vir die befondsing van 'n inligtingsontwikkelingsprogram as logiese voortsetting van Vlaandere se verbintenis met die Vrystaatse Provinsie was (Multilingual, Informatics and Development, 2000:1). Helsen het Du Plessis tydens sy drie maande verblyf in Leuven aan die begin van 1998 – ingevolge hierdie universiteit se internasionale uitwisselingsooreenkoms met die UV en as gas van Deprez genooi om die moontlikheid van 'n opvolgprojek wat meertaligheid sou bevorder en tegelykertyd navorsing op die terrein sou onderneem, te bespreek. Hierdie drie het in die historiese Brasserie Gambrinus op die Leuvense Oude Markt ontmoet en daar die kontoere van die MIDP-projek vasgelê, onderhewig aan die suksesvolle uitvoering van 'n loodsstudie.

Wat aanvanklik as 'n projek oor drie jaar (1999-2001) voorsien is, het ontwikkel tot een van altesaam vyf driejaar-siklusse (1999-2013) en die langste verbintenis van 'n oorsese befondser tot die Eenheid se werksaamhede. Die eerste vier siklusse het op meertaligheid op provinsiale regeringsvlak

gekonsentreer om na afloop van die vierde siklus na meertaligheid op lokale vlak te verskuif, met ander woorde na veeltaligheid in plaaslike gemeenskappe. Die vyfde siklus het daarom in Philippolis, ’n klein dorpie in die Gariep-distrik in die suidelike Vrystaat en naasliggende dorpe afgespeel. Uniek omtrent die projek was dat kollokwia oor meertalige temas aan elke siklus gekoppel is waarvan die handeling in ’n geakkrediteerde publikasiereeks by Van Schaik Uitgewers gepubliseer is.

Van hier is verskeie kleiner ondernemings begin insluitende die opleiding van gemeenskapsvertalers, die samestelling van twee gebruikershandleidings oor tolking en een oor die samestelling van meertalige naamborde asook die uitleg en ontwikkeling van die Adam Kok III-staproete in Philippolis sowel as die bekendstelling van ’n jaarlikse meertalige openbare redenaarskompetisie vir skoolkinders ook in Philippolis. Dit is enkele van die konkrete nalatenskappe van die MIDP.

Oorsigtelik kan die verskillende siklusse van die MIDP soos volg saamgevat word:

- Loodsstudie (1998);
- MIDP I (1999–2001): Inrig van ’n gepaste stelsel vir die bestuur van meertalige inligting in die Provinsie Vrystaat;
- MIDP II (2002–2004): Rekenaarmatige oplossing vir die vertaal van herhalende administratiewe inligting op provinsiale vlak;
- MIDP III (2005–2007): Daarstel van ’n wetlike raamwerk waarbinne meertaligheid in die Vrystaat geïnstitusionaliseer kon word;
- MIDP IV (2008–2010): Bou van kapasiteit betreffende tolking deur middel van ’n opleidingsprogram vir provinsiale tolke met die oog op toekomstige aanwending;
- MIDP V (2011–2013): Institusionalisering van funksionerende meertaligheid op grondvlak in die Philippolis-gebied.

Nie net het die MIDP die Eenheid in staat gestel om ten nouste betrokke te raak by meertaligheid in aksie op provinsiale vlak nie, dit het ook grootliks betekenisvol daartoe bygedra dat die Eenheid op navorsingsterrein ’n betekenisvolle bydrae tot

meertalige studies in Suid-Afrika kon lewer. Twee van die kernelemente hiervan was die oprigting van 'n internasionale kollokwium-reeks en die totstandkoming van die Van Schaik Uitgewers publikasiereeks *Studies in Language Policy in South Africa* in 2000, waarvan uiteindelik agt geakkrediteerde volumes verskyn het. Hierdeur het die ETFB die ideaal nagestreef om 'n skakeling tussen taalpraktyk en navorsing te bewerkstellig. Trouens, by die konsepsualisering van die projek in Leuven het Kas Deprez op die verskansing van 'n navorsingskomponent binne die MIDP aangedring.

Loodsstudie (1998)

Die enkele oogmerk met die loodsstudie van die MIDP was om 'n befondsingsvoorstel vir die eerste driejaarsiklus van die beoogde projek in samewerking met die Provinsie Vrystaat teen die einde van 1998 by die Provinsie Antwerpen vir oorweging in te dien.

Met dit voorop in gedagte en esame en tesame met die feit dat die ETFB reeds vir etlike jare finansiële steun uit Vlaamse oord ontvang het, het die UV deur Du Plessis se inisiatief en bemiddeling die Vrystaatse Provinsiale Regering (VSPR) genader om 'n voorlegging van so 'n loodsstudie vir Antwerpen voor te berei. Hierin sou gewag gemaak word van die feit dat Suid-Afrika in die gelukkige posisie van Vlaandere 'n bevoorregte vennoot wat spesiaal op die Vrystaat gefokus het en in besonder daarin belanggestel het om 'n sleutelrol in aanvanklik (mettertyd sou ander areas met betrekking tot meertaligheid betrek word) twee spesifieke areas, naamlik meertaligheid en informatika te speel. Daar kon dus met vrug op die bestaande samewerking tussen die Vlaamse Regering en die Vrystaat voortgebou word veral deurdat die Provinsie Antwerpen daarin belanggestel het om die Vrystaat by te staan in die daarstel van 'n omvattende, gesentraliseerde en veeltalige inligtings- en datastelsel vir gebruik deur provinsiale en lokale regeringstrukture.

In samewerking en met die hulp van die ETFB en ander UV-kollegas het die Vrystaatse premier se kantoor 'n loodsstudie van stapel gestuur om vas te stel wat die presiese behoeftes en beskikbare hulpbronne van die relevante Vrystaatse diensverskaffers en insethouers was. Die presiese

oogmerke was: ’n behoefte-analise onder al die Vrystaatse provinsiale regeringsdepartemente sowel as sommige van die UV-departemente en navorsingsentra in terme van hul bestaande menslike bestuurs- en tegniese hulpbronne en hul prioriteite ten opsigte van informatika en meertaligheid. Daar is ooreengekom om hierdie loodsstudie te onderneem met die oog op ’n uiteindelijke projek in medewerking met die UV, die Universitêre Instelling Antwerpen (UiA – later die Universiteit van Antwerpen) en CIPAL wat ’n prototipe web-gebaseerde inligtingstelsel (IS) binne die provinsie se Sub-Direktoraat Inligtingsdienste sou ontwikkel en inrig. Ook betrokke by die loodsstudie was vier provinsiale departemente: Openbare Werke, Paaie en Transport, Sosiale Welsyn, en Gesondheid sowel as die Kantoor van die Premier. Die loodsstudie sou gedurende die vierde kwartaal van 1998 vir moontlike implementering geëvalueer word.

Ten einde die loodsstudie te inisieer, is ’n opname deur middel van ’n vraelys aan al 10 provinsiale departemente en geselekteerde UV-departemente, sowel as aan verskeie private instansies wat endgebruikers en diensverskaffers was, gestuur. In essensie sou hierdie opname toon of daar weliswaar ’n behoefte in die Vrystaat aan ’n veeltalige inligtingsopbergplek soos in die voorlegging uiteengesit, bestaan het.

Die uitdaging om ’n gesentraliseerde datastelsel daar te stel en te onderhou was van velerlei aard: tekort aan werkkrag; IT-gebruikers; stelseloperateurs en toepassers; gebrek aan opleiding van die bestaande personeel in inligtingstechnologie; befondsing van die nodige programmatuur en toerusting om die stelsel in werking te stel en te kontinueer; die fisiese lokaliteit en konfigurasie en beheer oor die inligtingstelsel; die identifisering van temas en die aard en kenmerke wat die inligtingstelsel moes toon; behoorlike diens aan die belangrikste gebruikers; koste en eienaarskap van die data; kurator- en eienaarskap van die datavoorsiener; deelname van instellings wat hul data sou beskikbaar stel en verkoop soos byvoorbeeld die UV se SA Media Knipseldiens en die Grondwater Instituut; bemarking van die diens aan interne en eksterne verbruikers en toeganklikheid en beskikbaarheid aan die breër publiek.

Talle verbruikers het aangedui dat alfa-numeriese inligting in die dominante Vrystaatse tale (Engels, Suid-Sotho en Afrikaans) beskikbaar gestel moes word. Die grootste kommer was egter steeds die tekort aan werkkragte om die nodige vertalings voor te berei (Projekvoorstel aan die Provinsie Antwerpen, 1998).

Teen September 1998 was onderlinge samesprekings tussen die ETFB (onder die vaandel van die Universiteit), die Provinsie Antwerpen in Vlaandere, die UiA en die Provinsiale Regering van die Vrystaatse Provinsie in so 'n gevorderde stadium dat 'n voorlegging vir befondsing aan die oorsese potensiele borg voorberei kon word. In die lig van en deur die ETFB se oortuigende visie en leiding het die Provinsie Antwerpen deur die volgehoue bemoeienis en terugvoering van Du Plessis en die positiewe resultate van 'n vroeëre borgskap, entoesiasme en bereidwilligheid getoon om 'n voortgesette befondsingsrol te speel.

Finansiële steun sou (tydens die eerste MIDP-siklus) op twee sleutel-ontwikkelingsareas afgestem word, naamlik meertaligheid en informatika met spesialistekennis op beide terreine as van deurslaggewende belang geg.

Die projekvoorstel is voorgelê en aanvaar deur beide die Provinsie Vrystaat se Interdepartementele Bestuurskomitee (IDMC) se Subkomitee Inligtingtegnologie (ITSC) voordat die IDMC dit gedurende November via die ETFB aan die Antwerpse provinsiale regering voorgelê het. Laasgenoemde het die projek goedgekeur.

Verteenwoordigers van die Provinsie Antwerpen, die UV en die VPR het in Desember 1998 in Bloemfontein vergader om oor die omvang van die finale projek te besin en 'n informele ooreenkoms te sluit. Ongelukkig was die VSPR nie in 'n regsposisie om 'n formele ooreenkoms met die Provinsie Antwerpen te sluit nie en kon sodoende nie 'n amptelike samewerkingsooreenkoms onderteken nie. Om hierdie rede het die Provinsie Antwerpen en die rektor van die UV ooreengekom dat die toegestane fondse vir die projek vanuit 'n UV-rekening geadministreer sou word. Die bestuurskomitee en die UV as hoofde oor die projek sou beheer oor die fondse uitoefen (*Ibid.*).

Die ITSC van die IDMC sowel as die Vrystaatse Premier het gereelde terugvoering oor die vordering van die projek ontvang.

Op grond van die sukses van die loodsprojek is ’n verdere bedrag van R415 000 per jaar vir drie jaar (1999–2001) deur die Provinsie Antwerpen vir die MIDP bewillig. Die algemene verstandhouding was dat hierdie bedrag deur die VPR aangevul sou word in terme van infrastruktuur, werkkrag en ’n administratiewe begroting. Die Provinsie Antwerpen het ook tegniese bystand belowe deur CIPAL (’n semi-staatsmaatskappy). Hierdie instansie se mandaat was om bystand deur middel van inligtingstegnologie te verleen aan en oplossings te vind vir Vlaamse regeringstrukture (*Ibid.*). Die Provinsie Antwerpen, die UV en die VPR het in Desember 1998 ontmoet om die finale omvang van die projek met die projekbestuurskomitee te finaliseer. Die UV en die bestuurskomitee gesamentlik het as leiers van die projek opgetree en die toegekende fondse bestuur. Nietemin het die UV die fondse geadministreer.

Op 31 Maart 1999 het die Uitvoerende Komitee van die VPR besluit dat die MIDP sou voortgaan en dat gereelde rapportering aan alle partye sou bly plaasvind (*Ibid.*).

Essensieel het die MIDP op twee bene gestaan, ’n taalpraktyk komponent wat in samewerking met die Provinsie Vrystaat uitgevoer sou word en ’n navorsingskomponent wat in samewerking met die UiA uitgevoer sou word. Alle toekomstige siklusse sou op dieselfde basis ingerig word. In die eerste siklus is CIPAL en SITA ook by die taalpraktyk komponent betrek.

MIDP I (1999–2001): Inrig van ’n gepaste stelsel vir die bestuur van meertalige inligting vir die Provinsie Vrystaat

Omdat daar ’n behoefte bestaan het aan inligting wat vir die publiek maklik toeganklik sou wees, is MIDP I opgerig met die breë oogmerk om ’n sentrale stelsel daar te stel waar alle provinsiale regeringsinligting gestoor kon word. As sodanig moes die stelsel in staat wees om aan provinsiale departemente, besighede en die algemene publiek inligting deur ’n enkele toegangspunt in drie tale (Suid-Sotho, Afrikaans en Engels) te voorsien (*Ibid.*)

Die breë oogmerke van MIDP I was om 'n sentrale inligtingstelsel ('n veeltalige datamagasyn) vir die VPR daar te stel. Daarin sou alle ruimtelike en nie-ruimtelike data van die provinsiale en uiteindelik plaaslike regering opgeberg kon word. As sodanig kon dit aan provinsiale departemente, besighede en die publiek omvangryke inligting in Engels, Afrikaans en Suid-Sotho verskaf. Die spesifieke oogmerke was om: 'n tegniese assistent in oorleg met die UV, die UiA en CIPAL aan te stel om 'n web-gebaseerde program vir die implementering van IS te ontwerp en te ontwikkel. Dit sou ook behels om ondersoek na ander vorme van inligtingstoegang in te stel en om die vordering van IS op 'n deurlopende grondslag te monitor (*Ibid.*:3).

'n Projekbestuurder is in Maart 1999 deur die MIDP-bestuur by die UV op vise-direkteursvlak aangestel en na die VPR gesekeundeer. 'n Projek assistent is ook aangestel maar by die UV gestasioneer. Ook is 'n projekbestuurskomitee saamgestel waarop personeel van die UV en VPR sowel as verteenwoordigers van deelnemende provinsiale departemente gedien het. In Junie 1999 het van die projeklede die Provinsie Antwerpen besoek wat aan die afgevaardigdes eerstehandse blootstelling aan CIPAL-toepassings in werking (soos Cognos en Parnassus) gebied het.

In Mei 2000 tydens 'n wederkerige besoek het 'n afvaardiging van die Provinsie Antwerpen waaronder Ludo Helsen eweknieë van die VPR oor die vordering van die projek ontmoet. Gedurende die besoek het die Antwerpse afvaardiging bereidwilligheid getoon om die MIDP vir 'n verdere vyf jaar (2000 tot 2004) te befonds. Op hul uitnodiging is 'n projekvoorstel vir sodanige voortgesette steun vir die MIDP in Julie 2000 aan Helsen en die Antwerpse raad voorgelê (*Ibid.* 3). Hierdie voorlegging is gunstig ontvang waardeur 'n tweede driejaar siklus van die MIDP verseker kon word.

Die taalpraktyk-komponent

Gedurende MIDP I is 'n proto-webtuiste in drie tale vir die VPR ontwerp en aan die Provinsie vir verdere implementering oorhandig (MIDP Final Report 1999-2001).

Die implementering van die MIDP in die VSPR is gedryf deur die begeerte om werkoplossings op taalgebied vir bestuurders in

’n gebruiksvriendelike omgewing in die kortste moontlike tyd te vind. ’n Helder fokus op steun vir besluitnemingsinligting vir bestuurders en werknemers in die taal van hul keuse het die MIDP in staat gestel om ’n gebruikersvriendelike datawebtuiste (<https://majuba ofs gov za>) met velerlei toegangsmoontlikhede daar te stel. Daar was toegang: tot PERSAL se bestuursinligting (Persal=gestandaardiseerde betalingstelsel); FMS (FMS=Fakulteit van Bestuurstudies Delhi) bestuursinligting met daaglikse opdatering; omsendbriewe van die VSPR en die Nasionale Regering; ’n digitale telefoonboek van VSPR, kontrakte wat betref die aankoop van tegnologiese; daaglikse en internasionale nuus; inligting via Engels, Suid-Sotho of Afrikaans.

Die internet-tuiste het die volgende toegang gehuisves: die weeklikse skedule van die premier; belangrike adresse; toesprake en mediavystelling van die Uitvoerende Raad van die VSPR; provinsiale en nasionale tenderdokumente; inligting oor toekomstige provinsiale opveelings; inligting oor spesiale projekte van die VSPR; ras- en geslagstatistieke van die VSPR per departement; en inligting via die drie tale.

Verder is ’n gebruikersvriendelike rekenaarprogram wat die Vrystaat bekend stel as ’n toeristebestemming en ’n veilige beleggingsopsie ook as byproduk ontwikkel. Die program is geloods as DIGIGUIDE en kon benut word vir bemerkingsmateriaal deur amptenare op oorsese besoeke, by uitstallings en in die vorm van handbiljette aan oorsese besoekers.

Die navorsingskomponent

Gedurende MIDP I is altesaam drie internasionale kollokwiums oor aspekte van veeltaligheid georganiseer, twee in Antwerpen en een in Bloemfontein. ’n Goed verteenwoordigende Suid-Afrikaanse en internasionale delegasie het hierdie kollokwia bygewoon, onder andere ’n hoofregter uit Spanje en ’n verteenwoordiger uit België. Drie bundels in die Van Schaik-publikasiereeks het hieruit voortgevloei en drie is as erkende navorsingsuitsette geakkrediteer.

Een van die onverwagse uitlopers van MIDP I was die betrek van die ETFB by 'n terminologieprojek van die Nasionale Taaldiens van die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie. Elke provinsie moes 'n opname maak ten einde vas te stel hoe terminologie in daardie stadium bestuur word en ook om aanbevelings vir toekomstige gebruik van bestuursterminologie te doen (*Ibid.*). Die oogmerk was die vestiging van 'n webgesteunde terminologie bestuursmodel, 'n aspek wat ten nouste by die oogmerke van MIDP I aangesluit het.

Toekomstige ontwikkelinge is gesien in die lig van wat met MIDP I bereik is en die VSPR was van mening dat die MIDP moes voortgaan om op veeltaligheid te fokus, terwyl die bestuur van die inligtingstegnologie deur die VSPR gehanteer sou word. Die hand-vertalings van die webblaai in die ander twee tale was tydrowend en inspannend en dit sou 'n groot stap vooruit wees indien die vertalingsproses deur masjien-gedrewe middele geoutomatiseer kon word (*Ibid.*). MIDP II is met hierdie behoefte in gedagte bedink, om met ander woorde rekenaarmatige oplossings vir taalprobleme te bedink.

MIDP II (2002-2004): Rekenaarmatige oplossing vir die vertaal van herhalende administratiewe inligting vir Provinsie Vrystaat

Op grondslag van die sukses van MIDP I en as logiese uitvloeisel van die samewerking tussen die Provinsie van Antwerpen aan die Provinsie Vrystaat, het eersgenoemde besluit om die MIDP vir 'n volgende drie jaar finansiële te ondersteun.

Die taalpraktyk-komponent

MIDP II sou fokus op die ontwikkeling van 'n rekenaarmatige oplossing vir herhalende vertalings van administratiewe inligting. Aanvanklik is gehoop om die Lexica-masjienvertalingstelsel verder te ontwikkel. Dit is gedoen binne die kader van 'n ooreenkoms wat die UV gedurende MIDP I in Oktober 2000 met Epi-Use, die ontwikkelaars van die Lexica vertalingstelsel bereik het. Gedurende 2002 is met behulp van kollegas aan die Uia 'n instrument ontwerp om Lexica se

Engels-tot-Afrikaans vertaalinstrument met internasionale standaarde te vergelyk ten einde 'n maatstaf vir die verdere ontwikkeling van die Lexica masjienvertalingstelsel daar te stel. Daar is egter bevind dat omdat die Lexica-stelsel reeds in die 1980's ontwikkel is, die programkode verouderd was en dat om met die ontwikkeling daarvan voort te gaan, onproduktief sou wees in die lig van nuwe ontwikkelinge in masjienvertaling wat wegbeweeg het van geoutomatiseerde vertaling gebaseer op kunsmatige intelligensie na voorbeeldgebaseerde geoutomatiseerde vertalingstelsels. Sulke stelsels het gebruik gemaak van vertalingspare gegroepeerd in tweetalige korpusse.

Na 'n deeglike evaluering van die toepaslikheid van die Lexica-telsel is op advies van die UiA besluit om 'n besluit om 'n eie nuwe generasie vertaalprogram genaamd EtsaTrans te ontwikkel. Daarna kon werk begin aan die opstel van 'n Engels-tot-Afrikaans taalpaar en 'n tweetalige korpus byeengebring word uit bestaande vertalings deur die onderskeie vertaaldienste van die UV en VSPR. Weens die vertroulikheid van dokumente kon die VSPR se Departement Sport, Kunste, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie nie tweetalige dokumente beskikbaar stel nie, aangesien die meeste as vertroulik geklassifiseer is. Nietemin kon die projekspan daarin slaag om gedurende die projekperiode 'n vertalingsdatabasis van twee verskillende taalpare te ontwikkel, die een Engels-tot-Afrikaans en die ander Engels-tot-Suid-Sotho. Die vertaalprogram is “geleer” om op basis van hierdie taalpare geoutomatiseer nuwe vertalings te doen. Die ontwikkelaars van die Engels-tot-Suid-Sotho taalpare het kenners van die UV se Departement Afrika tale in die ontwikkeling van die taalpaar betrek.

EtsaTrans se gebruikskoppelvlakke is in die drie hoofale van die Vrystaat ontwikkel wat die opsie aan die gebruiker oorgelaat het om in die taal van sy/haar keuse te werk.

Die ontwikkelingswerk het sodanig vlot verloop dat 'n prototipe van EtsaTrans in November 2003 aan die bestuur van die Provinsie Antwerpen bekendgestel is.

Gedurende 2004 is die Engels-tot-Suid-Sotho woordeboek verder ontwikkel en uitgebrei sowel as die opbou van die tweetalige Engels-tot-Sotho korpus van vertaalde

tekste. Hierdie woordeboek is teen die einde van 2004 voltooi en reëlings is met die VSPR vir die installering daarvan getref

CIPAL het die UV in Maart 2004 besoek en die Parnassus program aan die topbestuur voorgehou. Parnassus is 'n vergaderingbestuurstoepassing wat agendapunte gedentraliseer insamel, uitnodigings en agendas uitstuur, notules saamstel en uiteindelik uittreksels versprei (CIPAL 2011. CIPAL in beweging). Hierop het die topbestuur van die UV besluit om die lisensie vir die implementering van Parnassus op topbestuursvlak aan te koop.

Die bedoeling was om EtsaTrans by die Parnassus-stelsel te inkorporeer en dat die VSPR uiteindelik ook die stelsel sou aanskaf. Die ontwikkelingspan het daarom met die UV saamgewerk om 'n korpus tweetalige vertalings vir die taalpaar Engels-Afrikaans op te bou (Phase 11. Final Report 2002-2004). Teen Junie 2004 het die span 'n volledige prototipe van EtsaTrans sowel as 'n gebruikersgids ontwikkel. Teen die einde van 2004 is die EtsaTrans-stelsel suksesvol in 'n toetsomgewing by twee personele van die VSPR geïnstalleer.

Die sukses van MIDP II was die sigbare bydrae tot die bevordering van veeltaligheid deur die ontwikkeling van 'n eie masjien-vertalingstelsel wat administratiewe vertalings op provinsiale vlak tussen die drie hoofstate van die Vrystaat kon hanteer. Sodoende is die werk van bestaande taalpraktisyns vergemaklik. Die deurlopende aanwending van EtsaTrans sou hulle help om die program verder te verbeter en die vertalings te verfyn sodat hulle in die toekoms hul tyd eerder kon toewy aan die taalkundige versorging van vertaalde tekste as aan die tydrowende taak om herhalende tekste te vertaal.

Die navorsingskomponent

Binne die navorsingskomponent van MIDP II is op die tema Meertaligheid en die Media gekonsentreer, insluitende in breë verband Menslike Taaltegnologie. Enersyds is spesifiek gekyk na elektroniese toepassings vir taalbestuur maar ook na die verband van taalbeleid daarby en andersyds na taalbeleid in 'n nie-amptelike domein soos die media. In beide gevalle is vergelykings met die situasie in ander lande getref.

Wat die eerste betref, is belangrike uitdagings ten opsigte van die ontwikkeling van Menslike Taaltegnologie in Suid-Afrika aangekaart. Belangrike insigte oor die noodsaak aan gekoördineerde beplanning en navorsing op hierdie terrein is ontwikkel. Wat die tweede betref, is die belang van meertalige media in die verhoging van taalsigbaarheid in nie-prominente tale na vore gebring en belangrike insigte oor die dinamiek van meertaligheid in die media ontwikkel. Die gevaar van uitsluiting as gevolg van globalisering en ander kragte het in verskeie bydraes sterk na vore getree.

Twee verdere internasionale MIDP-kollokwia is uiteindelik oor hierdie twee temas aangebied te wete Meertaligheid en elektroniese taalbestuur (September 2003 in Bloemfontein) en Meertaligheid en Meertaligheid en die Media (November 2004) in Antwerpen).

Die verrigtinge van die eerste kollokwium is binne die Van Schaik-publikasiereeks gepubliseer en die twee ander in 'n spesiale *Acta Academia*-uitgawe, die UV se geakkrediteerde vakjoernaal.

Een van die sentrale probleemareas wat gedurende MIDP II na vore getree het, was die gebrek aan 'n wetlike raamwerk ten opsigte van die toepassing van meertaligheid in die Provinsie Vrystaat. Ofskoon heelwat provinsiale departemente hul bes gedoen het om ook Afrikaans en Sesotho te akkommodeer, was daar soms onsekerheid oor die juiste aanwending van die drie hooftale van die Provinsie. 'n Behoefte het dus by die Provinsie ontstaan aan 'n duidelike taalbeleid en taalplan wat hierdie leemtes kon oorbrug.

MIDP III (2005-2007): Daarstel van 'n wetlike raamwerk waarbinne meertaligheid in die Vrystaat geïnstusionaliseer kon word

Teen die einde van 2004 is met die Provinsie Antwerpen ooreengekom om MIDP III af te stem op die ontwikkeling van 'n provinsiale taalbeleid vir die Vrystaat. Die Provinsie Antwerpen het goedgeunstiglik ingestem om die MIDP vir 'n derde driejaarsiklus te finansier.

Die taalpraktyk-komponent

Die oogmerk met die praktiese komponent van MIDP III was die daarstel van 'n wetlike raamwerk waarbinne meertaligheid in die Vrystaat geïnstusionaliseer kon word. Dit sou gedoen word deur die Provinsie Vrystaat by te staan met die ontwikkeling van 'n provinsiale taalbeleid. So 'n beleid sou duidelike riglyne aan alle provinsiale departemente oor die inrig en bedryf van 'n meertalige regeringstelsel verskaf. Ook sou die beleid in oorleg met alle rolspelers binne die regering en aan die hand van die nasionale taalbeleidsraamwerk wat ondertussen gepubliseer is, opgestel word (Department of Arts and Culture, 2003. National Policy Framework). 'n Beoogde verbandhoudende taalplan sou die provinsiale regering help met die infaseer van 'n meertalige bestel en dus duidelike doelwitte en aksies om dit te fasiliteer, bevat.

Ten einde die proses van beleidsformulering te bestuur, is 'n Taalbeleidswerkkomitee bestaande uit lede van die provinsiale Departement Sport, Kuns, Kultuur en Tegnologie en die ETFB saamgestel, wat die beleidsformuleringsproses in oorleg met 'n Interdepartementele Werkskomitee aangepak het. 'n Eerste konsepbeleid is tydens 'n oorlegplegende vergadering met alle provinsiale rolspelers by die Bloemfonteinse President Hotel bekend gestel en bespreek, waarskynlik die hoogtepunt van MIDP III se werksaamhede gedurende 2005. Lede van die interdepartementele werkkomitee sowel as verteenwoordigers van Vrystaatse munisipaliteite het die deftige sessie bygewoon (MIDP III. 2005. Fourth Quarterly Report, 1 October - 20 December 2005).

Na afloop van hierdie inligtingsessie het verdere konsultasie, ontwikkeling en verfyning van die ontwerp van die konsep Vrystaat Provinsiale Taalbeleid gevolg. Om hierdie proses te vergemaklik is die dokument gedurende 2005 in Sotho, Afrikaans en Xhosa vertaal en so wyd as moontlik onder provinsiale rolspelers versprei. Teen Desember 2006 is 'n *bygewerkte weergawe van die beleid in die Provincial Gazette* (No 91 van 2006) vir openbare kommentaar gepubliseer. Hierdie feit is in die media bekend gemaak asook die feit dat kopieë van die beleid in 161 provinsiale biblioteke ter insae beskikbaar

gestel is. Die kennisgewing om die publiek tot kommentaar uit te nooi het vroeg in Desember 2006 verskyn en die spertyd vir alle kommentaar of verhoë is vir 31 Januarie 2007 vasgestel (*Daily Sun*, 6 Desember 2006:4). Ook het die projekspan ’n opname onder die 11 departemente van die provinsiale regering onderneem (MIDP III. 2006. Fourth Quarterly Report, 1 October–20 Desember 2006).

Die onderliggende motivering vir die taalbeleid is gestel as die bevordering en beskerming van taalregte en respek vir tale sodat die “gelykwaardige gebruik van VPR se regeringsdienste” verseker kon word. *Volksblad* het dekking aan die publikasie van die konsepbeleid en verbandhoudende aksies verleen. Die hoofopskrif in *Volksblad* van 12 Desember 2006 net na die publikasie van die uitnodiging tot kommentaar was: “Dring maar aan op jou eie taal”, so gestel omdat die konsepbeleid Vrystaters se reg om in hul eie taal gehelp te word, sou erken (Dlodlo, 2006a). Klem is daarop gelê dat die konseptaalbeleid die Vrystaters se reg herbevestig het om “inligting van die verskillende vlakke van die regering in die provinsie in hulle eie taal te ontvang” (*Ibid.*). Daar is ook uitgewys dat die provinsiale regering munisipaliteite sou aanmoedig om taalbeleid in hul eie dorpe binne die gestelde raamwerk te ontwikkel.

Die navorsingskomponent

Binne die navorsingskomponent van MIDP III is op die tema meertaligheid en uitsluiting gekonsentreer. Gedurende hierdie siklus is die praktyk van kollokwia in heroorweging geneem.

Ten einde die akademiese gespreksforum te vergroot, is na afloop van MIDP II se navorsingsprogram besluit om weg te beweeg van kollokwia waaraan enkele geselekteerde sprekers deelgeneem het na internasionale MIDP simposia wat vir deelname oopgestel sou word. Die eerste sodanige simposium, “Meertaligheid en uitsluiting”, is met groot sukses gedurende April 2006 in Bloemfontein aangebied. ’n Dertigtal sprekers vanuit verskeie lande het oor drie dae aan hierdie unieke eerste geleentheid vir die MIDP deelgeneem. Geselekteerde verrigtinge van hierdie simposium is as volume 6 in die Van Schaik-reeks gepubliseer.

Belangrike insigte is tydens hierdie simposium oor die meganismes van uitsluiting binne meertalige samelewings ontwikkel. 'n Sentrale bevinding wat gemaak is, was dat 'n geregleerde taalbestel nie noodwendig verskansing teen uitsluiting bied nie en trouens selfs daartoe kon bydra. Simposiumgangers is bewus gemaak van die belang van sogenaamde “bottom-up” meertaligheid teenoor sogenaamde “top-down” meertaligheid, met ander woorde die geregleerde meertaligheid waarna hierbo verwys word. Die eerste tipe het dus eerder na gerealiseerde meertaligheid in die praktyk verwys'nwerklikheid wat nader aan taalgebruikers gestaan het as die een wat taalbeleidsmatig aan hulle opgedwing is. Daar is gesuggereer dat “bottom-up” meertaligheid 'n toenemend belangrike rol in die toekoms sou speel.

Een van die sentrale pareas wat gedurende MIDP III na vore begin tree het, was die diskrepansie wat aan die ontwikkel was betreffendetaalbeleid en taalpraktyk in die Vrystaat (en trouens in Suid-Afrika in die algemeen). Enersyds wou dit voorkom asof daar stadig gevorder is met die implementering van 'n “top-down”-beleid maar andersyds het die indruk ontstaan dat daar skynbaar reeds 'n verbloemde “top-down”-beleid bestaan het ingevolge waarvan Engels as die taal van administrasie binne die Vrystaatse regering maar ook na buite in interaksie met die publiek gebruik is. Terselfdertyd was die indruk dat daar tog onder die publiek ander opvattinge oor 'n geïnstitusionaliseerde meertaligheid bestaan het wat sou kon dui op 'n “bottom-up” benadering tot taalbeleid. Dit wou voorkom asof hierdie benadering verskil het van die “top-down”-benadering wat in daardie stadium gevolg is, beide overt en kovert. Die gevoel was verdere aandag behoort aan hierdie interessante verskynsels gegee te word.

MIDP IV (2008-2010): Bou van kapasiteit wat betref tolking deur middel van 'n opleidingsprogram vir provinsiale tolke met die oog op hulle toekomstige aanwending

Tydens die MIDP Projektkomitee se vergadering op 17 Augustus 2007 is gerapporteer dat 'n voorstel vir MIDP IV vir oorweging voorgelê is maar moontlik deur die oorsese borg afgekeur kon word. Dit sou nie weens gebrek aan meriete wees

nie, maar oor die aard van interne diplomatieke verhoudings tussen die twee provinsies, Antwerpen en Gent, ’n kwessie wat ter sprake gekom het vanweë die Universiteit van Gent se toetrede tot die projek. Dit was van die spannende momente wat deur die afwagting van oorsese goedkeuring vir befondsing veroorsaak is. As direkteur van die ETFB was Du Plessis deurgaans die direkte onderhandelaar en bemiddelaar (Minutes of the MIDP Project Committee, 17 August 2007). Alles het egter positief verloop en nadat die Memorandum van Ooreenkoms onderteken is en alle bestuurs- en projekstrukture in plek was, kon die finale voorbereidingswerk aan MIDP IV begin (Third Quaterly Report 2008 voorstel vir die volgende driejaar-siklus inhou en op die voorbereidingswerk wat reeds vroeg in 2007 begin het voortbou. Dit was onderdeel van die versameling van inligting deur ’n taakspan oor die taalsituasie in die Xhariep-streek (Suidelike Vrystaat) van die provinsie ten opsigte van die finalisering van die provinsiale taalbeleid. In die verslag wat na aanleiding van hierdie voorbereidingswerk aan die MIDP-projekspan voorgelê is, het aanbeveel dat MIDP IV rekening sou moes hou met die strategiese oogmerke van die Provinsiale Taaldiens wat binne die Departement Sport, Kuns, Kultuur en Tegnologie gesetel was. Veral drie oogmerke het betrekking gehad, te wete om meertaligheid te bevorder, om kennis te neem van die taalongelykhede van die verlede en daaraan aandag te gee en om die voorheen gemarginaliseerde tale te ontwikkel (kyk Lombaard, 2007).

Die projekvoorstel van 31 Mei 2007 wat aan die Provinsie Antwerpen voorgelê is, het van hierdie sentimente reflekteer, te wete om (a) die Subdirektoraat Taaldienste van die Departement Sport, Kuns, Kultuur en Tegnologie by te staan om ’n tolkeenheid op die been te bring en (b) te help om menslike hulpbronskapasiteit in tolking op te bou (kyk Sempe & Du Plessis, 2007). Die finale toesegging van ’n volgende driejaarsiklus van die MIDP het teen die einde van 2007 plaasgevind tydens die Vrystaatse deputasie se besoek aan Antwerpen onder leiding van die senior amptenaar van die provinsiale regering.

Taalpraktykkomponent

Behoorlike voorbereiding is gedoen om tolkposte te adverteer en te moniteer en 'n kortlys van moontlike kandidate op te stel omdat die aanstelling van geskikte kandidate op kontraktuele grondslag aanvanklik by die Eenheid vir Taalbestuur as leerdertolke vir latere indiensstelling by die Provinsie Vrystaat van wesenlike belang was. In samewerking met die Departement Sport, Kuns, Kultuur en Tegnologie is geskikte kandidate vir tolkopleiding geïdentifiseer, gewerf en gekontraakteer. Die hele opleidingsprogram is in samewerking met laasgenoemde departement aangepak.

Altesaam agt gekeurde studente is in 2008 aan die UV vir 'n taalpraktyk-kwalifikasie met tolking as spesialisasie ingeskryf. Hierbenewens is ook 'n werkswinkel vir gemeenskapstolke gedurende November aangebied nadat, as deel van die ETFB se ondersoek na taalsake in die Kopanong Munisipaliteit vasgestel is dat gemeenskapswerkers sonder die nodige opleiding as tolke aangewend sou word (Du Plessis, Naudé & Nthongoa, 2008). Oorsigtelik beskou, is gedurende 2008 daarin geslaag om tolkkapasiteit in die Vrystaat deur die oplei van provinsiale tolke aan die UV verder uit te bou.

Gedurende 2009 is van die studente in opleiding binne provinsiale departementele strukture opgeneem en opleiding aan potensiële regeringskliënte ten opsigte van die benutting van professioneel opgeleide tolke verskaf. Ook is die eerste stappe gedoen om 'n tolkeenheid binne die Subdirekoraat Taaldienste van die Departement Sport, Kuns, Kultuur en Tegnologie op die been te bring met die beskikbaarstelling van 'n mobiele tolkstelsel aan hierdie subdirekoraat. Die stelsel is aangewend om 'n fluistertolkdiens in vergaderings te lewer (Du Plessis, Akach & Kambule, 2009).

Hierbenewens is 'n ondersoek na tolking in die Kopanong Plaaslike Regering onderneem waaruit 'n werkswinkel vir gemeenskapswerkers, praktisyns en ontwikkelingswerkers wat gedurende Maart 2009 in Trompsburg aangebied is. Die werkswinkel het gedien om die betrokkenes met betrekking tot die aanwending van tolke te oriënteer (Du Plessis, Lotriet & Nthongoa, 2009).

Teen die einde van 2010 het die hele tolkspan hul opleiding voltooi. Sommige van hulle het ook bykomende in diensopleiding binne die Subdirektoraat Taaldiens van die Provinsie Vrystaat ondergaan. 'n Verdere werkswinkel oor tolking en die aanwending van tolke is gedurende November 2010 in Ladybrand aangebied. By hierdie geleentheid is 'n handleiding oor die aanwending van tolke deur die ETFB saamgestel (kyk Lombaard 2009) bekendgestel sowel as 'n handleiding oor die gedragskode van tolke (kyk Lombaard, 2009b). Beide publikasies was die eerste van hul soort in Suid-Afrika en is onder die provinsiale departemente van die Vrystaat versprei. Die opleidingspan het die tolkspan ook voorberei op hul akkreditering as tolke by die Vertalersinstituut van Suid-Afrika, die professionele vereniging vir taalpraktisyns. Ook is stappe gedoen om die betrokke tolke binne die personeelstruktuur van die provinsiale regering ingeskakel te kry, 'n kwessie wat uiteindelik nie gedurende 2010 ten volle gerealiseer het nie (kyk Lombaard, Du Plessis & Kambule, 2010).

Navorsingskomponent

Die hierbo gemelde handleidings wat ter ondersteuning van die oorhoofse tema van MIDP IV ontwikkel is, het deels uit die navorsing wat gedurende die projektydperk onderneem is, voortgespruit.

Onteenseglik verteenwoordig die Tweede Internasionale MIDP-simposium wat tydens September 2009 in Antwerpen aangebied is, die hoogtepunt van MIDP IV se navorsingskomponent. Bykomend is 'n informele seminaarreks gedurende die laaste kwartaal in die Xhariep-streek georganiseer. Kollegas van die Universiteit Antwerpen, Universiteit Gent en die UP het as gaste aan die seminaarreks aangebied in Koffiefontein, Springfontein en Letsatsi (Suid-Oos Vrystaat) deelgeneem.

Een van die belangrike aksies onder die vleuel van die ETFB was daadwerklike stappe om nie slegs aan veeltaligheid gestalte te gee nie, maar daarvan ook 'n werklikheid te maak. Die implementering van veeltaligheid het ten spyte van die wetgewing en beleide vir die toepassing daarvan teen 2010 nog nie werklik in vervulling gegaan nie. Die redes was velerlei:

miskenning van die belangrikheid van meertaligheid deur belangrike politieke en uitvoerende leiers; die feit dat beleide, programme en projekte nasionaal gekonseptualiseer, bestuur en toegepas is en dus “van bo” gerig is; tekort aan kapasiteit in die openbare sektor om taalwetgewing te implementeer en tekort aan infrastruktuur om die implementering van wetgewing, programme en beleide en projekte te ondersteun. Hierbenewens was daar ook ’n behoefte aan groter kreatiwiteit in die benadering tot meertaligheid veral omdat “meertaligheid van bo” oneffektief was. Du Plessis en die personeel het al hoe meer oortuig geraak dat die klem eerder op ’n gedesentraliseerde benadering vir die implementering van “meertaligheid van benede” behoort te val (*Ibid.*). Dit het aanleiding gegee tot die konsepsualisering van ’n projekvoorstel vir MIDP V met die veelseggende titel “Meertaligheid as bemagtiger” wat op 22 November 2010 aan die Provinsie Antwerpen voorgelê is (MIDP V Project proposal to the Province of Antwerp for the period 2011–2013. “Meertaligheid voor meerkanse/Meertaligheid as bemagtiger/Multilingualism and empowerment”. 22 November 2010) en wat uiteindelik aanvaar is.

MIDP V (2011–2013): Institutionaliserings van funksionerende meertaligheid op grondvlak in die Philippolis gebied

In die projekvoorstel aan die Provinsie Antwerpen van November 2010 het die ETFB dit pertinent beklemtoon dat die nuwe projek beoog om “vir die eerste keer in die Vrystaat en waarskynlik in die land, meertaligheid op voetsoolvlak te institutionaliseer” (MIDP, November 2010). Wat spesifiek beoog is, was om in te speel op die wyse waarop inwoners van die Gariep (of Xhariep, die Khoikhoi naam vir die Oranjerivier) in die Vrystaat met meertaligheid omgegaan het. Die projek sou oor ’n periode van drie jaar (2011–2013) in die Gariep-gebied (Philippolis, Springfontein, Trompsburg) van die Xhariep-distrik (in die Suidelike Vrystaat) uitgevoer word. Nadrie jaar sou die model geëvalueer word met die oog op verbetering en uitbreiding na ander dorpe met ’n soortgelyke taalsamestelling waar ’n sterk agtergestelde Afrikaanssprekende gemeenskap

aanwesig was. Laasgenoemde voorwaardes is uiteindelik vanweë hul eiesoortige politieke sentimente deur die Provinsie Antwerpen benadruk.

Die projek het uiteindelik primêr gefokus op die klein dorpie Philippolis 180 km suid van Bloemfontein wat daarop kon roem dat dit die eerste nedersetting in die Vrystaat (1823) was en ook as hoofstad van die Griekwas (1823–1861) gedien het. Dit het as sendingstasie van die Londense Sendelingvereniging (LSV) ontstaan en is vernoem ter nagedagtenis van dr. John Philip, superintendent van die Londense Sendinggenootskap en het in 1862 ’n munisipaliteit geword (*Dictionary of Southern African Place Names*). Ten tye van MIDP V was die gesamentlike getal inwoners ongeveer 5 000, waarvan slegs ongeveer 10% wit was, hoofsaaklik boere en meestal op die dorpie woonagtig. Oos van Philippolis was *Poding Tse Rolo* (plek van die bontebok), ’n woonbuurt vir swart Suid-Afrikaners, hoofsaaklik Xhosa- en Sothosprekend, en Suid Bergmanshoogte, ’n woonbuurt van agtergestelde Afrikaanssprekendes. Gesamentlik was daar ongeveer 4 500 swart en bruin bewoners (Projekvoorstel aan die Provinsie Antwerpen).

Na aanleiding van die demografiese verspreiding van die hooftale in die Suid-Vrystaat en die Xhariep Distriksmunisipaliteit is Suid-Sotho, Engels en Afrikaans as die amptelike tale erken (kyk Du Plessis, 2010). Ter voorbereiding van die beleid is Suid-Sotho en Afrikaans as die hooftale van die gebied asook die volgende taalprobleme binne die betrokke munisipale area geïdentifiseer:

- verpleegsters by gesondheidsinstellings wat net Afrikaans of Engels magtig was;
- vergaderings wat net in Suid-Sotho en Xhosa gehou is;
- dokumente wat meestal in Engels uitgereik word;
- probleme met die voltooiing van vorms in Engels en Afrikaans;
- die gebruik van onopgeleide *ad hoc*-tolke deur gemeenskaps-, raads- en personeellede; en
- die begeerte wat deur sommige bewoners uitgespreek is om hul eie huistaal te kan gebruik.

Die ETFB was behulpsaam met die formulering van hierdie konseptaalbeleid sowel as die van die Kopanong Plaaslike Munisipaliteit waaronder ook Kopanong geressorteer het (kyk (*Ibid.*)). Daar het egter geen resenter rekord van 'n gefinaliseerde weergawe van hierdie twee taalbeleide bestaan nie.

Taalpraktykkomponent

Ten einde die projek “na die mense te neem”, moes minstens 'n plaaslike persoon as projekbeampte in Philippolis op 'n drie jaar kontrak aangestel word om die projek te kordineer en as kontakpersoon vir die taalpraktisyns en die EFTB te dien. Indiensopleiding is deurlopend aan hierdie persoon gegee.

Ten einde te poog om die gemeenskap van Philippolis eienaarskap van die projek te laat neem, is 'n projekspan vir MIDP V saamgestel bestaande uit twee plaaslike gemeenskapsvertegenwoordigers, die plaaslike projekbeampte, die ETFB se MIDP-projekkoördineerder en die direkteur van die ETFB.

Die projekbeampte het die projekspan met die identifisering van persone wat as taalpraktisyns op gemeenskapsvlak opgelei kon word bygestaan. Altesaam 22 persone uit die plaaslike gemeenskap is uiteindelik geïdentifiseer. Nadat hulle geassesseer is, is met 'n oriënteringsprogram voor opleiding begin. Die uiteindelijke opleiding van hierdie persone as taalpraktisyns op gemeenskapsvlak is deur middel van 'n reeks werkswinkels aangepak (De Lange, 2011). 'n Nommerpas geakkrediteerde kursus is vir die doeleindes van hierdie opleiding ontwikkel. Na die voltooiing van hul opleiding is die kandidate teen die einde van 2012 formeel by die UV geassesseer (Geldenhuys, 2013). Ook is gepoog om die opgeleides in staat te stel om onmiddellik as taalpraktisyns vir kliënte beskikbaar te wees. Die ETFB se prysenswaardige motto in hierdie opsig het weerklank gevind in 'n beleid om “voortdurend beskikbaar” te wees.

Oriens het MIDP V bygedra tot die uitbreiding van die plaaslike biblioteek deur die gereelde skenking van naslaanbronne wat vir taalpraktisyns nuttig was. Op hierdie manier is gepoog om die opgeleide taalpraktisyns te bemagtig

deur toeganklike bronne gratis beskikbaar te stel (Deysel, E., 2012).

Op Schuster (sien onder) se aanbeveling het die ETFB-projekspan 'n drietalige terminologielysie (Afrikaans/Engels/Suid-Sotho) saamgestel. Die boekie is teen die einde van 2013 gepubliseer onder die titel *Terminologie vir gemeenskapstolke – 'n interaktiewe boekie* (kyk *ad hoc*-gemeenskapstolke 2013. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat) met die doel om as vertrekpunt vir voortgesette terminologieversameling te dien. Die boekie het ook erkenning aan die span taalpraktisyns wat gedurende MIDP V opgelei is, gebring. Meer as die helfte van hulle kon danksy hierdie blootstelling die arbeidsmark betree, nie noodwendig as taalpraktisyns nie maar as bemagtigde persone.

MIDP V is teen die einde van 2013 afgesluit met die bekendstelling van die Adam Kok III staproete, 'n projek wat deur die loop van die jaar met rolspelers in die toerismebedryf asook die taalpraktisynspan ontwerp is. As deel van hierdie projek is geskiedkundige bakens oor die eertydse Griekwa-teenwoordigheid in die dorp geïdentifiseer en drietalige toeligtingsborde by elke punt opgerig. Van die nasate van die Griekwas is as toergidse opgelei en het die taalpraktisyns ondersteun (kyk [https://www.ufs.ac.za/sasl/department-of-south-african-sign-language-and-deaf-studies-\(incorporating-the-unit-for-language-facilitation-and-empowerment\)/unlisted-pages/community/adam-kok-language-route](https://www.ufs.ac.za/sasl/department-of-south-african-sign-language-and-deaf-studies-(incorporating-the-unit-for-language-facilitation-and-empowerment)/unlisted-pages/community/adam-kok-language-route)). *Pasella* 'n joernaalprogram van die SAUK, het op 7 April 2014 die staproete in 'n programinsetsel bekendgestel (kyk <https://www.pasella.com/artikels/PLEK-Die-Adam-Kok-staproete-in-Philippolis.html?articleID=1608>). Johan Rademan van RSG het die roete in 'n dokumentêr van 13 Februarie 2018 verder verduidelik (kyk <https://www.rsgplus.org/stap-saam-adam-kok-iii-se-voetspore-philippolis/>).

Ter ondersteuning van die Adam Kok III staproete het die ETFB-projekspan onder die vaandel van die Fakulteit Geesteswetenskappe in 2013 ook 'n bondige tweetalige toerismegids oor Philippolis bekendgestel. Getiteld *Philippolis, 'n aangename verrassing / Philippolis, a pleasant surprise*, bevat

die gids die volgende toeristiese inligting: geskiedenis van Philippolis verblyf, besienswaardighede, restaurante en ontspanning asook inligting van diverse aard. Bykomend hiertoe bevat die gids 'n volledige inventaris van nagenoeg 90 diensverskaffers. Die kleurryke A6-formaat boekie van 40 bladsye (20 per taal) is gratis aan belanghebbendes en vir verdere verspreiding beskikbaar gestel.

Deur die verskeidenheid ingrepe is gepoog om die reeds funksionerende meertaligheid wat op die dorp en in die aansluitende gebied op grondvlak bestaan het, te probeer institusionaliseer. Dit het geskied deur middel van verhoogde toegang tot infrastruktuur soos die biblioteek, opleiding van *ad hoc*-taalpraktisyns, werkswinkels oor die gebruik van taalpraktisyns en tolke; en die ontwikkeling van noodsaaklike terminologie (*Ibid.*). Die evalueringsverslag wat dr. Michal Schuster van Tel Aviv Universiteit, Israel na afloop van 'n ter plaatse ondersoek teen die einde van 2011 onderneem het, het bygedra tot die relatiewe sukses van die taalpraktykkomponent van MIDP V (kyk Deysel, E. 2012. *MIDP V General report 2012*, Bloemfontein: Unit for Language Facilitation and Empowerment).

Navorsingskomponent

Getrou aan die filosofie van die ETFB om meertaligheid in die praktyk te laat realiseer, het die ETFB nog 'n gebruikershandleiding ontwikkel, naamlik *Handleiding vir meertalige tekens / Manual for Multilingual signs*. Die handleiding is afgestem op beampptes in plaaslike regering wat met die oprigting van openbare tekens gemoeid is en is saamgestel deur twee van die ETFB se navorsers asook die Direkteur. As sodanig verteenwoordig die handleiding 'n poging om konkrete riglyne vir die rasionaal vir en ontwerp van meertalige tekens te verskaf. Die handleiding is saamgestel na aanleiding van 'n opname wat die betrokkenes onder rolspelers van Kopanong gemaak is en nadat 'n proefweergawe onder hulle getoets is. Dit het gedurende 2013 verskyn as die *Handleiding vir meertalige tekens / Manual for Multilingual signs* (Loth, Steenkamp en Du Plessis 2013).

Afgesien van individuele navorsingsuitsette het die navorsingskomponent van MIDP V die gebruikelike uitsette gelewer, te wete ’n formele akademiese gespreksgeleentheid gevolg deur ’n publikasie van die handeling van hierdie geleentheid.

Tydens MIDP V is op die aanbod van ’n kollokwium in plaas van ’n simposium teruggeval. Die organiseerders het dit goedgevind om hierdie kollokwium met die titel “Multilingualism for empowerment” as simboliese gebaar op die QwaQwa kampus van die UV te organiseer. Daarmee is gepoog om die konvensie te verbreek van sulke akademiese geleenthede wat onder die vaandel van hierdie kampus in die nabygeleë Golden Gate Hoogland Nasionale Park of die aangrensende toerisme dorpie Clarens aangebied is. Afgesien van plaaslike en Vlaamse kollegas het kollegas van ander Suid-Afrikaanse universiteite ook aan die kollokwium deelgeneem. Die kollokwium is van 11 tot 12 September 2012 aangebied.

’n Seleksie van referate wat by hierdie sesde MIDP kollokwium aangebied is, is ook soos gebruikelik in die Van Schaik-reeks *Studies in Language Policy in South Africa*, as kongreshandeling gepubliseer. Die publikasie *Multilingualism for empowerment* (kyk Cuvelier *et al* 2013), verteenwoordig die negende volume in hierdie prestige publikasiereeks.

Die MIDP by nabetraging

Terugskouend het die MIDP-“resept” van wisselwerking tussen aksies op taalpraktykvlak en navorsing heelwat dividende opgelewer. Wat die taalpraktyk komponent betref, dien die gedokumenteerde intervensies as onbetwiste getuie van die ETFB se toewyding aan die bevordering van geïnstitusionele meertaligheid op beide provinsiale en munisipale vlak. Dat hierdie intervensies nie in alle gevalle blywende resultate opgelewer het nie, dui op die kompleksiteit van die spesifieke taalekologie waar ’n ekwivalente entoesiasme omtrent meertaligheid nie eintlik teenwoordig was nie. De gevoel was dat oor die diskrepansie tussen die velerlei intervensies deur die ETFB wat wel in oorleg met die betrokkenes onderneem is en die gebrek aan die deurvoering daarvan binne

die teiken-omgewing, vrugbaar verdere navorsing onderneem sou kon word.

Van meer blywende aard was die prestasies wat binne die navorsingskomponent van die MIDP behaal is. Afgesien van individuele uitsette, het die oprigting van 'n internasionale kollokwium- en simposiumreeks uitgestaan as 'n besondere prestasie en die oprigting van 'n prestige publikasiereeks by 'n erkende akademiese uitgewer as voortreflik. Die feit dat elkeen van die nege kongresverhandelinge akkreditering ontvang het, bevestig die wetenskaplike waarde van hierdie uitsonderlike navorsingsprestasie.

Dit val op dat die eerste twee siklusse van die MIDP besonder produktief was, hoofsaaklik danksy die MIDP-kollokwia wat kleinskalige byeenkomste was. Met die omskakeling van die kollokwium-formaat na simposia, wat groter byeenkomste was, was dit nie meer moontlik om dieselfde produktiwiteitspeil te handhaaf nie. Origens is die publikasiereeks verryk deur die bundeling van die handelinge van twee losstaande maar verwante kollokwia.

Deel VI

Die Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor – vir Pansat 'n tydelike reddingsboei

Die ETB was veral na buite bedrywig en sou in werklikheid vir 'n bykans tandlose en oneffektiewe Pansat vir nege jaar (2002-2010) een van die sigbaarste en bykans enigste openbare stemme en aksies daarvan word. As nasionale statutêre instansie het Pansat stadig uit die blokke gekom en was veronderstel om staatsdepartemente en owerheidsinstansies rakende taalvoorskrifte voortvloeiend vanuit die nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet te adviseer. Weens “groeiptyne” kon hierdie instansie teen Augustus 1999 nog nie sover kom om enigiets noemenswaardig te bereik nie. 'n Dokument met Pansat se standpunt oor meertaligheid was reeds opgestel maar het nog nie vaste norme en standaarde omtrent taalbeleid uitgespel nie (*Volksblad* 30 Augustus 1999: 9). In werklikheid was die funksionering van Pansat so swak en die uitkomste daarvan so gering dat die Eenheid se Taalregtemonitor een van Pansat se grootste bydraes vir die tydperk 2002 tot 2010 sou word. Daar is wel van tyd tot tyd waardering betuig jeens die Eenheid se bydrae, veral met betrekking tot die bevordering van meertaligheid en ontwikkeling van al die amptelike tale (Singh S. 9 September 2005). In werklikheid sou Pansat se ligpunt die verbintenis met die Eenheid word.

Oorsprong

Ook in hierdie geval sou Du Plessis se wakker inisiatief van besondere betekenis wees. Vanaf 1996 tot 2001 het hy op die raad van Pansat gedien en dit was deur sy inisiatief dat Pansat

’n Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor sou borg wat deur personeel van die Eenheid opgestel en vir publikasie voorberei is.

Die Eenheid het reeds in 2002 opdrag van Pansat ontvang om ’n Taalmonitor in gepubliseerde vorm tot stand te bring sodat oor taalkwessies in die wydste sin van die woord verslag gelewer kon word. Dit sou die ETB tot 2010 in die voorste linie van taalbeleidsmonitering in die land plaas, waarna die publikasie van die Taalregtemonitor gestaak is.

Taalvoorkeure in die land

Tydens ’n seminar aan die UV aangebied deur die ETFB in April 2001 het dit duidelik geblyk dat Engels as enigste taal geen “maklike uitweg” uit die dilemma van veeltaligheid sou wees nie (Botha, A., *Volksblad* 18 April 2001:7). In elk geval het die nuwe Grondwet geen regsgeeldige ruimte gelaat om slegs Engels te gebruik nie omdat daarin bepaal word dat die elf ampstale gelykwaardige behandeling moet ontvang. Indien daarvan afgewyk word, moes bewyse verskaf word dat dit ter wille van doeltreffende regering en kommunikasie geskied. Geen owerheid kon ook so ’n besluit ondemokraties neem nie omdat dit in oorleg met Pansat moes geskied. Volgens Du Plessis se standpunt was dit gevolglik onsinnig om hoegenaamd ’n debat daaroor op tou te sit. Buitendien was daar in werklikheid geen enkele taal wat as die *lingua franca* van Suid-Afrika uitgewys kon word nie. Immers, die verpligting het by die regering berus om meertalig te funksioneer en meertaligheid te bevorder.

Wat Pansat wel in 2001 aangepak en suksesvol tot uitvoer gebring het, was ’n opname oor taalvoorkeure in die land. Dit het interessante feite aan die lig gebring: net 22% van Suid-Afrikaners wat nie Engels as huistaal beheers nie het verklaarings en toesprake in Engels verstaan; nog 27% het “soveel as wat nodig is” begryp; 30% het dikwels nie verstaan nie; 19% het selde verstaan (*Ibid.*). Hieruit kon afgelei word dat sowat die helfte van nie-Engelssprekendes nie Engelse kommunikasie begryp het nie sodat die argument dat almal Engels verstaan, platgeval het. Veral Venda-sprekendes (83%), Ndebeles (67%) en Tswanas (63%) het selde verstaan wanneer Engels gebruik word. Slegs Engelssprekendes en gebruikers van ander Europese

tale het geglo daar moet met net Engels volstaan word. Die ander tale wat volgens die opname verkies is, was Zoeloe (24%), Afrikaans (21%), Xhosa (20%) en Suid-Sotho (16%). Die meeste respondente het hulle eie taal verkies maar al vier laasgenoemde tale het ook by mense wat ander tale praat, as voorkeurtaal voorgekom (*Ibid.*).

Wanneer dit by Afrikaanssprekendes kom, het 50% Engels en 11% 'n Afrikataal begryp. By Engelssprekendes het 54% Afrikaans en 14% 'n Afrikataal verstaan. Onder Suid-Sotho-sprekers was Engels (28%) net-net voor Afrikaans (24%) en onder Tswanas het 24% Afrikaans en 14% Engels verstaan.

Wat weereens uitgestaan het en bevestig is, was dat daar nie in Suid-Afrika 'n *lingua franca* bestaan nie. Sommige taalgroepe het min respondente gehad wat aangedui het dat hulle Afrikaans verstaan, terwyl ander groepe weer min gehad het wat Engels verstaan. Afrika tale daarenteen is nie deur 'n meerderheid anderstaliges verstaan nie.

Dit blyk dus dat Suid-Afrika 'n inklusiewer taalbeleid benodig het as een gebaseer op die opvatting dat een taal voldoende kommunikasie regdeur die land bewerkstellig (*ibid.*). Slegs 19% van Suid-Afrikanners was van mening een taal moet voorkeur kry en dat Engels die voorkeurtaal moet wees. Die ondersteuners hiervan was sprekers van Engels, Pedi, Tshonga en Venda. Die meeste respondente gekant teen Engels as voorkeurtaal was sprekers van Afrikaans, Zoeloe en Swati. Steun vir benadeelde tale was 61% en die grootste voorstanders daarvan was Afrikaanssprekendes (70%), Suid-Sothos (70%), Swatis (70%) en Vendas (85%).

Wat syfers rakende ontevredenheid oor taalhantering in die land betref, het die volgende geblyk: Afrikaanssprekend 32% ontevredenheid teenoor 14% van die totale bevolking. Wat tevredenheid betref was die persentasies: 57% tevrede en 29% tevrede indien "praktiese oorwegings in ag geneem word". Dit was veral mense met 'n hoër onderwyspeil en welvarender stadsbewoners wat geglo het hulle voorkeurtaal word afgeskeep maar daar was wel ook ontevredenheid onder persone uit die laagste inkomstegroep. Die navorsers wat die taalopname onderneem het, het dit benadruk dat al die syfers gemiddeldes

verteenwoordig en die tevredenheidsvlak hoër in gebiede met groot konsentrasies van sprekers van ’n bepaalde taal was. Formele onderwys was oorweldigend in Engels (80%) teenoor 16% in Afrikaans, maar Afrikaans was die gewildste keuse in informele onderwys. Slegs 12% van respondente het egter aangedui dat leerlinge in Engels opgelei moet word (*Ibid.*).

In Mei 2001 het die destydse minister van onderwys, Kader Asmal, ’n belangrike stap vir moedertaalonderrig geneem deur aan te dui dat dit vir die eerste vier skooljare (0 tot graad 3) verpligtend gemaak word. Hierdie besluit was ook vir tersiêre onderrig van wesenlike belang (*De Klerk, Volksblad* 5 Junie 2001:2). “Ongelyke toegang tot onderrig soos wanneer studente nie in hul moedertaal onderrig word nie, bring ook ongelyke toegang tot werksgeleenthede en politieke mag”, was die mening van dr. Kirstin Henrard, dosent aan die Universiteit van Groningen in Nederland en oorsese gas van die Eenheid. Sy het beweer hoewel moedertaalonderrig nooit ’n probleem vir ’n dominante taalgroep is nie, dit nie vir minderheidstaalgroepe die geval is nie. In Suid-Afrika was Engels die enigste oorheersende taal “maar elke ander linguïstiese groep in die land voldoen aan die internasionaal aanvaarde vereistes om as ’n minderheidsgroep te kwalifiseer. ’n Linguïstiese minderheid kan nie ’n eie identiteit behou nie tensy die gebruik van die eie taal vir die doel van onderrig gewaarborg word” (*Ibid.*).

Die Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor (SATRM): 2002–2010

Die oorspronklike “inspirasie” vir ’n Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor was die jaarlikse verslae oor taalregtekwesties wat deur die Kanadese Commissioner of Official Languages uitgereik is. Kanada se beleid van “institusionele tweetaligheid en multikulturalisme” en die land se “respek vir taalaangeleenthede” is as navolgenswaardig beskou en as voorbeeld voorgehou van hoe amptelike tweetaligheid “binne ’n regulatiewe raamwerk” bestuur kon word (Lubbe en Du Plessis, 2008). Siende dat die oogmerke van Pansat en verskeie belangegroepes daarop gerig was “om bewuswording van taalregte te kultiveer”, was die bekendmaking van inligting oor

taalregte en taalsake oor die algemeen in jaarlikse gepubliseerde verslagvorm onontbeerlik.

Deurdat dit duidelik geword het dat daar 'n besondere behoefte bestaan het om die taalregte situasie behoorlik te peil en relevante inligting daarvoor byeen te bring, het Pansat aan die Eenheid opdrag gegee om bystand te verleen met die vestiging van 'n Taalregtemonitor wat die naam *South African Language Rights Monitor* (SALRM) sou dra, aanvanklik dus op Pansat se versoek slegs in Engels uitgegee. Voortaan sou op jaarlikse basis 'n omvattende en geordende verslag oor die taalregte situasie deur die Eenheid beskikbaar gestel word. Die oogmerk met die verslae was om wat as belangrike areas vir die kultivering van taalregte geag word, na te vors en inligting daaromtrent beskikbaar te stel. Veral taalaktiwisme en taallitigasie was twee belangrike areas wat van kernbelang vir die kultivering van 'n taalregte-kultuur beskou is, veral omdat sulke regte broos was en voortdurende optrede en aandag vereis het.

Die ETFB het veral deur die SATRM in die voorste linie van taalaktiwisme beland en was in staat om die ses instrumente vir taalkaktiwisme soos deur A. Martel ("Heroes, rebels, communities", 1999:47) geïdentifiseer – naamlik litigasie, werwing, navorsing, gemeenskapsmobilisasie, mediadekking, geweld – verder uit te brei soos byvoorbeeld na taalregte beswaarmaking (Du Plessis 2004. Afrikaans en taalaktiwisme). Hierdie instrumente vir aktiwisme sou deur een van die ETFB navorsers, prof. Moll, in verdere navorsing tot nog talle ander uitgebrei word onder andere drukuitoefening, betogings, waaksaamheid, ensovoorts (Moll 2011:167)

Monitor-doelstellings

In die voorwoord van die eerste uitgawe van die Taalregtemonitor word verduidelik hoe die betrokke projek geïnisieer is met die oog daarop om aan Pansat verslag te lewer oor ontwikkelinge op die Suid-Afrikaanse taalfront soos weerspieël in die land se hoofstroom-nuusblaaie. Pansat Raad se ruim finansiële bydrae om dit te verwesnik, is met dankbaarheid erken. Dit is duidelik gestel dat die menings uitgespreek en die gevolgtrekkings bereik in elke verslag die van die samestellers was en nie noodwendig

as ’n refleksie van Pansat gesien moes word nie (*South African Language Rights Monitor*, 2002:10).

As agtergrond tot die projek is daarop gewys dat aangesien dit Pansat se oogmerk was om alle taalgroepe in Suid-Afrika van hulle “taalregte bewus te maak”, die verspreiding van inligting oor sodanige taalregte en taalkwessies in die vorm van ’n jaarlikse publikasie “van deurslaggewende belang” was. Sodanige inligting kon daartoe bydra om die bewussyn van taalregte te versterk en sodoende help om ’n proaktiewe taalregte-kultuur in die land te laat posvat. Dit weer kon bydra tot ’n ewe betekenisvolle hupstoot vir die transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing en help om linguistiese diskriminasie hok te slaan.

Die belangrike bydrae wat die Taalmonitor kon lewer, was om die groot leemte van gebrek aan inligting oor taalregte aan te vul deur byvoorbeeld tred te hou met taallitgasie en regsverslae wat as ’n onontbeerlike aspek van die afdwing van taalregte beskou word. Bevinding oor die skending van taalregte is wel in die *Staatskoerant* en Pansat se jaarlikse verslae opgeneem, en alhoewel navorsers vanselfsprekend maklik toegang daartoe kon kry, was hierdie nie publikasies wat die gewone publiek te siene gekry het nie. Verslae oor die werwing van taalsteun, gemeenskapsmobilisering en ander vorme van taalregte-aktivisme wat belangrike instrumente in taalbewuswording is, is hoofsaaklik in Afrikaans gedoen en was nie noodwendig vir meer mense toeganklik nie. So ook inligting oor en ’n ontleding van taalregte-klagtes aangemeld by Pansat en wat in die hoofsaaklik Afrikaanse media gerapporteer is. Hierin sou die Taalmonitor in die toekoms ruim voorsien.

In totaal is berigte uit altesaam 67 koerante, nuusbriewe, wetenskaplike joernale, gerapporteerde gesprekke ensovoorts geraadpleeg en benut. Die inhoud van die Monitors het die teoretiese oorwegings met betrekking tot taalregte uitgespel, die presiese omvang van mediadekking verklaar en die analise van taalregte-besware metodologies verantwoord. In die Monitor van 2002 is ’n belangrike oorsig van taalregte voor 2002 gegee en vorentoe sou elke Monitor afgesluit word met duidelike gevolgtrekkings, ’n besinning en enkele aanbevelings.

Die memorandum van ooreenkoms oor die Taalregtemonitor tussen Pansat en die Eenheid is in Augustus 2006 hernieu toe weer gestipuleer is dat Pansat van 'n omvattende verslag van taalregte in SA soos weerspieël in UV se beleid, uit UV se Suid-Afrikaanse Media Databasis (ARMS) sou word.

Ahoewel verslae oor die medianavorsing wat gedoen is elke jaar beskikbaar was, het die eerste SATRM wat die jaar 2002 gedek het, eers in die daaropvolgende jaar verskyn. Die verskillende navorsingsverslae is beurtelings opgestel deur verskeie lede van die Eenheid en die samestellers dienooreenkomstig as outeurs van die verslae erken.

Die UV se afdeling SA Media (vroeër bekend as die Instituut vir Eietydse Geskiedenis), toe nog die Afdeling SA Media (tans Archives and Record Management Service – ARMS) het 'n belangrike bydrae tot die verskaffing van koerantknipsels gelewer, terwyl die prosessering van data met groot insette deur personeel van die Eenheid behartig is.

Met die amptelike loodsing van die Taalregtemonitorprojek is by die ontwikkeling en implementering van 'n veeltalige beleid klem op die leidende rol van die provinsie geplaas en meer spesifiek ook die UV. Deur hierdie projek kon waardevolle inligting ook aan ander instellings geïnteresseerd in taalregte beskikbaar gestel word (*Express* 24 February 2007:8).

Die doelstelling van die Monitor is uiteindelik in duidelike terme gestel, naamlik om Pansat te ondersteun deur taalgroepe meer bewus van hulle taalregte te help maak. Dit is in die vooruitsig gestel dat so 'n verhoogde bewussyn sou meehelp om 'n proaktiewe taalregtekultuur in die land teweeg te bring. Op hierdie wyse kon dit 'n bydrae tot die transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing lewer, as 'n linguistiese teenvoeter teen diskriminasie dien en meehelp tot die verdere demokratisering van die samelewing vir aktiewer deelname aan die openbare lewe.

Die Monitor Verslae

In die Monitor-verslae is veral vyf kwessies belig: mediadekking oor taalkwessies in die algemeen; taalregteklagtes;

taalaktiwisme, taallitigasië en ter sake taalnavorsing. Die bronne waaruit navorsing gedoen is, was uitknipsels uit die tradisionele media soos deur ARMS aan die hand van trefwoorde versamel, geknip en georden. ARMS het toegang tot die belangrikste hoofstroom-nuusblaaië, joernale en tydskrifte gebied. Inligting is uit 27 verskillende bronne verwerk waarvan 23 Engelstalig en 4 Afrikaans was. Ongelukkig was daar aanvanklik nie toegang tot Afrikataal nuusblaaië soos die Zoeloe-nuusblaaië van KZN of enige ander nie. Later is twee Zoeloe-koerante, *Ilanga* en *Isolewe* vir 'n kort tydjie betrek, danksy addisionele befondsing deur Pansat.

Ten einde die inhoud van berigte te analiseer, is gebruik gemaak van Kaplan and Baldauf (2003) se *Framework for Language Planning Goals* (2003). Die dekking van taalprobleme het veral gefokus op taalstatus, taalkorpus, taalverwerwing en taalprestige, terwyl dekking van taalvernuwing as 'n aparte kategorie beskou is aangesien die tipe dekking gewoonlik in die vorm van 'n taalkolom as 'n spesiale kenmerk van die bepaalde koerant verskyn het. Weens die kontensieuse aard van pleknaamverandering spesifiek, is dit as 'n spesiale fokusarea beskou en hanteer. Taalnavorsing het 'n verdere area verteenwoordig en 'n sjabloon is daarvoor ontwerp met onder meer die volgende kategorisering: taalprobleme (regte, verspreiding, verwerwing, handhawing, prestige), taalbevordering (toekennings en pryse, organisasies, persoonlikhede, konferensies, bewussyn, opvoeding); taalveranderinge (plekname, institusionele name, persoonlike name, besigheidsname) (*South African Language Rights Monitor* 2005).

Na 'n suksesvolle proeflopie van drie jaar (2002-4) waartydens drie ongepubliseerde verslae deur die Eenheid se toegewese personeel daarvoor, saamgestel is, is in Oktober 2006 besluit om die projek uit te brei. Dit sou voortaan die samestelling van 'n *South African Language Rights Bulletin* (SALRB) behels wat die voorafgaande maand gedek het asook 'n jaarlikse verslag (*South African Language Rights Monitor* – SALRM) wat voortaan gepubliseer sou word.

Inligting vir die SALRB is daaglikse elektronies van ARMS ontvang waarna relevante data ontleed en in 'n databasis ontwerp met behulp van die toepassing Microsoft Access, ingevoer is. Inligting wat in die databasis opgeneem is, het die hoofokus van elke rekord ingesluit: taalprobleme, taalbevordering, naamverandering, taalvernuwing en taalnavoring met 'n meer spesifieke beskrywing van elke onderwerp. Daarby is die taal/tale ter sake aangeteken en die rolspelers en taalverwante sleutelwoorde geïdentifiseer. Met die uitsondering van die twee Zoeloe-koerante was die proses van data-insameling beperk tot koerante wat aan ARMS voorsien is.

Die memorandum wat tussen Pansat en die UV op 30 Augustus 2006 gesluit is, het by hernuwing gestipuleer dat Pansat voorsien sal word van deeglike verslaggewing van taalregte in SA (Memorandum of Agreement 2006). Die voortgesette projek het op 1 September 'n aanvang geneem, aanvanklik vir 'n onbepaalde tyd tensy dit deur een van die twee partye met drie maande kennis beëindig kon word. Die UV sou 'n jaarlikse bedrag van R471 000 oor drie jaar ontvang "in ruil vir 'n omvattende verslag" (*Ibid.*).

In die **Monitor vir 2002** (SATRM 2002) is veral vier hoofemas geïdentifiseer en deeglik uiteengesit: taalregte as 'n fundamentele mensereg; die onontbeerlikheid van statutêre taalregtebepalings; die land se verskuiwing na Engelse eentaligheid; die verminderde status van Afrikaans wat in daardie stadium die grootste mediadekking gekry het (*Ibid.*:118-9). Dit is in verdere monities so gehandhaaf. Daar is nie slegs geput uit wat ARMS kon aanbied nie, maar daar was ook die bevrugtende aanbevelings deur die Eenheid oor hoe laasgenoemde diens verder aangevul en verbeter kon word. Wat aanbevelings betref, was die belangrikste: dat die databasis vergroot moet word (ARMS gee nie enige besonderhede van nuusblaai in die Afrika tale-nie, slegs hoofstroom, nasionale nuusblaai word geprosesseer), terwyl in baie landelike gemeenskappe se lokale publikasies die enigste bron was om lokale neigings en heersende nuusitems op te spoor; elektroniese media soos op die Internet gepubliseer behoort ingesluit te word; ondersoek was nodig na die verwantskap

en verhouding tussen politieke en ander relevante gebeure; ’n sosiolinguistiese komponent bygevoeg behoort te word om veral opvattinge op grondvlak rakende taalregte te toets; en gedetailleerde beskrywings of narratiewe oor taalgriewe ook ingesluit word (*Ibid.*:120).

Onomwonde kritiek is deurlopend deur die Eenheid uitgespreek oor Pansat se reaktiewe rol in taalsake met die aanbeveling dat hierdie liggaam self besware teen taalregte-oortredings behoort te inisieer. Nog ’n aanbeveling was dat maatreëls in plek gestel behoort te word om die tydsduur tussen die voorkoms van ’n taalregte-insident, die opper van beswaar, die ondersoekproses en die uiteindelijke bevinding te verkort. Die Pansat Raad is aangemoedig om voort te gaan met pogings om meer wetlike magte te bekom. Verder is voorgestel dat Pansat die Taalregtemonitor-verslag as prestige-uitgawe in samewerking met ’n uitgewer behoort te publiseer en die inligting te populariseer sodat ook die breër publiek insae daarin kon kry (*Ibid.*: 121-2). Aan die einde van die publikasie is ’n bruikbare en volledige Bibliografie verstrek (*Ibid.*: 122-130). Die publikasie van die Monitor is finansiële hoofsaaklik deur Pansat maar ook die Strategiese Navorsingsfonds van die UV gesteun.

Vir die 2003-verslag (SATRM 2003) is rekords van 73 koerante deurgewerk waarvan 67,1% Engels, 23,3% Afrikaans en 9,6% tweetalig (Afrikaans/Engels) was. Die volgende onderwerpe vir ondersoek en ontleding het na vore getree: arbeid, bevolking; boeke, kultuur en handewerk; ekonomie; regswese en politieke oortredings; onderwys; konstitusionele sake en verkiesing; media, pos- en telekommunikasie; plaaslike regering; sport; transport. Talle bykomende trefwoorde is bygevoeg en ’n nuwe vraelys opgestel.

Meer ruimte is ook aan ’n bespreking van die presiese betekenis van taalregte en basiese menseregte afgestaan; die konsep van minderheidstaal; die implementering van taalregte; die houding teenoor taalregte met enkele konkrete voorbeelde ook met verwysings na soortgelyke situasies in België, Kanada en Paraguay.

In 2003 was eerstens taalregtekwessies in terme van klagtes en aanklaers en tweedens naamverandering, van die

belangrikste kategorieë in nuusdekking. Die Afrikaanse pers het heel gewillig taalregte-kwessies gedek, maar dit het nie meer die voorste plek in rapportering van taalsake ingeneem nie. Die feit dat beide die Afrikaanse en Engelse media twisgeskille oor pleknaamverandering wyd gedek het, was bewys van hoe pleknaamverandering baie emosies opgewek het wat op hulle beurt moontlik 'n meer aktivistiese wyse vir die die versekering van fundamentele taalregte-sake kon open (*Ibid.*:152).

Analise het die ontstellende aan die lig gebring dat staatsinstellings op alle vlakke sowel as onderwys en statutêre liggame die bronne en oorsake van die meeste taalklagtes was. Talle klagtes het van die eerste vlak regeringsinstellings gekom en die drie regeringsdepartemente wat vir die meeste ontevredenheid verantwoordelik was, was die departemente van onderwys, kommunikasie en justisie. Dit is as kommerwekkend beskou dat so min klagtes by Pansat aangemeld is en die grootste aantal klagtes by Pansat self het gekom oor die houding van die kompensasië kommissaris van die departement van arbeid weens hulle aandrang op slegs Engelse vorms.

Bemoedigend was egter dat die afskeep van die gebruik van die Afrika tale ook heelwat klagtes ontlok het. Wat taalregte-kwessies self betref, was ses temas voortdurend in die oog: taalregte as 'n basiese mensereg; die reg op moedertaalonderrig; statutêre voorsienings vir taalregte; die verminderde status van Afrikaans; die wyse waarop die land op pad was na Engelse eentaligheid; die ontmagtiging van die massas (*Ibid.*:155).

Die taalregte-navorsers het daarop gewys dat beleidmakers sou baat deur beter kennis van die bevindings in Suid-Afrika oor taalbeplanning en taalregte in die besonder. Daar is weereens verskeie voorstelle aan die hand gedoen hoe Pansat se diens verbeter kon word onder meer: deur meer direk in taalregtekweessies betrokke te raak, die pols op taalregtegebeure in die land te hou, die houdbaarheid van nuusblaaië in die Afrika tale te ondersoek, meer dikwels bewussynsveldtogte oor taalregte te voer, die Nasionale Taalliggame te koöpteer deur die stigting van taalorganisasies op voetsoolvlak te ondersteun, meer taalorganisasies vir Afrika tale op die been te bring, nouer met die RGN en die Kommissie

vir die Bevordering van die Regte van Kuturele, Godsdienstige en Taalkomitees (CPRCRLC) saam te werk (*Ibid.*:156–7).

In die 2004-Monitor is nog sterker klem daarop gelê dat die taalregte van minderhede 'n mensereg is wat wêreldwyd aanvaar word (*South African Language Rights Monitor* 2004:140). Die meeste van die berigte wat ontleed is, het oor resensies gehandel, terwyl taalregte in terme van klagtes die tweede meeste berigte opgelewer het. Derde was pleknaamverandering met die Engelse pers wat meer berigte daaroor as die Afrikaanse pers gedra het en dit terwyl baie pleknaamveranderinge (veral in Limpopo, Gauteng en by name Pretoria) veral Afrikaanse plekname in die visier gehad het.

Taalregte is beklemtoon en dit het geblyk dat alhoewel veeltaligheid bepleit is, die ander tale afgesien van Engels en Afrikaans, min kommentaar ontvang het. Alhoewel die Afrikaanse media-omvang proporsioneel kleiner as die Engelstalige was, het dit meer berigte oor taalklagtes gedra en kon weens die stukrag daarvan as 'n aktivistiese element getipeer word. Staatsinstellings het weereens die grofste taaloortredings begaan veral op die vlak van eerste regering. Ander vorme van litigasie was deur die leiers van die verskillende Hindu-organisasies en daar was aktivistiese geweld deur 'n groep hospitaalwerkers tydens hulle opstand oor die naamverandering van die Garankwana hospitaal.

Wat taalregte betref, het die berigte uitgewys dat daar net soos die vorige jaar ses konstante temas voorgekom het: taalregte is 'n fundamentele mensereg; jy beskik oor die reg om in jou eie taal onderrig te word; daar bestaan statutêre voorsiening vir taalregte; die verminderde status van Afrikaans was steeds aan die gang; Suid-Afrika was op pad na eentalig Engels; die verontmagtiging van die massa.

Die aanbevelings vir 2004 was onder meer: dat Pansat meer direk by taalregtekwesties moet inneng; ondersoek na die houdbaarheid van nuusblaaie in Afrika tale; die skepping van groter bewussyn oor taalregte; die inspan van die verskillende Nasionale Taalrade om meer taalorganisasies op voetsoolvlak tot stand te bring; die oprigting van meer taalorganisasies vir Afrika tale; konsultasie met die departement van onderwys

gevoer moet word oor wat die presiese medium van onderrig waar moet wees, ens (*Ibid.*:143-4).

In September 2005 kon Pansat rapporteer dat die Monitorverslag op die Raadsvergadering van 9 September voorgelê is en dat 'n verdere R27 000 in terme van die voorwaardes van die Memorandum van Ooreenkoms goedgekeur is. Daar was hoë waardering vir die Eenheid se uitsette om veeltaligheid te bevorder: “Your positive co-operation and commitment to the equitable use and development of all official languages is[sic] always highly appreciated” (Singh, S. 9 September 2005).

Teen 2005 was die taalverspreiding in die databasis 58.5% Afrikaans teenoor 41.36% Engels met een Vlaamse en een tweetalige rekord. Veël meer Engelse as Afrikaanse nuusblaaie het taalkwessies voorgelê maar in die geheel is nietemin meer Afrikaanse as Engelse berigte gepubliseer. Die heftigheid van beriggewing het veël te doene gehad met die kontensieuse aard van taalkwessies soos byvoorbeeld die kwessie van Afrikaans se vervanging deur Engels by die US, die voorgename verandering van die naam Pretoria en Afrikaanse skole wat forseer is om Engelse leerlinge in te neem. 'n Insiggewende grafiek gee 'n idee van die verspreiding van berigte: die helfte van die rekords (50.28%) was nuusblad verslae en byna 'n derde (27.5%) briewe aan die redakteur; artikels het 8.15% uitgemaak, redakteurs se kommentaar 5.83% en spotprente 0.77%. Taalprobleme het gedurende 2005 pertinente aandag ontvang en meer as 50% van die berigte uitgemaak. Belangrik was ook plek- en naamveranderinge, taalbevordering, -vernuwing en -navorsing (Lombaard, Lubbe en Du Plessis, SATRM, 2005.).

Wat taalprobleme betref, was die belangrikste onderwerpe taalhandhawing, taalregte (veral ten opsigte van skole en onderrig), universiteite, howe ensovoorts. Ten opsigte van taalprestige het veral die miljardêr Johan Rupert van Stellenbosch se besluit om miljoene rand se advertensies van 'n Britse tydskrif te onttrek omdat dit Afrikaans as die “lelikste taal in die wêreld” beskryf het, groot aandag in die pers getrek.

Die meeste van die berigte oor taalbevordering het oor taalhulpmiddele, taalonderrig, taalpersoonlikhede en taalpryse

en -toekennings gehandel. Wat die bevordering van Afrikaans betref, is veral berig oor die bevordering van Afrikaanse musiek en onder meer die ATKV se “Afrikiti” multimedia toer in die land wat van stapel gestuur is om persoonlikhede soos Patrick Mynhardt, Riaan Cruywagen, David Kramer, Ingrid Jonker ensovoorts se bydrae tot die taal te huldig. Afrikaanse letterkunde het prominente aandag ontvang en Human en Rossouw het bekende Afrikaanse werke van onder andere Etienne le Roux, Karel Schoeman, Jan Rabie heruitgegee.

Navorsing onder die Afrikaanse jeug het getoon dat die meeste optimisties was dat Afrikaans sal bly voortbestaan, terwyl ’n ATKV-studie bevind het dat 46.3% van die bevolking Afrikaans ken en verstaan. Studies van die RGN het getoon dat die voortgesette gebruik van Engels die meeste swart leerlinge verdoem tot ’n minderwaardige opvoeding omdat hulle verplig word om deur medium van ’n tweede taal te leer selfs voordat hulle vlotheid in hulle moedertaal ontwikkel het.

In vergelyking met ’n land soos Kanada het Suid-Afrika ver agtergestaan in litigasie rakende taalsake. Belangrike regsuitsprake is wel gemaak ten opsigte van skole soos die Mikro Primêre Skool toe die Appèlhof bevind het dat die onderwysdepartement nie dubbelmedium op skole mag afdwing nie (*Ibid.*).

Soos altyd is in 2005 ook verslag gedoen oor verskillende tipes taalaktivismes met betrekking tot navorsing, die wyse van mediadekking, drukgroepe, gemeenskapsmobilisasie, litigasie. Berigte het gedurende hierdie jaar ook gehandel oor insidente en gebeure wat aanleiding gegee het tot taalaktivisme, soos onder meer die aksie van die US konvokasie om briewe aan duisende lede te stuur om steun te werf om Afrikaans as hooftaal te behou, of studente van die UJ en UP wat beswaar teen die gebruik van Afrikaans gemaak het. Die belangrikste rolspelers by taalaktivisme was Afrikaanse instellings, politieke partye en individue. So het die DA en die Vryheidsfront byvoorbeeld ’n prominente rol gespeel om deur middel van volgehoue agitاسie die name van Pretoria en Louis Trichardt te behou.

Teen 2005 het die aantal klagtes begin afneem veral weens die verswakking van vertroue in die bemiddelende vermoëns van Pansat en die lae sukseskoers in die oplossing van taalklagtes.

Van besondere belang in 2005 was die direkte aanbevelings aan Pansat wat uit die navorsing vir die Monitor voortgevloei het: neem kennis van die dekking van taalkwessies as een van die meganismes om op hoogte te bly van taalontwikkeling in die land en van positiewe mediadekking oor Pansat se gemoeidheid met taalkwessies; reël 'n reeks openbare vergaderings oor die brandende vraagstukke rakende taal veral ten opsigte van enkelmediumskole; moniteer universiteite se taalingesteldheid; neem kennis van taal in die hof en taal oordie lug; laat 'n stem hoor oor naamverandering; steun navorsing oor die verhouding tussen taalprobleme en skoolsukses; spreek mee oor die probleem van standaardisering; inisieer taalbevorderingsprojekte (*Ibid.*).

Die uitgangspunt in die Monitor vir 2006 was steeds dat mediadekking oor taalkwessies 'n belangrike aspek van die kultivering en bevordering van 'n bewussyn van taalregtekwessies vorm (*South African Language rights Monitor 2004:39*). Uit die 2 002 mediaberigte wat in hierdie jaar versamel is, was 42,75% resensies en tesame met taalregtekwessies was ander belangrike kategorieë van verslaggewing plekname en voorbeelde van taalkultivering.

Afrikaanse berigte was weer meer as Engelse berigte. Die oorwig rakende taalregte-insidente in die Engelse media het getoon dat die dekking van taalregte nie noodwendig 'n etnolinguistiese kwessie is nie. Dit dui ook op 'n grondliggende konserwatisme rakende verandering deurdat mense gewoonweg nie gunstig op verandering reageer nie. Die dekking van plekname was belangrik deurdat dit 'n aanduiding van transformasie rakende taal was. Essensieel was die verandering van plekname in die land wesenlik 'n taalregtekwessie. Pansat is aangemoedig om kennis te neem van die naamveranderingdebat sodat dié kwessie nie sonder meer aan die Nasionale en Provinsiale Geografiese Namekomitees nie oorgelaat sou word en dat dit sodoende as 'n taalregtekwessie beskou en hanteer kon word (*Ibid: 42*).

Die klem in die media wat gedurende 2006 op taalontwikkeling geplaas is, was belangrik deurdat dit bewys gelewer het dat die media benewens ’n aktivistiese rol ook ’n opbouende rol by die bevordering en ontwikkeling van solidariteitsregte gespeel het. Dit het ook duidelik geblyk dat die media as ’n soort “taalwaghond” optree veral deur dekking aan ’n groot verskeidenheid van taalregte-kwessies en deur beriggewing oor persone wat die rol van agente in beweerde insidente onthul het. Staatsinstellings was weer die oorsaak van die meeste beweerde taalregte skendings veral by uitvoerende besture op die eerste regeringsvlak en by die departemente van onderwys (en laasgenoemde weens die taalbeleid wat op hoër onderwysvlak gevolg is), transport (die voorgestelde naamverandering van die Hugenoot-tonnel) en kommunikasie (die taalbeleid van die SAUK).

Die afname in die aantal klagtes wat gedurende 2005 by Pansat ten opsigte van taalregte geloods is, het in 2006 voortgeduur. Dit het gedui op ’n verswakking van vertroue in die bemiddelende vermoëns van Pansat, moontlik as gevolg van die relatief lae sukseskoers in die oplossing van klagtes. Dog, die sukses van Pansat se litigasie teen die kompensasië kommissaris (kyk onder) as gevolg van laasgenoemde se jarelange volstreekte weiering om toe te gee aan Pansat se aanbeveling dat vorms ook in ander tale as Engels beskikbaar gestel word, het onteenseglik bygedra om die neiging tot Engelse eentaligheid onder staatsinstansies hok te slaan.

By herhaling en in feitlik elke Monitor is Pansat deur die Eenheid se navorsers aangeraai om groter taalbewussyn te bevorder. Die breër publiek moes deur publikasies en ander middele bewus gemaak word van hulle taalregte en die Raad se waghondfunksie moes sterker sigbaar word.

Vier breë kategorieë het in 2007 uitkristalliseer: taalkwessies rakende taalhandhawing, taalregte en litigasie, naamverandering en taalnavorsing. Die berigte wat bestudeer is, was vir 50% afkomstig uit Engelstalige koerante, 48% uit Afrikaanstalige koerante en 2% uit Zoeloe-koerante. Wat Afrikaanse bronne betref, het 29% oor taalprobleme, 28% oor taalbevordering, 21% oor naamverandering en 2% oor

taalnavorsing gehandel. Wat Engelse nuusblaaie betref, het naamverandering 67%, taalprobleme 19%, taalbevordering 12% en navorsing 25% van die totale berigte uitgemaak. Vir 2007 was die straatnaamveranderinge in Durban verreweg die belangrikste nuusitem rakende naamverandering. Die meerderheid berigte oor taalregte het oor taalregte in die onderwys gehandel veral as gevolg van die uiteinde van Hoërskool Ermelo se besluit om te litigeer ten einde die skool se slegs-Afrikaans status te probeer behou. Dit sou die begin Monwees van 'n stryd van bykans drie jaar.

Vanaf **2008** is die Monitor nie slegs in Engels nie maar ook in Afrikaans uitgegee. Die besluit om dit ook in Afrikaans beskikbaar te stel, was om 'n "groter leserspubliek te dien" (Lubbe & Du Plessis, South African Language Rights Monitor, 2008:7). In hierdie eerste tweetalige Monitor, die sewende jaarlikse verslag oor die algemene stand van taalregte en taalaangeleenthede in die land, is vir die soveelste keer beklemtoon dat die oogmerk "bewuswording oor taalregte" was. Voorop gestel was "die bevordering van 'n kultuur van proaktiewe optrede om vergryp van taalregte teen te staan" en wat "tot die verdere demokratisering van die gemeenskap en toenemende deelname aan die openbare lewe" kon bydra (*Ibid.*). Etlieke wysiginge is ook aangebring ten einde die bruikbaarheid van die Monitor te verhoog en daar is verduidelik dat 'n konseptuele inhoudsanalise gekies is omdat die "konkreetheid van die materiaal wat in 'n inhoudsanalise bestudeer word, betroubaarheid verhoog" (*Ibid.*: 3).

In die geheel beskou, was dit onderwys-taalkwessies en naamverandering wat gedurende 2008 prominente aandag getrek het en deurlopend nuuswaardig geag is. Daar is ook melding gemaak van die indruk wat geskep is dat die "staat voete sleep om 'n funksionele bestel in die plek van die vroeëre statutêre tweetaligheid daar te stel". Dit het na 'n tipiese "Afrika-oplossing" gelyk wat ironies genoeg die "hegemonie van die eertydse koloniale taal versterk" het (*Ibid.*:89). Dit wou voorkom asof die "institusioneelsterk met etnifisering verbind is, of dalk soos wat dit ook maklik in Suid-Afrika gebeur, met 'n vorm van nieu-rassisme". Wat onrusbarend was,

was die skynbare “gelate aanvaarding van taalregteskendings” wat ook geblyk het uit “die afname van taalklagtes en litigasie”. Ontevredenes in die onderwys was wel bereid om die hof oor skending en inperking en dwang rakende Afrikaans te nader,

Wat naamverandering betref, wou dit lyk asof selfs litigering nie die ANC kon keer nie en data dui daarop “dat die obsessiewe behepthed met pleknaamverandering strategies geslepe aangepak word” (*Ibid.*:90). Dit het geblyk dat dit aangepak word wanneer teenstanders met vakansie was of deur voorgenome naamverandering in media wat nie werklik wyd gelees word nie, bekend te maak. “Die minimum vereistes is wel toegepas maar die aanpak daarvan het slinks voorgekom”. Oor die algemeen is gepoog om konflik “oor die opmars van Engels” te vermy (*Ibid.*:90).

Wat ook geblyk het, was hoe beriggewing oor die inisiatiewe “om ’n tuiste in eie taal” te skep en hoe mediafokus op taalbevorderingsinisiatiewe sterker na vore getree het wat uiteindelik meehelp om taalpessimisme te verdryf. Ongelukkig het Pansat se optede al minder indrukwekkend geword en die vergaderings wat die Eenheid se personeellede jaarliks in Pretoria moes bywoon was by tye ongeordend en selfs chaoties. Pansat het steun vir die Monitor aan die einde van 2008 gestaak en daarmee een van die weinige sigbare bydraes wat dit tot taalaksies kon lewer, deur die vingers laat glip. Dit het verder teruggesak tot ’n instansie met weinig aansien of prestige.

Die **2009 Monitor** publikasie is deur die ATKV geborg. Alhoewel die aantal Afrikaanse teenoor Engelse koerante proporsioneel kleiner was, het die Monitor getoon dat die Afrikaanssprekende gemeenskap konstant meer aandag aan taalkwessies gegee het (Lubbe & Du Plessis, 2009). Die knipsels vir 2009 toon dat soos ook ander Afrikastate, die Suid-Afrikaanse staat nie aktiewe stappe geneem het om ’n funksionele veeltalige bedeling uit te bou nie. Die volgehoue aksent op Engels het die indruk geskep dat dit die norm vir die toekoms kon word. Die verspreiding van mediadekking in die vier kategorieë van taalvraagstukke, taalbevordering, naamverandering en navorsing het die persentasie aandag getoon wat onderskeidelik die Engelse, Afrikaanse en Zoeloe-

koerante aan elk spandeer het: taalvraagstukke Afrikaans 46.1%, Engels 40.3%, Zoeloe 48.5; taalbevordering 47.9% en Engels 34.8%, Zoeloe 21.2%; naamverandering Afrikaans 47.9%, Engels 24.3%, Zoeloe 30.3%; taalaktivistiese navorsing Afrikaans 0.6%, Engels 0.5%, Zoeloe 0.0.

Die staat se identifisering met en voorkeur vir Engels en die gevolglike verswakking van die funksies van die ander tale was tot so'n mate sigbaar dat dit wou voorkom asof die ander bloot as tale vir sosiale geleenthede of as "etniese" tale beskou is. Dit het die veeltalige aard van die staat self geraak en die regering se negatiewe houding teenoor die uitbreiding van institusionele veeltaligheid het geblyk uit die halsstarrigheid en mislukking om 'n nasionale taalwet soos geïmpliseer in afdeling 6 van die Grondwet, daar te stel (*Ibid.*:124). Dit was 'n vasberade stem uit die publiek, by name die blinde prokureur Cornelis Lourens van Brits, wie se aansoek voor die Konstitusionele Hof die mees verreikende gevolge in 2009 gehad het. Hy het naamlik die Hof genader om die regering te dwing om 'n nasionale taalwet te aanvaar. Die negatiewe reaksie van die regering is baie duidelik weerspieël in die antwoord van die direkteur-generaal van kuns, wetenskap en tegnologie namens die president, die parlement en die verskillende ministers, dat hulle Lourens se aansoek teenstaan omdat dit nie in belang van geregtigheid was nie. Verder het hulle argument gelui dat alhoewel die Grondwet wel veeltaligheid bevorder, dit geen verpligting op die regering geplaas het om te verseker dat die provinsiale en nasionale departemente al die amptelike tale moet gebruik nie. Dit het dus duidelik geblyk dat almal in die land wat 'n premium op veeltaligheid plaas, self daadwerklik in belang van hulle onderskeie tale betrokke sou moes raak. Die standpunt van Monitor was die van die Franssprekendes van Quebec: "With a lot of will, imagination, perseverance and with fingers crossed. The key word in Quebec is *La revolution tranquille* – the quiet, but confident revolution" (*Ibid.*:126). Beide die Indiese gemeenskap wat al meer op taalregte begin aandring het en die Afrikaanse gemeenskap sowel as ander benadeelde Suid-Afrikaners sou hulle eie taalbanier moes laat bly wapper.

Die Monitor van 2009 het veral die belangrikheid van eietydse navorsing en die dokumentering van gebeure op die taalfront bevestig. Die opstellers het dit beskeie gestel: “ons wil die hoop uitspreek dat ons beskeie oorsig ten spyte van talryke gebreke verdere navorsing sal stimuleer oor die dinamiese taalwêreld van hierdie land” (*Ibid.*:126).

Die **Monitor vir 2010** was weer in die hand van Lubbe en Du Plessis en sou helaas die laaste gepubliseerde een wees (Lubbe & Du Plessis, 2010; kyk ook Satrm 2010). In hierdie Monitor is tabelle verskaf oor die verspreiding van mediarekords oor taalprobleme (totaal 1470), taalbevordering (1230), naamverandering (totaal 1143). In 2009 het die Konstitusionele Hof 'n belangrike uitspraak gelewer oor die Ermelo Hoërskool se stryd om Afrikaansmedium te bly toe die hof bepaal het: leerders het die reg om moedertaalonderrig te ontvang; dit is die plig van die onderwysdepartement om betyds te beplan sodat voldoende fasiliteite vir leerders in elke provinsie beskikbaar sal wees (*Ibid.*:15).

In die Monitor se slopopmerkings is die voortgesette negatiewe houding van die owerheid oor veeltaligheid weer uitgelig en die owerheid se basiese aanname as homogenisme (een identiteitsmerker is bevorderlik vir nasiebou) bestempel. Alhoewel litigasie verkies is, het die Monitor uitgewys hoe baie ander aktivistiese middele moontlik was. “Dit is veral die nuwe kontoere wat deur die magdom taalbevorderingsaksies blootgelê word wat medetaalbewustes kan bemoedig en aanspoor om ook die moue op te rol en aan die werk te spring”. Die netwerk van kundigheid wat elke jaar blootgelê is, het gedui op die “besondere taaldinamiek wat daar in die land bestaan en wat tot voordeel van al die mense ingespan kan word” (*Ibid.*:110). Verskeie prominente Afrikaanse instansies, onder meer Afriforum en die Afrikaanse Taalraad sou hierna pogg om die Monitor te laat herleef, maar dit het gou geblyk dat die kostefaktor buitensporig was en dat die voortsetting van hierdie unieke produk van die Eenheid nie volhoubaar was nie.

Met die uitgee van die laaste Monitor in 2010 het 'n belangrike en omvattende taaldiens aan 'n buiteinstansie ten einde geloop waarmee 'n kosbare Afrikaanse taalskat oor

'n wye reeks taalkwessies gediskontinueer is. Nogtans sal die gepubliseerde Monitors bly dien as naslaanbron vir die ontrafeling en verheldering van taalprobleemkwessies hier te lande.

Die Taalregtemonitor as Taalskat

Waarin die Monitor onteenseglik 'n bydrae gelewer het, was om uit te wys dat kultuugroepe self daadwerklik in belang van hulle onderskeie tale betrokke sou moes raak en optree. Slegs deur die beklemtoning en uitleef van hulle eie taaltrots sou die verskillende tale lewend kon bly.

Wanneer daar oor die omvang van inligting oor taalkwessies in al nege Monitors besin word, blyk duidelik wat 'n merkwaardige bron vir inligting en boustowwe vir verdere studies oor Afrikaans (en die inheemse tale) dit vir veral navorsers oor taalgeskiedenis, taalsosiologie en taalbeleid en – beplanning bied. Dit was 'n groot jammerte en verlies dat die reeks as gevolg van die sluiting van die UV se knipseldiens en 'n gebrek aan voortgesette befondsing nie voortgesit is nie. Daar bestaan ongelukkig reeds 'n groot lakune vanaf 2010 daaroor. Wie nie begryp wat reeds met tale in die verlede gebeur het nie, kan nie gerat wees om sinvol en kreatief vir die toekoms te beplan nie. Die twee navorsers wat standhoudend met integriteit en deeglikheid die Monitor-taak behartig het, was veral Du Plessis en Lubbe maar wesenlik was dit danksy 'n uiters suksesvolle spanpoging.

Deel VII

Diverse projekte

Konsultasies

Die Eenheid het ook deurlopend 'n konsultasiediens op taalgebied gelewer. Die Noord-Kaapse en Gautengse sowel as die Vrystaatse Wetgewer is deur die TFP in die uitwerk van 'n taalbeleid bygestaan. In elkeen van hierdie gevalle is 'n volledige verslag met aanbevelings omtrent 'n meertalige beleid voorgelê.

Kollokwia en seminare oor meertaligheid

Die ETFB het veel wyer akademies uitgereik as net die Fakulteit om sodoende ook die wyer gemeenskap van die belang van meertaligheid bewus te maak. Hiervan was die MIDP-kollokwia en seminare tekende voorbeelde van. Maar dit was nie die enigste sulke geleentheid wat gereël is nie.

Een van die vroegste geleentheid (nog onder die vaandel van die TFP) is in 1992 in samewerking met dr. Albie Sachs, later lid van die Grondwethof, aangebied en deur taalbesluitnemers uit die Vrystaat op die kampus van die UV aangebied. Die seminar was die eerste aan die UV waar 'n tolkdienst aanwesig was. Hierdie diens is aangebied deur Conference Communications, 'n Johannesburg gebaseerde onderneming, een van die min professionele tolkdienste wat in daardie stadium in Suid-Afrika beskikbaar was. Dit was Du Plessis se eerste bekendstelling aan 'n simultane fluistertolkdienst. Die direkteur van hierdie diens, Glen Blomkamp, het die UV van advies bedien oor hoe om so 'n tolkdienst op kampus aan te bied. 'n Spesiale fluistertolkdiensskerm is vir hierdie doel op haar advies ontwerp en is hierna by enkele geleentheid op die proef gestel.

Op 28 Oktober 1994 het die TFP 'n beraad "Afrikaans, saam met ander tale", in samewerking met die Stigting vir

Afrikaans (SvA), die Universiteit van Leuven en die Universiteit van Antwerpen by UV aangebied. Alexander Direkteur van die Project for Alternative Education in South Africa (Praesa) aan die Universiteit van Kaapstad en Direkteur van die National Language Project, me. Olga Sema, Vakadviseur in Afrikaans aan die destydse Departement Onderwys en Opleiding en dr. Karel Prinsloo van die SvA was onder die prominente deelnemers (kyk Dedekind, 1994b). Die openingsrede by die beraad is deur die speaker van die Vrystaatse Wetgewer, eerw. Motlalepule Chabaku, gelewer (Dedekind, 1994). Die SvA het die beraad geborg.

Op 25 April 2001 het die ETFB 'n seminar oor taalbestuur vir die Vrystaatse regering aangebied. Die seminar is gedeeltelik deur die Departement van Plaaslike Regering en Behuising in die Vrystaat gefinansier. Sprekers van die UV, Pansat, die Departement van Plaaslike Regering en Behuising en die Sentrum vir Burgerskaoponderlig en Konflikfasilitering het voordragte gelewer en talle raadslede en amptenare het dit bygewoon. Die aansporing tot die seminar was die feit dat nasionale wetgewing in die loop van die jaar gepromulgeer is met gevolglike inwerkingstelling van funksionele veeltaligheid op provinsiale en nasionale vlak. Volgens Mabel Erasmus, leier van die ETFB se Logtis-projek, sou die seminar munisipaliteite in die Vrystaat help om die voortou op die gebied van taalbemagtiging op plaaslike regeringsvlak te neem. Die nuwe plaaslike strukture wat na die munisipale verkiesings in Desember 2001 tot stand sou kom, het ook voorsiening vir “deelnemende sowel as ontwikkelingsgerigte plaaslike regering” gemaak. Sonder taalbemagtiging was dit nie haalbaar nie (kyk De Klerk, 2001:4). 'n Hoofartikel in *Volksblad* van 27 April 2001 het op die belang van hierdie seminar vir bewusmaking van die erkenning van taalregte veral op plaaslike regeringsvlak gewys. Onder meer is na die miskenning van Bloemfonteiners se taalregte en na die (verlore) stryd wat Pansat teen die stadsraad se Engelstalige rekeninge gevoer het, verwys. Die kwessies het ook by die seminar ter sprake gekom (*Volksblad* 2001a).

Op 2 Julie 2003 het die ETFB die Kollokwium oor Taalbeleid by Historiese Afrikaanse Universiteite tydens die

Linguistevereniging van Suider-Afrika se jaarkongres aan die (voormalige) Randse Afrikaanse Universiteit aangebied. Afgesien van deelname deur die voormalige Afrikaanse universiteite het besluitnemers van Hoëronderwys ook die geleentheid bygewoon en aktief deelgeneem. Volgens Webb en Du Plessis (2008: xi) was dit die eerste sodanige geleentheid waar oor die taalbeleid van universiteite besin is. Hulle het die deelname deur amptenare van Hoëronderwys aan hierdie kollokwium as besonder betekenisvol gevind.

Gids oor bestaansbeveiliging

In samewerking met die Universiteit van Antwerpen, die nasionale Departement Gemeenskapsontwikkeling, die Departement Onderwys, Van Schaik Uitgewers en Sonneblomfilms het gedurende 1999 'n unieke projek oor sosiale sekerheid/bestaansbeveiliging tot stand gekom. Die projek was gerig op die produksie van 'n meertalige video en 'n nuttige en gebruikersvriendelike handboekie oor bestaansbeveiliging gemik op sekondêre Suid-Afrikaanse leerders. Lede van verskeie departemente aan die UV het aan die projek meegewerk. Professionele vertalers is deur die onderskeie netwerke van die kollegas verbonde aan hierdie departemente betrek. Die projek is via die Universiteit van Antwerpen deur die Vlaamse Ministerie van Onderwys befonds.

Die betrokke gids, *Die oulike klein boekie wat yslike groot kwessies aanpak. 'n Gids oor bestaansbeveiliging in Suid-Afrika* (kyk UA & UV, 2001), en video oor bestaansveiligheid is in Oktober by 'n geselligheid by Sonneblomfilms bekend gestel. Die boekie was 'n vriendelike, speelse en veelkleurige gids tot bestaansbeveiliging in Suid-Afrika en op sekondêre leerders gerig. Die publikasie het 'n besondere bydrae tot 'n begrip van hierdie relatief vreemde konsep in Suid-Afrika en indirek tot die verligting van armoede onder gewone Suid-Afrikaners gelewer. Dit het duidelik geword dat die Eenheid met sulke projekte 'n belangrike bydrae tot die uitbou van 'n taaldemokrasie in Suid-Afrika gelewer het.

Volgens Matty Strydom, een van die medewerkers, het min Suid-Afrikaners geweet wat bestaansbeveiliging werklik

beteken (O’Connor, Oktober 2000). Die oogmerk met hierdie besondere artefakte was om veral die Suid-Afrikaanse jeug van bestaansveiligheid bewus te maak, vandaar dat die boekie, wat in al 11 ampstale beskikbaar gestel is, in strokiesprent-formaat uitgegee is. Die Departement Gemeenskapsontwikkeling het die boekie en die videos (in die vyf hooftale) landwyd by hulle kantore beskikbaar gestel. So beïndruk was die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie dat hulle aangebied het om die publikasie te help versprei.

Taalbestuursprojek vir Plaaslike Regering in die Provinsie Vrystaat

In oorleg met die Vrystaatse Departement van Plaaslike Regering en Behuising het die ETFB in Maart 2002 ’n taalbestuursprojek vir plaaslike regering in die Vrystaat getiteld “Language Management for Local Government in the Free State Province Project” tot stand bring op met as projekkoördineerder Munene Mwaniki, in daardie stadium in sy hoedanigheid as doktorsale student van Du Plessis. Hy beskryf hierdie projek volledig in Hoofstuk 6 van sy doktorsale tesis, *Language planning in South Africa: towards a language management approach* (kyk Mwaniki, 2004). Die oogmerk met die projek wat tot Oktober 2004 geloop het, was om ’n taalbestuursprojek vir plaaslike regering in die Vrystaat te ontwerp en te implementeer as onderdeel van die transformering van hierdie regeringsdomein. Doelstellings het ingesluit die formulering van ’n gepaste taalbeleid en die daarstel van ’n implementeringsplan ten einde meertaligheid op plaaslike regeringsvlak te bevorder met dienslewering en toegang tot regeringstrukture in gedagte.

Altesaam 24 Vrystaatse munisipaliteite is by die projek betrek:

1. Letsemeng Local Municipality;
2. Mohokare Local Municipality;
3. Mantsopa Local Municipality;
4. Setsoto Local Municipality;
5. Thabo Mofutsanyana District Municipality;
6. Metsimaholo Local Municipality;
7. Phumelela Local Municipality;
8. Dihlabeng Local Municipality;
9. Nketoana Local Municipality;
10. Mafube Local Municipality;
11. Moqhaka Local Municipality;
12. Nala Local Municipality;
13. Ngwathe

Local Municipality; 14. Maluti a Phofung Local Municipality; 15. Northern Free State District Municipality; 16. Motheo District Municipality; 17. Matjhabeng Local Municipality; 18. Xhariep District Municipality; 19. Kopanong Local Municipality; 20. Tokologo Local Municipality; 21. Tswelopele Local Municipality; 22. Naledi Local Municipality; 23. Masilonyana Local Municipality; 24. Lejweleputswa District Municipality.

Mwaniki wys in sy oorsig daarop dat ingevolge die 2001 Sensus die linguistiese profiel van die Vrystaat in daardie stadium daarop gedui het dat dit 'n meertalige Provinsie is. Dit het die noodsaak aan 'n meertalige beleid op plaaslike regeringsvlak net veder beklemtoon. In samewerking met verteenwoordigers van die provinsiale Departement van Plaaslike Regering en Behuising het die ETFB deur hierdie projek die 24 munisipaliteite bygestaan om taalkomitees op te rig en vir elk 'n meertalige beleid te formuleer. Teen die afloop van die projek is eersgenoemde afgehandel maar kon daarin geslaag word om slegs by 20 van die munisipaliteite taalbeleide opgestel te kry. Die 10 waar die beleidsformuleringsproses nog nie voltooi was nie, het ingesluit Munisipaliteite 2, 3, 5, 6, 9, 13, 15, 16 en 23. Teen die afloop van die projek het 'n eerste fase van monitering op gang gekom. Danksy die ETFB se hulp kon die projek grootliks as 'n sukses beskou word.

Die bestuurspan van die betrokke regeringsdepartement het hierna verander en die ETFB is nie by die verdere monitering van die projek betrek nie. Dit was dus nie moontlik om te bepaal wat die langtermyn uitkoms van die ETFB se intervensie was nie.

Dit sou die leser opgeval het dat Mangaung nie onder die 24 munisipaliteite hierbo gelys word nie. Mangaung Plaaslike Munisipaliteit (MPM) het die ETFB gedurende 2003 afsonderlik gekontrakteer om hulle met die formulering van 'n taalbeleid by te staan. Verskeie van die ETFB se personelede was hierby betrokke, onder meer Mabel Erasmus, Munene Mwaniki en Colleen Vassiliou. Hierdie projek is die Mangaung Local Municipality Language Policy Development Process Project (kortweg MLMLP-projek) gedoop. Dit was een van die

omvattendste taalbestuursprojekte wat die ETFB ooit opgerig het. In totaliteit het die hele proses die volgende behels:

- ’n taalopname,
- openbare werkswinkels,
- die formulering van ’n tentatiewe taalbeleid,
- ’n taalvaardigheidsoudit en
- die ontwikkeling van ’n tentatiewe strategiese taalbestuur.

Die uiteinde van hierdie proses was dat konsensus verkry is oor die taaldiversiteit in MPM en die gelykwaardige gebruik van alle tale wat as noodsaaklik vir die bevordering van ’n veeltalige beleid in die MPM uitgemaak is.

Na ’n voorlopige opname oor die taaldemografie van MPM, gebaseer op die 2001 Sensus, is oorgegaan tot ’n omvangryke studie (in werklikheid ’n taaloudit) om die Mangaung gemeenskap se wil en wense oor taal te bepaal. Een van die oogmerke van hierdie taaloudit was om die MPM-bestuur te help om die sterk en swak punte van hulle organisasie in terme van kommunikasiestrukture in die verskillende tale te identifiseer. Dit is aangevra na aanleiding van klagtes en kommentaar van die publiek en werknemers wat die bestuur bewus begin maak het van die noodsaak om die kommunikasiestrukture behoorlik te ondersoek en waar nodig aan te pas. In die MPM-geval is op departementele vlak besluit wat ondersoek sou word. Die nodige posvlakomskrywings is aangevra omdat die vraelys wat opgestel moes word, spesifiek moes wees. ’n Kontakpersoon is benoem om as skakel met die ouditspan te dien.

Uiteindelik het die taaloudit uitgeloop op ’n lywige verslag van 60 bladsye met ’n verdere 50 bladsye aanhangsels getiteld *Linguistic skills audit report for the Mangaung local municipality* (Vassiliou, 2003). Dit is vroeg in 2003 aan die munisipaliteit oorhandig. Hierdie oudit kan as die eerste sodanige taaloudit van Suid-Afrika beskou word.

Kortom het die verslag onder meer bepaal dat Suid-Sotho die taal is wat die meeste in Mangaung gebruik word, gevolg deur Afrikaans, Setswana en dan Engels (Gericke, 2007). In daardie stadium het die munisipale personeel met die publiek in Engels (30.7%), Suid-Sotho (29.5%) en Afrikaans (26.8%)

gekommunikeer. Geletterdheid is geïdentifiseer as 'n probleem by kommunikasie met die publiek. Daar is ook aanbeveel dat die gebruik van Gebaretaal ook oorweeg behoort te word. Tydens die taaludit is verskeie versoeke vir 'n Suid-Sotho- en Tswana-taalkursus gerig. Dit het ook geblyk dat ouer mense gesukkel het met 'n taal anders as hulle moedertaal terwyl ongeletterde persone ook gesukkel het om in 'n taal anders as hulle moedertaal te kommunikeer. Uiteindelik is ook aanbeveel dat 'n vertaal- en tolkdienst oorweeg behoort te word ten einde kommunikasie met Mangaung bewoners te fasiliteer. Die oorhoofse gevolgtrekking wat na die voltooiing van die audit na vore getree het, was dat die grootste uitdaging was om die skuif vanaf 'n oorheersend Engelse interne kommunikasiestruktuur tot 'n veeltalige struktuur (in besonder wat geskrewe dokumentasie betref), te bewerkstellig.

Op die rug van bogenoemde inligting en met insette deur die ETFB is openbare werkswinkels gehou en 'n konseptaalbeleid ontwikkel. Alhoewel bogenoemde munisipaliteit reeds op 27 November 2003 beginselgoedkeuring daaraan verleen het, is met nodige taalordinansie gesloer. Dog op 12 Maart 2004 is die beleid as 'n munisipale ordonnansie in die *Provinsiale Gazette* gepubliseer. Hierna is op 27 Mei 2004 aangepas en hersien en weer gepubliseer as “Mangaung Local Municipality Language Policy” (MLPC, 2004). Hierna wou dit lyk asof die taalbeleid 'n stille dood gesterf het omdat sekere raadslede van destyds geen verbintenis getoon het om dit toe te pas nie. Nog 'n rede vir die vertraging was omdat die Skerpioene op beweerde korrupsie en diefstal deur sekere senior amptenare en die destydse uitvoerende burgemeester toegeslaan het. Geen spesifieke senior personeel is ooit toegewys om die taalbeleid te hanteer nie.

Die situasie het egter in 2007 dramaties verbeter toe Sam Matiase op 8 Maart 2007 die groenlig van die nuwe bedryfshoof, Kobimpe Moejwa, gekry het, geld beskikbaar gestel en personeel aangewys is om 'n taaleenheid binne die munisipaliteit op te rig. Hy het vnauit die staanspoor weer die bande met die ETFB hernu waardeur hartlike samewerking tot stand gekom het. Alle dokumentasie sou in die toekoms in die drie amptelike munisipale tale (Sotho, Afrikaans en Engels) vertaal word en

die samewerking van die munisipaliteit met instansies soos die Afrikanerklub het grootliks verbeter.

In 2011 het die MPM ’n metro geword. Die taalbeleid is egter nie dienooreenkomstig aangepas nie.

Taalterminologie vir die Vrystaatse Wetgewer

’n Drietalige Parlementêre Terminologielys is amptelik in November 2003 aan die Vrystaatse Wetgewer oorhandig. Werk aan hierdie projek het reeds in 2001 na befondsing deur die Europese Unie begin. Vertalers van die Vrystaatse Wetgewer het aan die projek meegeewerk. Die drietalige terminologielys (Suid-Sotho, Afrikaans en Engels) kon vir naslaandoeleindes deur vertalers gebruik word. Die Vrystaatse Wetgewer het die projek inisieer in navolging van Du Plessis se standpuntinname oor funksionele meertaligheid (*Express* 28 November 2003:17).

Kursus in geografiese name en die oprigting van ’n internasionale opleidingskonsortium

Plaaslike deelnemers aan die ETFB se simposium-reeks het die behoefte aan ’n opleidingskursus in geografiese name geïdentifiseer. Nadat gesprekke met die Eenheid se internasionale vennote gevoer is, is op die oprigting van die International Consortium of Universities for Toponymic Education (ICUTE) besluit. Hierdie konsortium is in samewerking met die ICA/IGU Working Group/Commission on Toponymy opgerig om kortleerprogramme in die hantering van plekname in Suider-Afrika in te rig en aan te bied. Buiten die UV het nog drie buitelandse universiteite in hierdie inisiatief meegewerk, te wete die Federal University of Rio de Janeiro, the Austrian Academy of Science en die Sapienza Università di Roma (ETFb, 2017).

Daar is ooreengekom dat ’n kursus in oorleg met hierdie konsortium ontwikkel sou word en dat voorafgaande ’n volgende pleknaamsimposia aangebied sou word. Ook is besluit dat die kursus onderhewig aan die Verenigde Nasies se Groep van Deskundiges oor Geografiese Name (UNGEGN) se riglyne ontwikkel sou word en dat dit by die UV as ’n Kortleerprogram geakkrediteer sou word. UNGEGN se riglyne spruit voort uit

die VN se besluite oor toponomiese onderrig en opleiding, die besorgdhede oor naamgewing van die Afrika Taakgroep en versoeke van die VN Ekonomiese Kommissie vir Afrika om geografiese name te hervitaliseer en te koördineer (UNGEEN November 2011).

Ten spyte van goeie reklame en baie moeite kon die ETFB tot en met ontbinding in 2018 nog nie daarin slaag om genoeg inskrywings vir hierdie kursusse te kry nie. By die laaste pleknaamsimposium van 2021 is besluit om verdere insiatiewe in hierdie verband op te skort weens 'n gebrek aan voldoende belangstelling.

Slotsom

Die saaklike opgaaf hierbo van 'n diverse aantal projekte waarmee die Eenheid tydens die bestaan daarvan betrokke was, dui op die dinamiese omgang van die Eenheid met die sosiale omgewing en hoedanig op behoeftes gereageer is. Ofskoon nie al die projekte noodwendig 'n langdurige sukses was nie, gee die verskillende vorme van intervensie steeds onbetwisbaar 'n aanduiding van die Eenheid se verbintenis tot die bevordering van institusionele meertaligheid waarvan die nagevolge steeds merkbaar is.

Deel VIII

Eindbesinning

Op die keper beskou: die Eenheid as Taalsentrum

Dit is bykans 'n onbegonne taak om die waarde van die gemeenskapsdiens en akademiese bydraes van ETFB en die aandeel van die leierpersoon in die verhaal, Theodorus du Plessis, na behore te probeer peil. Bloot 'n vlugtige blik op die omvangryke inhoudsopgawe toon die verstommende verskeidenheid van terreine wat bestryk en die nuwe akademiese terreine wat ontgin is.

Een van die groot suksespunte in die ETFB was die nugtere leiding van Du Plessis om te besef dat antwoorde en aanbevelings altyd met verrekening van die bepalinge in die Grondwet moet geskied deurdat dit die beginpunt en raamwerk en samewerking van die nuwe Suid-Afrika gevorm het. Verder het Du Plessis besef 'n pluralistiese denkwysie oor samelewingsvraagstukke is noodsaaklik ook wat die taalterrein betref. Sy siening was suiwer naamlik die Suid-Afrikaanse taalgegewe sou voortaan 'n **meertalige** gegewene wees.

Reeds gedurende die 1970's het Du Plessis homself bewys, nie slegs as aanhanger van 'n pluralistiese denkwysie oor samelewingsvraagstukke nie, , maar ook ten opsigte van wat op taalterrein geglo en binne die raamwerk van die beskouings oor taal-as-hulpbron-oriëntering nagevolg is.

Hy het in sy leiding in die ETFB-opset besef dat die verskuiwing van taalregte in werklikheid meegebring het dat Afrikaanssprekendes hulle verskanste taalregte van die verlede kwyt was en die nuwe Grondwet die raamwerk vir die totstandkoming van nuwe taalregte daargestel het. Dit het dus onmoontlik geword om onder alle omstandighede op regte vir Afrikaans aan te dring.

Sy suiwer siening was dat meertaligheid eers op plaaslike vlak gestalte sou moes kry om elders te slaag. Om dit te verwesenlik, so het hy besef, was dit noodsaaklik om 'n geskikte taalinfrastruktuur vir plaaslike regering orent te bring.

Waarom het 'n Eenheid wat soveel allure vir 'n Fakulteit en 'n Universiteit meegebring het, soveel inkomste gegenerer het, uiteindelik na 26 jaar so 'n stille dood gesterf?

Drie kardinale redes kom ter sprake: gebrek aan begroning, 'n akademiese vakuum en 'n onstuitbare persoonlikheid. Deurdat die presiese funksie en begrensing van 'n Eenheid binne 'n Fakulteit nie met die intrapslag helder uitgeklaar is en terstond en konsekwent deurgevoer is nie, het wat een filosoof “oorskryding van die soewereiniteit in eie kring” bestempel het, plaasgevind. Die gevolge daarvan was departementele en persoonlike spanning en antagonisme binne die Fakulteit. Die terreinoorskryding is aangehelp deur 'n individu se drang om sy eie en die posisie van die Eenheid wat hy tot stand gebring het, te versterk. Dit kon hy aan die begin vermag as gevolg van die akademiese vakuum wat deur die sluiting van 'n taalwetenskap departement veroorsaak is en bepaalde vakterreine wat in die Departement Algemene Taalwetenskap ontgin is en daar nie behoorlike uitklaring was hoe en waar die verskillende kursusse presies uitgefaseer moet word nie. Du Plessis moes sy eie prekêre posisie probeer versterk en het met vernuf die vakuum om ingeskrewe studente vir sekere ATW-kursusse te werf, benut.

Mettertyd is die funksies wat deur die Eenheid ingepalm is, deur verskeie taaldepartemente oorgeneem. Dit wat primêr dienend en diensbaar van aard was – die oorspronklike doel van Eenhede – het slegs vir 'n wyle gegeld toe ETFB deel van Linguistiek en Taalpraktyk was, maar selfs toe het die spanninge en konflikte nie uitgebly nie. In hierdie situasie het die vervloë ETFB 'n laaste naamverandering ondergaan. Slegs 'n breukdeel het oorgebly van die eens dinamiese en omvangryke Eenheid wat ver buite die grense van die UV-kampus lof ingeoes en veral groot buitelandse finansiële steun en voordele ingepalm het. Uiteindelik het die Eenheid met Gebaretaal, een van die afdelings wat uit die ETFB gebore is, saamgesmelt maar wat

nou die huis van die ontbinde Eenheid geword het. Wel sal Du Plessis se nalatenskap voortbestaan danksy die *Slierp* inisiatief, maar sekerklik nie meer in dieselfde formaat nie, veral ook omdat hy as leier kort na ontbinding teen die einde van 2020 met pensioen gegaan het. Dalk gepas dat die ETFB twee jaar voor sy “aftrede” ontbind en *Slierp* juis gedurende sy laaste diensjaar opgerig is?

Verandering en vernuwing in die alledaagse lewe en binne die dinamiese aard van akademiese wetenskap is onstuitbaar en ononderhandelbaar. Die kwellende vraag bly of die Eenheid nie as diensentiteit wel moes voortbestaan het nie siende dat in die persoon van Du Plessis die Fakulteit oor ’n unieke entrepreneur met buitengewone gawes van kreatiwiteit en deursettingsvermoë beskik het. Maar die voortreflikes is altyd hulle tyd vooruit en open dikwels die weg vir hoër en roemryker uiteindes. Du Plessis was dikwels impulsief, vol bravado met skemas wat nie werklik grondig deurgedink is nie, dwarstrekkerig wanneer hy nie sy sin kon kry nie.

Uiteindelik het Du Plessis baie gewaag en die era van die deur vir die komende *homo deus* (soos uit sommige wetenskaplike oorde voorspel word) gewapen met moderne tegnieke, probeer ontsluit. Veel is beproef, veel is vermag ook op nasionale en internasionale vlak en veel was nie enduit houdbaar vir die taalwetenskaplike bedryf of presiese behoeftes van die spesifieke tydsgewrig nie. Geen twyfel kan bestaan dat sy helder intellek en onverskrokkenheid meer prestige vir die Fakulteit en die Universiteit ingepalm het as meeste van die flegmatiese akademici in die Fakulteit.

Die opeenvolgende Eenheid was onteenseglik suksesvolle agente vir veranderinge op talle vlakke: verruiming van die begrip taalwetenskap en verryking deur soveel ander verwante velde te ontgin en by te haal; bevraagtekening van die presiese samehang van departemente en wat die aard en sinvolheid van ’n bestaande Fakulteitsbestuur en –besluite is; wat die trefkrag van buitelandse befondsing kan wees; hoe die inisiatief, onversetlike gewoel en skeppende denke van ’n enkele individu ’n akademiese opset kan omkeer en verryk.

Afkortings

- ALASA (African Languages Association of South Africa)
- ARCTIC (Organisasie wat onder ander internasionale konferensies fasiliteer)
- ARMS (Archives and Record Management Service) die UV se afdeling SA Media, vroeër bekend as die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, tans- ARMS)
- ATR (Afrikaanse Taalraad)
- CEPD (Centre for Education Policy Development van die ANC)
- CIPAL (Centrum Voor Informatica van de Provincie Antwerpen/ Central Information and Communication Company; 'n Belgiese semi-staatsmaatskappy getaak om inligtingstegnologie-bystand en -oplossings te vind en te verskaf)
- CPRCRLC (Commission for the Promotion of the Rights of Cultural, Religious and Language Committees/ Kommissie vir die Bevordering van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalkomitees).
- DAGT (Departement Afroasiatiese Studies, Gebaretaal en Taalpraktyk)
- Deafsa (Dowe Federasie van Suid-Afrika)
- DIGIGUIDE (Gids vir bemerkingsmateriaal vir amptenare op oorsese besoeke)
- DIS (Dialogical Intervention Strategy/Dialogiese Intervensie Strategie)
- DLTP (Departement Linguistiek en Taalpraktyk)
- EBMT (voorbeeldgebaseerde masjienvertaling)
- EEP (Eweknie Ewalueringspaneel)
- ELMAP (English Language Methods and Programmes) - 'n Bloemfonteinse taalonderrig-onderneming
- EPI-USE ('n internasionale informatikabedryfstelsel; die ontwikkelaars van die Lexica vertalingstelsel)
- ERAS (Eenheid vir Retoriese en Akademiese Skryfvaardigheid)

- FOS (Fonds voor Ontwikkelingszamenwerking)
- HAU's (histories Afrikaanse Universiteite: Oranje Vrystaat, Pretoria, Potchefstroom, Port Elizabeth en Stellenbosch soos hulle voor demokratisering bekend was. Hulle wou voortaan bekend staan as veeltalige universiteite).
- HIVT (Hooger Instituut voor Vertalers en Tolken), Vlaandere
- HOP (Heropbou en Ontwikkelingsprogram)
- Idasa (Instituutvir Demokrasie in Suid-Afrika)
- IDMC (Inter Departmental Management Committee)
- IDP (Integrated Development Plan/Geïntegreerde Ontwikkelingsplan)
- IFEE (Independent Forum for Electoral Education)
- IGU/ICA (Commission on Toponymy/Kommissie vir Toponomie)
- IS (’n prototipe web-gebaseerde inligtingstelsel)
- ITSC (Information Technology Subcommittee)
- INEG (Instituut vir Eietydse Geskiedenis)
- JITTI (Joint Initiative for the Training of Translation and Interpretation).
- KAS (Komitee vir Akademiese Strukturering by die UV)
- KUL (Katholieke Universiteit Leuven)
- KVH (Katholieke Vlaamse Hoogeschool)
- LAGOFS (League Action Group Orange Free State)
- LANGTAG (Language Plan Task Group), taakspan van die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie wat spesifiek ondersoek na ’n taalplan vir Suid-Afrika moes instel
- LPHE (Language Policy of Higher Education/Taalbeleid van Hoër Onderwys)
- Logtis (Local Government Translation and Interpreting Service)
- MK (Multikulturaliteit)
- NGO/NRO (Non-Government Organisation/Nie-regeringsorganisasie)
- MIDP (Multilingual Informatics Development Programme/ Veeltalige Informatika Ontwikkelingsprogram, VIOP)

Afkortings

- MLU/VTU (Multilingual Universities/Veeltalige Universiteite) 'n nuwe term vanaf 2005 in plek van die vroeëre Histories Afrikaanse Universiteite (HAU's)
- NALN (Nasionale Afrikaanse Letterkunde Museum en Navorsingsentrum) in Bloemfontein
- NLP (National Language Project)
- NOS (Departement Nabye en Oosterse Studies)
- NPHE (Nasionale Plan vir Hoër Onderwys)
- OVM (Onderzoekcentrum voor Meertaligheid)
- PRAESA (Project for the Study of Alternative Education in South Africa, Wits Universiteit)
- SALRM/SALRM (South African Language Rights Monitor/Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor)
- UB (Uitvoerende Bestuur van die UV)
- ULFE (Unit for Language Facilitation and Empowerment)
- UiA (Universitêre instelling Antwerpen – later die Universiteit van Antwerpen)
- UFSIA ('n fakultêre universiteit, Antwerpen)
- ULFE (Unit for Language Facilitation and Development)
- UNESCO (United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation/Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie en die afkorting in Afrikaans bly UNESCO)
- UNGEGN (United Nations Group of Experts on Geographical Names/Groep van Deskundiges rakende Geografiese Name)
- UOLA (*Use of official languages act 2012*. Act no. 12 of 2012. Republic of South Africa)
- PANSAT (Pan South African Language Board/PANSALB; Afrikaans: Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad/)
- RDP (Reconstruction and Development Programme)
- SAALA (Southern African Applied Linguistics Association)
- SALRM (South African Language Rights Monitor/Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor)

“Ons laat tale werk”

SAQA (South African Qualifications Agency)

SITA (State Information Technological Agency)

TALK (Transfer of African Language Knowledge)

SR (Studenteraad)

TIASA (Translators and Interpreters Association of Southern
Africa)

UB (Uitvoerende Bestuur)

UN (Verenigde Nasies)

UNAM (Universiteit van Namibië)

VTU's (Veeltalige Universiteite)

WVK (Pretoria, Witwatersrand, Vereeniging)

Bronnelys

(Tensy anders vermeld kom al die verwysings na Elektronies uit Du Plessis se elektronika. Die woord Boks verwys na die genommerde houer waarin dokumente van die ETFB by die Departement Gebaretaal gehuisves word).

ad hoc-gemeenskapstolke 2013. *Terminologie vir gemeenskapstolke – 'n interaktiewe boekie*. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Bezuidenhoudt, E. 2018. Restructuring of the Department of South African Sign Language and the Unit for Language Facilitation and Empowerment. e-pos aan Theodorus du Plessis, 1 November 2018.

Botes, L., Weideman, A., Du Plessis, T., Zietsman, C. en Akach, P. 2010. Herstrukturering van Departement Afro-asiatiese Studie, Gebaretaal en Taalpraktyk. Fakulteit Geesteswetenskappe, 17 Maart 2010.

Botha, A., Engels as enigste taal nie maklike oplossing vir SA. *Volksblad* 18 April 2001:7.

CIPAL,2011(<http://cipal2011.mmttools.eu/content.php?hmID=1828&smID=1557&ssmID=151&sssmID=33>). Toegang op 27 April 2022.

Coetsee, M. Acting Dean. e-pos aan Fakulteitslede, 23 November 2016.

Coetzee, G. 1999. Hoofartikel sonder opskrif. *Volksblad* 30 Augustus 1999:9.

Cuvelier, P., Du Plessis, T., Meeuwis, M., Vandekerckhove, R. & Webb, V. (reds). 2013. *Multilingualism for empowerment*. Pretoria: Van Schaik Publishers (134 pp.).

Daily Sun, 6 December 2006. Notice. Free State Provincial government Language Policy. Boks 8.

De Klerk, 2001. Seminaar in taalbestuur by die UV aangebied. *Volksblad* 23 April 2001:4.

- De Klerk, E. 2001c. Gebaretaal moet 'n verpligte skoolvak wees, meen studente. *Volksblad* 8 November 2001.
- De Lange, J. (smstlr). 2015. Verslag: 2014 tolkdien op UV kampus. Bloemfontein: Eenheid vir taalfasilitering- en bemagting, Universiteit van die Vrystaat.
- De Lange, J. 2018a. Bestaande genote. e-pos aan Theodorus du Plessis, 10 Augustus 2022.
- De Vries, A. 2004. Roep die tolk nader as tale op dowe ore val. *Rapport* 27 Junie 2004.
- Dedekind, N. 1994. 'Bemarking-strategie nodig'. *Volksblad* 29 Oktobeksblad 1994:3.
- Department of Arts and Culture. 2003. *National Language Policy Framework*. February 2003. Pretoria: Department of Arts and Culture
- Departement Afroasiatiese Studie, Gebaretaal en Taalpraktyk. TPP 122. Boks 8.
- Dlodlo, C. 2006a. Partye is optimisties oor beleid. *Volksblad* 14 Desember 2006:6.
- Du Plessis, g.d. Projekvoorlegging aan die Vlaamse Raad. Taalfasilitering in die Provinsie Vrystaat. Elektr. Du Plessis.
- Du Plessis, g.d. 'n Taalbestuursmodel vir Plaaslike Regering in Suid-Afrika. Du Plessis Elektronies.
- Du Plessis, T. 1993. Annual report of the Language Facilitation Programme.
- Du Plessis, T. 1993. Linguicism alive and thriving. *Democracy in Action*, 9(2): 22.
- Du Plessis, 1994 aan Le Roux, Direkteur van die Staatstaaldien, 1994. Pretoria. 17 Augustus 1994. Du Plessis ETFB Geskiedenis. Elektronies.
- Du Plessis, 1994. *Language policy*.
- Du Plessis aan Luc van Doorslaer V. 1994. Antwerpen 18 Augustus 1994. Verlegging van lêer. Du Plessis Geskiedenis ETFB. Elektronies

- Du Plessis, T. 1994. Aan die Direkteur OVM, 19 Augustus 1994. Du Plessis. ETFB Geskiedenis, Elektronies.
- Du Plessis 1994. Algemene Taal- en Literatuurwetenskap aan dr Kas Deprez, België. 2 September 1994. Deprez se voorstelle en rektor Retief se reaksie. Du Plessis, ETFB, Geskiedenis, Elektronies, Du Plessis.
- Du Plessis aan H Verster, UOVS Stigting, 17 September 1994. Befondsing van TFP. Met afskrifte aan Snyman en Lubbe, Du Plessis, Elektronies.
- Du Plessis 1994, Siening van meertaligheid. Elektronies.
- Du Plessis, 1994. *Afrikaans in beweging* en die leer daaruit.
- Du Plessis, 1994. Die toekoms van veeltaligheid in Suid-Afrika. Lesse uit die toring van Babel, 21 September 1994. Du Plessis, ETFB, Geskiedenis. <https://doi.org/10.1080/02589349408705000>
- Du Plessis, 1994 aan Driven, Direkteur OVM, Du Plessis Elekt.
- Du Plessis, T. 1995. Werkswinkel grondwetlike regte: taal: die provinsiale strukture. Maart 1995. ETFB Geskiedenis. Elektronies.
- Du Plessis, 1995. Voorlegging aan die Volksstaatraad. Elektronies
- Du Plessis, 1995. Voorlegging onderteken deur prof. AH Snyman dekaan en voorsitter Beheer Komitee, TFP Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Einde November ? 1995. Du Plessis ETFB Geskiedenis, Elektronies.
- Du Plessis aan Galloway 1996. TFP publikasies.
- Du Plessis, 1996. Finale verslag aan die Vlaamse Regering oor die werksaamheid van die TFP vir die tydperk 1 Junie 1996 – 31 Oktober 1996. Du Plessis ETFB geskiedenis. Elektronies.
- Du Plessis en Lotriet, 1997. Databasis.
- Du Plessis en Lotriet, 1997. The Interpreter Training Manual: Training the Conference Interpreter.

- Du Plessis, T. & Wiegand, C., Report on interpreting at the hearings of the Truth and Reconciliation Commission Ap1996 to February 1997, pp. 10–29 in Du Plessis T. (red), *Ond erweg na vertaal- en tolkopleiding in Suid-Afrika, Acta Varia* 1997:96pp, UV, 1997.
- Du Plessis, Geskiedenis van die ETFB, 1998. Elektronies.
- Du Plessis, 1998. Inleiding tot die mini-kongres by die ATKV se 1998 jaarkongres, “Die ATKV vat vyf vir 2000”. Du Plessis ETFB Geskiedenis.Elektronies.
- Du Plessis aan viserektor Fourie 25 November 1999:. 8pp. Mededeling van Du Plessis op ’n latere stadium om die verloop van gebeure aan Fourie te verduidelik. Rekenaarinligting Du Plessis.
- Du Plessis aan dekaan 2000. Lexica-program. 22 Oktober.
- Du Plessis T. g.d. Bydrae tot die huldigingsbundel vir Webb, *The Language Webb: Essays in Honour of Victor Webb*. UPE Research Series C33.
- Du Plessis, T. en Van Gensen, A. 2000. *Taal en stryd 1989–1999: Gedenkbundel. Geselekteerde bydraes van die Taal en stryd-kongres*. Pretoria: Van Schaik.
- Du Plessis. Sakeplan soos uiteengesit op 9 November 2000. Du Plessis aan dekaan, 2001. Begrotingsopset, 2001, Boks 13.
- Du Plessis aan dekaan, 10 Augustus 2001. ETFB.
- Du Plessis aan die dekaan, 22 Oktober 2001:4pp. Beëindiging dienste ETFB-personeel aan akademiese programme in die Fakulteit. 22 Oktober 2001:4pp. Boks 16.
- Du Plessis Dagboek, 2002. Elektronies.
- Du Plessis, 25 Junie 2002. ETFB se bydrae to Rektorsverslag 2001: 2pp. Elekt. Du Plessis.
- Du Plessis, 2002. Direkteur aan dekaan. Koördinerings ATW, Taalpraktyk en Gebaretaal 22 Oktober 2002. Elekt. Du Plessis, ETFB, Geskiedenis. Du Plessis, T. 2003. “Taalbeleid aan universiteite in Suid-Afrika” *Acta Academica* 2003(2):82. <https://doi.org/10.38140/aa.v0i2.813>

- Du Plessis aan Sakkie Steyn. 14 Oktober 2003. Fluistertolking, Departementele stukke. Boks 2.
- Du Plessis, 2006. Taalmedium: 87-113. Du Plessis Elektronies.
- Du Plessis, 2006. "From monolingualism to bilingual education: the repositioning of historically Afrikaans-medium universities in South Africa". *Language Policy* (2006) 5: 87-113. Du Plessis, 2007. Foundations in Language Policy and Language Planning. TPM724. Boks 17. <https://doi.org/10.1007/s10993-005-5627-5>
- Du Plessis, T., Naudé, J. & Nthongoa, M.E. 2008. Fourth quarterly report on the fourth leg of the Multilingual Development and Informatics Project (MIDP IV), 1 October 2008-31 December 2008.
- Du Plessis, 2009. Language policy, language rights and language practice. TPP634. 2009. Boks 17.
- Du Plessis, T., Lotriet, A. & Nthongoa, M.E. 2009. Fifth Quarterly report on the fourth leg of the Multilingual Informatics and Development Project (MIDP IV), 1 January 2009 to 31 March 2009. 15 April 2009. Bloemfontein.
- Du Plessis, T., Akach, P. & Kambule, T.J. 2009. Eight Quarterly report on the fourth leg of the Multilingual Informatics and Development Project (MIDP IV), 1 October 2009-31 December 2009. Bloemfontein.
- Du Plessis, T. 2010. Language planning from below: the case of the Xhariep District of the Free State Province. *Current Issues in Language Planning*, 11(2):130-151. <https://doi.org/10.1080/14664208.2010.505069>
- Du Plessis, T en Lombaard, S. 2011. Memorandum. Absorbering van Gebaretaaltolkdiens deur ETFB. Agreement. E-pos aan Helene Strauss, 25 Oktober 2013.
- Du Plessis aan dekaan, 2014b. 'Enkele sake by die beëindiging van my termyn as departementshoof. Elektronies Du Plessis, 30 Junie 2014.
- Du Plessis, T. 2014c. Re: Fwd: Oudit Theo du Plessis verlof en eis vir daggelde. e-pos aan Corli Witthuhn, Lucius Botes, 3 November 2014.

- Du Plessis, T. 2015. Response to report by Dr. Lis Lange, vice-rector: Academic, “Review on managerial concerns in the Departement of Linguistics and Language Practice and the Unit for Language Facilitation and Empowerment, 29 April 2015.
- Du Plessis, T. 2017. RE: ULFE Advisory Committee meeting Monday 14 September 15h00 – 16h30.
- Du Plessis, T. 2019a. SASL Navorsingsgenote. Voorlegging aan prof. Heidi Hudson, 5 Augustus 2019.
- Du Plessis, T. 2020a. Refocusing the activities of the former Unit for Language Facilitation and Empowerment (ULFE) within the Department of South African Sign Language & Deaf Studies (SASL&DS), 30 Julie 2020.
- Du Plessis, T. 2020b. Hersiene weergawe van SLIERP dokument. e-pos aan Heidi Hudson, 3 September 2020.
- Du Plessis, T. 2020c. Refocusing the activities of the former Unit for Language Facilitation and Empowerment (ULFS) within the Department of South African Sign Language & Deaf Studies (SASL & DS), 3 September 2020.
- Du Plessis T. gd. Projekvoorlegging aan die Vlaamse Raad. Taalfasilitering in die Provinsie Vrystaat. Elektr. Du Plessis. Geen datum.
- Eiman, S. 2018. Shortlisting: HOD Sign Language. e-pos aan Theodorus du Plessis, Annalene van Staden, Annemarie le Roux, Anita Lombaard, Refiloe Khobo, NehawuFS Tshisikhawe Dzivhani en Heidi Hudson, 28 Junie 2018.
- ETFB. 2004. Eenheid vir Taalbestuur, 1 November 2004.
- ETFB. 2010. Eenheid vir Taalfasilitering- en bemagtiging. Jaarverslag, 1 Junie – 31 Desember 2010.
- ETFB 2012. Eenheid vir Taalfasilitering- en Bemagtiging Jaarverslag 2012.
- ETFB. 2013. Eenheid vir Taalfasilitering- en Bemagtiging Jaarverslag 2013.
- ETFB. 2015. Eenheid vir Taalfasilitering- en bemagtiging Jaarverslag 2014.

- ETFB 2017. International Consortium of Universities for Toponymic Education.
- Faculty Committee Humanities (FCH). 2018. Agenda of Faculty Committee Meeting, Thursday, 20 September 2018.
- Express*, 28 November 2003:17. First language terminology project for Free State Legislature
- Fonds voor Ontwikkelingszamenwerking – Socialistiese Solidariteit.
- Geldenhuis, C. 2013. Sixth Quarterly Report on the Fifth Leg of the Multilingual Informatics Development Project (MIDP V), 1 October 2012–31 December 2012, Bloemfontein: Unit for Language Facilitation and Empowerment.
- Geldenhuis, C. 2014. Kredietkaartbetaling. e-pos aan Theodorus du Plessis, 5 November 2014.
- Gericke, M. 2007. 'Organisasies kan tot taalregte bydra'. *Ons Stad*, 7 Junie 2007:12.
- Geysers, R.M. en Msutwana, N.X., 2007. Report on the language policy working committee. Discussion held on 20 June 2007. Boks 8.
- Grobler, C., *Volksblad* 28 Oktober 1998:4. Welkom se raad is leier in ontwikkeling van veeltaligheid. Hawthorne, P., *Time* 29 April 1996.
- Herstrukturering van DAGT (Departement Afroasiatiese studie, Gebaretaal en Taalpraktyk), 2009: 23.
- Idasa (Institute for a Democratic Alternative for South Africa). 1993. Shift away from bilingual approach. *Democracy in Action*, 7(2): 22.
- Ingram, D.E, *Language Centres. Their role, functions and management*. John Benjamins Publishing Company. Amsterdam, 1994.
- Joubert, C. 2018. Staat van beleggings – portefeulje 2018, Eenheid vir Taalbestuur en Bemagtiging.
- Kalp, 2007. Proses tov beleidstoepassing. *Volksblad* 22 Junie 2007:4.

- Korrespondensie tussen Du Plessis en die ATKV, 14 Februarie 2011.
- Kriel, M., Loth, C., Webb, V. In honour of Theodorus du Plessis, 2015a *Language Matters*, Special issue, Vol. 46(3) November 2015: 319–324. <https://doi.org/10.1080/10228195.2015.1116136>
- Kruger, A. (Ed.) 1994. *New perspectives on teaching translators and interpreters in South Africa*. Muckleneuk, University of South Africa. Language Education Programme 2014.
- Leeuw, F. 2014. Brief soos aangevra. e-pos aan Theodorus du Plessis, 7 November 2014.
- Levy, M. 2007. *From Dakar to democracy. A history of Idasa*. Cape Town: Idasa.
- Lombaard, S. 2007. Report on a visit to Springfontein, Trompsburg and Philippoli, in preparation for the MIDP IV project, on 5 February 2007. Bloemfontein: Unit for Language Management, University of the Free State.
- Lombaard, S. 2021. Onderhoud met Susan Lombaard, 10 Februarie 2021, Bloemfontein.
- Lombaard, S., Du Plessis, L.T. & Kambule, T.J. 2010. Tenth quarterly report on the fourth leg of the Multilingual Informatics and Development Project (MIDP IV), 1 April 2010 to 30 September 2010. 30 September 2010. Bloemfontein. Loth, C-R., Steenkamp, J-M. en Du Plessis, T. 2013. *Handleiding vir meertalige tekens / Manual for Multilingual signage*. Bloemfontein: Rap Imprint, SUN Media.
- Lubbe, J & Du Plessis, T. 2008. *South African Language Rights Monitor* 2008. Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor 2008. Sun Press 2012.
- Lubbe, J. & Du Plessis T. 2009. *South African Language Rights Monitor*, 2009.
- Lubbe, J & Du Plessis, T. 2010, *South African Language Rights Monitor* 2010. Eighth report on the South African Language Rights Monitor Project. <https://doi.org/10.18820/9781920382056>

- Macfarlane, D. 1999. Humanities join the real world. *Mail & Guardian*, 12 to 18 February 1999. Minutes of the MIDP Project Committee 17 August 2007. Boks 12.
- Mangaung Local Municipality Language Policy. 2003. Approved by Council on 27 November 2003 under item 51A3, and further amended by Council on 27 May 2004 under item 27A1. Bloemfontein: Mangaung Local Municipality.
- Manyoni, T., 1996. Koördineerder, Voorstel vir uitbreiding van Logtis. Geen datum 1996. Du Plessis Elektr ETFB Geskiedenis.
- Martel, H., 1999: 47. "Heroes, rebels, communities and states in language rights activism and litigation" in Kontra, M., Phillipson, R. Skutnabb-Kangas, T. & Varady, T. (Eds.). 1999. *Linguistic human rights overcoming linguistic discrimination*. 1999. Berlin: Mouton de Gruyter. <https://doi.org/10.1515/9789633865217-008>
- Memorandum of Agreement entered into between the Pan South African Language Board and the University of the Free State, 2006. Prof. LT du Plessis. Unit for Language Management, UFS 30 Augustus 2006. Boks 10.
- MIDP Final Report 1999-2011. Boks 7.
- MIDP Phase 111, 2005. Second quarterly report, 1 April – 3 June 2005. MIDP Project Committee. Boks 8.
- MIDP Phase 111, 2006. Fourth Quaterly Report. 1: October 20 December 2006. MIDP Management Committee. December 2006. Boks 8.
- MIDP. 2010. MIDP V Project proposal to the Province of Antwerp for the period 2011-2013. "Meertaligheid voor meerkansen/Meertaligheid as bemagtiger/ Multilingualism and empowerment". 22 November 2010.
- Minutes of the MIDP Project Committee 17 August 2007.
- Moll, J. 2011. "Taalaktivisme en moedertaalonderwys". *Acta Academica Supplementum*, 2011, 1:167.
- Mondelinge onderhoud met prof. J Lubbe, 2 September 2019.
- Mondelinge onderhoud met Du Plessis, 14 Oktober 2019.

- Multilingual, Informatics and Development, 2000. Combined Project Between the Province of Antwerp, The Free State Provincial Government, the Free State University, the Belgium Province of Antwerp and the University of the Free State. Free State Provincial Department, Department of the Premier 15/11/2000. 400pp. Geteken deur die direkteur Mary Kodisang.
- Mwaniki, M. 2004. *Language planning in South Africa: towards a language management approach*. Doktorale tesis, Universiteit van die Vrystaat.
- Navorsingsuitsette, 2007–2009. Eenhede ten opsigte van artikels in goedgekeurde navorsingstydskrifte en publikasies wat aan die departement van onderwys voorgelê is. Finale Telling 2007–2009. Navorsingsuitsette 2009. Boks 16.
- O'Connor, M. 1999. Eerbewys vir die UV-eenheid, *Volksblad* 11 Mei 1999:7.
- O'Connor, M. 1999a. ATKV stel nuwe leerstoel in Tolking aan die UV bekend. *Volksblad* 11 Mei 1999:7.
- O'Connor, M. 2000. Eerste gebaretaal-handleiding in SA saamgestel. *Volksblad* 12 Augustus 2000.
- O'Connor, M. 2000a. 'Gids oor bestaansveiligheid deur taaleenheid bekend gestel'. *Volksblad* 7 Oktober 2000:4
- Persoonlike mededeling, 2022. Du Plessis 9 Februarie 2022.
- Policy on the Establishment, Operation and Review of Extra-Academic Activities 2012. University of the Free State. 2012, 12 pp. Du Plessis Elektronies.
- Projekvoorstel oor tolking aan die Vlaamse Regering: 5 Oktober 1995.
- Rademeyer, R. 1999. Mens kan in gebaretaal ook fluister, skreeu en bid. *Die Burger* 8 Julie 1999.
- Raper, P. Moller, L. en Du Plessis, T. 2014. *Dictionary of Southern African Place Names*. Jonathan Ball, Johannesburg.
- L.. 2016, aan Du Plessis 21 Julie 2016.
- Roos, J. 2007, Meer lande toon behoefte aan taalwetgewing. *Volksblad* 5 Maart 2007.

- Sauer, D. 2005. VS-taalbeleid 'nodig vir toeganklikheid'. *Volksblad* 10 November 2005:2.
- Sempe, B.R. & Du Plessis, L.T., 2007. MIDP IV. Project Free State Provincial Language Policy.
- Sinnaeve aan Kontroleur van Doeane en Aksyns, 9 April 1996.
- Singh, S., 9 September 2005. Brief van assistent hoof uitvoerende beampte, Pansat. Boks 12.
- Smit, D. 1992. The Urban Foundation: transformation possibilities. *Transformatin* 18 (1992): 35-42.
- Snyman, A. en Du Plessis, T. 1995 aan E. Combrinck, sekretaris Vrystaatse Wetgewer, 31 Oktober 1995.
- SALRM 2003. *South African Language Rights Monitor for 2003*. First report on the South African Rights Monitor Project. 1 January – 31 December 2003. Compiled for PanSALB by prof. Lubbe, Du Plessis, dr. Truter. Sun Press Bloemfontein 2003.
- SALRM 2004. *African Language Rights Monitor for 2004*. Third report on the South African Language Rights Monitor, 1 January – 31 December 2003. Compiled for PanSALB by: prof. Johan Lubbe, dr. Elbie Truter, Du Sinnaeve, T. DuPlessis aan Kontroleur van Doeane en Aksyns, Jhb Lughawe, 9 April 1996. Afskrif aan Du Plessis, Elektronies.
- SALRM 2005. *South African Lanuage Rights Monitor for 2005*. Fourth report on the South African Language Rights Monitor Project, 1 January 2005 – 31 Desember 2005. Bloemfontein. Eenheid vir Taalbestuur. Boks 8.
- SAT2010. Die volle besonderhede van slegs die laaste gepubliseerde verslag word verstrek. Die verslag vir 2003, 2004, 2005 word verkeerdelik as "first report" aangedui, maar 2006 is wel "fifth report" en daarna word niks aangedui nie. 2010 het in 2014 verskyn; 2009 in 2013; 2008 in 2012; 2007 in 2011; 2006 in 2010; 2005 in 2009?; 2004 in 2008?, 2003 in 2007; 2002 in 2006.
- Strauss, G. et al. 1996. *The Economics of Language Planning Report*, Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.

- Theodorus du Plessis, Eleanor van der Westhuizen, Glen Taylor,
3 Junie 2014.
- Third Quarterly Report 2008 on the Fourth Leg of the
Multilingual Development and Informatics Project.
- Talking: Kwotasies en Fakture vir 2005. Boks 12.
- Tollefson, J. 1991. Planning language, planning inequality.
Longman, New York: 1991.
- TRC, 1998. *Truth and Reconciliation Commission of South Africa
Report*. Volume One. Cape Town.
- Trew, R. 1994. The development of training models for African
language translators and interpreters, pp. 73-102. In
Kruger, A, (Ed.) *New perspectives on teaching translators
and interpreters in South Africa*. University of South Africa,
Muckleneuk, 1994:73-102.
- Truter, E. 2002. Ontleding van die reaksies van die
Afrikaanssprekende op taalmiskiening in die Vrystaat
vir die periode 1994-1998 / Analysis of the reaction of
Afrikaans speakers to language policy in the Free State
1994-1998. *Southern African Linguistics and Applied
Language Studies*, 20(4), 283-301. 10.13, 2021 van
<https://doi.org/10.2989/16073610209486317>
- Unit for Language Management, 1 Maart 2010. Een bladsy. Boks
16.
- United Nations Group of Experts on Geographical Names, 2011,
(UNGEGN), Africa South Division. November 2011.
- UA & UV 2001 (Universiteit van Antwerpen en UV), *Die oulike
klein boekie wat yslike groot kwessies aanpak*. 'n Gids tot
bestaansbeveiliging in Suid-Afrika. Pretoria: Van Schaik
Uitgewers.
- Universiteit van die Vrystaat. 2005. Universiteitsraad Notule 16
September 2005.
- UV. 2010. Unit for Language Management, 1 Maart 2010. Een
bladsy. Boks 16.
- Van Jaarsveld, S. 2018. Appointment as academic head of the
Department South African Sign Language. Brief aan Du
Plessis, 24 Augustus 2018.

- Vassiliou, CP. 2003. Linguistic Skill Audit Report for the Mangaung Local Municipality (May 2003), 128pp. Bloemfontein: Unit for Language Facilitation and Empowerment, UFS. Boks 8.
- Vergaderings van die Universiteitsraad 2 en 15 November 2000.
- Vermeerbergen, M., 2018. Re: Vacant HOD post: Department of South African Sign Language, UFS. e-pos aan Theodorus du Plessis, 22 Mei 2018.
- Vlaamse Raad, 1991. *Nederlands in de Wereld*. Internationaal Kollokwium, Brussel, 11 en 12 Oktober 1991. Het Verslagboek:1-221.
- Volksblad* 2001. Hoofartikel: Taalregte misken, *Volksblad* 27 April 2001.
- Volksblad* 2006. 'Vrystaatse taalbeleid verdien almal se steun'. Redaksionele kommentaar. *Volksblad* 12 Desember 2006: 8.
- Voorlegging 1995, prof. A.H.Snyman, dekaan en voorsitter Beheerkomitee, TFP. Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. November ? 1995. Elekt. Du Plessis ETFB Geskiedenis.
- Webb, V. & Du Plessis, T. 2008. Preface In Webb, V. & Du Plessis, T. (Eds.), Language planning in tertiary institutions in South Africa. Special Issue. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 26(3): iii-xxii. <https://doi.org/10.2989/16073610809486515>
- White Paper on Local Government*, 1998.
- Witthuhn, C. 2014. Fwd: Oudit, Theo du Plessis verlof en eis vir daggelde. e-pos aan Lucius Botes, Jonathan Jansen, Susan van Jaarsveld en Jurien du Preez, 31 Oktober 2014.
- Zietsman, P. g.d. 'n Taalbestuursmodel vir Plaaslike Regering in Suid-Afrika. Elektronies Du Plessis

Foto's



Theo du Plessis, Johan Lubbe en Andries Snyman saam met kollegas van die Antwerpse tolkeskole by die bekendstelling van die tolke-opleidingsprogram aan die Universiteit van die Vrystaat



Katinka Heyns met betrokkenes by die bekendstelling van die meertalige video, Sosiale Sekerheid in Beeld by Sonneblomfilms

“Ons laat tale werk”



Francois Retief, Theo du Plessis en Andries Snyman met Maria de Smedt van die Vlaamse Regering en kolleags van die twee Antwerpse tolkeskole by die inwyding van die Vlaamse Tolksentrum



Lucius Botes, Philemon Akach en Hennie Strydom. by bekendstelling van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as studierigting aan die UV

Foto's



Ludo Helsen van die Provinsie Antwerpen by die bekendstelling van een van die Van Schaik-boeke aan die Universiteit van die Vrystaat

“Ons laat tale werk”



Frederick Fourie met Theo du Plessis



Annalene van Staden, Theo du Plessis se opvolgster
as departementshoof van Suid-Afrikaanse Gebaretaal
en Dowestudies

Foto's




Karen Calteaux, Theo du Plessis, Annemarie Beukes en Annelie Lotriet by die bekendstelling van telefoontolking



Kas Deprez met Theo du Plessis by die bekendstelling van die ETFB

“Ons laat tale werk”



Peter Nelde van die Onderzoekcentru voor Meertaligheid, Brussel, op besoek aan die Universiteit van die Vrystaat

Foto's



Thabo Manyone, Lut Teck, Lebohang Mathibella, Kas Deprez en Theo du Plessis by die bekendstelling van die MIDP



Theo du Plessis saam met Hein Willemse, Karel Prinslo en Hermann Giliomee, Boekebeurs Antwerpen

“Ons laat tale werk”



Theo du Plessis en gade saam met Kas Deprez en Vic Webb,
Katholieke Universiteit van Leuven



Theo du Plessis saam met die eerste opgeleide simultane tolke
by die opening van die Vrystaatse Wetgewer



UJ Press

Die verhaal van die Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging (ETFB) in opeenvolgende gedaantes speel af teen die konteks van 'n veranderende en gedemokratiseerde Universiteit van die Vrystaat en buitelande meelewing deur ruim fondstoekening deur 'n veniftige taalentrepreneur. Die kernbesigheid van die Eenheid was om taalonderrig, taalregte en taalkwessies onder die loep te neem, oplossings aan die hand te doen en waar moontlik te implementeer om sodoende studente, die Vrystaatse gemeenskap en die hele Suid-Afrika by te staan om 'n nuwe demokratiese bedeling te aanvaar en ingrypende aanpassings te implementeer. Taalmiddele moes probeer vind word vir die sprekers van soveel verskillende tale ten einde mekaar behoorlik te probeer begryp. Die verhaal van die Eenheid word by tye 'n spanningsvolle relaas van persoonlike oorlewing, van nuwe wêreldes geopen vir 'n polities veragte en geïsoleerde land, van die skeppende krag wat die aanvaarding en benutting van transformasie inhoud en beteken in die hande van brugbouers wat verandering aangryp tot heil en voordeel van alle taalsprekers in 'n eens veragte land. Die tentakels van die Eenheid het wyd gestrek onder andere die WVK en Pansat en was 'n vormende faktor in die ontstaan van Gebaretaal as wetenskaplike dissipline.

Hierdie is 'n belangrike narratief oor die Suid-Afrikaanse taaloorgang na 'n nuwe demokratiese bedeling en verskaf daarom belangrike inligting aan taalhistorici en vaklui van aansluitende dissiplines, sosiolinguïste, taalbeplanners en taalhistorici. Die strominge en gebeurtnisse rondom die credo om "tale te laat werk" is deeglik bimekaar gebring, gebruikersvriendelik georden en objektief en insiggewend ontleed en geïnterpreteer.

